

DIE VERHOUDINGSVRAAGSTUK IN POLISIËRING


deur

GERT THOMAS DU PREEZ, M.A. (S.A.)

Voorgelê tuidens die vereistes vir die graad  
Doctor Philosophiae in die Departement  
Sosiologie aan die Universiteit van Kaapstad

Promotor: Prof. H.W. Van der Merwe

Datum van inlewering: 28 Februarie 1983



The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

(i)

Vir Mariëth, my kinders en my

ouers

VOORWOORD

Hiermee betuig ek my dank aan almal wat 'n aandeel gehad het in hierdie ondersoek. . .

My besondere dank aan:

- My promotor, Professor H.W. Van der Merwe, vir sy deskundige hulp en leiding. Hy het by my tuis gebring die noodsaaklikheid van goeie onderlinge verhoudinge in 'n veelvolkige samelewing.
- My vrou en kinders vir hulle geduld, belangstelling, aanmoediging en opoffering.
- My ouers en skoonmoeder vir hulle ondersteuning en voorbidding.
- Mev. Julie Roos vir haar akkurate tikwerk.

Alle eer aan my Skepper en Hemelse Vader.

G.T. du Preez

ERKENNING

Erkenning word hiermee verleen aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing wat hierdie ondersoek moontlik gemaak het deur 'n beurstoekenning van R600.

Erkenning word ook verleen aan die Sentrum vir Intergroepstudies, Universiteit van Kaapstad vir 'n finansiële bydrae tot hierdie ondersoek.

INHOUDSOPGAWE

<u>HOOFSTUK</u>	<u>BLADSY</u>
1. ALGEMENE ORIËNTASIE	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 NAVORSINGSONTWERP	2
1.2.1 Algemeen-wetenskaplike benadering	2
1.2.2 Doel van die ondersoek	3
1.2.3 Ondersoekrasionaal	6
1.2.4 Ondersoekhipotese	8
1.2.5 Ondersoekbegrensing	8
1.2.5.1 Ruimtelik	8
1.2.5.2 Kwalitatief	9
1.2.6 Navorsingsprosedure	9
1.2.7 Navorsingstegnieke	11
1.2.7.1 Steekproeftrekking	11
1.2.7.2 Metingtegnieke	14
1.2.7.2.1 Begripsomskrywing	14
1.2.7.2.2 Die Vraelys	17
1.2.7.2.3 Die Metingskaal	26
1.2.7.3 Statistiese tegnieke	29
1.3 ONTLEDING VAN DIE ONDERSOEKGRoePE	31
1.3.1 Huistaal	31
1.3.2 Ouderdom	32
1.3.3 Kwalifikasies	32
1.3.4 Beroep	32
1.3.5 Polisiekontak	33
1.3.6 Houdingvormende kennis	37

<u>HOOFSTUK</u>	<u>BLADSY</u>
1.4 HOUDINGVORMERS	38
1.5 FAKTORE WAT DIE ONDERSOEK BEMOEILIK HET	39
1.6 INDELING VAN DIE VERSLAG	41
1.7 SAMEVATTING	42
2. DIE ROL VAN DIE POLISIE IN DIE SAMELEWING	44
2.1 INLEIDING	44
2.2 INHOUDELIKE VAN DIE POLISIEROL	44
2.3 VERWAGTINGE IN POLISIËRING	52
2.3.1 Preventiewe ordehandhawing (ordebeskerming)	52
2.3.1.1 Beskerming van die <u>status quo</u>	52
2.3.1.2 Korttermynvoorkoming	53
2.3.1.3 Langtermynvoorkoming	56
2.3.2 Herstel van orde (repressiewe ordehandhawing)	57
2.3.3 Verwante funksies	57
2.3.4 Verwyderde funksies	58
2.4 GESAGSPERKE	59
2.4.1 Polisiegesag	60
2.4.2 Regsoewereiniteit	61
2.4.3 Individuele regte	64
2.5 MAGSPERKE	68
2.5.1 Polisiemag	69
2.5.2 Arrestasie	69
2.5.2.1 Arrestasiemagtiging	72
2.5.2.2 Bedwangstelling	73
2.5.3 Deursoeking van en beslaglegging op eiendom	75
2.5.4 Ondervraging	79

<u>HOOFSTUK</u>	<u>BLADSY</u>
2.6 SAMEVATTING	83
3. HOUDING EN VERHOUDING	85
3.1 INLEIDING	85
3.2 BEGRIPSOMSKRYWING	86
3.2.1 Houding	86
3.2.2 Verhouding	88
3.3 POLISIE-GEMEENSKAPSVERHOUDINGE	91
3.4 VERHOUDINGE TUSSEN DIE POLISIE EN DIE PUBLIEK	97
3.4.1 Doeltreffendheid	100
3.4.2 Respek en agting vir polisiëring	102
3.4.3 Uitwerking van polisie-optredes op ver- houdinge tussen die polisie en publiek	103
3.4.4 Vertroue in die gesagstruktuur	106
3.5 SAMEVATTING	108
4. VOORORDEEL	111
4.1 INLEIDING	111
4.2 OMSKRYWING EN KOMPONENTE VAN VOORORDEEL	111
4.3 OORSAKE VAN VOORORDEEL	118
4.3.1 Persoonlikheidsfaktore	118
4.3.1.1 Die outoritêre persoonlikheid	118
4.3.1.2 Die frustrasie-aggressieteorie	120
4.3.2 Sosiale faktore	121
4.3.2.1 Groepsverhoudinge	121
4.3.2.2 Groepsnorme	122
4.3.3 Kulturele faktore	124

<u>HOOFSTUK</u>	<u>BLADSY</u>
4.4 VOORROORDEEL IN POLISIËRING	126
4.4.1 Polisie-vooroordeel	126
4.4.2 Publieke vooroordeel	131
4.5 SAMEVATTING	135
5. STEREOTIPERING	139
5.1 INLEIDING	139
5.2 OMSKRYWING	140
5.3 KENMERKE VAN STEREOTIPES	142
5.3.1 Die kognitiewe dimensie van intergroep= houdings	142
5.3.2 Proses van veralgemening of kategorisering	143
5.3.3 Kern van waarheid	145
5.3.4 Verbale uitsprake	146
5.3.5 Konstantheid en onbuigsamheid	147
5.3.6 Evaluasie	149
5.4 DIMENSIES VAN STEREOTIPES	149
5.4.1 Rigting	149
5.4.2 Intensiteit	150
5.4.3 Eenvormigheid	150
5.4.4 Inhoud	150
5.5 DIE ROL VAN STEREOTIPES OP MENSLIKE GEDRAG	151
5.6 DIE VORMING VAN STEREOTIPES	152
5.6.1 Die leerproses	152
5.6.2 Persoonlike kontak en ervaring	152
5.6.3 Rol van die massa-media	153
5.7 WEDERSYDSE STEREOTIPERING	153

<u>HOOFSTUK</u>	<u>BLADSY</u>
5.7.1 Polisiestereotipes	156
5.7.1.1 Bruuskheid	157
5.7.1.2 Ongehoorsaamheid aan landswette	160
5.7.1.3 Diskriminasie	162
5.7.1.4 Onsimpatiekheid	163
5.7.1.5 Militêre onpersoonlikheid	166
5.7.2 Publieke stereotipes	169
5.7.2.1 Gebrekkige waardering	172
5.7.2.2 Onwilligheid tot samewerking	174
5.7.2.3 Verhinderings van polisie	176
5.7.2.4 Omkoping van polisie	178
5.7.2.5 Ongegronde klagtes	181
5.7.2.6 Publieke vyandigheid	182
5.7.2.7 Gebrekkige begrip	184
5.7.2.8 Weerhouding van inligting	186
5.7.2.9 Versuim om sake aan te meld	188
5.8 SAMEVATTING	190
6. POLISIEBRUUSKHEID	192
6.1 INLEIDING	192
6.2 OMSKRYWING EN BETEKENIS VAN POLISIEBRUUSKHEID	193
6.3 DETERMINANTE VAN POLISIEBRUUSKHEID	197
6.4 VOORKOMS VAN POLISIEBRUUSKHEID	202
6.4.1 Houdingsbruuskheid	203
6.4.2 Operasionele bruuskheid	208
6.4.3 Verbale bruuskheid	219
6.5 DIE INVLOED VAN POLISIEBRUUSKHEID OP POLISIËRING	223

<u>HOOFSTUK</u>	<u>BLADSY</u>	
6.6	SAMEVATTING	232
7.	DISKRIMINERENDE POLISIËRING	234
7.1	INLEIDING	234
7.2	OMSKRYWING VAN DISKRIMINASIE	235
7.3	DISKRIMINERENDE POLISIËRING	236
	7.3.1 Regverdigheid	236
	7.3.2 Partydigheid	239
	7.3.3 Gedifferensieerde proaktiewe polisiëring	243
	7.3.4 Gedifferensieerde reaktiewe polisiëring	248
7.4	GEVOLGE VAN DISKRIMINERENDE POLISIËRING	253
7.5	SAMEVATTING	257
8.	DIE BEVORDERING VAN VERHOUDINGE	259
8.1	INLEIDING	259
8.2	STANDPUNTE VAN DIE ONDERSOEKGROEP TER BEVOR- DERING VAN VERHOUDINGE	259
8.3	SAMEVATTING	264
9.	GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	266
9.1	INLEIDING	266
9.2	GEVOLGTREKKINGS	267
	9.2.1 Die algemene aard van bestaande verhou- dinge tussen die Suid-Afrikaanse Polisie en die publiek	267
	9.2.1.1 Respek en agting vir polisiëring	267
	9.2.1.2 Uitwerking van polisie-optredes op onderlinge verhoudinge	268

<u>HOOFSTUK</u>	<u>BLADSY</u>
9.2.1.3 Vertroue in die gesagstruktuur	268
9.2.2 Faktore wat onderlinge verhoudinge versteur	269
9.2.2.1 Wedersydse vooroordeel	269
9.2.2.2 Wedersydse stereotipering	270
9.2.2.3 Polisiebruuskheid	271
9.2.2.4 Diskriminerende polisiëring	272
9.2.2.5 Interne beroepsomgewing	272
9.2.2.5.1 Depersonalisering van verhoudinge	273
9.2.2.5.2 Verplasing van doel= stellings	273
9.2.2.5.3 Gebrekkige opleiding	274
9.3 TOETSING VAN ONDERSOEKHIPOTESES	275
9.4 AANBEVELINGS	282
9.4.1 Herdefiniëring van die polisierol	282
9.4.2 Personeelontwikkeling	285
9.4.2.1 Opleiding	286
9.4.2.2 Werwing	287
9.4.2.3 Keuring	287
9.4.3 Professionalisering	288
9.5 SLOT	289
BYLAE 1 - 75	291-389
BIBLIOGRAFIE	390-404
OPSOMMING	xi-xiv
SUMMARY	xv-xviii
LYS VAN TABELLE	xix-xxv

OPSOMMING

Hierdie ondersoek het betrekking op die verhoudingsvraagstuk in polisiëring. Die bevindinge is gebaseer op inligting wat deur middel van 'n vraelys ingesamel is. Vir hierdie doel is 718 respondente (Blankes, Kleurlinge en Asiërs) binne die munisipale dorpsgebied van Pietersburg ewekansig geselekteer om te bepaal wat die mening van 'n verteenwoordigende aantal respondente in Pietersburg is. Die opname van die gegewens is gedurende Desember 1979 en Januarie 1980 deur ondersoeker persoonlik en 'n aantal veldwerkers (Asiërs, Blankes en Kleurlinge) gedoen.

Die doel met die ondersoek was primêr om die aard van bestaande verhoudinge tussen die Suid-Afrikaanse Polisie en die publiek volgens die mening van 'n ondersoekgroep te bepaal en om moontlike verhoudingversteurende faktore te identifiseer. Die ondersoekresultate weerspieël uiteraard slegs die menings van die inwoners van Pietersburg en veralgemenings is gevaarlik. Bepaalde hipoteses wat met die oog op die ondersoekgebied geformuleer is, is getoets en dit blyk volgens die bevindinge dat bestaande verhoudinge huidige in die polisiëringsproses geskend word. Verskeie faktore wat stremmend kan inwerk op die handhawing van gesonde onderlinge verhoudinge, is geïdentifiseer naamlik -

(i) WEDERSYDSE VOORORDEEL

Die ondersoekresultate toon dat die Asiër- en Kleurlingrespondente van mening is dat die Suid-Afrikaanse Polisie bevooroordeeld is in die uitvoering van hul pligte terwyl die Blanke respondente nie met hulle akkoord gaan nie en van mening is dat die Suid-Afrikaanse Polisie onbevooroordeeld optree. Hier-

teenoor toon die bevindinge dat die Asiër- en Kleurlingresponente moontlik tot bevooroordeeldheid teenoor die polisie neig, maar hierdie houding van die Asiërs en Kleurlinge kan nie summier as 'n verhoudingversteurende faktor bestempel word nie aangesien die mening van hierdie twee groepe daarop dui dat die polisie moontlik self instrumenteel is in die skepping van sodanige gesindhede teenoor die polisie.

(ii) WEDERSYDSE STEREOTIPERING

Die Blanke responente verwerp die stereotiepe aantygings wat algemeen teen die polisie gemaak word. Die menings van Asiër- en Kleurlingresponente onderskryf egter tot 'n groot mate verskeie stereotiepe aantygings teen die polisie.

Hierteenoor toon die menings van die responente dat daar ook redelike regverdiging is vir sommige van die stereotiepe aantygings van die polisie teen die publiek.

Hierdie wedersydse stereotipering kan 'n gunstige teelaarde vir vyandige verhoudinge tussen die polisie en die publiek skep en kan as 'n verhoudingversteurende faktor getipeer word.

(iii) POLISIEBRUUSKHEID

Die Asiër- en Kleurlingresponente is van mening dat die verskillende vorme van bruuskheid in die alledaagse omgang van die polisie met die publiek voorkom en volgens hierdie responente kom houdings- en ver-

bale bruuskheid veel meer voor as operasionele bruuskheid. Die Asiër- en Kleurlingrespondente het veral 'n ongunstige evaluering van daardie aspekte wat hul menswaardigheid aantast en verhoudinge in die uiteenlopende kontaktsituasies met die polisie kan vertroebel.

(iv) DISKRIMINERENDE POLISIËRING

Diskriminerende polisiëring is klaarblyklik 'n verdere struikelblok wat in die weg van gesonde onderlinge verhoudinge tussen die Suid-Afrikaanse Polisie en die publiek staan.

Die bevindinge toon dat Asiër- en Kleurlingrespondente van mening is dat hulle nie altyd regverdig, billik en onpartydig behandel word nie en dat daar in die totale ordehandhawingsproses teen hulle gediskrimineer word. Volgens die menings van die respondente blyk dit dat die Blankes in 'n groter mate as die Asiërs en Kleurlinge by proaktiewe polisiëring betrek word, beter beskerming ontvang en dat die sosialiseringspoging van die polisie grootliks op die Blankes gerig is.

Die menings van die respondente dui daarop dat die gehalte van dienslewering en die wyse waarop die samelewing gepoliseer word, 'n versteurende uitwerking op die verhoudinge tussen die polisie en die publiek het. Houdings en gesindhede wat in die interne beroepsomgewing gevorm word, het klaarblyklik 'n groot invloed in die skending van goeie onderlinge verhoudinge. Die doeltreffendheid van bestaande opleidingsprogramme kan op grond van die be-

vindinge sterk onder verdenking kom want haas elke faset van hierdie ondersoek dui op gebrekkige kennis en begrip by die polisie van die implikasies van polisie-optredes en die basiese beginsels van polisiëring. In die lig van die bevindinge kan die Suid-Afrikaanse Polisie nie daarop aanspraak maak dat hulle die bestuurders van goeie verhoudinge in die samelewing is nie.

Op grond van die bevindinge word 'n herdefiniëring van die polisie-rol met groter beklemtoning van proaktiewe polisiëring, aanbeveel. 'n Herbesinning oor personeelontwikkeling met spesiale beklemtoning van opleiding, werwing en keuring, dit wil sê professionalisering, blyk ook noodsaaklik te wees.

SUMMARY

This research deals with the issue of relationships in policing. The findings are based on information gathered by means of a questionnaire. For this purpose, 718 respondents (Whites, Coloureds and Asians) from within the municipal area of Pietersburg, were selected on a random basis to determine the opinion of a representative sample. The data were collected during December 1979 and January 1980 by the researcher personally as well as by a number of field workers (Asian, White and Coloured).

The purpose of the investigation was primarily to determine the nature of existing relationships between the South African Police and the public according to the opinion of a research group and to identify possible factors which may disturb relationships. The results of the investigation obviously reflect the viewpoints of the people of Pietersburg only and it would be unwise to generalize from them. Certain hypotheses were tested and the findings indicate that at present existing relationships are violated in the process of policing. Various factors which may impede the maintenance of sound mutual relationships were identified, namely -

(i) RECIPROCAL PREJUDICE

The results of the investigation show that Asian and Coloured respondents are of the opinion that the South African Police are prejudiced in the execution of their duties whilst the White respondents feel that they are unbiased.

On the other hand the findings indicate that Asian and Coloured respondents tend to be prejudiced against

the police. However, this attitude of the Asians and Coloureds may not summarily be regarded as a factor which disturbs relationships, because their opinion may imply that the police are themselves instrumental in the creation of such attitudes.

(ii) RECIPROCAL STEREOTYPING

Police stereotypes do not exist for the White respondents. The viewpoints of Asian and Coloured respondents however affirm to a great extent the various accusations of stereotyping against the police.

On the other hand the viewpoints of the respondents also show that a reasonable justification exists for some of the accusations of stereotyping (by the police) against the public.

This reciprocal stereotyping creates a favourable breeding ground for hostile relationships and may be typed as a factor impeding relationships.

(iii) POLICE BRUTALITY

The opinion of Asian and Coloured respondents reflects an abnormal incidence of the various forms of police brutality in the everyday dealings of the police with the public. The Asian and Coloured respondents are of the opinion that attitudinal and verbal brutality occur much more than operational brutality.

The abovementioned respondents have a particularly

unfavourable evaluation of those aspects which infringe their human dignity and may impede relationships in the diverse contact situations.

(iv) DISCRIMINATORY POLICING

Discriminatory policing may be a further hazard in the way of sound mutual relationships between the South African Police and the public.

The opinions of Asian and Coloured respondents indicate that they are not always treated justly, fairly and impartially and that, in the total process of maintaining order, they are being discriminated against. The viewpoints of the respondents indicate that the involvement of Whites in proactive policing are encouraged to a greater extent than in the case of Asians and Coloureds, that they enjoy better protection and that the socializing attempt of the police is directed mainly at the Whites.

The viewpoints of the respondents indicate that the quality of service and the way in which society is policed, has an impeding effect on relationships between the police and the public. Attitudes and convictions formed in the internal occupational environment probably have a determining influence on the violation of sound mutual relationships.

The effectiveness of existing training programmes may be suspect because just about every facet of this investigation points to poor knowledge and understanding by the police of the implications of police conduct and the basic principles of policing. In view

of the findings the South African Police can not claim that they are the managers of good relationships in society.

As a result of the findings a redefinition of the role of the police, with greater emphasis on proactive policing, is recommended. A reconsideration of personnel development, with special emphasis on training, recruitment and selection, that is professionalization, appears to be necessary.

LYS VAN TABELLE

<u>TABEL</u>		<u>BLADSY</u>
1.1	VERSPREIDING VAN RESPONDENTE VOLGENS GESLAG	13
1.2	HUISTAAL VAN RESPONDENTE	31
1.3	OUERDOMSVERSPREIDING VAN RESPONDENTE	32
1.4	KWALIFIKASIES VAN RESPONDENTE	33
1.5	BEROEP VAN RESPONDENTE	34
1.6	POLISIEKONTAK VAN BEVOLKINGSGROEPE	35
1.7	POLISIEKONTAK VAN GESLAGTE	36
1.8	HOUDINGVORMENDE KENNIS VAN BEVOLKINGSGROEPE	37
1.9	HOUDINGVORMENDE KENNIS VAN GESLAGTE	39
1.10	DIE AANDEEL VAN DIE VERSKILLENDE POLISIEVER= TAKKINGE IN DIE VORMING VAN HOUDINGS	40
1.11	DIE AANDEEL VAN DIE VERSKILLENDE RANGE IN DIE VORMING VAN HOUDINGS	40
2.1	STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT POLISIËRING IN= GESTEL IS OP DIE HANDHAWING VAN ORDE DEUR DIE BESKERMING VAN INDIVIDUELE GRONDWETLIKE AANSPRAKE	46
2.2	STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT MENSLIKE VRYHEID ABSOLUTE VRYHEID BETEKEN	49
2.3	VERWAGTINGE VAN BEVOLKINGSGROEPE IN DIE INHOUDE= LIKE VAN DIE POLISIEROL	54
2.4	VERWAGTINGE VAN GESLAGTE IN DIE INHOUDELIKE VAN DIE POLISIEROL	55

<u>TABEL</u>	<u>BLADSY</u>
2.5 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT GELYKHEID VOOR DIE REG 'N DEMOKRATIESE AANSPRAAK VAN ALLE SAMELEWINGSLEDE IS	64
2.6 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIT NOODSAAKLIK IS DAT DIE VRYHEID EN PRIVAATHEID VAN INDIVIDUE BE= PERK WORD OM DIE VRYHEID EN VEILIGHEID VAN DIE SAMELEWING TE VERSEKER	65
2.7 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE OOR ONBEPERKTE MAGTE BESKIK EN KAN DOEN WAT HULLE WIL	83
3.1 EVALUERING VAN DOELTREFFENDHEID DEUR BEVOLKINGS= GROEPE	100
3.2 EVALUERING VAN DOELTREFFENDHEID DEUR GESLAGTE	101
3.3 EVALUERING VAN DOELTREFFENDHEID DEUR ERVARINGS= GROEPE	102
3.4 RESPEK EN AGTING VIR POLISIËRING	104
3.5 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT POLISIE-OPTREDE IN DIE ALGEMEEN VERHOUDINGE TUSSEN DIE POLISIE EN DIE PUBLIEK BEVORDER	105
3.6 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT POLISIE-OPTREDE IN DIE ALGEMEEN VEROORSAAK DAT VERTROUE IN DIE GESAG= STRUKTUUR VERLOOR WORD	108
4.1 EVALUERING VAN BEVOORDEELDE POLISIËRING VOLGENS BEVOLKINGSGROEP	127

<u>TABEL</u>	<u>BLADSY</u>
4.2 EVALUERING VAN BEVOORDEELDE POLISIËRING VOLGENS GESLAG	129
4.3 EVALUERING VAN BEVOORDEELDE POLISIËRING VOLGENS ERVARINGSGROEP	131
4.4 PUBLIEKE VOORDEEL VOLGENS BEVOLKINGSGROEP	132
4.5 PUBLIEKE VOORDEEL VOLGENS GESLAG	133
4.6 PUBLIEKE VOORDEEL VOLGENS ERVARINGSGROEP	134
5.1 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE POLISIE HULLE SKULDIG MAAK AAN BRUUSKHEID (SLAAN MENSE, ENS.)	159
5.2 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE POLISIE NIE ALTYD DIE LANDSWETTE GEHOORSAAM NIE	161
5.3 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE POLISIE TEEN INDIVIDUELE BEVOLKINGSGROEPE DISKRIMINEER	163
5.4 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE POLISIE ONSIMPATIEK STAAN TEENoor DIE BEHOEFTE VAN DIE SAMELEWING	165
5.5 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE POLISIE SOOS 'N MILITêRE GROEP FUNKSIONEER IN HUL DAAGLIKSE OMGANG MET DIE PUBLIEK	168
5.6 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK GEEN WAARDERING HET VIR DIE DIENSTE WAT DIE POLISIE LEWER NIE	173

<u>TABEL</u>	<u>BLADSY</u>
5.7 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK NIE MET DIE POLISIE WIL SAAMWERK NIE	175
5.8 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK DIE POLISIE IN DIE UITVOERING VAN HUL PLIGTE HINDER	177
5.9 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK GE= WILLIG IS OM POLISIEMANNE OM TE KOOP WANNEER DIE PUBLIEK DAARBY KAN BAAT	179
5.10 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK ONGE= GRONDE KLAGTES TEEN DIE POLISIE INDIEN	182
5.11 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK VYAN= DIG IS TEENoor DIE POLISIE	183
5.12 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK GEEN BEGRIP VIR DIE PROBLEME VAN DIE POLISIE TOON NIE	185
5.13 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK VER= SUIM OM INLIGTING OOR MISDAAD AAN DIE POLISIE TE VERSTREK	187
5.14 STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK NIE ALLE MISDADE BY DIE POLISIE AANMELD NIE	189
6.1 STANDPUNTE VAN BEVOLKINGSGROEPE OOR WATTER HANDE= LINGE, WOORDE OF DADE VAN DIE POLISIE OP BRUUSK= HEID NEERKOM	198
6.2 STANDPUNTE VAN GESLAGTE OOR WATTER HANDELINGE, WOORDE OF DADE VAN DIE POLISIE OP BRUUSKHEIDNEERKOM	200

<u>TABEL</u>	<u>BLADSY</u>	
6.3	STANDPUNTE VAN ERVARINGSGROEPE OOR WATTER HANDELINGE, WOORDE OF DADE VAN DIE POLISIE OP BRUUSKHEID NEERKOM	201
6.4	EVALUERING VAN ASPEKTE WAT VERBAND HOU MET HOU-DINGSBRUUSKHEID VOLGENS BEVOLKINGSGROEP	204
6.5	EVALUERING VAN ASPEKTE WAT VERBAND HOU MET HOU-DINGSBRUUSKHEID VOLGENS GESLAG	206
6.6	EVALUERING VAN ASPEKTE WAT VERBAND HOU MET HOU-DINGSBRUUSKHEID VOLGENS ERVARINGSGROEP	206
6.7	EVALUERING VAN OPERASIONELE POLISIEBRUUSKHEID VOLGENS BEVOLKINGSGROEP	211
6.8	EVALUERING VAN OPERASIONELE POLISIEBRUUSKHEID VOLGENS GESLAG	213
6.9	EVALUERING VAN OPERASIONELE POLISIEBRUUSKHEID VOLGENS ERVARINGSGROEP	215
6.10	SKADEVERGOEDING AAN PUBLIEK BETAAL	218
6.11	KRIMINELE SKULDIGBEVINDINGS	218
6.12	EVALUERING VAN ASPEKTE WAT VERBAND HOU MET VERBALE POLISIEBRUUSKHEID VOLGENS BEVOLKINGSGROEP	219
6.13	EVALUERING VAN ASPEKTE WAT VERBAND HOU MET VERBALE POLISIEBRUUSKHEID VOLGENS GESLAG	221
6.14	EVALUERING VAN ASPEKTE WAT VERBAND HOU MET VERBALE POLISIEBRUUSKHEID VOLGENS ERVARINGSGROEP	222
6.15	DIE INVLOED VAN POLISIEBRUUSKHEID OP POLISIËRING	224
6.16	DIE INVLOED VAN POLISIEBRUUSKHEID OP POLISIËRING VOLGENS BLANKES	225

<u>TABEL</u>		<u>BLADSY</u>
6.17	DIE INVLOED VAN POLISIEBRUUSKHEID OP POLISIË- RING VOLGENS KLEURLINGE	226
6.18	DIE INVLOED VAN POLISIEBRUUSKHEID OP POLISIË- RING VOLGENS ASIËRS	228
6.19	NEGATIEWE INVLOED VAN POLISIEBRUUSKHEID VOLGENS ERVARINGSGROEP	230
7.1	EVALUERING VAN REGVERDIGHEID EN BILLIKHEID IN POLISIËRING	237
7.2	HOUDING VAN ONDERSOEGGROEP TEENoor PARTYDIG- HEID IN POLISIËRING	241
7.3	HOUDING VAN BEVOLKINGSGROEPE TEENoor PARTY- DIGHEID IN POLISIËRING	242
7.4	BLANKES SE EVALUERING VAN GEDIFFERENSIEERDE PROAKTIEWE POLISIËRING	244
7.5	ASIËRS SE EVALUERING VAN GEDIFFERENSIEERDE PROAKTIEWE POLISIËRING	245
7.6	KLEURLINGE SE EVALUERING VAN GEDIFFERENSIEERDE PROAKTIEWE POLISIËRING	246
7.7	BLANKES SE EVALUERING VAN GEDIFFERENSIEERDE REAKTIEWE POLISIËRING	249
7.8	ASIËRS SE EVALUERING VAN GEDIFFERENSIEERDE REAKTIEWE POLISIËRING	250
7.9	KLEURLINGE SE EVALUERING VAN GEDIFFERENSIEERDE REAKTIEWE POLISIËRING	251

TABEL

BLADSY

7.10	GEVOLGE VAN DISKRIMINERENDE POLISIËRING VOLGENS BEVOLKINGSGROEP	254
8.1	BEVORDERING VAN VERHOUDINGE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP	260

## HOOFSTUK 1

### ALGEMENE ORIËNTASIE

#### 1.1 INLEIDING

Die polisie vervul 'n besondere delikate funksie in die samelewing. Die polisie doelwit, dit wil sê die handhawing van 'n ordelike samelewing, kom altyd tot uiting in 'n eksterne omgewing wat 'n groot verskeidenheid kontak- of verhoudingsituasies met die algemene publiek omsluit.

Hierdie voortdurende interaksie tussen die polisie en die publiek bring mee dat die polisie altyd in die branding staan en voortdurend tot rekenskap geroep word met betrekking tot hul besondere doel en funksie as orde-instrument van die samelewing. Die aard en omvang van polisiëring, dit wil sê die wyse waarop funksionele verrigtinge ten uitvoer gebring word, moet altyd tot uiting kom met inagneming van die belange en aansprake van uiteenlopende groepe in die samelewing sodat die verhoudinge tussen die polisie en die publiek, en die publiek en die staat verstewig word.

Die interpersoonlike kontak met en verhoudinge tussen die polisie en individue van alle sosiale vlakke, kleur of volksverband, beklemtoon die aktualiteit van die verhoudingsvraagstuk in polisiëring. Polisiëring is nie 'n doel op sigself nie, maar 'n middel tot 'n doel - om orde te handhaaf deur die skending van verhoudinge te verhoed en om die uiteenlopende samelewingsverhoudinge te verstewig deur die wyse waarop funksionele verrigtinge ten uitvoer gebring word. Wanneer verhoudinge in die ordehandhawingsproses geskend word, dan faal polisiëring want doeltreffende polisiëring beteken juis dat verhoudinge verstewig en samewerking en vrywillige ordestrewing gemaksimeer sal word.

Gesonde onderlinge verhoudinge is onderliggend aan vreedsame en ordelike naasbestaan. Veral in die Republiek van Suid-Afrika met sy heterogene bevolkingsamestelling, kan polisiëring nie van die interne verhoudingsvraagstuk gedistansieer word nie. Die Suid-Afrikaanse Polisie is nie alleen (histories) samelewingsgebonde nie, maar dit is ook deel van die owerheid omdat dit daardie magshandeling in die formele maatskaplike beheerstruktuur is waardeur samelewingsorde in ooreenstemming met die beginsels van regsbevoegdheid en individuele grondwetlike aansprake gehandhaaf word (Van Heerden, 1976: 16).

As bestuurders van verhoudinge in die samelewing, moet die Suid-Afrikaanse Polisie en elke individuele polisieman voortdurend daarop bedag wees om gesonde onderlinge verhoudinge met alle samelewingslede te handhaaf. Wanneer die individuele grondwetlike aansprake in die proses van polisiëring geminag word deur 'n skending van verhoudinge, kan daar nie agting vir en vertroue in polisiëring wees nie. Meer nog, dit benadeel agting vir en vertroue in die owerheid en vertroebel verhoudinge tussen onderdaan en die owerheid.

Die gehalte van en die wyse waarop die polisie diens aan die samelewing lewer, het 'n belangrike invloed op die vorming van houdings. Wanneer die Suid-Afrikaanse Polisie deur hul optrede houdings skep wat verhoudinge met die publiek verstewig, is dit 'n belegging vir die toekoms. Wanneer die ordehandhawer egter deur sy optrede verhoudinge versteur, word hy by implikasie 'n presipitant van konflik en ordeversteuring (Van Heerden, 1976: 16).

## 1.2 NAVORSINGSONTWERP

### 1.2.1 Algemeen-Wetenskaplike benadering

Benadering kan omskryf word as die totaliteitsbeskouing van die na-

vorser wanneer hy 'n spesifieke verskynsel bestudeer. Benadering veronderstel derhalwe 'n bepaalde ingesteldheid teenoor die studie-objek in die besonder asook teenoor die wetenskap in die algemeen.

Die benadering wat gevolg word, bepaal en rig die wetenskapsbeoefening van die navorser, teoreties sowel as metodologies. Die algemeen-breë benadering wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek geld is positivisties van aard: die metodologie (d.w.s. die wetenskap van hoe kennis verkry is) van die materialisme word naamlik rondom waarneembare feitlikhede gebou en verklaar dat die werklikheid onafhanklik van die wetenskaplike se eie vooroordele bestudeer moet word. Volgens positivistiese denke is oordele, uitsprake, waardes, voorkeure ens. kenbaar en verifieerbaar omdat sodanige houdings, opvattings ensovoorts weerspieël word in meetbare data. Deur die gebruikmaking van bepaalde navorsingsprosedures en -tegnieke, kan sekere waarneembare feitlikhede objektief geanaliseer, beskryf en verklaar word.

Vanuit hierdie algemeen-wetenskaplike benadering is die ondersoek empiries, beskrywend en verklarend van aard. Die betrokke navorsingsontwerp word vervolgens gespesifiseer.

### 1.2.2 Doel van die ondersoek

Die aktualiteit van die verhoudingsvraagstuk in polisiëring moet as direkte aanleiding tot die keuse van hierdie onderwerp gesien word. Die algemene aard van die verhoudingsituasie tussen die polisie en publiek in die Republiek van Suid-Afrika en die gesindhede, houdings, vooroordele ens. wat daaruit voortvloei, blyk uit die bevindinge van drie ondersoeke wat oor die polisierol en polisiebeeld onderneem is naamlik

- (i) Van Heerden, T.J. 1974. Die polisierol in die samelewing

met verwysing na die Suid-Afrikaanse Polisie in Johannesburg. Ongepubliseerde navorsingsverslag. Pretoria.

- (ii) Mayet, H.R. 1976. The role and image of the South African Police from the point of view of the Coloured people in Johannesburg. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Unisa.
- (iii) Du Preez, G.T. 1978. Die beeld van die Suid-Afrikaanse Polisie by plattelandse gemeenskappe. 'n Vergelykende studie. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Unisa.

Hierdie ondersoek was hoofsaaklik eksplorerend van aard en verskaf nie duidelike antwoorde nie op die tendense wat uitgelig is dat verhoudinge deur die wyse waarop die polisiëringsfunksie vervul word, òf verstewig òf vertroebel word. Die huidige ondersoek is derhalwe daarop gerig om groter duidelikheid te probeer verkry of die algemene tendense uit bogenoemde ondersoek betrefsende die verhoudingsvraagstuk, wel 'n vaste basis het en of houdings nie die gevolg is van verwronge verwagtinge en perspektiewe nie. Dit is egter nie die doel om bevindinge met die van die gemelde ondersoek te vergelyk nie.

Die doel met die ondersoek is dan om -

- (i) vas te stel wat die algemene aard van verhoudinge tussen die Suid-Afrikaanse Polisie en die publiek is;
- (ii) te bepaal watter faktore beïnvloedend inwerk op die verhoudinge tussen die polisie en die publiek;
- (iii) vas te stel of die polisie verhoudinge met verskillende bevolkingsgroepe in gelyke mate handhaaf;
- (iv) houdings en perspektiewe teenoor die polisie by verskil-

- lende bevolkingsgroepe te bepaal;
- (v) te bepaal in welke mate bevolkingsgroepe kontak met die Suid-Afrikaanse Polisie het; en
  - (vi) te bepaal welke stereotipes die verskillende bevolkingsgroepe van die Suid-Afrikaanse Polisie het.

Ondersoeker is van mening dat die verkreeë inligting lig daarop kan werp -

- (i) of verhoudinge tussen die polisie en die verskillende bevolkingsgroepe in die polisiëringsproses verstewig of geskend word;
- (ii) watter invloed dit op doeltreffende polisiëring het; en
- (iii) hoe die verhouding tussen die polisie en die publiek verstewig en/of verbeter kan word.

As student in die Sosiologie van polisiëring is onderzoeker deeglik bewus van die gevare en slaggate in 'n eensydige identifisering van vraagstukke en die oppervlakkige verklaring daarvan. Ondersoeker huldig die standpunt dat die identifisering en verklaring van vraagstukke meer objektief kan wees wanneer die standpunte en houdings van beide partye in die verhoudingsopset in berekening kom. Hierdie ondersoek het egter slegs betrekking op die houding en sienswyses van die publiek, terwyl die houding en sienswyse van die polisie gelaat word vir latere navorsing.

Die doel van hierdie ondersoek is dan verder om -

- (i) faktore te identifiseer vir verdere navorsing;
- (ii) instellings belas met die handhawing van maatskaplike orde en spesifiek die Suid-Afrikaanse Polisie te voorsien van inligting wat moontlik kan lei tot doeltreffender

doelverwesening; en

- (iii) om kennis oor polisiëring te verbreed en te verdiep wat moontlik tot voordeel van studente en ander navorsers kan strek.

Dit val egter buite die bestek van hierdie ondersoek om verwante verhoudingsaangeleenthede soos die rassevraagstuk van Suid-Afrika te ontleed, om die beleid van afsonderlike ontwikkeling wat ten grondslag lê van die Suid-Afrikaanse leefwyse te verduidelik en te behandel, of om enige kritiek teen daardie beleid en teen die Suid-Afrikaanse lewenspatroon te beoordeel. Dit is ook nie die doel van hierdie ondersoek om spesifieke uitsprake in die sin van algemeen geldende veralgemenings te maak nie. Die bevindinge weerspieël slegs die houdings van die respondente in Pietersburg.

### 1.2.3 Ondersoekrasionaal

'n Verskeidenheid bronne, soos opgeneem in die literatuurlys, is geraadpleeg om die ondersoeker te oriënteer en op hoogte te bring met die onderwerp.

Om feitlike inligting oor die onderwerp in te win, is van 'n vraelys gebruik gemaak. Die vrae in die vraelys het betrekking op die rolverwagtinge van die publiek, wedersydse vooroordele, wedersydse stereotipering en polisiemetodes en -prosedures in die verhoudingsituasies. Vanselfsprekend is daar beperkinge op 'n ondersoek van hierdie aard. Dit is onmoontlik om alle vrae te stel wat van toepassing is, om alle samelewingslede te betrek of om alle vrae te stel wat verband hou met elke aspek van die verhoudingsvraagstuk. Die polisiëringstaak is egter so ineengevleg met onpartydigheid, billikheid en regverdigheid wat die soewereiniteit van die reg ten grondslag lê, dat leemtes in hierdie verband, verhoudinge grootliks kan beïnvloed. Vrae wat gestel is

wentel derhalwe hoofsaaklik hierom.

Die basiese doel van die vraelys is om opinies en houdings te ontbloot. Die mens word egter nie met bepaalde houdings gebore nie, maar dit word aangeleer deur ervaring. Hierdie kennis het nie slegs betrekking op die bestaan van 'n voorwerp nie, maar dit omsluit ook evaluasie. Dieselfde geld vir die publiek in sy kontak met die polisie. Die publiek se evaluasie van die polisie berus op vorige ervaringe met en kennis van die polisie. Hieruit is dit duidelik dat houding en kennis onlosmaaklik verbonde is. Houdings kan dus slegs behoorlik beoordeel word as die kennis van die respondent ook in aanmerking geneem word. Vir hierdie doel is enkele vrae gestel wat die graad van kennis weergee (vergelyk vrae 8 en 19-34 van bylae 1).

Houdings en kennis kan slegs afgelei word van 'n persoon se handeling of gedrag. Op grond van die response kan afleidings gemaak word dat respondente 'n bepaalde houding handhaaf uit wat hy sê of doen - met ander woorde dat sy gedrag waarskynlik met sy houding, soos uit response afgelei, sal ooreenstem.

Ten einde tot 'n logiese gevolgtrekking te kom of regsoewereiniteit as 'n doel op sigself gedien word, word die gegewens slegs volgens bevolkingsgroep en geslagte ontleed. Aangesien houdings verband hou met kennis en ervaring word die gegewens ook ontleed aan die hand van die houdingvormende kennisvlakke in vraag 8 van die vraelys. Die kontak van die publiek is verder beperk tot besondere lynfunksionarisse en hiërargiese vlakke. Hier is dit nodig om te bepaal of houdings betrekking het op 'n besondere vertakking of hiërargiese vlak.

### 1.2.4 Ondersoekhipotese

Die volgende hipoteses word met die oog op die ondersoekgebied geformuleer en wel teen die agtergrond van die voorafgaande doelstellingen en rasionaal:

Hipotese 1: Verhoudinge met die publiek word verstewig deur die wyse waarop die polisie rol vervul word.

Hipotese 2: Die Suid-Afrikaanse Polisie is onbevooroordeeld in die uitvoering van hul werksaamhede.

Hipotese 3: Polisiemanne maak hulle nie skuldig aan polisiebruuskheid nie.

Hipotese 4: Die Suid-Afrikaanse Polisie handhaaf dieselfde verhoudinge met die verskillende bevolkingsgroepe en maak hul nie skuldig aan ongelyke ordehandhawing nie.

Hipotese 5: Die algemene publiek is bevooroordeeld teenoor die Suid-Afrikaanse Polisie.

### 1.2.5 Ondersoekbegrensing

#### 1.2.5.1 Ruimtelik

Die ruimtelike afbakening van 'n ondersoek soos hierdie, is van groot belang om te verseker dat die gebied waarop die keuse val, 'n verskeidenheid inligting sal voorsien waaruit algemene afleidings gemaak kan word.

Hierdie ondersoek is beperk tot die munisipale dorpsgebied van Pietersburg. Die keuse is grootliks doelbewus, alhoewel die volgende redes die keuse tot 'n groot mate beïnvloed het, naamlik dat vorige ondersoeke die stad en platteland betrek het wat betekenisvol verskil. Hierteenoor is Pietersburg 'n groot dorp wat

moontlik 'n tussenin vertolking sal verteenwoordig. Dit is met ander woorde heterogeen, maar tog nie heeltemaal so onpersoonlik of persoonlik soos die stad en platteland onderskeidelik nie.

#### 1.2.5.2 Kwalitatief

Kwalitatief is die ondersoek beperk tot -

- (i) die volwasse Blanke inwoners binne die munisipale dorpsgebied;
- (ii) die volwasse Kleurlinginwoners binne Westenburg woongebied; en
- (iii) die volwasse Asiërinwoners binne Nirvana woongebied.

Vir opname in die steekproef moes 'n respondent 'n Blanke, Kleurling of Asiër van 18 jaar en ouer wees en as 'n permanente inwoner beskou kon word. Swart inwoners is nie by die ondersoek betrek nie hoofsaaklik vanweë kommunikasieprobleme, maar ook as gevolg van die feit dat die Swart bevolkingsgroep in hul woongebiede deur die Lebowa Polisiemag gepolisieër word en nie deur die Suid-Afrikaanse Polisie nie.

Die ondersoek verwys dan ook nie na polisiëring in die algemeen nie, aangesien dié begrip alle instellings en groepe belas met ordehandhawing insluit. In die vraelys word daar spesifiek verwys na die Suid-Afrikaanse Polisie om verwarring met ander polisiëringinstellings soos die Verkeerspolisie en die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisie uit te skakel.

#### 1.2.6 Navorsingsprosedure

In hierdie ondersoek is daar van die opnameprosedure gebruik gemaak om feitelike inligting te bekom oor 'n saak van openbare belang, naamlik die verhoudingsvraagstuk in polisiëring.

Vir die doel hiervan is daar van drie ondersoekgroepe (Blankes, Kleurlinge en Asiërs) gebruik gemaak om te bepaal wat die houding van 'n verteenwoordigende aantal respondente in Pietersburg is. Die nodige gegewens is op so 'n wyse ingesamel dat dit syfermatig weergegee en ontleed kon word. Die opname van die gegewens is gedurende Desember 1979 en Januarie 1980 deur ondersoeker persoonlik en 'n aantal veldwerkers - Asiërs, Blankes en Kleurlinge - gedoen. Om moontlike beïnvloeding deur veldwerkers uit te skakel, het hulle geen onderhoude met respondente gevoer nie en hul funksie was beperk tot die verspreiding en herinsameling van vraelys- te volgens 'n lys van besoekpunte. Elke veldwerker was ook voorsien van 'n bekendstellingsbrief waarin die doel van die ondersoek uiteengesit is. Om akkurate en eenvormige gegewens te verkry en moontlike misverstande uit die weg te ruim, is respondente pertinent op die voorblad van die vraelys versoek om, in gevalle waar 'n vraag of stelling onduidelik is en meer besonderhede verlang word, dit te laat totdat die vraelys weer afgehaal word en dit onder die aandag van die betrokke veldwerker te bring wie dit dan aan ondersoeker persoonlik moes rapporteer. Dit is uitsluitlik gedoen sodat moontlike onduidelikhede deur ondersoeker persoonlik en nie deur veldwerkers nie, opgeklaar kan word (vergelyk bylae 1).

Die persoonlike aktiewe betrokkenheid van ondersoeker het die voortdurende kontrole oor die werk van die veldwerkers vergemaklik. Kontrole is verder uitgeoefen indat ondersoeker van die veldwerkers vergesel het by die afhaal van die vraelyste. Respondente van al drie die bevolkingsgroepe het deurgaans te kenne gegee dat die vrae duidelik verstaanbaar is en dat hulle geen probleme met die vertolking daarvan gehad het nie.

## 1.2.7 Navorsingstegnieke

### 1.2.7.1 Steekproeftrekking

By die bepaling van die grootte van die ondersoekgroepe, is van die standpunt uitgegaan dat dit nie noodwendig proporsioneel verteenwoordigend van die universum moet wees nie (Langley, 1968: 46). Dit is nie die grootte van die ondersoekgroep in verhouding tot die universum wat die betroubaarheid van 'n ondersoek bepaal nie, maar of die ondersoekgroep verteenwoordigend daarvan is. Alle persone in die universum kon om praktiese redes nie by die ondersoek betrek word nie en dit is dus onmoontlik om te waarborg dat 'n ondersoekgroep in alle opsigte verteenwoordigend is van die bevolking en dat die resultate onveranderd sal wees as die hele bevolking betrek word (Watson & Sterling, 1969: 16). Dit kan hoogstens gestel word dat die ondersoekgroep waarskynlik akkuraat verteenwoordigend is van die drie bevolkingsgroepe maar nie met algehele sekerheid dat dit die geval is nie. Ondersoeker glo egter dat die opinies wat ingewin is redelik verteenwoordigend is van die drie bevolkingsgroepe in Pietersburg, maar kan dit nie waarborg nie.

By die beplanning van die ondersoek is die ideaal gestel om 'n ondersoekgroep van 750, dit wil sê 250 per bevolkingsgroep, te verkry. Die vraelyste is onder elke bevolkingsgroep versprei volgens die geslagsverhouding op grond van statistieke wat vooraf van die Stadsklerk van Pietersburg ontvang is.

Ten einde ewekansigheid te verseker, is daar met behulp van hierdie gegewens en kaarte van die verskillende woongebiede, soos volg te werk gegaan met die verspreiding van die vraelyste:

#### (i) Vraelysverspreiding onder Asiërs

Straatblokke is sistematies deurgegaan deur te begin by

'n hoekhuis en deur elke vyfde woonhuis oor te slaan. Hiervolgens is 241 Asiërrespondente in die ondersoeksgroep opgeneem.

(ii) Vraelysverspreiding onder Kleurlinge

Elke woonhuis is besoek terwyl by elke vyfde woonhuis twee vraelyste voltooi is. Hiervolgens is 245 Kleurlingrespondente in die ondersoeksgroep opgeneem.

(iii) Vraelysverspreiding onder Blankes

Die vraelyste is in elke woongebied versprei in verhouding tot die aantal wooneenhede in elke woongebied. Dit is gedoen om te verhoed dat 'n bepaalde opvatting wat moontlik in 'n enkele woongebied mag heers, die ondersoekresultate nadelig mag beïnvloed.

Ter verduideliking word Uitbreiding 11 as voorbeeld geneem. Daar is 456 wooneenhede in hierdie gebied. Dit verteenwoordig 9,00% van die totale aantal wooneenhede binne die munisipale dorpsgebied van Pietersburg (5 079 wooneenhede wat verwys na bewoonde huise en woonstelle waarvan die inwoners as permanente inwoners beskou kan word). Dit het beteken dat nege persent van die beplande 250 Blanke respondente uit hierdie woongebied in die steekproef opgeneem moes word. Gevolglik is 22 respondente in Uitbreiding 11 volgens die geslagsverhouding ewekansig geselekteer nadat die straatname en -nommers in die betrokke gebied op kaartjies aangeteken was, die kaartjies geskommel en 22 woonadresse getrek is. Waar 'n wooneenheid onbruikbaar was (byvoorbeeld 'n onbewoonde huis), is die naaste bruikbare wooneenheid besoek. Hierdie prosedure is met elke Blanke woongebied herhaal en hiervolgens is 'n totaal van 232 Blanke respondente in die ondersoek opgeneem.

Om te bepaal of die ondersoeksgroepe verteenwoordigend is,

is dit vergelyk met die teoretiese of verwagte getalle op grond van statistieke wat vooraf van die Stadsklerk van Pietersburg ontvang is. Tabel 1.1 dui die verspreiding van die respondente volgens geslagsverhouding aan wat ook 'n aanduiding is of die onderdersoekgroepe verteenwoordigend van die universum is.

Uit tabel 1.1 is dit duidelik dat die onderdersoekgroepe volgens die chi-kwadraattoets nie beduidend verskil van die teoretiese of verwagte getalle nie. Die onderdersoekgroepe word dus as verteenwoordigend beskou ten opsigte van die veranderlike waarvolgens dit gestratifiseer is.

Tabel 1.1

VERSPREIDING VAN RESPONDENTE VOLGENS GESLAG

Geslag	Asiërs		Blankes		Kleurlinge	
	% in universum	% Respondente in ondersoek N=241	% in universum	% Respondente in ondersoek N=232	% in universum	% Respondente in ondersoek N=245
Manlik	48,73	47,70	45,00	43,50	55,06	52,70
Vroulik	51,27	52,30	55,00	56,50	44,94	47,30
Totaal	100	100	100	100	100	100

$\chi^2$  waardes: (i) Asiërs = 0,032: graad van vryheid = 1:  
0,05 sekerheidsvlak

Nul-hipotese aanvaar.

(ii) Blankes = 0,143: graad van vryheid = 1:  
0,05 sekerheidsvlak

Nul-hipotese aanvaar.

(iii) Kleurlinge = 0,414: graad van vryheid = 1:  
0,05 sekerheidsvlak

Nul-hipotese aanvaar.

## 1.2.7.2 Metingtegnieke

### 1.2.7.2.1 Begripsomskrywing

#### (i) Veranderlike

'n Veranderlike is 'n verdigting wat betrekking het op die abstraksie van sekere waarneembare eienskappe en die verontagsaming van ander. Dit wat in 'n veranderlike varieer is een of ander kenmerk wat alle lede van 'n stel waarnemings in een of ander soort of graad het. Die navorser bepaal vir homself in watter kenmerk hy belang het en stel dan standaardprosedures waardeur die teenwoordigheid of afwesigheid van die veranderlike betroubaar in elke individuele geval bepaal kan word (Blalock & Blalock, 1968: 60).

Van der Westhuizen (1977: 29) definieer 'n veranderlike as "'n soort- of graadnaam wat van toepassing is op die elemente van 'n versameling eienskappe of kenmerke van iets (bv. 'n verskynsel) met die veronderstelling dat kwantitatiewe waardes daaraan toegeken kan word". Hy onderskei tussen eerste-orde-veranderlikes wat empiries waarneembaar en verifieerbaar is, byvoorbeeld ras, geslag, beroep ensovoorts. Tweede-en enige hoër-orde-veranderlikes het betrekking op begrippe, konsepte, konstruksies en versamelings. In die onderhawige geval, byvoorbeeld die verskillende soorte houdings. Gewoonlik moet hierdie veranderlikes eers met mekaar in verband gebring word voordat afleidings, gevolgtrekkings en veralgemenings moontlik is, met ander woorde die besondere houding moet in verband gebring word met 'n bepaalde ras, bevolkingsgroep, geslag, ouderdomsgroep, ervaringsgroep ensovoorts voordat dit werklik betekenis kry.

#### (ii) Meting

Meting is die sistematiese toekenning van syferwaardes aan waar-

genome objekte, gebeure of verskynsels waardeur die status van elke faset van die veranderlike aangedui word. Shaw (1967: 15) verklaar in hierdie verband "When we attempt to measure attitudes, we assign numerals to persons according to a set of rules that are intended to create an isomorphism between the assigned numeral and the person's attitude toward the object in question". Meting kan dus beskou word as die kwantifisering van response op bepaalde items wat betrekking het op 'n houding, nie alleen om die rigting aan te dui nie, maar ook die intensiteit daarvan.

### (iii) Skaling

Verskaling is 'n tegniek waardeur die hoeveelheid van 'n kenmerk van 'n referent gemeet kan word. "Scaling refers to the processes and techniques used to validate the existence of a defined property of an object or event and to establish operational indices of the relative magnitudes of the property" (Gorden, 1977: 4).

'n Skaal kan dus omskryf word as 'n stel elemente wat elk bestaan uit:

- 'n empiriese gebeurtenis (soos 'n persoon, lewelse voorwerp of enigiets waarop die algemene term stimulus van toepassing is);
- 'n syferwaarde; en
- 'n reël of stel reëls wat die gebeurtenis en die syferwaarde koppel

By skaalkonstruksie gaan dit dus om die vestiging van die aandag op 'n stel waarneembare gebeurtenisse, die spesifisering van die veranderlike kenmerk waarvolgens die gebeurtenisse in die stel beskryf kan word en die formulering van karteringsreëls waardeur

die gebeurtenisse in die stel onderskei kan word op grond van hul status op die veranderlike kenmerk. In wese beteken dit dat die totale syferwaardes van 'n gebeurtenis op 'n kontinuum geplaas word wat die presiese posisie daarvan aandui. Die byvoeging, weglating of vervanging van items wat verband hou met die gebeurtenis, verander nie die essensiële aard van die skaal nie, mits dit steeds verband hou met die stel reëls wat die koppeling tussen die gebeurtenis en syferwaardes beheer (Blalock & Blalock, 1968: 61).

(iv) Houdingskaal

Burns en Dobson (1981: 369) omskryf 'n houdingskaal as "... the application of standardized questionnaires to enable individuals to be placed on a dimension indicating degree of favourability towards the object in question.

Aangesien 'n houding 'n hipotetiese, of latente veranderlike eerder as 'n onmiddellike waarneembare veranderlike is, kom houdingsmeting neer op die waardebeplanning van 'n individu se response op 'n stel hipotetiese situasies. Die stel situasies is gewoonlik 'n aantal stellings of items betreffende die houdingsobjek waarop die individu volgens bepaalde kategorieë respondeer, byvoorbeeld stem saam, stem nie saam nie. Die waarde wat toegeken word, is die itemtelling en die somtotaal van die itemtellings, die houdingtel-ling. Shaw (1967: 15) verklaar "we will refer to a set of items, along with the item scores, as an attitude scale, although some writers use the term to refer to the set of scores obtained from the set of items".

Alhoewel 'n houdingskaal uit 'n aantal items bestaan, beteken dit nie dat individuele items sonder waarde is nie. Gordon (1977: 149) beklemtoon dit sterk dat elke respons op 'n vraag steeds inligting verskaf van die respondent se houding teenoor die referent.

Dit is van besondere waarde om ook aandag te skenk aan die verspreiding van respondente in die kategoriekeuse van elke afsonderlike item. Alhoewel onbekook, kom individuele response op 'n enkel vraag neer op 'n mini-skaal, wat nie alleen duidelikheid verskaf oor die evaluasie op 'n bepaalde dimensie van die houding nie, maar ook om die assosiasie tussen dimensies uit te lig. Word die heterogeniteit van houdings in aanmerking geneem, dan spreek dit vanself dat daar nie gepraat kan word van 'n enkel houdingskaal, 'n stel vrae of model wat vir alle houdings geld nie. Elke houding wat gemeet word, verteenwoordig 'n unieke skaal.

#### (v) Meetinstrument

Die vraelys is die belangrikste instrument by die meting van houdings. Vir die doel van hierdie ondersoek beteken 'n vraelys enige instrument wat bestaan uit vrae of items waarop 'n individu 'n respons moet lewer.

#### 1.2.7.2.2 Die Vraelys

As tegniek om gegewens in te samel, is van die vraelys gebruik gemaak. By die konstruksie van die vraelys is aandag geskenk aan die volgende algemeen geldende vereistes (Oppenheim, 1966: 30-80; Edwards, 1957: 13-15; Bouma, 1969: 45; Barclay & Weaver, 1962: 109; Selltitz et. al., 1974: 243-260).

#### (i) die bewoording van die vrae of items

- Dubbelsinnige en onduidelike vrae is vermy.
- Vrae is in die taal gestel waarmee die gemiddelde persoon bekend is en vreemde terme is (waar van toepassing) in hakies verduidelik.
- Elke vraag of stelling het slegs een sentrale gedagte en is so kort as moontlik gehou.

- Vrae met 'n negatiewe of positiewe konnotasie is sover moontlik afgewissel om 'n stereotipe beantwoording van vrae uit te skakel. Soms was dit egter nodig om absolute negatiewe of positiewe vrae te stel.
- Voldoende responskategorieë is in die vrae ingebou. Gewoonlik word 3, 5 of 7 kategorieë ingebou. Die vyf kategorieë van stem beslis saam, stem saam, onseker, stem nie saam nie, stem beslis nie saam nie, word hoofsaaklik gebruik.
- Die minder sensitiewe en die meer algemene vrae is eerste gestel.

(ii) die sistemativering van vrae

Die vrae is logies gerangskik en so gegroepeer dat verwante items op dieselfde deel van die vraelys voorkom. Elke item op die vraelys is verder genommer.

(iii) die struktuur van die vrae

Om die verwerking van gegewens deur die rekenoutomaat te vergemaklik, is geslote vrae gestel. Elke item het 'n beperkte en vooraf gekodifiseerde aantal keuses gehad waarvolgens respondente hul houdings kon aantoon. Die respondente is nêrens verplig om òf positief òf negatief te respondeer nie aangesien 'n onsekerkategorie by elke item ingebou is. Hierdie kategorie is van besondere betekenis veral as dit in gedagte gehou word dat houdings aangeleerde gedrag is en derhalwe 'n reaksie teenoor stimulasie in die omwêreld verteenwoordig. Dit beteken dat almal nie dieselfde ervaringe het nie en gevolglik nie in dieselfde mate op vrae kan respondeer nie. Die onsekerkategorie is derhalwe 'n ingeboude veiligheidsmeganisme en volgens Bouma (1969: 46) het hierdie tegniek die voordeel dat "... more confidence can be placed in the significance of the affirmative or negative answers". Die vraelyste is in die geheel gekodifiseer en het die direkte oorname op ponskaarte vergemaklik.

(iv) lengte van die vraelys

Alhoewel dit steeds die ideaal is om vraelyste so kort as moontlik te hou, moet 'n reeks vrae gestel word om alle fasette van die referent te betrek. Die hele veld van die ondersoek moet uiteraard gedek word en Barclay en Weaver (1962: 109) het dit byvoorbeeld nodig en wenslik gevind om tot 250 vrae te stel om 'n enkele houding te meet. Smith en andere (1976: 162) verklaar eweneens in hierdie verband soos volg: "... if the questionnaire is over 10 pages at the minimum, length may cease to be a factor". In die lig hiervan is ondersoeker tevrede dat die lengte van die onderhawige vraelys nie tot 'n gebrek aan belangstelling en 'n traakmy-nie-agtige houding aanleiding gegee het nie - dit sou immers dan ook uit die vooronderzoek geblyk het.

(v) struktuur van die vraelys

Die anonimiteit van die respondente word op die voorblad van die vraelys gewaarborg in 'n poging om 'n maksimale respons in terme van eerlikheid te verkry. Geen vrae is ook gestel wat daarop gemik is om op enige wyse die identiteit van die respondente te openbaar nie.

'n Vooronderzoek het die finale ondersoek voorafgegaan. Die doel van hierdie vooronderzoek was uitsluitlik daarop gerig om enige onduidelikhede en/of leemtes in die vraelys te ontbloot en dit het 'n hersiening van enkele items op die vraelys tot gevolg gehad. In 'n poging om moontlike bronne van vooroordeel en beïnvloeding uit te skakel of te verminder, is daar tydens die finale ondersoek van selfgeadministreerde vraelyste (Smith & andere, 1976: 162-163) gebruik gemaak. Kontak tussen veldwerkers en respondente is tot 'n minimum beperk, hulle het geen onderhoude met respondente gevoer nie en hul funksie was beperk tot die verspreiding en herinsameling van vraelyste.

Alhoewel daar geen wesenlike teenstand (weerstand) teen die ondersoek te bespeur was nie, het die ondersoeker en van die veldwerkers ondervind dat enkele van die respondente aanvanklik geweier het om vraelyste te voltooi, bloot omdat die navorsing op die Suid-Afrikaanse Polisie betrekking het. Hierdie enkelinge is ingelig en oortuig dat die navorsing hoofsaaklik van akademiese belang is, dat anonimiteit verseker is en dat enige respondent onbevrees 'n vraelys kan voltooi. 'n Berig oor die navorsing is ook in 'n plaaslike koerant "Die Review" gepubliseer waarin spesifiek vermeld is dat die navorsing met die medewete van die Suid-Afrikaanse Polisie gedoen word.

Die betroubaarheid en geldigheid van die tegniek wat gebruik word vir die insameling van gegewens is verdere vereistes wat in ooreweging moet kom. Die bepaling van die betroubaarheid, of die interne konsekwentheid van 'n vraelys is derhalwe van die aller-grootste belang. Betroubaarheid het betrekking op die akkuraatheid en noukeurigheid van die tegniek, d.w.s. waar verskille wat dit registreer by verskillende toepassings nie verklaar kan word met betrekking tot variasies in die tegniek self nie (Kerlinger, 1973: 443; Nachmias & Nachmias, 1976: 64; Edwards, 1957: 228). By houdingondersoeke word verskillende items in 'n vraelys opgeneem met die veronderstelling dat almal 'n faset van die houding is. Hiervan kan die navorser nie seker wees nie tensy hy statisties bepaal dat elke afsonderlike item op sy eie 'n meting van die geheel verteenwoordig. Dit beteken dat die items onderling moet korreleer. Betroubaarheid wat op hierdie wyse bereken word, staan bekend as die interne konsekwentheidstoets (Bohrnstedt, 1969: 542). Cronbach se Alpha-koëffisient lewer waarskynlik die beste resultate om die interne konsekwentheid te bepaal. Hierdie interitem korrellasie kom daarop neer dat al die items onderling vergelyk word. Om enigsins as betroubaar beskou te word, moet daar 'n hoë interverwantskap tussen die verskillende items bestaan.

Die interne konsekwentheid van die vraelys en die totale meting sal waardeloos wees as die betroubaarheidskoëffisiënt nie redelik hoog is nie, gewoonlik in die omgewing van ,80. Wanneer 'n hoë korrellasie inderdaad verkry word, dan blyk die weglating van items soos dit in die Likertskaal toepassing vind, oorbodig te wees.

Die betroubaarheid (interne konsekwentheid) van die vraelys is met behulp van 'n SPSS-rekenaarprogram (Nie et. al., 1975: cf) aan die hand van die Alpha-koëffisiënt getoets (Hull en Nie, 1979: 125-127). Die volgende resultate is behaal -

- (i) Asiërs: Die gestandaardiseerde Alpha-koëffisiënt is 0,97178 terwyl die korrelasiekoëffisiënt op 0,97260 te staan kom.
- (ii) Blankes: Die gestandaardiseerde Alpha-koëffisiënt is 0,88992 terwyl die korrelasiekoëffisiënt op 0,89311 te staan kom.
- (iii) Kleurlinge: Die gestandaardiseerde Alpha-koëffisiënt is 0,95122 terwyl die korrelasiekoëffisiënt op 0,95009 te staan kom.

Die betroubaarheid van die interne konsekwentheid van die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is, kan derhalwe met redelikheid aanvaar word.

Die geldigheid van 'n tegniek dui daarop dat dit meet wat dit veronderstel is om te meet. Hierdie vraagstuk is daarin gesetel dat in houdingstudies daar in werklikheid op 'n indirekte wyse gemeet word. Items wat in die meetinstrument opgeneem word is hoofsaaklik hipoteties en die groep(e) wat by die ondersoek betrek word meesal 'n gedeelte van die universum. Aangesien geen

stimulus die mens op dieselfde wyse en in dieselfde mate beïnvloed nie, is verskille vanselfsprekend. Juis daarom kan die navorser nooit absoluut seker wees dat hy presies meet wat hy graag wil meet nie. Dit is veral die geldigheid van die meetinstrument wat hier in die gedrang kom. Selltiz et. al. (1974: 155) verklaar byvoorbeeld "The validity of a measuring instrument may be defined as the extent to which differences in scores on it reflect true differences among individuals, groups or situations in the characteristics which it seeks to measure, or true differences in the same individual, group or situation from one occasion to another, rather than constant or random errors".

Verskille kan die gevolg wees van 'n groot verskeidenheid faktore. Selltiz et. al. (1974: 150-154) onderskei byvoorbeeld tussen

- (i) Ware verskille. Al die verskille in tellings van respondente sal hier toegeskryf kan word aan verskille in dit wat gemeet word.
- (ii) Ware verskille in relatief stabiele eienskappe van respondente soos intelligensie, opvoeding, sosiale klas, ras, bevolkingsgroep, ensovoorts. Verskille in response is dikwels toe te skryf aan hierdie verskille aangesien die stimilusse wat gemeet word almal nie in dieselfde mate mag raak nie.
- (iii) Verskille wat toegeskryf kan word aan kortstondige persoonlike faktore soos gemoedstemming, moegheid, geestes=toestand, verstrooidheid, beïnvloeding, ensovoorts.
- (iv) Verskille as gevolg van situasionele faktore. Die anonimiteit of die gebrek daaraan van die situasie, vrees vir die gevolge van response indien dit bekend word en ander gedagtesteurnisse, het 'n invloed op response en kan tot 'n variasie in tellings aanleiding gee.

- (v) Verskille as gevolg van administrasie wat veral voorkom waar verskeie onderhoudvoerders gebruik word. Die stel van vrae en afleidings van die response mag as gevolg hiervan verskil.
- (vi) Verskille as gevolg van te min items. Slegs enkele aspekte van die houding wat getoets word, word in die vraelys opgeneem. Dit kan daartoe bydra dat slegs items opgeneem word waarop 'n gunstige respons verkry word of andersom.
- (vii) Verskille as gevolg van onduidelikheid. Onverstaanbare items kan aanleiding gee tot 'n lukraak respons wat nie die ware houding weerspieël nie.
- (viii) Verskille wat toegeskryf kan word aan meganiese faktore, soos gebrekkige hulpmiddels (penne, potlode ens.) om die merk te maak, swak reprodusering van die vraelys en gebrek aan ruimte om die respons volledig aan te dui - 'n probleem veral by oopvrae.
- (ix) Verskille as gevolg van ontledingsprosedures. Faktore soos foute in telling, tabulering, rekenarisering en ander berekeningsfoute word soms oor die hoof gesien.

Verskille word gewoonlik ingedeel in

- (i) konstante foute wat verwys na faktore wat die kenmerke wat gemeet word of die metingsproses, sistematies beïnvloed, d.w.s. veral die wat onder (iv) hierbo bespreek is en
- (ii) toevallige foute wat verwys na kortstondige aspekte wat betrekking het op die respondent, meettoestand en metingsprosedures, d.w.s. soos onder die ander punte hierbo bespreek.

Beide tipes foute moet in die betroubaarheids- en geldigheidstoets in berekening kom. Volgens Selltiz et. al. (1974: 154) bring die bepaling van betroubaarheid gewoonlik slegs die toevallige foute in berekening. Bohrnstedt (1969: 547) verklaar dat die Alphatoets die beste is vir hierdie doel - m.a.w. dit is geskik vir die toets van betroubaarheid en geldigheid wat die toevallige foute betref. In die lig van die reeds gerapporteerde Alpha-koëffisiënte, kan dit derhalwe met redelikheid aanvaar word dat die meetinstrument geldig is wat die toevallige foute betref.

Wat konstante foute betref, moet die geldigheid op die volgende vlakke gestel word (Shaw, 1967: 18-20; Nachmias & Nachmias, 1976: 59-64; Selltiz et. al., 1974: 157-177; Crano & Brewer, 1973: 249-255 en Kerlinger, 1973: 457-463).

Inhoudsgeldigheid: Hier gaan dit veral om die inhoud van die meetinstrument, d.w.s. die mate waarin die betrokke items in ooreenstemming is met die houdingsstelsel wat getoets word. Gewoonlik kom dit neer op 'n subjektiewe beoordelingsprosedure.

Logiese vasstelling van geldigheid kom volgens Goode en Hatt (1952: 237) daarop neer dat die betrokke items op grond van logiese beredenering of teoretiese gesigswaarde ("face validity") beoordeel moet word. Vrae wat byvoorbeeld gestel word oor polisiebruuskheid en wat inderdaad daarmee verband hou, kan as inhoudsgeldig bestempel word. Dit beteken egter nie dat die skaal inhoudsgeldig is nie. Om die geldigheid van die skaalinhoud te bepaal, is dit noodsaaklik om vas te stel of die inhoud, en die graad daarvan, betrekking het op die houdingstimulus en die mate waarin die totale stel items alle aspekte van die houdingstimulus verteenwoordig. Items mag inhoudsgeldig wees maar kan slegs een faset van die houding, bv. slegs die positiewe betrek. Indien positiewe en nega-

tiewe fasette nie betrek word nie, kan daar nie sprake wees van inhoudsgeldigheid nie.

Evaluering van die inhoudelike aard van die items op die onderhawige skaal, toon dat die items oor 'n kontinuum van positief na negatief strek. Die inhoudsgeldigheid van die items is verder teoreties verantwoord en die teoretiese betekenisvolheid daarvan blyk duidelik wanneer dit met

- (i) die polisiebeeldskaal (Hahn & Feagin, 1970: 183; Van Heerden, 1974: cf.; du Preez, 1978: cf.; Mayet, 1976: cf.) en
- (ii) die P-skaal ("prejudice") en F-skaal ("fairness") (Bouma, 1969, cf.) vergelyk word. Die inhoudsgeldigheid daarvan kan derhalwe met redelikheid aanvaar word.

Konstrugeldigheid: Konstrugeldigheid word geëvalueer deur die bepaling van die verwantskap tussen die houdingtelling en ander spesifieke veranderlikes. Wanneer die omskrywing van die houding(s) wat gemeet staan te word by implikasie beteken dat verskillende groepe nie dieselfde houding(s) sal hê nie, dan spreek dit vanself dat 'n geldige skaal inderdaad verskille sal aantoon. Hierdie aanname kan teoreties gegrond wees of kan voortvloei uit vorige ondersoeke. As dit byvoorbeeld teoreties veronderstel of empiries bewys word dat verskillende bevolkingsgroepe uiteenlopende houdings van die polisie het, dan moet 'n geldige skaal inderdaad verskillende houdings ontbloot. Die chi-kwadraattoets word vry algemeen gebruik om die beduidenheid van verskille te bepaal.

Vorige ondersoeke (du Preez, 1978: cf.; Mayet, 1976: cf. en Van Heerden, 1974: cf.) het inderdaad getoon dat verskillende bevolkingsgroepe en sosio-ekonomiese klasse uiteenlopende houdings

teenoor die polisie het. Beduidende verskille in sodanige houdings is met behulp van die chi-kwadraattoets bepaal. Daarom kan dit ook in hierdie ondersoek aanvaar word dat die uiteenlopende houdings van die verskillende bevolkingsgroepe en geslagte die geldigheid van konstruksal onderstreep. Die beduidende verskille in standpunte sal met aanvaarde statistiese tegnieke aangetoon word.

Verskille wat deur die tegniek geregistreer word ten opsigte van die gegewens wat gemeet word tussen verskillende bevolkingsgroepe, geslagte ensovoorts, kan derhalwe as ware verskille beskou word wat nie aan die swakheid van die tegniek toegeskryf kan word nie.

#### 1.2.7.2.3 Die Metingskaal

Vir die doel van hierdie ondersoek is besluit om van die Likert-tipe-skaal gebruik te maak. Die skaal is 'n ordinale skaal. Met ordinale verskaling word bedoel die toekenning van syferwaardes aan bepaalde kenmerke sodat die aan- of afwesigheid en ook die verskyningsintensiteit daarvan rangordelik geregistreer kan word (Van der Westhuizen, 1977: 101), d.w.s. naas die eienskap van dimensionaliteit kom rangordeplasing ook in die gedrang. Dit beteken egter nie dat die plasing of die posisies op die skaal of die verskille in gelyke mate voorkom nie. Al waarom dit hier gaan is die bepaling van die relatiewe posisie van persone of objekte met betrekking tot 'n bepaalde eienskap. Sellitz et. al. (1974: 192) skryf: "With ordinal scales we are limited to statements of greater, equal, or less; we cannot undertake to state how much greater or how much less".

Meting op die ordinale vlak kom daarop neer dat response in bepaalde kategorieë op die vraelys aangestip kan word. Hierdie kategorieë, meesal vyf, loop vanaf 'n gunstige tot ongunstige pool op die houdingkontinuum. Hierdie proses van kalibrering is volgens

Gorden (1977: 55) eerder ordinaal as interval- of ratio-meting. Likert het kalibrering verfyn deur verskeie responskategorieë in vrae in te bou. Daardeur kan die houding fyner onderskei word. Vrae kan 'n groot verskeidenheid vorme aanneem afhangende van die vrae wat gestel word. Vergelyk byvoorbeeld die volgende (Gorden, 1977: 74; Shaw, 1967: 35-523; Hahn & Feagin, 1970: 183);

Stem beslis saam	Altyd
Stem saam	Dikwels
Onseker	Onseker
Stem nie saam nie	Soms
Stem beslis nie saam nie	Nooit
Baie goed	Uitermatig baie
Goed	Baie
Onseker	Onseker
Swak	Min
Baie swak	Baie min

Volgens Burns en Dobson (1981: 369-375) is die Likerttipe-skaal by uitstek geskik om response op 'n groot aantal stellings, wat verskeie grade van positiewe en negatiewe houdings betreffende 'n voorwerp, instelling of klasse van persone weerspieël, deur middel van 'n verteenwoordigende groep persone te versamel. Al die vrae moet beantwoord word en alhoewel die Likerttipe-skaal (soos ander skale) sekere tekortkominge het, word dit op 'n uitgebreide basis gebruik in studies waar sosiale houdings ter sprake is. Hierdie skaal is in die verlede byvoorbeeld met groot welslae gebruik in onder andere die volgende verbandhoudende ondersoeke:

- (i) Schade, T.V. 1970. Police perceptions of inner-city youths attitudes toward Law Enforcement. M.A.-verhandeling. Western Michigan University.

- (ii) Rusinko, W.T., Johnson, K.W. en Hornung, C.A. 1978. "The Importance of Police Contact in the formulation of youth's attitudes toward police". Journal of Criminal Justice. Vol. 6.
- (iii) Bouma, D. 1969. Kids and Cops. A study in mutual hostility. Michigan: Williams B. Eerdmans Publishing Company.
- (iv) Hahn, H. & Feagin, J.R. 1970. "Riot-Precipitating Police Practises: Attitudes in Urban Ghettos". Phylon. Vol. XXXI, No. 4.
- (v) Williams, D.G. 1969. Youth attitudes toward the police and law enforcement: A contextual analysis. Ph.D.-proefskrif. Western Michigan University.
- (vi) Klyman, F.I. & Kruckenberg, J. 1974. "A Methodology for assessing citizen perceptions of police". Journal of Criminal Justice. Vol. 2.
- (vii) Albrecht, S.L. & Green, M. 1977. "Attitudes toward the police and the larger attitude complex". Criminology. Vol. 15, No. 1. Mei.
- (viii) Mayet, H.R. 1976. The role and image of the South African Police in society from the point of view of the Coloured people in Johannesburg. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Daar is verder op die Likerttipe-skaal besluit omdat dit die volgende voordele inhou (Barclay & Weaver, 1962: 109-119; Burns & Dobson, 1981: 376; Hall, 1934: 6):

- die skaal is geskik om response op 'n groot aantal stellings te versamel;
- dit die voorbereiding van die versamelde gegewens vergemaklik;
- dit uitsluitlik op empiriese gegewens betreffende respondente se response gebaseer word eerder as op subjektiewe

opinies of oordele;

- dit verseker meer homogene skale en verhoog die moontlikheid dat 'n houding eenheidsgewys gemeet word wat op sy beurt 'n hoë vlak van betroubaarheid daarstel. Die betroubaarheidskoëffisiënt van die Likert-skaal neig om op 'n hoë vlak te korreleer, dit wil sê in die omgewing van 80 persent, wat groepsvergelykings hoogs onbetroubaar maak (Burns & Dobson, 1981: 376). Hall (1934: 6) rapporteer betroubaarheidsvlakke wat wissel van 0,69 tot 0,93 terwyl Barclay en Weaver (1962: 118) betroubaarheidskoëffisiënte van 0,95 en 0,96 vermeld); en
- dit voorsien volledige inligting aangaande die respondente se houdings, aangesien 'n geïntensifiseerde reaksie op elke item in die vraelys weerspieël word.

In die onderhawige ondersoek word die vyfpuntskaal aangewend. Ter illustrasie word gewigte ten opsigte van vraag 115 in die vraelys soos volg toegeken - 5 vir baie goed, 4 vir goed, 3 vir onseker, 2 vir swak en 1 vir baie swak. Afhangende van hoe die vraag gestel is, is gewigte by sommige vrae in die teenoorgestelde rigting toegeken. 'n Respons by glad nie op vraag 133 dui byvoorbeeld op 'n positiewe respons. Om gunstigheid bo die neutrale syfer 3 te plaas, is gewigte in die teenoorgestelde rigting toegeken, dit wil sê 5 by glad nie ensovoorts.

### 1.2.7.3 Statistiese tegnieke

Om die gegewens op so 'n wyse aan te bied dat dit vertolkings en afleidings sal vergemaklik, word daar hoofsaaklik van persentasies en gemiddeldes gebruik gemaak. Blote totale (as N aangedui waar van toepassing) is onbeduidend en kan geen funksie vervul om òf die omvang van 'n houding òf die verskil tussen subgroepe aan te toon nie.

Statistiese tegnieke om rangorde te bereken is egter beperk. Bene= wens dié wat vir nominale skale aangewend word, kan daar streng ge= sproke slegs sprake wees van die berekening van mediane, gemiddel= des en rangorde-korrelasies. Alhoewel gemiddeldes op sigself rang= orde aandui, is die persentuele verspreiding in kategorieë nie al= tyd aanduidend van rangorde nie. Daarom is die persentuele rang= ordeplasing van onder andere vrae 19-34 in die vraelys op die vol= gende formule bereken (Van Heerden, 1974: 20):

$$P = \frac{\sum (fx) \times 100}{(NG) T}$$

waar (fx) die som is van die aantal response in elke kategorie vermenigvuldig met die betrokke gewig en

waar (NG) die som is van die aantal respondente vermenigvuldig met die hoogste gewig (in die geval van vyf-kategorieë is vyf die hoogste gewig).

Die gemiddeldes is volgens die volgende standaardformule bereken (Watson & Sterling, 1969: 39):

$$G = \frac{\sum (fx)}{N}$$

waar (fx) die som is van die aantal response in elke kategorie vermenigvuldig met die betrokke gewig en waar N die totale aantal respondente is. By die vyfpuntskaal val die neutrale syfer op 3.

Die betekenisvolheid van verskille in vergelykings is deur middel van die chi-kwadraattoets bereken volgens die formule

$$\chi^2 = \sum \frac{(O-E)^2}{E}$$

waar O die waargenome en E die teoretiese verwagte frekwensie in die ooreenstemmende kategorie van die universum verteenwoordig.

Verder word daar gebruik gemaak van 'n stapsgewyse identifisering van daardie selle wat die meeste bygedra het tot die betekenisvolle verskil. Identifikasie van hierdie selle word gedoen deur middel van 'n P2F-rekenaarsprogram (Brown, 1976: 278-292).

Slegs betekenisvolle verskille word in die ondersoek aangedui. Berekeninge wat nie beduidend is nie, word nie aangedui nie. Betekenisvolheid is deurgaans op die 0,05 sekerheidspeil bereken. Die waardes van alle beduidende verskille word egter, om praktiese redes, nie deurgaans vermeld nie.

### 1.3 ONTLEDING VAN DIE ONDERSOEGGROEPE

Hierdie algemene beskrywing van die ondersoekgroepe het hoofsaaklik betrekking op onbekende faktore wat nie sinvol met 'n teoretiese frekwensie uit die universum vergelyk kan word nie. Die tabelle dien slegs as beskrywing van die algemene aard van die ondersoekgroepe.

#### 1.3.1 Huistaal

Die huistaal van respondente word in tabel 1.2 aangedui.

Tabel 1.2

#### HUISTAAL VAN RESPONDENTE

	PERSENTASIE IN ONDERSOEK			
Huistaal	Asiër N=241	Blanke N=232	Kleurling N=245	Totale ondersoekgroep N=718
Afrikaans	2,50	84,10	69,80	51,90
Engels	53,30	8,20	12,70	24,80
Beide	36,30	6,00	15,90	19,50
Ander	7,90	1,70	1,60	3,80
Totaal	100	100	100	100

Die Asiërs is hoofsaaklik Engelssprekend en die Blankes en Kleurlinge Afrikaanssprekend. Dit val op dat die Asiërs meer dikwels albei amptelike landstale gebruik as die Blankes en Kleurlinge.

### 1.3.2 Ouderdom

Uit tabel 1.3 is dit duidelik dat die verskillende ouderdomsgroepe redelik eweredig versprei is onder die drie bevolkingsgroepe.

Tabel 1.3  
 OUDERDOMSPREIDING VAN RESPONDENTE

Ouderdom	PERSENTASIE IN ONDERSOEK			
	Asiër N=241	Blanke N=232	Kleurling N=245	Totale ondersoekgroep N=718
18-27	21,60	10,30	29,40	20,60
28-37	41,50	34,10	29,80	35,10
38-47	23,20	25,40	22,00	23,50
48-57	10,80	19,00	10,20	13,20
58-67	2,90	7,80	7,80	6,20
68+	-	3,40	0,80	1,40
Totaal	100	100	100	100

### 1.3.3 Kwalifikasies

Die kwalifikasies van respondente word in tabel 1.4 aangedui. Senior kwalifikasies (st. 9 en 10) is by die Blankegroep die hoogste terwyl die meeste Asiërrespondente oor standerd 7 en 8 beskik. Die Kleurlinggroep is in die algemeen laer gekwalifiseerd - 11,10 persent het geen formele skoolopleiding gehad nie.

### 1.3.4 Beroep

Die gegewens in tabel 1.5 toon duidelike verskille in die beroepe van respondente in die verskillende bevolkingsgroepe. Werkloosheid kom die meeste by die Kleurlinggroep voor. Die Kleurlingvrou is klaarblyklik ook meer betrokke by die beroeps- en arbeidsterrein as

die Blanke- en Asiërvrou.

Tabel 1.4

KWALIFIKASIES VAN RESPONDENTE

Kwalifikasie	PERSENTASIE IN ONDERSOEK			
	Asiër N=241	Blanke N=232	Kleurling N=245	Totale ondersoekgroep N=718
Geen	7,50	-	11,10	6,30
St. 6 en laer	14,10	5,60	40,40	20,30
St. 7 en 8	34,40	28,00	31,40	31,30
St. 9 en 10	30,70	37,50	11,80	26,50
Diploma	7,10	15,10	4,10	8,60
Graad	6,20	13,80	1,20	7,00
Totaal	100	100	100	100

1.3.5 Polisiekontak

Die soort kontak met die polisie word belangrik wanneer dit in aanmerking geneem word dat dit waarskynlik 'n invloed sal hê op die vorming van bepaalde houdings. Vir die doel van hierdie ondersoek word die kontakvlakke ingedeel in -

- (i) negatiewe kontak, dit wil sê direkte kontak met die polisie as aangekla en gevonnisd, aangekla maar vrygespreek en aangehou en ondervra;
- (ii) positiewe kontak, dit wil sê klaers, getuies en informante; en
- (iii) geen kontak.

Hierdie kategorisering stel ondersoeker nie alleen in staat om te bepaal of die verskillende bevolkingsgroepe en geslagte in gelyke mate in kontak met die polisie kom nie, maar die gegewens is in-

derdaad 'n aanduiding van die graad van polisiebetrokkenheid by die bevolkingsgroepe in die algemeen.

Tabel 1.5

BEROEP VAN RESPONDENTE

Beroep	PERSENTASIE IN ONDERSOEK			
	Asiërs N=241	Blankes N=232	Kleurlinge N=245	Totale onderzoekgroep N=718
Professioneel of Tegnies	7,05	19,82	8,17	11,68
Administratief, uitvoerend en besturend	2,08	13,37	1,63	5,69
Klerklik	19,50	12,94	12,65	15,03
Sakeman en ver= koop	21,58	7,76	8,16	12,50
Boerdery, bosbou, vissery en jag	-	0,86	0,82	0,56
Myn, steengroef en verwant	-	0,43	0,41	0,28
Vervoer en kommu= nikasie	0,41	3,45	2,04	1,97
Vakman en produk= sie	0,83	4,74	8,57	4,71
Diens, sport en ontspanning	2,08	0,86	-	0,98
Halfgeskoolde werker	0,83	0,43	15,51	5,59
Huisvrou	30,70	28,88	12,65	24,08
Loswerkies	4,56	-	6,12	3,56
Werkloos	2,91	0,86	13,47	5,75
Ander	7,47	5,60	9,80	7,62
Totaal	100	100	100	100

Die gegewens in tabel 1.6 toon dat 61,00 persent van die totale onderzoekgroep geen kontak met die polisie gehad het nie, terwyl 28,40 persent positiewe en 10,60 persent negatiewe kontak gehad het.

Tabel 1.6

## POLISIEKONTAK VAN BEVOLKINGSGROEPE

Aard van kontak	PERSENTASIE IN ONDERSOEK			
	Asiër N=241	Blanke N=232	Kleurling N=245	Totale ondersoekgroep N=718
<u>Negatief</u>				
Aangekla/veroordeel	1,70	1,70	5,70	3,10
Aangekla/vrygespreek	1,70	2,20	9,00	4,30
Verdagte	0,40	-	9,00	3,20
Totaal	3,80	3,90	23,70	10,60
<u>Positief</u>				
Klaer	2,10	17,20	10,10	9,80
Getuie	15,40	20,70	13,50	16,40
Informant	1,20	1,70	3,70	2,20
Totaal	18,70	39,60	27,30	28,40
Geen kontak	77,50	56,50	49,00	61,00
Totaal	100	100	100	100

Dit blyk verder uit tabel 1.6 dat

- (i) Kleurlinge die meeste kontak het met die polisie;
- (ii) Blankes meer in positiewe kontak met die polisie was; en
- (iii) dat Asiërs die minste van die drie bevolkingsgroepe in kontak met die polisie was.

Om die graad van betrokkenheid van respondente duideliker te stel word dit in tabel 1.7 volgens geslag verder beoordeel.

Uit tabel 1.7 is dit duidelik dat vrouens minder kontak met die polisie het as mans. Dit geld vir al die bevolkingsgroepe en kontakvlakke. Die feit dat die vrou veel minder kontak met die polisie

het, hou waarskynlik verband met hul beskermende en misdadigeïsoleerde bestaan.

Tabel 1.7

## POLISIEKONTAK VAN GESLAGTE

Aard van kontak	PERSENTASIE IN ONDERSOEK							
	Asiër		Blanke		Kleurling		Totale ondersoekgroep	
	Man N=115	Vrou N=126	Man N=101	Vrou N=131	Man N=129	Vrou N=116	Man N=345	Vrou N=373
<u>Negatief</u>								
Aangekla/ veroordeel	1,70	1,60	4,00	-	7,80	3,40	4,60	1,60
Aangekla/ vrygespreek	2,60	0,80	5,00	-	13,20	4,30	7,20	1,60
Verdagte	0,90	-	-	-	10,90	6,90	4,30	2,10
Totaal	5,20	2,40	9,00	-	31,90	14,60	16,10	5,30
<u>Positief</u>								
Klaer	3,50	0,80	28,70	8,40	11,60	8,60	13,90	5,90
Getuie	20,90	10,30	20,80	20,60	10,90	16,40	17,10	15,80
Informant	0,90	1,60	2,00	1,50	6,20	0,90	3,20	1,30
Totaal	25,30	12,70	51,50	30,50	28,70	25,90	34,20	23,00
Geen kontak	59,50	84,90	39,50	69,50	39,40	59,50	49,70	71,70
Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100

Dit blyk verder uit tabel 1.7 dat -

- (i) Kleurlingvrouens (14,60 persent) meer negatiewe kontak met die polisie het as Asiërvrouens (2,40 persent) en Blanke vrouens (geen).
- (ii) Blanke vrouens in 'n groter mate (30,50 persent) positiewe kontak het as Kleurlingvrouens (25,90 persent) en Asiërvrouens (12,70 persent).
- (iii) Slegs 15,10 persent van die Asiërvrouens kontak met die polisie gehad het.

- (iv) Meer as die helfte van Kleurling- (60,60 persent) en Blanke mans (60,50 persent) het direkte kontak (beide negatief en positief) met die polisie gehad; en
- (v) Slegs ongeveer 'n derde (30,50 persent) van die Asiërmans in kontak met die polisie was.

### 1.3.6 Houdingvormende kennis

Uit paragraaf 1.7.5 is dit duidelik dat alle respondente in die ondersoekgroep nie in persoonlike kontak met die polisie kom nie. Dit is derhalwe nodig om te bepaal watter soort kennis of ervaring die respondente se houding teenoor die polisie gevorm het. In tabel 1.8 word die faktore wat die meeste bygedra het tot die vorming van respondente se houdings aangetoon.

Tabel 1.8  
HOUDINGVORMENDE KENNIS VAN BEVOLKINGSGROEPE

Houdingvormer	PERSENTASIE IN ONDERSOEK			
	Asiër N=241	Blanke N=232	Kleurling N=245	Totale ondersoekgroep N=718
Juridiese kontak	4,10	9,10	3,30	5,40
Sosiale kontak	8,70	12,50	9,00	10,00
Oorvertellings	3,70	9,50	13,10	8,80
Pers	11,60	16,80	20,80	16,40
Radio	21,20	9,10	20,40	17,00
Speurverhale	11,20	5,20	5,70	7,40
Waarneming	39,50	37,80	27,70	35,00
Totaal	100	100	100	100

Die teenwoordigheid van die polisie, dit wil sê dit wat die respondente van hulle sien in die werklike vervulling van die polisie rol, is die grootste enkele faktor in die vorming van houdings (35,00 persent). Hierna volg die radio (17,00 persent), pers (16,40 persent), sosiale kontak (10,00 persent), oorvertellings van die ervarings

van ander (8,80 persent), speurverhale (7,40 persent) en juridiese kontak (5,40 persent).

Die gegewens in tabel 1.8 toon verder dat -

- (i) die verskillende kennisvlakke nie dieselfde houdingvormende betekenis vir die verskillende bevolkingsgroepe het nie;
- (ii) die teenwoordigheid van die polisie 'n groter rol speel by Asiërs (39,50 persent) as by Blankes (37,80 persent) en Kleurlinge (27,70 persent);
- (iii) die pers 'n groter rol speel by Kleurlinge (20,80 persent) en Blankes (16,80 persent) as by Asiërs (11,60 persent);
- (iv) die radio van groter belang is vir Asiërs (21,20 persent) en Kleurlinge (20,40 persent) as vir Blankes (9,10 persent); en
- (v) dat juridiese kontak by al drie bevolkingsgroepe 'n opvallende lae aanslag as houdingvormende faktor het.

Die verskillende kennisvlakke het ook nie dieselfde houdingvormende betekenis by die geslagte nie. In die algemeen is die verskille beduidend veral as gevolg van die meerdere betrokkenheid van mans by sosiale en juridiese kontak. Dientengevolge is die teenwoordigheid van die polisie, die lees van speurverhale, die radio en die oorvertelling van ander van groter belang vir die vrouens in die ondersoekgroep as die mans (tabel 1.9).

#### 1.4 HOUDINGVORMERS

Die ondersoekgroepe maak klaarblyklik geen onderskeid tussen vertakkinge en range in hulle beoordeling van die polisierol nie (tabelle 1.10 en 1.11). Dit dui daarop dat die publiek elke polisiebeampte, ongeag vertakking of rang, voortdurend as verteenwoordiger van die polisierol beskou.

Tabel 1.9  
HOUDINGVORMENDE KENNIS VAN GESLAGTE

Houding= vorme	PERSENTASIE IN ONDERSOEK							
	Asiër		Blanke		Kleurling		Totale ondersoek= groep	
	Man N=115	Vrou N=126	Man N=101	Vrou N=131	Man N=129	Vrou N=116	Man N=345	Vrou N=373
Juridiese kontak	6,10	2,40	15,80	3,80	3,90	2,60	8,10	2,90
Sosiale kontak	12,20	5,60	16,80	9,20	12,40	5,20	13,60	6,70
Oorvertel= linge	5,20	2,40	5,00	13,00	13,20	12,90	8,10	9,40
Pers	10,40	12,70	14,90	18,30	27,10	13,80	18,00	15,00
Radio	24,30	18,30	5,00	12,20	18,60	22,40	16,50	17,40
Speurver= hale	11,30	11,10	3,00	6,90	4,70	6,90	6,40	8,30
Waarneming	30,50	47,50	39,50	36,60	20,10	36,20	29,30	40,30
Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100

In die lig daarvan dat die Polisiemag as totaliteit by 75,40 persent van houdingvormende belang is, het die houdings soos weerspieël in hierdie ondersoek nie betrekking op 'n enkele vertakking nie, maar op die Suid-Afrikaanse Polisie as geheel. Dieselfde geld vir die range (68,20 persent almal).

#### 1.5 FAKTORE WAT DIE ONDERSOEK BEMOEILIK HET

Die positiewe hulp, ondersteuning en samewerking wat ondersoeker uit verskeie oorde ontvang het, is lofwaardig en daarsonder sou hierdie ondersoek nie moontlik gewees het nie.

Die aktualiteit van die verhoudingsvraagstuk in polisiëring en die tendense uit vorige ondersoeke, het ondersoeker daartoe beweeg om die Suid-Afrikaanse Polisie voor die aanvang van die ondersoek in

Tabel 1.10

DIE AANDEEL VAN DIE VERSKILLEDE POLISIEVERTAKKINGE  
IN DIE VORMING VAN HOUDINGS

Veranderlike	Uniform	Speurtak	Veiligheidstak	Geheel	Totaal
<u>Bevolkingsgroep</u>					
Asiër N=241	9,50	3,30	7,90	79,30	100
Blanke N=232	12,50	6,00	2,60	78,90	100
Kleurling N=245	6,50	10,20	15,10	68,20	100
Totale onder=soekgroep N=718	9,50	6,50	8,60	75,40	100
<u>Geslag</u>					
Man N=345	9,90	8,40	10,40	71,30	100
Vrou N=373	9,10	4,80	7,00	79,10	100
Totale onder=soekgroep N=718	9,50	6,50	8,60	75,40	100

Tabel 1.11

DIE AANDEEL VAN DIE VERSKILLEDE RANGE  
IN DIE VORMING VAN HOUDINGS

Veranderlike	Offisier	Onder=offisier	Sersant	Konstabel	Almal	Totaal
<u>Bevolkingsgroep</u>						
Asiër N=241	3,70	4,10	9,10	11,60	71,50	100
Blanke N=232	3,90	2,20	6,50	18,10	69,30	100
Kleurling N=245	1,20	5,70	12,20	17,10	63,80	100
Totale onder=soekgroep N=718	2,90	4,00	9,30	15,60	68,20	100
<u>Geslag</u>						
Man N=345	2,30	4,10	10,10	15,90	67,60	100
Vrou N=373	3,50	4,00	8,60	15,30	68,60	100
Totale onder=soekgroep N=718	2,90	4,00	9,30	15,60	68,20	100

te lig oor die beoogde navorsing. Terselfdertyd is 'n uitnodiging aan die Departement gerig om voorstelle te maak wat by wyse van vrae

in die vraelys opgeneem kon word. Die Departement het egter nie belang gestel om enige voorstelle te maak nie (sien bylae 2).

Verder is 'n versoek om die verskaffing van inligting (statistiek) ten opsigte van bepaalde funksionele aspekte van polisiëring, wat direk verband hou met die verhoudingsvraagstuk in polisiëring, deur die verantwoordelike Minister geweier, klaarblyklik omdat geen statistiek van sommige van die verlangde gegewens gehou word nie en ook dat die volume werk verbonde aan die insameling van ander gegewens te veel tyd in beslag sou neem (sien bylae 3).

## 1.6 INDELING VAN DIE VERSLAG

Ten einde 'n gesistematiseerde geheelbeeld van die ondersoek te verstrek, is die verslag verder soos volg gerangskik.

- (i) In hoofstuk 2 word die rol van die polisie in die samelewing bespreek. Die aandag word veral gevestig op die inhoudelike van die polisie-rol, die beperkinge op en beginsels van polisiëring en die rolverwagtinge van die ondersoekgroep. Die evaluering van die standpunte van die ondersoekgroep oor die betekenis van polisiëring en hul perspektiewe teenoor basiese demokratiese aansprake, word ook onderneem (vrae 19-34 en 12-16 in die vraelys).
- (ii) Die verhoudingsvraagstuk in polisiëring kom in hoofstuk 3 onder bespreking. Die aandag word gevestig op die betekenis van houdings en verhoudinge, polisie-gemeenskapsverhoudinge en faktore wat onderlinge verhoudinge beïnvloed. Die algemene aard van bestaande verhoudinge tussen die polisie en die ondersoekgroep wat voortspruit uit polisie-optredes in die algemeen, word aan die hand van vrae 11, 17, 18 en 180 in die vraelys, geskets.
- (iii) Die aard, betekenis, oorsake, gevolge en die omvang van

vooroordeel kom in hoofstuk 4 onder die soeklig (vrae 35-44 in die vraelys).

- (iv) In hoofstuk 5 word stereotipering bespreek aan die hand van die betekenis, oorsprong en invloed daarvan op menslike gedrag. Wedersydse stereotipering word aan die hand van vrae 45-58 in die vraelys geëvalueer.
- (v) Polisiebruuskheid word in hoofstuk 6 bespreek. Die klem val op die betekenis en komponente daarvan, watter hande-linge/optredes op polisiebruuskheid neerkom, omvang en die invloed daarvan op doeltreffende polisiëring (vrae 59-83, 84-98, 99-112 en 132-139 in die vraelys).
- (vi) In hoofstuk 7 volg 'n bespreking van diskriminerende polisiëring met spesifieke verwysing na aspekte wat verband hou met regverdigheid, billikheid en partydigheid, gedifferensieerde optrede in die uitvoering en toepassing van die reg en die standpunte van die ondersoekgroep oor die invloed daarvan op doeltreffende polisiëring (vrae 113-131 en 140-179 in die vraelys).
- (vii) Die bevordering van verhoudinge aan die hand van die standpunte van die ondersoekgroep word in hoofstuk 8 bespreek (vrae 181-200 in die vraelys).
- (viii) Die hipoteses word in hoofstuk 9 getoets. Algemene gevolgtrekkings en aanbevelings word ook gemaak.

## 1.7 SAMEVATTING

Ondersoeker wil die aandag van die leser pertinent daarop vestig dat hierdie ondersoek hoofsaaklik gemoeid is met die houdings van drie bevolkingsgroepe in Pietersburg. Of dieselfde houdings deur dieselfde bevolkingsgroepe in ander gebiede weerspieël sal word, kan slegs deur verdere navorsing bepaal word. Die leser van hier-

die verslag word dus gemaan teen veralgemenende afleidings.

Verwysings na Blankes, Kleurlinge en Asiërs in hierdie verslag moet eweneens nie as 'n veralgemening beskou word nie, maar bloot as verwysings na die Blanke-, Kleurling- en Asiërrespondente wat in hierdie ondersoek opgeneem is. Dit word uitsluitlik gedoen om 'n onnodige herhaling van die woord 'respondente' te vermy.

Die ondersoekresultate behoort egter aanduidend te wees van die aard van bestaande verhoudinge tussen die Suid-Afrikaanse Polisie en die publiek en van faktore wat die verhoudingsvraagstuk in polisiëring kan beïnvloed.

Ondersoeker wil die vertroude uitspreek dat die bevindinge 'n bydrae kan maak, nie alleen tot gesonde onderlinge verhoudinge in polisiëringsverband nie, maar ook tot handeling en wedersydse gesindheidsveranderinge wat doeltreffende samelewingsorde sal verseker.

## HOOFSTUK 2

### DIE ROL VAN DIE POLISIE IN DIE SAMELEWING

#### 2.1 INLEIDING

Polisiëring is nie 'n doel op sigself nie, maar 'n middel tot 'n doel, dit wil sê die skepping en handhawing van 'n ordelike samelewing. Die mandaat van die staat om die samelewing te polisieer, is deur die samelewing aan die staat gedelegeer sodat orde in ooreenstemming met die grondwetlike aansprake van die individu gehandhaaf sal word. Dit impliseer dat polisiëring samelewingsgebonde is en bevestig die bestaan van 'n bepaalde verhoudingsopset tussen die polisie en die publiek wat voortdurend in interaksie verkeer om die gemeenskaplike doelwit, ordelike voortbestaan, te verwesenlik. In hierdie proses van gemeenskaplike doelwitnastrewing kan konflik tussen die polisie en die publiek ontstaan wat perspektiewe en verwagtinge uit verband mag ruk en verswarend kan inwerk op onderlinge verhoudinge. In hierdie verband is moontlike gebrek aan insig en begrip by die publiek oor die werklike betekenis van polisiëring en die polisie doelwit, waarskynlik die belangrikste. Wanbegrip, verwarde aansprake en misplaaste perspektiewe van die publiek mag strydig wees met dit wat die polisie rol veronderstel is om te lewer. Onsekerheid oor die betekenis van polisiëring en wanopvattinge oor wat vryheid en ander demokratiese aansprake inderdaad beteken, kan oorgaan in konflik wat die verhouding tussen die polisie en die publiek nadelig kan beïnvloed. Daarom is dit noodsaaklik om die inhoudelike van die polisie rol in perspektief te stel.

#### 2.2 INHOUDELIKE VAN DIE POLISIEROL

Die woord 'polisie' kom van die Griekse polis (stad), polites (inwoner van 'n staat) en die Latynse woord politia (staatsgesag)

(Sullivan, 1971: 1). Volgens Clift (1956: 1) is dit vir die eerste keer in ongeveer 600 N.C. gebruik in direkte afleiding van die Franse policer wat 'mag van die volk' beteken.

Hierdie 'mag' van die volk om te doen wat goed is vir die algemene welsyn, is deur delegasie aan die staat oorgedra en verwys na die gedelegeerde mag van die staat om polisiëring in ooreenstemming met die grondwetlike aansprake van die individu uit te voer. Die staat het dus 'n bepaalde polisiëringsfunksie waardeur gehoorsaamheid aan die samelewingsideaal van ordelike naas- en voortbestaan verplig word. Die samelewing of staat sonder polisiëring kan dus nie voortbestaan nie omdat die basis van sy bestaan verlore gaan. Hieruit is dit duidelik dat polisiëring ten nouste verband hou met die gesagstruktuur in die samelewing. Dit is inderdaad die waarneembaarste faset van die gesagstruktuur - 'n gesagshandeling waardeur die kollektiewe interne orde van 'n samelewing in ooreenstemming met die grondwetlike beginsels gehandhaaf word. Van Heerden (1976: 16) omskryf polisiëring dan ook as daardie magshandeling in die formele maatskaplike beheerstruktuur waardeur interne orde gehandhaaf word in ooreenstemming met die beginsels van regsbevoegdheid en individuele grondwetlike aansprake. In werklikheid kom dit neer op 'n waarborg dat elke individu, ongeag sosiale klas of volksverband, se aansprake op vryheid, privaatheid en veiligheid in die proses van polisiëring gehandhaaf sal word. Polisiëring in 'n demokrasie moet dus altyd tot uiting kom met inagneming van die belange en regs aansprake van uiteenlopende groepe in die samelewing, sodat die gemeenskaplike doelwit in harmoniese betrokkenheid verwezenlik kan word.

Die standpunte van die ondersoekgroep hou tot 'n groot mate verband met hierdie onderliggende filosofiese betekenis van polisiëring. Die meerderheid respondente (67,70 persent) ondersteund die stelling dat polisiëring ingestel is op die handhawing van orde deur die beskerming

van individuele grondwetlike aansprake, terwyl slegs 13,90 persent nie daarmee saamstem nie (tabel 2.1). Blanke respondente stem in 'n groter mate (77,90 persent) saam met die filosofiese betekenis van polisiëring as Kleurlinge (72,30 persent) en Asiërs (53,10 persent). Hierdie verskille is beduidend ( $V=128,99 > 15,51$ ). Wat veral opval is dat 27,4 persent van die Asiërs nie met die betrokke stelling saamstem nie. Die gegewens toon inderdaad dat die Asiërs 'n onsekere opvatting het oor die ware betekenis van polisiëring. Verskille in die standpunte van mans en vrouens is onbeduidend.

Tabel 2.1

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT POLISIËRING INGESTEL IS OP  
DIE HANDHWING VAN ORDE DEUR DIE BESKERMING VAN INDIVIDUELE  
GRONDWETLIKE AANSPRAKE

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal
<u>Bevolkingsgroep</u>						
Asiër (N=241)	19,90	33,20	14,10	27,40	5,40	100
Blank (N=232)	35,20	42,70	19,00	2,20	0,90	100
Kleurling (N=245)	33,90	38,40	22,00	1,20	4,50	100
Totaal (N=718)	29,70	38,00	18,40	10,30	3,60	100
<u>Geslag</u>						
Mans (N=345)	32,20	35,90	16,80	11,00	4,10	100
Vrouens (N=373)	27,30	39,90	19,80	9,70	3,30	100
Totaal (N=718)	29,70	38,00	18,40	10,30	3,60	100

Die mandaat van die owerheid om die samelewing te polisieer wentel om die ordebegrip. Om die inhoudelike van die polisieerol duideliker te stel, is dit nodig om te let op die betekenis van orde. Horton (1964: 140) beskou maatskaplike orde as 'n sisteem van mense waarin verhoudinge en gewoontes gladweg funksioneer. Dit beteken dat onderlinge verhoudinge harmonies tot uiting kom deurdat

samelewingslede nie inbreuk maak op die aansprake, belange en regte van mekaar nie. Idieël gesproke, is daar geen onderlinge konflik of versteuringe van fundamentele maatskaplike verhoudinge nie. Volgens Johnson (1967: 406) word hierdie maatskaplike ordelikheid verseker deur die afgifte van 'n gedeelte van die individu se volle vryhede die aanvaarding van gedrags- of regsreëls wat menslike gedrag binne 'n bepaalde kollektiwiteit voorskryf, toelaat of verbied. Die gesagstruktuur, en by implikasie die gedragsreëls of substantiewe reg, is hiervolgens die beskermmer of draer van die gemeenskapsbelang, dit wil sê die strewe na 'n ordelike samelewing. Indien die lede van 'n samelewing (en dit sluit amptenare van die staat soos die polisie in) toegelaat word om op 'n onregmatige wyse op hierdie gemeenskapsbelange inbreuk te maak, word die ordelike samelewing bedreig. Die strewe na 'n ordelike samelewing is hiervolgens geleë in die wisselwerking tussen die substantiewe reg en die prosedurereg. Eersgenoemde koester bepaalde gedragsverwagtinge van alle samelewingslede en plaas bepaalde verpligtinge op die publiek om gedrag so te rig dat dit ordelikheid sal bevorder. Laasgenoemde is veral gerig op die beskerming van die verhouding tussen die owerheid en die onderdaan, deurdat dit aan die ordehandhawer voorskryf hoe die substantiewe reg uitgevoer en toegepas moet word sodat vrywillige regsnalewing en ordelikheid bevorder sal word.

As draer van die gemeenskapsbelange is dit die taak van die staat om hierdie strewe na 'n ordelike samelewing te verseker en daarom word dit noodsaaklik om menslike gedrag binne 'n bepaalde verhoudingsopset te beheer. Maatskaplike ordelikheid word hiervolgens verkry deur die afgifte van 'n gedeelte van die individu of groep se volle vryheid en die aanvaarding van gedragsdisipline wat in die gedragsreëls vervat is (Johnson, 1967: 406). Die mens is dus nooit absoluut vry om te doen wat hy wil nie want binne die kader

van gedragsbeheer is 'n netwerk verhoudinge tussen mense waarin bepaalde verwagtinge en verpligtinge aan elke individu gestel en sekere regte van ander geëis word. Hierdie beperking vind egter plaas ter beskerming van die belange van alle samelewingslede en om die samelewing teen wanordelikheid te vrywaar.

Die ondersoekgroep stem tot 'n groot mate daarmee saam dat die mens nie absoluut vry kan wees in sy doen en late nie. Slegs 19,90 persent stem met die stelling saam dat menslike vryheid beteken dat die individu absoluut vry is om te doen wat hy wil, terwyl 61,60 persent dit verwerp (tabel 2.2). Hierdie verwerping is in ooreenstemming met die ware filosofiese betekenis van vryheid. Blankes (91,40 persent) en Kleurlinge (55,00 persent) verwerp die stelling in 'n veel groter mate as Asiërs (39,50 persent). Hierdie verskille is beduidend ( $V=205,05 > 15,51$ ) en veral as gevolg daarvan dat 53,90 persent van die Blankes beslis nie met die stelling saamstem nie. Die opvatting van Asiërs dui op 'n wanopvatting oor die ware betekenis van vryheid en kan aanleiding gee tot onrealistiese eise en verwagtinge, asook skewe perspektiewe wat moontlik 'n invloed kan hê op die beoordeling van funksionele polisiewerkzaamhede. Die bevindinge beklemtoon inderdaad dat die bereidwilligheid om gedragsbeheer te aanvaar aansienlik by die drie bevolkingsgroepe varieer. Daar is geen beduidende verskil in die opvattinge van mans en vrouens nie. Dit blyk egter dat mans die stelling in 'n groter mate (64,30 persent) verwerp as vrouens (59,00 persent).

Die aanspreeklikheidsverhouding tussen staat en onderdaan ter beskerming van samelewingsverhoudinge, kom tot uiting in maatskaplike beheer wat op informele of formele wyse plaasvind. Informele beheer vloei uit die sosialiseringproses en die persoonlike ingesteldheid tot vrywillige ordestrewing. Faal hierdie proses dan word formele beheer noodsaaklik. Dit bestaan hoofsaaklik uit die

stel gedragsreëls wat menslike gedrag voorskryf en die uitvoering daarvan. Die blote bestaan van gedragsreëls alleen kan nie gedrag beheer nie. Dit is die taak van die polisie om hierdie gedragsreëls

Tabel 2.2

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT MENSLIKE VRYHEID  
ABSOLUTE VRYHEID BETEKEN

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie	Stem be- slis nie saam nie	Totaal
<u>Bevolkingsgroep</u>						
Asiër (N=241)	16,60	17,80	26,10	23,70	15,80	100
Blanke (N=232)	2,20	0,40	6,00	37,50	53,90	100
Kleurling (N=245)	9,40	12,70	22,90	44,00	11,00	100
Totaal (N=718)	9,50	10,40	18,50	35,10	26,50	100
<u>Geslag</u>						
Mans (N=345)	9,60	9,60	16,50	37,30	27,00	100
Vrouens (N=373)	9,40	11,20	20,40	33,00	26,00	100
Totaal (N=718)	9,50	10,40	18,50	35,10	26,50	100

reëls wat ordegewend en ordebeskermend is, op so 'n wyse uit te voer dat 'n gesonde balans bewaar word tussen die grondwetlike aansprake van die individu en die veiligheid van die samelewing.

Handhawing impliseer dat 'n bepaalde toestand eerstens beskerm moet word deur 'n skending daarvan te voorkom. Die skending van die heersende of verwagte ordelike toestand of konflikvrye verhoudinge, moet dus voorkom word deur voorkomende aktiwiteite. Hierdie verpligting is onlosmaaklik deel van polisiëring.

'n Verhoudingskending of misdaad is volgens Van Heerden (1974: 157) die gevolg van die wisselwerking tussen predisponerende (veroorsa-

kende) faktore en presipiterende faktore (geleenthede tot misdaad). Die totale voorkomingsaktiwiteite moet dus op die uitskakeling of vermindering van albei hierdie faktore gerig word om 'n verhoudingskending te voorkom. Ofskoon Caldwell (1972: 704-705) die standpunt huldig dat die polisie per se in die lewe geroep is om misdaad op die presipiterende vlak te voorkom, kan misdaadvoorkoming nie slegs oombliksgelig wees ter beskerming van die bestaande status quo nie. Misdaadvoorkoming is in wese toekomstgerig en daarom moet polisie-aktiwiteite ook metodes en optredes omsluit wat beide op korttermyn- en langtermynvoorkoming gerig is.

Proaktiewe polisiëring omsluit beide korttermyn- en langtermynvoorkomingsaktiwiteite en is gerig op die onderliggende filosofie van die gedragsreëls wat ordegewend en ordebeskermend is, naamlik gehoorsaamheid aan en navolging van die gedragsvoorskrifte, dit wil sê vrywillige regsnaewing of ordestrewing deur samelewingslede. In teenstelling met reaktiewe polisiëring waar die klem op afdwingende beheer val, val die klem hier op oordedende beheer. Dit kan verwesenlik word deur die volgende aktiwiteite (Van Heerden, 1976: 156-160; Alderson, 1979: 38-41):

- (a) Primêre voorkoming wat veral gerig is op die aktivering van die gemeenskap tot vrywillige ordestrewing; die bevordering en verstewiging van maatskaplike dissipline en onderlinge samelewingsverhoudinge; betrokkenheid by en noue skakeling met ander instellings ter voorkoming van misdaad en langtermynvoorkomingstegnieke soos die opvoeding van die jeug en samelewing.
- (b) Sekondêre voorkoming deur korttermynvoorkomingstegnieke soos straatpatrollie, sigbare beskerming van lewe en eiendom en skakeling en dialoog met die algemene publiek.
- (c) Tersiêre voorkoming wat veral gerig is op die afskrikking van

misdadigers deur spoedige en suksesvolle oplossing van misdaad.

Proaktiewe polisiëring is hiervolgens 'n twee-dimensionele benadering waarin korttermyn- en langtermynaktiwiteite gekombineer word om optimale misdaadvoorkoming te verseker. Die polisie vervul hierin 'n veel groter rol, veral wat betref die oorrëding, aktivering van die gemeenskap tot aktiewe deelname aan, die advisering en opvoeding van die samelewing met betrekking tot die totaliteit van die polisiëringsproses.

Alhoewel ordebeskerming en die verbandhoudende gedagte van voorkoming die primêre taak van die polisie is (Wilson, 1963: 203), is ordeherstel aanvullend in die oorkoepelende taak van die polisie.

Ordeherstel volg op 'n skending van die orde en geskied deur reaktiewe polisiëring, dit wil sê repressiewe metodes. Hierdie reaktiewe optrede word gerig deur afdwingende beheer en is ingestel op vryheidsinperking deur arrestasie, vervolging en die onderdrukking van verhoudingskendings. Hierdie funksie van die polisie is beperk tot die insameling van feite van 'n verhoudingskending, die voorlegging daarvan aan die regsprekende gesag en om die teenwoordigheid van die ordeskender by die verhoor te verseker. Dit impliseer dat polisiëring geen regsprekende of straffunksie het nie.

Die positiewe insameling van feite in ooreenstemming met die regsvoorskrifte wat dit beheer, is die basis van repressiewe polisiëring waardeur die skuld of onskuld van die ordeskender bewys kan word. Dit is by uitstek op hierdie gebied dat die polisie, deur die direkte uitoefening van dwang in die vorm van arrestasie, ondervraging, deursoeking, beslaglegging ensovoorts, die vertroue van die burgers in objektiewe misdaadondersoek kan skend. Ten einde 'n regverdige balans tussen die aansprake van individue en gemeenskapsbelange te

bewerkstellig, is dit noodsaaklik dat geen duistere en onwettige metodes aangewend sal word om sukses te behaal nie.

Dit is in hierdie proses van ordehandhawing waar onrealistiese eise en verwagtinge van die publiek aanleiding kan gee tot 'n versteurde rolbegrip wat op subjektiewe indrukke eerder as die objektiewe werklikheid berus (Geary, 1975: 45). Dit kan aanleiding gee tot die vorming van verwronge verwagtinge by die publiek wat strydig kan wees met dit wat die polisie veronderstel is om te lewer. Ernstige verskille kan oorgaan in konflik wat vrywillige ordestrewing en gesonde onderlinge verhoudinge tussen die polisie en die publiek nadelig kan beïnvloed. In belang van ordehandhawing moet daar noodwendig van tyd tot tyd kennis geneem word van die verwagtinge wat die samelewing in polisiëring stel.

### 2.3 VERWAGTINGE IN POLISIËRING

Aangesien polisiëring in werklikheid 'n samelewingsfunksie is wat deur die samelewing aan die staat gedelegeer is, spreek dit vanself dat daar 'n redelike verband moet bestaan tussen die verwagtinge wat die samelewing daarin stel en die dienste wat gelewer word.

Die dienste wat gelewer word, val uit in 'n verskeidenheid funksionele verrigtinge. Vir die doel van hierdie ondersoek is die verskeidenheid funksies wat in die vraelys opgeneem is, in ooreenstemming met die beginsel van preventiewe (ordebeskerming) en repressiewe ordehandhawing (ordeherstel) verdeel, sodat die verwagtinge sinvoller geïdentifiseer kan word.

#### 2.3.1 Preventiewe ordehandhawing (Ordebeskerming)

##### 2.3.1.1 Beskerming van die status quo

Die persentuele rangordeplasing in tabel 2.3 ('n verwerking van die gegewens in bylae 4 tot 6) toon dat die totale ondersoekgroep die belangrikheid om die status quo te beskerm op 83,28 persent plaas. \* Blankes (92,81 persent) heg meer waarde aan hierdie funksie as Kleurlinge (79,54 persent) en Asiërs (77,89 persent). Beveiliging teen ondermyning (83,54 persent) word as die belangrikste beskou, gevolg deur die onderdrukking van sabotasie (83,31 persent) en die handhawing van orde (82,98 persent). Hierdie rangorde word deur die Blankes gehandhaaf, maar die waarde van die onderskeie funksies is aansienlik hoër.

Kleurlinge ag die handhawing van orde (81,47 persent) as die belangrikste, terwyl Asiërs beveiliging teen ondermyning (78,42 persent) die hoogste aanslaan. Die bevolkingsgroepe verskil beduidend met betrekking tot beveiliging teen ondermyning ( $V=160,11 > 15,51$ ), onderdrukking van sabotasie ( $V=143,86 > 15,51$ ) en die handhawing van orde ( $V=106,07 > 15,51$ ).

Alhoewel vrouens (84,72 persent) meer waarde heg aan hierdie groep funksies as die man (81,72 persent) is die verskille onbeduidend (tabel 2.4) (vergelyk ook bylae 7 tot 8).

### 2.3.1.2 Korttermynvoorkoming

Tabel 2.3 toon dat die ondersoekgroep 'n hoë waarde heg aan korttermynvoorkoming (80,20 persent). Hierdie standpunt word gehandhaaf deur al die bevolkingsgroepe. Dit blyk dat die ondersoekgroep (dit geld ook vir Blanke- en Kleurlingresponente) meer waarde heg aan die voorkoming van misdaad (84,01 persent), die beskerming van persone en eiendom (79,94 persent) as aan straatpatrollie (76,65 persent) - die operasionele metode waardeur dië funksies verwesenlik kan word. Asiërs heg egter meer waarde aan straatpatrollie (77,76 persent) as aan voorkoming van misdaad (73,11 persent).

\* Opmerking: Persentasies vermeld in afdelings 2.3.1-2.3.4 en in tabelle 2.3-2.4 is rangordepersentasies: vergelyk formule op p.30.

Tabel 2.3

VERWAGTINGE VAN BEVOLKINGSGROEPE IN DIE INHOUDELIKE VAN DIE  
POLISIEROL\*

Aard van funksie	Asiërs	Blankes	Kleurlinge	Totale ondersoek= groep
<u>Beskerming van die status quo</u>				
Beveiliging teen ondermyning	78,42	94,48	78,20	83,54
Onderdrukking van sabotasie	77,68	93,79	78,94	83,31
Handhawing van orde	77,59	90,17	81,47	82,98
Gemiddelde rangordepersentasie	77,89	92,81	79,54	83,28
<u>Korttermynvoorkoming</u>				
Voorkoming van misdaad	73,11	92,07	87,92	84,01
Patrollering van strate	77,76	74,31	77,79	76,65
Beskerming van persone en eiendom	80,08	80,34	79,43	79,94
Gemiddelde rangordepersentasie	76,98	82,24	81,71	80,20
<u>Langtermynvoorkoming</u>				
Beskerming van jeug	71,37	76,72	76,98	75,01
Opvoeding van samelewing	71,70	78,10	77,31	75,68
Gemiddelde rangordepersentasie	71,54	77,41	77,14	75,34
<u>Herstel van orde</u>				
Ondersoek van misdaad	76,02	87,84	80,82	81,48
Opsporing van misdadigers	78,92	90,17	80,65	83,12
Toepassing van wette	77,43	85,86	79,35	80,81
Gemiddelde rangordepersentasie	77,46	87,96	80,27	81,80
<u>Verwante funksies</u>				
Nie-juridiese hulpdienste	69,71	62,67	67,02	66,52
Huishoudelike geskille	61,74	38,53	58,61	53,17
Verkeersoortredings	68,55	59,83	66,69	65,09
Gemiddelde rangordepersentasie	66,67	53,68	64,11	61,59
<u>Verwyderde funksies</u>				
Om straf toe te dien	65,48	54,48	65,55	61,95
Uitsprake oor skuld	60,99	46,81	61,88	56,71
Gemiddelde rangordepersentasie	63,23	50,64	63,71	59,33

\* Sien opmerking op p. 53.

Tabel 2.4

VERWAGTINGE VAN GESLAGTE IN DIE INHOUDELIKE VAN DIE  
POLISIEROL\*

Aard van funksie	Man	Vrou
<u>Beskerming van die status quo</u>		
Beveiliging teen ondermyning	81,56	85,36
Onderdrukking van sabotasie	81,85	84,66
Handhawing van orde	81,74	84,13
Gemiddelde rangordepersentasie	81,72	84,72
<u>Korttermynvoorkoming</u>		
Voorkoming van misdaad	83,25	84,72
Patrollering van strate	74,84	78,34
Beskerming van persone en eiendom	78,96	80,86
Gemiddelde rangordepersentasie	79,02	81,31
<u>Langtermynvoorkoming</u>		
Beskerming van jeug	72,35	77,48
Opvoeding van samelewing	73,51	77,69
Gemiddelde rangordepersentasie	72,93	77,58
<u>Herstel van orde</u>		
Ondersoek van misdaad	80,87	82,04
Opsporing van misdadigers	82,38	83,81
Toepassing van wette	79,30	82,19
Gemiddelde rangordepersentasie	80,85	82,68
<u>Verwante funksies</u>		
Nie-juridiese hulpdienste	64,98	67,93
Huishoudelike geskille	50,90	55,28
Verkeersoortredings	61,27	68,63
Gemiddelde rangordepersentasie	59,05	63,95
<u>Verwyderde funksies</u>		
Om straf toe te dien	58,03	65,58
Uitsprake oor skuld	54,55	58,71
Gemiddelde rangordepersentasie	56,29	62,14

\* Sien opmerking op p. 53.

Daar is 'n enkele beduidende verskil in die standpunte van die bevolkingsgroepe en wel met betrekking tot voorkoming van misdaad ( $V=163,00 > 15,51$ ) waar die aanslag van Asiërs die laagste is (vergelyk ook bylae 4-6).

Die gegewens in tabel 2.4 toon dat die vrou (81,31 persent) meer waarde heg aan hierdie groep funksies as die man (79,02 persent). Die verskil is egter onbeduidend (vergelyk ook bylae 7-8).

### 2.3.1.3 Langtermynvoorkoming

Die belangrikheid van langtermynvoorkoming word laer gestel (75,34 persent) as korttermynvoorkoming (80,20 persent). Hierdie tendens word ook gehandhaaf deur die verskillende bevolkingsgroepe en geslagte (tabelle 2.3 en 2.4). Opvoeding van die samelewing geniet voorrang by al drie bevolkingsgroepe. Dieselfde geld vir beide geslagte. Dit val uit die tabelle op dat die waarde byna net so hoog gestel word as by patrollie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat -

- (i) die ondersoekgroep die beskerming van die status quo as die belangrikste voorkomingsfunksie beskou;
- (ii) korttermynvoorkoming belangriker geag word as langtermynvoorkoming;
- (iii) die verwagtinge van die bevolkingsgroepe en geslagte in 'n groot mate ooreenstem;
- (iv) Kleurlingresponente meer waarde heg aan korttermynvoorkoming as aan die beskerming van die status quo; en
- (v) dat die verwagtinge van die bevolkingsgroepe basies ooreenkom ten spyte daarvan dat die waarde wat Blanke responente aan die verskillende funksies heg, feitlik deurgaans hoër is.

### 2.3.2 Herstel van orde (Repressiewe ordehandhawing)

Die ondersoekgroep beskou ordeherstel as 'n baie belangrike funksie (81,80 persent). Dit word selfs hoër gestel as korttermyn- (80,20 persent) en langtermynvoorkoming (75,34 persent) (tabel 2.3). Kleurlinge wyk van hierdie algemene tendens af indat ordeherstel (80,27 persent) ondergeskik aan korttermynvoorkoming (81,71 persent) gestel word, maar belangriker as die beskerming van die status quo (79,54 persent) beskou word.

Die opsporing van misdadigers word deur Blankes (90,17 persent) en Asiërs (78,92 persent) die hoogste aangeslaan, terwyl die ondersoek van misdaad (80,82 persent) vir Kleurlinge die belangrikste is. Tabel 2.4 toon verder dat vrouens meer waarde heg aan hierdie funksies as mans. Dit geld vir al die vlakke van ordeherstel. Die geringe verskille is egter onbeduidend.

### 2.3.3 Verwante funksies

Polisiëring is primêr gerig op opsetlike of nalatige skendinge van die regsorde en daarom val dit streng gesproke buite die gesagsfeer van die polisie om aandag te skenk aan handeling of versuime wat nie deur die reg verbied word nie. Die vervulling van verwante funksies kan egter bydra om die algemene welsyn van die samelewing te bevorder en om 'n versteuring van die orde te voorkom.

Tabel 2.3 toon dat Asiërs (66,67 persent) en Kleurlinge (64,11 persent) groter verwagtinge in hierdie verband het as Blankes (53,68 persent). Die hoër verwagtinge van die Asiërs en Kleurlinge val grootliks by die verskaffing van nie-juridiese hulpdienste en die beheer van verkeersvraagstukke. Blankes (38,53 persent) heg veel minder waarde aan die beslegting van huishoudelike geskille as Kleurlinge (58,61 persent) en Asiërs (61,74 persent). Hierdie verskil is beduidend ( $V=156,90 > 15,51$ ) en is 'n aanduiding dat Blankes

hul veel makliker tot regshulp en ander hulpdienste kan wend as Kleurlinge en Asiërs. Hierdie twee bevolkingsgroepe is dus meer op die polisie aangewese om 'n arbitersrol te vervul.

Die vrou het groter verwagtinge (63,95 persent) in verwante funksies as die man (59,05 persent) (tabel 2.4). Die verskil is egter onbeduidend.

#### 2.3.4 Verwyderde funksies

Die waarde wat veral deur Kleurlinge (63,71 persent) en Asiërs (63,23 persent) (tabel 2.3) aan hierdie verwyderde funksies geheg word, is strydig met die delegasiebeginsel, die beperkinge op polisiëring en die basiese beginsels van polisiëring waarvolgens die polisie geen regsprekende of straffunksie het nie.

Blankes het 'n laer waarde aan hierdie groep funksies (50,64 persent) as Asiërs (63,23 persent) en Kleurlinge (63,71 persent). Hierdie verskil is beduidend en kan implikasies hê op die beoordeling van die wyse waarop die polisie rol vervul word. Dit kan byvoorbeeld verwag word dat Blankes meer krities sal staan teenoor optrede wat op bestrawwing neerkom terwyl Asiërs en Kleurlinge soortgelyke optrede wat aan bruuskheid grens, moontlik met groter gelatenheid sal aanvaar.

Die verwagtinge van mans en vrouens word in tabel 2.4 aangedui. Vrouens (62,14 persent) het groter waarde aan hierdie verwyderde funksies as mans (56,29 persent). Hulle verskil beduidend van mans met betrekking tot straftoediening ( $V=17,81 > 9,49$ ) en uitsprake oor skuld of onskuld ( $V=10,72 > 9,49$ ). Hierdie gegewens weerspieël 'n groter onkunde by die vrou wat moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat die vrou minder direkte kontak met die polisie het as mans.

Dit blyk duidelik uit die voorafgaande dat die ondersoekgroepe -

- (i) afgesien van enkele verskille, feitlik dieselfde waarde aan die verskillende funksies heg;
- (ii) daar 'n redelike balans tussen die preventiewe- en herstel-funksie bestaan ten spyte daarvan dat ordeherstel ten koste van die preventiewe funksie beklemtoon word;
- (iii) onrealistiese verwagtinge aan die verwante en verwyderde funksies gestel word wat 'n besondere invloed kan hê op die beoordeling van die polisierol; en
- (iv) dat die redelike mate van eenstemmigheid oor die belangrikheid van funksies nie tot ernstige konflik in verwagtinge aanleiding behoort te gee nie.

Die inhoudelike van die polisierol omsluit 'n groot verskeidenheid funksionele verrigtinge en operasionele metodes. Hierdie verrigtinge en metodes moet egter altyd tot uiting kom met inagneming van die belange en aansprake van die individu in die samelewing. Die gedelegeerde gesag van die polisie om orde te handhaaf, is derhalwe ook onderhewig aan bepaalde beperkinge by die uitoefening van gesag.

#### 2.4 GESAGSPERKE

Volgens Radelet (1973: 78) word daar aanvaar dat mense in demokratiese samelewings deur wette of gedragsreëls en nie deur mense regeer word nie. Dit is in ooreenstemming met die filosofiese denke van John Locke wat reeds in die 18e eeu gesê het "where there is no law there is no freedom" en verder "laws should not only protect individuals and groups against each other but also against the power of the state"(Westin, 1970: 30). Wette bepaal dus nie alleen die perke van individuele gedrag nie, maar terselfdertyd dui dit ook die perke aan van beheer oor daardie gedrag.

Die gedelegeerde gesag van die polisie om gedrag te beheer deur uitvoering te gee aan die gedragsreëls, is derhalwe ook onderhewig aan bepaalde beperkinge by die uitoefening daarvan.

Soos wat die gesagsperke beperk word, so ook word die magte tot bepaalde handeling beperk. Die polisie is dus verplig om binne hierdie raamwerk van beperkinge te funksioneer. Hierdie beperkinge is egter nie daarop gerig om die handhawing van orde te verswaar nie, maar om wesenlikheid te gee aan die beginsel dat polisiëring daarop ingestel is om die belange en aansprake van almal in gelyke mate te beskerm.

Patrick (1972: 25) stel dit duidelik dat polisiëring inherent beperk is wat betref gesag en operasionele metode. Funksionele verrigtinge wat hierdie beperkinge verontagsaam, doen die demokrasiese beginsels geweld aan en bring die organisasie en die owerheid (Staat) in die verleentheid. Wanneer polisiëring nie aan hierdie beperkinge onderworpe gestel word nie, ontaard gesag in brutale tirannie. Soos Schreiner (1967: 78) dit kernagtig stel "the maintenance of law and order is of crucial importance, but almost equally important, are the methods of maintenance".

#### 2.4.1 Polisiegesag

Gesag is die volmag om namens die samelewing beslissings te neem wat verband hou met die gedrag van mense. Die samelewing doen afstand van bepaalde fundamentele aansprake en verpligtinge deur dit aan die staat te deleger in belang van die kollektiewe doelwit, dit wil sê ordelike voort- en naasbestaan. Hierdie gedelegeerde verpligting maak dit vir die staat moontlik om in die gedragspatroon van die individu in te gryp ter wille van die belange van die gemeenskap. Polisiegesag het dus sy oorsprong in die kollektiewe delegasie van gesag aan die owerheid deur die samele-

wing.

Ten grondslag van die gesag lê in die eerste plek die polisiebe-ampte se individuele aanspreeklikheid as samelewingslid op orde-handhawing en tweedens as verteenwoordiger van die samelewing om samelewingsorde te handhaaf in ooreenstemming met die verwagtinge wat gestel word. Polisiegesag kom neer op 'n institusionele kom-pleks voorskrifte wat handeling in 'n bepaalde kollektiwiteit voorskryf, toelaat of verbied (Banton, 1964: 147). Dit beteken dat die wetlike mag, die monopolie van geoorloofde en billike dwang (Johnson, 1967: 408) en die reg om te rig en te beheer (Ger-mann, et al., 1962: 9) wat daaruit voortvloei, onderhewig is aan en beperk word deur die institusionele en regsvoorskrifte.

Volgens Van Heerden (1974: 61) is dit nie alleen die gesag en mag van die polisie wat voorskriftelik beperk word nie, maar ook die wyse waarop hierdie handeling tot uiting kom. Wanneer dit in gedagte gehou word dat dit die taak van die polisie is om orde te handhaaf deur die skending van verhoudinge te verhoed, dan is dit duidelik dat die handhawing van gesonde verhoudinge die onderlig-gende betekenis van polisiegesag is. Bordua (1967: 26) bestempel polisiegesag dan ook tereg as die bestuur van maatskaplike ver-houdinge. As bestuurders van verhoudinge in die samelewing moet die Suid-Afrikaanse Polisie en elke individuele polisieman dan voortdurend daarop ingestel wees om hul verpligtinge op so 'n wyse te vervul dat verhoudinge verstewig en samewerking en vrywillige ordestrewing gemaksimeer sal word.

Gesag is dus beperk tot die gedelegeerde doelwit - die handhawing van gesonde verhoudinge. Hierdie gesagshandeling is egter ook altyd onderworpe aan die basiese beginsels van regsoweriniteit en individuele regte.

#### 2.4.2 Regsoewereiniteit

Regsoewereiniteit, die hoeksteen van demokratiese samelewings, impliseer 'n ondergeskiktheid aan die reg van beide onderdaan en owerheid. Die afbakening van belange deur die regsreëls beteken enersyds dat die staat, as die draer of beskermer van gemeenskaps-

belange, nie onderdaansregte en vryhede willekeurig of arbitrêr kan beperk nie omdat hy hierdie aansprake moet respekteer. Andersyds moet die staat sy taak om die belange van die gemeenskap of samelewing te orden, volvoer.

Volgens Skolnick (1966: 6) beklemtoon regsoewereiniteit die regte van individue onder die reg en hou dit die inisiatief van beamptes soos die polisie in die uitvoering daarvan in toom. Van Heerden (1976: 60) sluit hierby aan wanneer hy verklaar dat die basiese element van regsoewereiniteit gesetel is in die beheer van willekeurige optrede van amptenare wat betrokke is by die regsproses.

Regsoewereiniteit, of die beginsel dat die reg heers, is gefundeer op die beginsel dat verhoudinge in die samelewing deur die stel regsreëls en nie deur mense nie, voorgeskryf en beskerm word (Sogalyn, 1961: 317). Die magte tot skepping van regsreëls is aan die owerheid gedelegeer, dit wil sê die parlement is die soewereine wetgewende gesag in en vir die Republiek, en volgens Turk (1969: 30) is die regsgeldigheid van wette en die optrede wat daaruit voortvloei, gesetel in maatskaplike orde wat 'n uiting van die kollektiewe wil is. Hiervolgens word samelewingsorde verwesenlik deur die meerderheid van die samelewing te beskerm teen die orde-skendende gedrag van die minderheid.

Die reg of regsorde is dus die oppergesag in die beslegting van onderlinge geskille en is daarop ingestel om gelyke geregtigheid en billikheid teenoor alle samelewingslede te verseker. Gelyke geregtigheid kan slegs bestaan wanneer die regsreëls billik en onpartydig toegepas word, want dit is die reg wat die reël stel. Dit postuleer dat die uitvoering en toepassing van die reg in ooreenstemming met die bestaande reg en gehoorsaming of navolging van die prosedurereg moet geskied. Enige willekeurige optrede teen 'n

lid van die samelewing is uitgesluit in ooreenstemming met die kardinale beginsel dat almal in die oë van die reg gelyk is en alle vryhede en regte het, behalwe vir sover dit deur die reg beperk word.

Die beginsel van gelykheid voor die reg, in die sin van ordehandhawing of polisiëring van die samelewing, veronderstel dat die inhoud van die reg self in ooreenstemming is met die beginsel dat alle mense menswaardig en beskermingswaardig is. Hiervolgens moet die uitvoering en toepassing van die regsreëls op alle burgers gelyklik van toepassing wees en is enige vorm van diskriminasie verbode. Dit impliseer gelyke onderwerping aan die reg en die beskerming van die regte en aansprake van iedere samelewingslid ongeag sy posisie, status, kleur of volksverband. Of soos Germann (1969: 95) dit stel - "The police must demonstrate, by attitude, pronouncement, and deed, that the goal "to protect and to serve" applies to every individual and group within the community - young and old, liberal and conservative, rich and poor, black and white, popular and unpopular, believer and non-believer".

Alhoewel die ondersoekgroep daarmee akkoord gaan dat gelykheid voor die reg 'n demokratiese aanspraak van alle samelewingslede is (63,80 persent in tabel 2.5), verskil Blanke- (72,90 persent), Kleurling- (60,00 persent) en Asiërrespondente (58,50 persent) egter beduidend van mekaar ( $V=44,22 > 15,51$ ).

Mans en vrouens handhaaf in die algemeen dieselfde standpunt en daar is geen beduidende verskille nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat regsonpartydigheid, regsgelykheid en regverdigheid die hoeksteen van regsoewereiniteit of regsekerheid is - regsekerheid wat tot volle ontplooiing kom deur die meerderheid te beskerm teen hulle wat nie met die regsreëls akkoord gaan nie. Skolnick (1966: 18) huldig dan ook tereg die standpunt dat die polisie nie slegs bestaan om regsreëls in belang van samelewingsorde uit te voer nie, maar om regsoewereiniteit as 'n doel op sigself te dien.

Tabel 2.5

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT GELYKHEID VOOR DIE REG 'N DEMOKRATIESE AANSPRAAK VAN ALLE SAMELEWINGSLEDE IS

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie	Stem be- slis nie saam nie	Totaal
<u>Bevolkingsgroep</u>						
Asiër (N=241)	31,50	27,00	15,80	17,80	7,90	100
Blanke (N=232)	34,10	38,80	20,30	4,70	2,10	100
Kleuring (N=24)	26,90	33,10	26,50	7,30	6,20	100
Totaal (N=718)	30,80	32,90	20,90	10,00	5,40	100
<u>Geslag</u>						
Mans (N=345)	33,60	33,30	17,70	9,00	6,40	100
Vrouens (N=373)	28,20	32,40	23,90	11,00	4,50	100
Totaal (N=718)	30,80	32,90	20,90	10,00	5,40	100

#### 2.4.3. Individuele regte

Volgens Van Heerden (1976: 60) omsluit die begrip individuele regte die begrippe siviele regte en siviele vryheid. Siviele regte is die eise wat die samelewing stel dat die owerheid sal toesien dat die gedelegeerde magte tot ordehandhawing ooreenkomstig die grondwetlike bepalings uitgevoer sal word. Siviele vryheid hierteenoor verwys na die immuniteit van die individu teen onderdrukking. Met die delegasie van magte aan die owerheid het die individu afstand gedoen van 'n gedeelte van sy volle basiese regte op vryheid en privaatheid sodat hierdie regte of aansprake in 'n stabiele kollektiwiteit verseker en beskerm kan word (Germann, et al., 1962: 24). Hierdie onderdaansaansprake is egter nie absoluut nie want dit word beperk deur die gelykgerigte aansprake van die medemens en die geregverdigde eise van die owerheid. Die aansprake of regte van die

individue word dus gekwalifiseer deur die regte van sy medemens en dié van die owerheid ter bevordering van die samelewingsbelang. Dit impliseer dat die individue se aanspraak op vryheid en privaatheid beperk word wanneer die uitoefening daarvan inmeng met die regte van ander (Le Grande, 1967: 399), die maatskaplike orde en binnelandse kalmte (Coffey, et al., 1971(1): 84). Die mens is dus nie absoluut vry om te doen wat hy wil nie want as lid van 'n sosiale lewensverband het die individue nie slegs aansprake op sekere regte nie, maar rus daar ook pligte en verantwoordelikhede op hom teenoor sy medemens. In die sin van gemeenskapsordening kan vryheid derhalwe nooit ongebondenheid beteken nie.

Die meerderheid (55,20 persent) van die ondersoekgroep stem daarmee saam dat dit noodsaaklik is dat die vryheid en privaatheid van individue beperk word om die vryheid en veiligheid van die samelewing te verseker (tabel 2.6). Dit kom daarop neer dat die vryheid en veiligheid van die samelewing in 'n redelike mate bo die aansprake van die individue gestel word. In hierdie opsig word persoonlike belange deur Asiërs in 'n groter mate vooropgestel as Blankes en Kleurlinge. Hierdie verskil is beduidend ( $V=37,74 > 15,51$ ) veral as gevolg van die eiesoortige betekenis wat Asiërs klaarblyklik aan die begrip menslike vryheid heg (vergeelyk tabel 2.2).

Tabel 2.6

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIT NOODSAAKLIK IS DAT DIE VRYHEID EN PRIVAATHEID VAN INDIVIDUE BEPERK WORD OM DIE VRYHEID EN VEILIGHEID VAN DIE SAMELEWING TE VERSEKER

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal
<u>Bevolkingsgroep</u>						
Asiër (N=241)	7,10	41,10	23,20	19,50	9,10	100
Blanke (N=232)	23,70	41,80	13,40	13,80	7,30	100
Kleurling (N=245)	21,60	30,60	20,80	19,70	7,30	100
Totaal (N=718)	17,40	37,80	19,20	17,70	7,90	100
<u>Geslag</u>						
Man (N=345)	16,20	38,60	18,00	17,10	10,10	100
Vrou (N=373)	18,50	37,00	20,40	18,20	5,90	100
Totaal (N=718)	17,40	37,80	19,20	17,70	7,90	100

Met die afgawe van 'n gedeelte van sy aansprake het die individu egter nie sy regte geheel en al prys gegee nie. Dit is slegs aan die staat verpand in ruil vir die beskerming daarvan. In die Republiek van Suid-Afrika is die beskerming van individuele regte, in ooreenstemming met die Republikeinse Grondwet, in 'n groot aantal wette vervat. Hierdie aansprake word dus in hoofsaak beskerm deur middel van privaatregtelike en strafregtelike sanksies. Dit beteken dat die individu alle regte en vryhede het behalwe vir sover dit deur die reg beperk of opgehef word; maar ook dat die individu teen willekeurige owerheidsopptrede beskerm word deurdat hierdie wette voorskryf hoe owerheidsopptrede moet geskied.

Daarom is dit van die uiterste belang dat daar by die Suid-Afrikaanse Polisie as uitvoerder en toepasser van die reg, duidelikheid moet bestaan oor wat die regte en aansprake van die individu is. Wanneer die aanspraak van die individu op vryheid en privaatheid in die polisiëringsproses geminag word deur 'n gebrekkige erkenning en waardering van die regte, voorregte en vryhede van alle samelewingslede, dan kan daar nie sprake wees van demokratiese polisiëring nie.

Vryheid in die betekenis van ordehandhawing, is 'n oorkoepelende begrip wat oor verskillende aspekte van die polisiëringsproses heensny. Vryheid kan volgens Newman (1963: 169) slegs bestaan wanneer die individu daarvan verseker is dat sy persoon beskerm is teen onregmatige gevangenis, wettelose geweld en arbitrêre arrestasie en straf. Germann en andere (1962: 24) huldig die standpunt dat die beskerming en handhawing van maatskaplike orde nie alleen vryheid van vrees vir liggaamlike leed en die verlies of beskadiging van eiendom beteken nie, maar ook vryheid van vrees vir ongeoorloofde teistering deur die owerheid. Volgens Westin (1970: 7) hou vryheid ook verband met psigologiese privaatheid, dit wil sê die reg van die individu om self te bepaal waar, hoe en

in watter mate inligting betreffende hulself aan ander bekend gemaak mag word. Brown (1965: 359) sluit hierby aan wanneer hy verklaar "liberty is five freedoms for each individual: freedom to come and go, equality and justice before the law, security of property, freedom of speech, and freedom of conscience".

Die reg op privaatheid hou ten nouste verband met die immuniteit wat aan privaatbesitters verleen word in ooreenstemming met die leer van John Locke. Dit is net soos die ander aansprake van die individu nie absoluut nie, maar vind sy grense noodwendig in die afbakening van die belange van ander individue en die openbare belang.

Volgens Joubert (1953: 135) bestaan privaatheid daarin dat die belanghebbende in 'n sekere mate afgesonderd van openbaarheid leef. Westin (1970: 7) onderskei vier sodanige toestande wanneer hy verklaar "privacy is the voluntary and temporary withdrawal of a person from the general society through physical and psychological means, either in a state of solitude or small group intimacy or, when among larger groups, in a condition of anonymity or reserve". Hierdie toestande van afgesonderheid kom volgens Westin (1970: 31-32) op die volgende neer (vergelyk Neethling, 1976: 280-285):

- (i) "solitude" is die algehele individuele afsondering van openbaarheid om sodoende volkome of geheel en al buite die waarnemingsveld van enige buitestaander te wees;
- (ii) "intimacy" kom voor waar die individuele lede van 'n klein groepie mense op afsondering staatmaak om 'n geslote en ontspanne verhouding onderling te bewerkstellig;
- (iii) "anonymity" is van toepassing op die geval waar 'n persoon, afgesien daarvan dat hy in die openbaar is, nogtans van waarneming en identifikasie deur buite=

staanders uitgesluit wil wees; en

- (iv) "reserve" wat daarin bestaan dat 'n persoon homself, selfs tussen ander mense, psigologies terugtrek om sodoende waarneming van sy innerlike self te voorkom.

Volgens Neethling (1976: 282) verteenwoordig afsondering of terugtrekking, 'n bepaalde individuele lewensgesteldheid of lewens=toestand in 'n samelewing en impliseer dit 'n afwesigheid van kennismaking deur buitestaanders met die individu in daardie toestand. Hy omskryf privaatheid hiervolgens as die somtotaal van inligting of feite wat op die belanghebbende in sy toestand van afsondering betrekking het en sodoende van kennismaking deur buitestaanders uitgesluit is. Joubert (1953: 135) stel dit duidelik dat privaatheid alleen betrekking het op die persoonlikheid van die individu, op sy persoonlike lewe en sy lewe in sy private huis. Of anders gestel, privaatheid omvat alle persoonlike feite wat op die belanghebbende in sy afgesonderheid betrekking het.

Beskerming van die individu se regte op privaatheid teen onregmatige aantasting, is 'n onbetwisbare aanspraak van alle samelewingslede. Dat die handhawing en eerbiediging van hierdie aansprake in die polisiëringsproses besonder aktueel is, blyk duidelik uit die voorafgaande en daarom word vervolgens aandag geskenk aan daardie geldigheidsvereistes waaraan staatsingryping moet voldoen wanneer daar wel op die vryheid en privaatheid van die individu inbreuk gemaak word.

## 2.5 MAGSPERKE

In die moderne samelewing ontstaan daar 'n besonder aktuele probleem met betrekking tot die handhawing van individuele aansprake naamlik, die moontlikheid van die oorskryding en/of misbruik van mag waardeur die individuele regte van individue in die gedrang kom. Dat mags=

konsentrasie 'n wesenlike bedreiging vir die individuele regte en vryhede van die individu inhou wanneer dit nie behoorlik beperk word nie, is 'n voldonge feit. Inbreuk op die individuele vryheid en privaatheid is volgens Van Heerden (1976: 61) dan ook slegs geregverdig wanneer dit gaan om die beskerming of herstel van die maatskaplike orde. Dit beteken dat die polisie wat gemagtig word deur die burgery, nie maar die gedelegeerde magte na goeddunke kan uitoefen nie.

### 2.5.1 Polisiemag

Polisiemag verwys na die reg of verlof, op grond van die gesagsposisie, tot bepaalde handeling. Mag verwys hier na die dwang wat uitgeoefen word om ander tot gehoorsaamheid te verplig (Germann, et al., 1962: 9) en impliseer die vryheid om beslissings te neem ten opsigte van die gedrag van ander, deur die aanwending van middele soos arrestasie, deursoeking, ondervraging en die beslaglegging op eiendom. Polisiemag verwys dus na die metodes waardeur die gedelegeerde doelwit verwesenlik kan word en is beperk tot handeling wat verband hou met die verwesenliking daarvan, veral wat ordeherstel betref.

Dit is veral in die proseduurregtelike sfeer waar 'n regverdige afweging van individuele en openbare belang uiters noodsaaklik is om te verseker dat daar nie onregmatig inbreuk gemaak word op die vryheid en privaatheid van die individu nie. In *Mpanza V. The Minister of Native Affairs* (1946. W.L.D.) merk Price, J. dan ook tereg op - "The right invaded in this case is one of the most important rights that can be enjoyed by any person, it is the right of personal liberty which is always guarded by the courts of law as one of the most cherished possessions of our society" (Mathews, 1971: 133).

### 2.5.2 Arrestasie

Die woord arrestasie is ontleen aan die Franse woord "arreter" wat beteken om 'n proses te stop of tot halt te roep (Eldefonso, et al., 1968: 251). Volgens Tresolini en andere (1955: 189) is dit 'n direkte uitvloeisel van die "hue and cry" - 'n alarmstelsel wat in die 13e eeu in Engeland deur Edward III by wyse van statuut ingestel is en daarop neergekom het dat alle geskikte burgers moes help om die oortreder te arresteer.

In juridiese sin beteken arrestasie "to stop, stay or restrain and in law it means technically an actual or constructive seizure or detention of the person under a real or pretended authority with a purpose to take the individual into the custody of the law" (Tresolini, et al., 1955: 188). Dit impliseer die gevangesetting, gevangenhouding van of beslaglegging op die persoon, met ander woorde die tydelike inperking van die gearresterde se vryheid met die doel om 'n aanklag teen hom in te bring en sy aanwesigheid by 'n hof te verseker waar sy skuld of onskuld bepaal sal word. Arrestasie kan dus beskou word as daardie operasionele besluit om inbreuk te maak op die vryheid van 'n individu wat verdink word van misdadige gedrag en om hom vir een of ander doel na 'n polisiestasie te neem (La Fave, 1965: 4). Volgens Van Heerden (1976: 66) geskied arrestasie gewoonlik wanneer misdade in die teenwoordigheid van die polisie gepleeg word, wanneer daar 'n redelike vermoede bestaan dat 'n misdaad gepleeg is, of nadat 'n saak (verhoudingskending) behoorlik ondersoek is en op grond van afdoende getuienis besluit word om 'n persoon in hegtenis te neem. Arrestasie word dus uitgevoer òf om 'n persoon van 'n misdaad aan te kla, òf om 'n saak verder te ondersoek.

Die basiese doel van arrestasie is om die aanwesigheid van die oortreder voor 'n geregshof te verseker en nie om die oortreder of vermeende oortreder te straf nie. Dit is in ooreenstemming met die fundamentele beginsel dat 'n aangeklaagde se onskuld vermoed word

totdat die teendeel in die hof bewys is. Arrestasie is en kan hiervolgens nooit bewys wees van 'n persoon se skuld nie. In Tsose V. Minister of Justice (1951, 3, S.A. 10(A) het Schreiner die doel van inhegtenisneming bespreek en onder andere gesê, as die doel van die arrestasie nie werklik is om die gearresteerde persoon voor die hof te bring nie, maar om hom bang te maak en lastig te val sodat hy sal handel soos die arresteerder wil hê, die arrestasie sonder twyfel onwettig is (Hiemstra, 1977: 67). Hiemstra (1977: 67) verwys ook na die saak S. V. James Cape (Hersienings-saak 113/73 T.P.A.) waar gesê is-"Daar moet suinig gewerk word met die vryheidsontneming van onveroordeelde persone. Sulke optrede veroorsaak net verbittering en bevoordeel nie die regspleging nie."

Omdat arrestasie 'n ernstige inbreuk is op die vryheid en privaatheid van die individu, behoort polisiemanne alleen daarvan gebruik te maak wanneer dit absoluut noodsaaklik is. Die alternatiewe tot arrestasie waardeur die teenwoordigheid van die persoon by die verhoor verseker kan word, is veel eerder die aangewese, veral by minder ernstige of geringe oortredings en as daar geen rede bestaan om te vermoed dat 'n oortreder sy verhoor nie sal bywoon nie. In die Republiek van Suid-Afrika maak artikel 38 van Wet 51/1977 daarvoor voorsiening dat die aanwesigheid van 'n persoon by sy verhoor ook deur dagvaarding, skriftelike kennisgewing en by akte van beskuldiging verseker kan word.

Hierdie magte tot diskresionêre optrede word grootliks beïnvloed deur omstandighede onderliggend aan elke orde- of verhoudingskending. Indien arrestasie of vryheidsinperking onvermydelik is, is dit onderworpe aan streng strafprosesregtelike voorskrifte wat bedoel is om die individu te beskerm teen arbitrêre en willekeurige arrestasies en die onberekenbare uitwerking wat dit op die gearresteerde en sy afhanklikes kan hê. Volgens Schaefer (1975: 84-85) "the implications of the

power of arrest (are) truly awesome. An arrest may mean the loss of a job, a period of incarceration, the dehumanizing of being booked, finger printed, photographed and placed in a lineup, money spent to secure bail, numerous court appearances, and the payment or repayment of legal fees. Further, though the individual may be ultimately vindicated in court, the social stigma of being arrested could have a further and lasting impact on his social and economic life". Om hierdie ingrypende uitwerkinge tot 'n minimum te beperk, is daar voldoende alternatiewe in die prosedurereg ingebou en word bepaalde vereistes gestel waaraan 'n behoorlike arrestasie moet voldoen.

#### 2.5.2.1 Arrestasiemagtiging

Die duidelik omlýnde omstandighede waaronder die magte tot arrestasie uitgevoer mag word, is nie daarop ingestel om die polisiëringsproses te verswaar nie, maar om die individu in sy aansprake te beskerm. Die wye magte tot vryheidsinperking word veral gerig en beheer deur die Strafproseswet (Wet 51 van 1977) en ander statutêrregtelike wetgewing wat in 'n groot mate gegrond is op die redelike vermoede dat die gearresterde 'n misdaad gepleeg het of gaan pleeg.

Hierdie magte word nie in hierdie ondersoek breedvoerig bespreek nie. Die omvangrykheid en ingrypende aard daarvan beklemtoon die noodsaaklikheid dat elke polisieman volkome daarmee vertrouwd sal wees, nie alleen in die belang van die burgers nie, maar ook in sy eie belang om strafregtelik of siviëlregtelike aksies wat uit onregmatige en kwaadwillige arrestasies mag voortvloei, te vermy.

Wat wel vir hierdie ondersoek van wesenlike belang is, is die wyse van inhegtenisneming en veral die vereistes met betrekking tot bedwangstelling. Dit is veral die wyse waarop arrestasies uitge-

voer word wat verhoudinge met die publiek versteur en tot beskuldigings van polisiebruuskheid aanleiding gee.

#### 2.5.2.2 Bedwangstelling

Die wyse en uitwerking van inhegtenisneming word deur artikel 39 van die Strafproseswet (51/1977) soos volg gestipuleer: (1) Inhegtenisneming word met of sonder lasbrief uitgevoer en, tensy die persoon wat in hegtenis geneem staan te word hom aan bewaring onderwerp, deur sy liggaam werklik aan te raak of, indien die omstandighede dit vereis, deur sy liggaam met geweld in bedwang te bring. (2) Die persoon wat 'n inhegtenisneming uitvoer, moet, ten tyde van die uitvoering van die inhegtenisneming of onmiddellik nadat die inhegtenisneming uitgevoer is, die gearreesteerde persoon mededeel wat die rede vir die inhegtenisneming is of, in die geval van 'n inhegtenisneming wat uit hoofde van 'n lasbrief geskied, op versoek van die gearreesteerde persoon 'n afskrif van die lasbrief aan hom oorhandig. (3) Die uitwerking van inhegtenisneming is dat die gearreesteerde persoon in wettige bewaring is en dat hy in bewaring aangehou word totdat hy wettiglik ontslaan of vrygelaat word.

Bogenoemde bepalings impliseer dat die liggaam van die gearreesteerde werklik aangeraak of onder bedwang gestel moet word, tensy die arrestant hom deur woord of daad aan die arrestasie onderwerp. Bedwangstelling omsluit dus die verpligte mededeling van die rede vir arrestasie en die werklike fisieke inbeslagneming van die persoon. Vrywillige onderwerping deur woord of daad van die gearreesteerde impliseer egter 'n voltooide arrestasie en skakel die noodsaaklikheid van fisieke aanraking uit.

Bedwangstelling en fisieke aanraking verleen egter nie vrye magte tot die gebruik van geweld nie. Die Strafproseswet veroorloof

geweld indien omstandighede dit vereis en is slegs geregverdig wanneer daar verset of weerstand teen arrestasie is. Die mate van geweld wat aangewend mag word, moet egter verband hou met die mate waarin weerstand of verset gebied word. Geweld buite hierdie perke is onwettig en 'n onregmatige aantasting en miskenning van die waardigheid van die individu. Bedwangstelling by wyse van doodslag word slegs in hoogs uitsonderlike gevalle gemagtig, soos wanneer 'n arrestant of verdagte onder sekere omstandighede vlug nadat die arresteerder 'n poging aangewend het om hom te arresteer. Dit is verstaanbaar dat die polisie soms drasties moet optree in die polisiëringsproses, maar doodslag of selfs die gebruik van vuurwapens by die uitvoering van arrestasies, is slegs geregverdig nadat die arresteerder eers alle ander middele en alternatiewe oorweeg het. Reeds in R. V. Britz (1949, 3, S.A., 293(A) is verontrusting uitgespreek oor die groot vryheid wat gegee word om te dood, selfs al is die misdaad waarvan die vlugteling verdink word, maar gering (Hiemstra, 1977: 86).

Sub-artikel 3 van artikel 39 van die Strafproseswet impliseer dat 'n gearresteerde in bewaring gehou moet word. Bedwanghouding, indien nodig met geweld, geskied gewoonlik deur die gebruik van handboeie. Ook hier is die aanwending daarvan onderhewig aan die omstandighede van die betrokke geval. Wanneer die arrestant hom teen arrestasie verset en weerbarstig is, die oortreding van 'n ernstige aard is of die arrestant pogg om te ontvlug, is die gebruik van handboeie om die arrestant in bedwang te hou heeltemal geregverdig. Indien die arrestant hom egter vrywillig deur woord of daad aan die arrestasie onderwerp en daar geen ander rede is wat die gebruik van handboeie regverdig nie, sal die gebruik neerkom op die opsetlike miskenning van die waardigheid van die individu. Volgens Schaefer (1975: 86) is dit dan gerig op die statusdegradering van die individu en stel dit onmiskenbaar polisiebruuskheid daar.

### 2.5.3 Deursoeking van en beslaglegging op eiendom

Die voorskrifte op deursoeking van, beslaglegging op eiendom en die betreding van persele, is nie daarop gemik om polisiëring te belymmer of te bemoeilik nie, maar om die individu se aansprake op vryheid en privaatheid teen onregmatige inbreuk te beskerm.

Beskerming van die individu se regte op privaatheid teen onregmatige aantasting is 'n onbetwisbare aanspraak van alle samelewingse lede. Dat die deursoeking van persele, persone, ensovoorts en die beslaglegging op eiendom, ernstige inbreuk op die privaatheid van die landsburger kan maak en verreikende implikasies tot gevolg kan hê, spreek vanself. Dit beklemtoon die omsigtigheid waarmee die polisie te werk moet gaan om 'n behoorlike ewewig te handhaaf tussen die plig om misdadigers aan die man te bring en om die privaatheid van die individu te eerbiedig.

Skending van die privaatheid van die individu geskied deur 'n indringingshandeling wat daarin bestaan dat 'n buitestaander in stryd met die wil en bestemming van die reghebbende self, kennis van private persoonlike feite verkry. Neethling (1976: 315-316) wys onder andere op indringingshandelinge waardeur privaatheidskending plaasvind. Hy sonder handelinge uit wat gerig is op die uiterlike lewe van die individu, dit wil sê waar daar deur middel van tegnologiese waarnemingsmedia of andersins, kennisname van private feite van 'n individu verkry word, die binnedringing van 'n woning, die deursoeking van persoonlike besittings of 'n persoon self, die meeluistering van gesprekke en die verkryging van insae in persoonlike dokumente soos briewe en dagboeke.

Deursoeking wat tydens of na 'n gemagtigde arrestasie uitgevoer word is volgens Van Heerden (1976: 74) noodsaaklik om te verhoed dat belangrike getuieis in die besit of onder die beheer van die

gearresterde vernietig word. Volgens Hiemstra (1977: 32) is die uitdrukking "in die besit of in die bewaring of onder die beheer van", so wyd dat dit veel meer insluit as goedere wat aan sy persoon of in die sakke van sy klere is. Hy meen dat goed wat in sy woonplek of in sy voertuig gebêre is, seer seker in sy besit is. Met "goed" of "goedere" word alles bedoel wat lig kan werp op enige misdaad (vergelyk artikel 20 van die Strafproseswet wat later vermeld word). Dit impliseer egter nie dat enige persoon of motoris in die straat na willekeur voorgekeer en deursoek mag word nie.

Deursoeking geskied gewoonlik op grond van 'n deursoekingslasbrief wat ingevolge die Strafproseswet deur 'n landdros of vrederegter uitgereik word. Die doel van 'n deursoekingslasbrief is om bewyse vir 'n vermeende misdaad te soek. Daarom magtig die lasbrief slegs die deursoeking van die persoon of perseel wat daarin gespesifiseer word en beslaglegging op eiendom wat spesifiek daarin beskryf word. Indien die lasbrief net deursoeking van 'n persoon magtig, moet die persoon voldoende geïdentifiseer word met sy naam, amp of ander beskrywing. Wanneer die lasbrief op 'n perseel betrekking het, moet die perseel geïdentifiseer word.

Beslaglegging op enige voorwerp wat nie in die lasbrief gemeld word nie, is onwettig. Voorwerpe waarop beslag gelê kan word is die soos in artikel 20 van Wet 51 van 1977 bedoel, naamlik (a) wat betrokke is by of op redelike gronde vermoed betrokke te wees by die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf, hetsy binne die Republiek of elders; (b) wat tot bewys kan strek van die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf, hetsy binne die Republiek of elders; of (c) wat bestem is of op redelike gronde vermoed word bestem te wees om by die pleging van 'n misdryf gebruik te word.

Die howe het in die verlede streng daarop gelet of die polisie binne die perke van die lasbrief gebly het. Dit is noodsaaklik omdat deursoeking inbreuk maak op persoonlike vryheid en privaatheid. In Nusas V. Div. Comm. S.A. Police 1971, 2, S.A. 553(K) is 'n deursoekingslasbrief se bewoording streng onder die soeklig geneem. Daar is bevind dat dit die polisie alleen gemagtig het om goedere en dokumente te soek, maar nie om dit te verwyder nie. Die polisie is gelas om die goed terug te gee. Verwydering moet uitdruklik in die lasbrief gemagtig word (Hiemstra, 1977: 27). Die uitvoerder van die lasbrief is dus verplig om binne die perke van die lasbrief te bly en 'n uitgebreider deursoeking is onwettig.

Deursoeking sonder 'n lasbrief deur 'n polisieman en beslaglegging op voorwerpe wat in artikel 20 bedoel word, kan in twee soorte omstandighede plaasvind. Eerstens wanneer die betrokke persoon of die persoon wat seggenskap oor die betrokke perseel of houer het, toestem tot deursoeking, of tweedens, wanneer die polisieman op redelike gronde dink dat hy die lasbrief in elke geval sou gekry het, maar dat die vertraging in die verkryging van die lasbrief die doel van die deursoeking sal verydel.

Die betreding van persele word gewoonlik beheer deur lasbriewe wat op grond van getuienis onder eed, deur 'n landdros of vrederegter uitgereik word. Indien 'n polisiebeampte egter op redelike gronde dink -

- (a) dat 'n lasbrief ingevolge artikel 25 van die Strafeswet aan hom uitgereik sal word as hy om so 'n lasbrief aansoek doen; en
- (b) dat die vertraging deur so 'n lasbrief te verkry die doel daarvan sal verydel,

kan hy te alle redelike tye enige perseel betree of vergadering

binnegaan met die doel om 'n arrestasie uit te voer, 'n deursoeking en beslaglegging te doen en ondersoek in te stel of stappe te doen wat nodig geag word vir die handhawing van die binnelandse veiligheid en samelewingsorde.

Voordat persele betree mag word, moet die polisiebeampte vooraf op 'n hoorbare wyse toegang tot die perseel eis en die doel daarvan bekend maak. Indien toegang geweier word, word hy gemagtig om, indien nodig, die perseel met geweld te betree deur 'n venster of deur te breek (artikel 27(1) van Wet 51/1977). 'n Polisiebeampte het egter die reg om sonder die hoorbare opeising van toegang in te breek, indien hy op redelike gronde van oordeel is dat die voorwerp wat hy soek, weggemaak sal word as so 'n waarskuwing eers gegee word (Artikel 27(2) van die Strafproseswet). Die betreding van 'n perseel ten einde getuienis te verkry, word omsluit deur die bepaling van artikel 26 van die Strafproseswet wat soos volg lui:

"Waar 'n polisiebeampte by die ondersoek van 'n misdryf of beweerde misdryf redelikerwys vermoed dat iemand wat inligting met betrekking tot so 'n misdryf kan verstrek, op 'n perseel is, kan so 'n polisiebeampte so 'n perseel sonder lasbrief betree ten einde so iemand te ondervra en 'n verklaring van hom te verkry: met dien verstande dat so 'n polisiebeampte 'n private woning nie sonder die toestemming van die bewoner daarvan mag betree nie".

Die betreding van private wonings met die doel om 'n getuie op te spoor en hom te ondervra, kan slegs met die toestemming van die okkupeerder geskied. Dit bring die onvermydelike implikasie mee dat 'n perseel wat nie 'n private woning is nie, tog wel sonder toestemming binnegegaan mag word.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die beperkinge op magte tot deursoeking, beslaglegging op en betreding van persele, daarop ingestel is om die burgery se aansprake te beskerm. Dit vind ook neerslag in die vereiste dat hierdie magte op 'n welvoeglike en ordelike wyse uitgevoer moet word. 'Streng behoud van orde' in artikel 29, impliseer sekerlik ook dat menswaardigheid gehandhaaf sal word, eiendom met die nodige respek hanteer sal word en dat die perseel en eiendom nooit in 'n warboel gelaat word na 'n deursoeking nie.

Willekeurige optredes van die polisie in hierdie verband kom derhalwe nie alleen neer op 'n wederregtelike verontagsaming van die voorskrifte nie, maar ook op 'n miskenning van individuele aansprake.

#### 2.5.4 Ondervraging

Neethling (1976: 315-316) verklaar dat privaatheidskending ook plaasvind deur indringingshandelinge wat gerig is op die innerlike lewe van die individu, dit wil sê waar 'n persoon deur middel van dwang, vreesaanjaging, geweld, bedrog en so meer, aan ondervraging, hipnose, persoonlikheids- en leuenverklikkertoetse en die sogenaamde waarheidserums onderwerp word om in stryd met sy wil, persoonlike emosies, gedagtes en oortuigings openbarings te maak. Die regspraak beskou die indringing in 'n persoon se "innerlike lewe" dan ook as 'n skending van sy reg op privaatheid. In Gosschalk v. Rossouw (1966, 2, SA.476(K) erken die hof dat 'n polisie-ondervraging 'n persoon se reg op privaatheid kan krenk (Neethling, 1976: 386-387). Joubert (1953: 135) verklaar tereg in hierdie verband "... dit is 'n ernstige krenking van die eer van die mens om in sy private lewe in te dring of om dit bloot te lê vir die oë en ore van die publiek, of selfs van enkelinge wat geen reg op die kennisname het nie".

Die reg van die individu op innerlike privaatheid is eweneens nie 'n

absolute reg nie. Dit word deur sekere statutêre bevoegdhede aan bande gelê aangesien ingryping in belang van doeltreffende ordehandhawing in sommige gevalle onafwendbaar is. Hier word veral gedink aan bepaalde veiligheidswetgewing waar inbreuk gemaak word op die swygreg van die individu.

Ondervraging hou volgens Van Heerden (1976: 76) verband met die beginsel van vryheid en privaatheid sover dit kommunikasie betref, en die strafprosesregtelike beginsel dat geen persoon getuienis teen homself hoef te verwerk nie. Ofskoon artikel 26 van die Strafproseswet (soos hierbo aangehaal) die reg gee tot ondervraging, het die persoon die reg om te weier om te antwoord. Sy reg tot swye is grondliggend in die beginsel van psigologiese privaatheid. Volgens Hiemstra (1977: 36) kan hierdie weiering verdenking op hom saamtrek en die enigste middel wat die polisie dan sal hê om 'n verklaring te probeer kry, is ingevolge artikel 205 waarvolgens 'n landdros iemand kan aansê om voor hom te verskyn vir ondervraging deur die staatsaanklaer. Die doel van hierdie artikel is om persone wat inligting oor 'n misdaad besit maar dit nie aan die polisie wil gee nie, te dwing om die inligting onder eed te verskaf aan 'n landdros. Behalwe dat die individu in sekere gevalle sy naam en adres aan die polisie moet gee, is hy nie verplig of verpligbaar om te antwoord op die vrae wat die polisie aan hom stel nie. Die vryheid tot en die beperkinge op ondervraging, word deur elke besondere tipe ondervraging bepaal, maar die oordraging van inligting bly die voorreg van 'n klaer of getuie.

Die reël teen selfinkriminasie vind veral neerslag in die Suid-Afrikaanse regsreëls met betrekking tot die toelaatbaarheid of ontoelaatbaarheid van erkennings en bekentenisse as getuienis in 'n hofgeding teen die persoon wat die erkenning of bekentenis gemaak het. Daarom moet 'n persoon wat van 'n misdaad verdink word, inge-

volge regtersreëls gewaarsku word dat dit hom vry staan om te swyg of 'n vrywillige verklaring te maak. Hiervolgens is 'n bekentenis, dit wil sê 'n ondubbelsinnige erkenning van skuld, slegs toelaatbaar mits daar bewys word dat dit vry en bereidwillig deur so 'n persoon by sy volle verstand afgelê is, sonder dat hy op 'n onbehoorlike wyse daartoe aangemoedig was. As die bekentenis aan 'n vredesbeampte (wat 'n polisiebeampte insluit) wat nie 'n landdros of vrederegter is nie, gemaak is, moet dit, om toelaatbaar te wees, in die teenwoordigheid van 'n landdros herhaal en bevestig word.

Polisiemanne mag egter 'n verontskuldigende verklaring, dit wil sê die algehele ontkenning van skuld deur 'n ondervraagde, of 'n inkriminerende verklaring, dit wil sê die erkenning van kennis van 'n misdaad maar die ontkenning van die pleging daarvan, afneem (Germann, et al., 1962: 105).

Die vereiste dat 'n bekentenis vrywillig, ongedwonge en vry van onbehoorlike beïnvloeding moet wees, geld vir alle verklarings. Verklarings wat verkry word onder dwang, hetsy fisiek, deur onregmatige beloftes, onbehoorlike aanmoediging of slinkse sette, of van 'n persoon wat nie by sy volle verstand is nie, is ontoelaatbaar as getuïenis en is 'n skending van die individu se regte. 'n Lokmiddel soos 'n belofte dat wanneer hy beken het en sy straf uitgedien het, hy in sy betrekking teruggeplaas sal word, en dat sy gesin intussen versorg sal word, maak die bekentenis ontoelaatbaar (R. V. Michael 1962, 3, S.A. 355 (SR)). Ontoelaatbaarheid kan ook volg op lang sessies van ondervraging (S. V. Mkwazi 1966, 1, S.A., 736 (A)) of afmatting van die verdagte wat op onbehoorlike beïnvloeding kan neerkom (Hiemstra, 1977: 384).

Ekstraksie, dit wil sê die beïnvloedende indringing van die "innerlike lewe" van die individu, is volgens Van Heerden (1976: 78) 'n blatante skending van die psigologiese privaatheid van die individu.

Vreesaanjaging en die aanwending van ongeoorloofde metodes soos geweld en dreigemente van geweld en hulpmiddels soos die leuenverklikker, waarheidserums en hipnose, waardeur die individu verplig word om deur woord of daad daardie gedeeltes van sy geheue of persoonlikheid wat hy as privaat beskou te openbaar, is volgens Westin (1970: 58-63) strydig met die algemene beginsels van individuele vryheid en is verbode. Dit bots reëlreg met die kriterium van vrywilligheid en ongedwongenheid wat geld vir alle verklaarings van beskuldigdes, hetsy selfbeskuldigend, verontskuldigend of neutraal (R. V. Burton 1946 AD; R. V. Barlin 1929 AD) (Hiemstra, 1977: 381).

Ondervraging mag nie die perke van redelikheid oorskry nie. Daar moet 'n balans gehandhaaf word tussen die individu se reg om beskerm te word teen onregmatige inbreuk op sy vryheid en privaatheid deur die owerheid, en die aanspraak van die Staat, as draër van die gemeenskapsbelang, om inligting en bewyse te verkry ten einde reg en geregtigheid te laat geskied. Dit is onlosmaaklik verbonde aan die fundamentele beginsel dat die gesag en mag van polisiëring beperk word tot daardie handeling wat verband hou met die handhawing van maatskaplike orde.

Die meerderheid van die ondersoekgroep ondersteun hierdie beginsel in hul verwerping van die stelling dat die Suid-Afrikaanse Polisie oor onbeperkte magte beskik en kan doen wat hulle wil (54,00 persent in tabel 2.7). Blankes verwerp dit in 'n groter mate as die ander twee bevolkingsgroepe. Slegs 6,90 persent van die Blankerespondente stem daarmee saam teenoor 37,10 persent Kleurlinge en 31,10 persent Asiërs. Hierdie verskil is beduidend ( $V=157,50 > 15,51$ ) en kan moontlik toegeskryf word aan willekeurige en arbitrêre polisieoptredes wat die Asiërs en Kleurlinge ondervind.

Daar is geen beduidende verskil in die standpunt van mans en vrouens

nie. Dit blyk egter dat vrouens die stelling in 'n groter mate (56,80 persent) verwerp as mans (51,00 persent).

Die hoë mate van onsekerheid (20,60 persent) is opvallend. Dit dui enigermate op onkunde aangaande die inherente beperkinge op polisiëring.

Tabel 2.7

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE  
OOR ONBEPERKTE MAGTE BESKIK EN KAN DOEN WAT HULLE WIL

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal
<u>Bevolkingsgroep</u>						
Asiër (N=241)	10,80	20,30	29,50	23,70	15,70	100
Blanke (N=232)	1,30	5,60	7,30	40,90	44,90	100
Kleurling (N=245)	5,70	31,40	24,50	18,80	19,60	100
Totaal (N=718)	6,00	19,40	20,60	27,60	26,40	100
<u>Geslag</u>						
Mans (N=345)	7,10	23,20	18,70	24,90	26,10	100
Vrouens (N=373)	5,10	15,80	22,30	30,00	26,80	100
Totaal (N=718)	6,00	19,40	20,60	27,60	26,40	100

## 2.6 SAMEVATTING

Die polisierol is daarop ingestel om orde te handhaaf deur 'n skending van onderlinge verhoudinge te voorkom. Die fundamentele beginsels onderliggend aan polisiëring in 'n demokratiese samelewing beklemtoon dat die handhawing van gesonde onderlinge verhoudinge implisiet by die polisierol betrek is. Gesonde verhoudinge vereis wedersydse agting wat veral verkry word deur die wyse waarop die samelewing gepoliseer word. Die belangrikste taak van die polisie is dus in die eerste plek om binne die raamwerk van beperkte gesag en mag, die demokratiese aansprake van samelewingslede te beskerm

en te handhaaf en deur die wyse waarop die polisie rol uitgevoer word, gesonde verhoudinge met alle samelewingslede te handhaaf en te verstewig.

In hierdie proses is die funksionele verrigtinge van die polisie onderworpe aan bepaalde voorskrifte en geldigheidsvereistes wat wensel om die beskerming van individuele belange. Dit is dus logies om te verwag dat die burgers voortdurend krities sal staan teenoor polisie-optrede sodat elkeen vir homself sekerheid sal kry dat hierdie aansprake eerbiedig word. Dit is juis die gesindhede, houdings en verwagtinge wat hieruit voortvloei, wat verhoudinge tussen die polisie en die publiek kan verstewig of benadeel.

HOOFSTUK 3HOUDING EN VERHOUDING

## 3.1 INLEIDING

Die reëling van 'n ordelike samelewing is in 'n groot mate afhanklik van gesonde onderlinge verhoudinge tussen die polisie en die publiek, want die handhawing van orde is nie die alleentaak van die polisie nie. Elke individu bly steeds verplig om na sy eie veiligheid om te sien en word nie deur georganiseerde polisiëring daarvan onthef nie. Stilswyend bestaan daar dus 'n vennootskap tussen die polisie en die publiek wat ordehandhawing betref. Die een is van die ander se samewerking en ondersteuning afhanklik. As bestuurders van verhoudinge in die samelewing is dit die taak van die polisie om verhoudinge met die publiek te verstewig. Dit beteken dat daar bepaalde verpligtinge rus op beide die polisie as aktiewe en die publiek as passiewe vennote in die vennootskap om polisie-gemeenskapsverhoudinge te bevorder en te verstewig. Sonder gesonde onderlinge verhoudinge kan daar nie sprake wees van 'n vennootskap in ordehandhawing nie.

Gesonde onderlinge verhoudinge moet van albei kante kom, aangesien dit gefundeer is op 'n wedersydse gesindheid of houding wat opreg is in oordeel en waardering, en wedersydse vertrouwe, respek en eerbied. Die houdings van die polisie en die publiek teenoor mekaar, kan derhalwe die algemene aard van onderlinge verhoudinge bepaal. Indien die wedersydse houdings oorwegend positief van aard is, kan dit aanvaar word dat die verhoudinge ook positief of gesond sal wees, terwyl negatiewe houdings verswarend op die onderlinge verhoudinge sal inwerk.

Stewige onderlinge verhoudinge vorm die basis van vennootskaplike polisiëring, want dit skep die atmosfeer waarbinne interaksie plaas-

vind. Dit is juis die houdings wat in hierdie interaksieproses geskep word, wat tot versteurde verhoudinge tussen die polisie en die publiek aanleiding kan gee. Wanneer daar konflik bestaan, is dit redelik om te aanvaar dat die houding en gedrag van beide die polisie en die publiek, tot hierdie versteurde verhoudinge bydra.

## 3.2 BEGRIPSOMSKRYWING

### 3.2.1 Houding

Sherif en Sherif (1969: 294) omskryf houding as "the set of subject-object relationships that the individual builds up in repeated encounters with objects, persons, groups, social values, and institutions and through interaction episodes focused on such subjects". Iannone (1970: 31) verklaar dat 'n houding die predisposisie van 'n individu is wat daartoe lei dat simbole, voorwerpe of aspekte in sy bestaanswêreld op 'n gunstige of ongunstige wyse geëvalueer word. Cattel (1950: 84) sluit hierby aan met sy standpunt-"Conversely we may speak of an attitude as showing the direction of an interest with the direction defined".

Young (1960: 12) beskou houdings as komplekse stukragte wat menslike gedrag of handeling beïnvloed, terwyl dit vir MacIver en Page (1957: 20) uitdrukkings is van die totale menslike persoonlikheid wat veral 'n rol speel in die verhoudingspatroon tussen mense. Allport (1935: 804) bestempel 'n houding as 'n toestand van gereedheid in sy omskrywing - "an attitude is a mental and neural state of readiness, organized through experience, exerting a directive or dynamic influence upon the individual's response to all objects and situations with which it is related".

Klausmeier en Goodwin (1966: 343) beklemtoon veral die drie houdingskomponente naamlik die kognitiewe, die affektiewe en die aksiekomponente wanneer hulle 'n houding omskryf as-"An attitude is

a learned, emotionally toned predisposition to react in a consistent way, favourable or unfavourable, toward a person, object or idea".

In sy omskrywing "... the degree of positive or negative effect associated with some psychological object", onderskei Edwards (1957: 2) die positiewe of negatiewe graad daarvan. Hierdie tweeledige aard word ook uitgesonder deur Remmers en Gage (1943: 87) in hul omskrywing van houding as "... feelings for or against something". Dat hierdie gunstige of ongunstige evaluering die mens predisponeer tot bepaalde handelinge, blyk uit die omskrywing van Crossen (1947: 3) "... an attitude is a disposition to react in a favourable or unfavourable way toward any topic, group, institution, practice, person, object or idea".

Uit hierdie omskrywings kom dit duidelik na vore dat 'n houding

- (i) nie 'n aangebore eienskap is nie, maar die subjektiewe stukrag van die mens wat voortvloei uit die evaluering van bepaalde ervarings;
- (ii) selde neutraal is, maar òf 'n positiewe òf negatiewe rigting inslaan, dit wil sê vir of teen iemand of iets;
- (iii) die gevolg is van individuele ervarings wat die bestendigheid daarvan, dit wil sê of dit bots of konformeer met ander, in die gedrang bring;
- (iv) voortspruit uit òf eenmalige òf meermalige ervarings wat die duur of intensiteit daarvan beïnvloed ook in 'n veranderde ervaringsmilieu;
- (v) die eindresultaat is van evaluasie wat sinvol verband hou met die verwagtinge wat in die geëvalueerde gestel word; en
- (vi) nooit in isolasie bestaan nie, maar tot uiting kom in die interaksieproses waar die algemene aard van die verhouding

tussen die evalueerder en geëvalueerde weerspieël word.

### 3.2.2 Verhouding

Die begrippe "verhouding" en "relasie" staan in noue verband met mekaar en word alledaags as sinoniem gebruik. Daar is egter verskille waarvoor duidelikheid gekry moet word.

Die begrip "relasie" is afkomstig van die Latynse "supinum relatum" wat beteken om te dra of te ondersteun of iets oor te dra aan 'n begunstigde; om met 'n ander te kommunikeer en bemoeienis met hom te maak. Die voorsetel "re" verklank 'n wedersydse afhanklikheid van 're-ferente' in 'n betrokke situasie. Dit impliseer dus 'n ontmoetingsverhouding waarin die gerelationeerdes voor die opgaaf gestel word om hulle op 'n bepaalde wyse tot mekaar te verhou (Griessel, 1975: 50).

Om die woord "verhouding" te begryp, moet daar eers 'n beskrywing van die grondbegrip "hou" gegee word. "Hou" beteken om in besit te hê en daarom ook om gesaghebbend ten aansien van 'n saak te wees, verder om besit te handhaaf en selfs te verdedig (Coetzee, 1976: 11). "Houding" dui op 'n wyse waarop sodanige greep verkry en gehandhaaf word. Die premiorfeem 'ver' dui 'n mate van intensivering (dit wil sê 'n verstewiging van die houvas) sowel as gerigtheid aan.

"Relasie" is hiervolgens die meer formele term terwyl "verhouding" 'n intieme wedersydseheid in die samesyn of betrokkenheid aandui. Die begrip verhouding impliseer derhalwe 'n wederkerige betrokkenheid en word dan ook deur Cilliers en Joubert (1966: 23) omskryf as 'n onderlinge verstandhouding tussen persone gegrond op wederkerige verwagtings en verpligtings bepalend vir die aard van handeling tussen hulle.

Verhouding as sodanig kry eers inhoud wanneer die mens, individu of groep in verhouding tot iemand staan. Om in verhouding tot iemand te staan, vereis voortdurende wisselwerking tussen mense op geestelike en fisieke vlak. Vir die totstandkoming van 'n verhouding, moet daar derhalwe die een of ander vorm van kommunikasie aanwesig wees. Die proses waarin gekommunikeer word en waarin handeling gerig is op en beantwoord word deur ander, word dan ook die interaksieproses genoem.

Die proses van interaksie omsluit wedersydse gedragsreaksies en gedragsverwagtinge wat uit die verhoudingsituasie voortvloei. Verhouding vereis dus 'n bepaalde gedragswyse tussen individue en groepe want tydens voortdurende interaksie, het die persone 'n invloed op mekaar en word die betrokkenes oor en weer beïnvloed deur die gedragswyse van die ander. Mense ruil derhalwe deur middel van hul gedrag met mekaar bewustelik of onbewustelik boodskappe uit en beïnvloed mekaar daardeur, dit wil sê verhoudinge bepaal die aard van onderlinge kontak tussen mense. Die aard van enige verhouding word hiervolgens deur die houding en gedragswyse van die betrokke partye bepaal.

Die wesenskenmerke onderliggend aan verhouding kan derhalwe soos volg tipeer word -

(i) Bereidwilligheid tot verhouding

Bereidwilligheid impliseer dat die mens, in sy totaliteit, 'n behoefte of begeerte het om in verhouding tot iemand te staan, want in elke daad wat hy verrig en in elke keuse wat hy maak, handel hy binne die kader van verhoudinge. Die feit dat hy in verhouding staan, moet tot die wesensmomente van sy bestaan gereken word, want die verwantskap van die individu tot die samelewing is 'n afhanklike ver-

wantskap. Die mens is 'n samelewingswese en as sodanige kuddewese word alle verhoudinge as sake van ontmoeting en betrokkenheid deur 'n netwerk verhoudinge gedra en gerig, sodat alle individue en groepe se belange daardeur gedien kan word. Dit is op hierdie basis van bereidwilligheid tot verhouding dat hulle saam kan lewe, saam kan staan en saam kan beplan om 'n geordende samelewing te verseker.

(ii) Verseoenbare doelstelling

'n Voorvereiste vir die totstandkoming van verhoudinge, is dat die doelstellings van die betrokke partye in 'n sekere mate met mekaar versoenbaar moet wees. Dit vorm die basis waarop gewerk kan word om probleme op te los en skep die atmosfeer waarbinne daar in die stand en gang van sake ingegryp kan word om die vraagstukke wat aan die verhoudinge self knaag, te verander.

(iii) Geloofwaardigheid

Geloofwaardigheid is 'n voorvereiste vir goeie onderlinge verhoudinge. Dit vloei voort uit die wedersydse vertroue wat nodig is vir deelname in die verhoudingsstelsel. Vertroue wek vertroue en alleen dan kan daar sprake wees van wedersydse toegeneëntheid wat wedersydse toeganklikheid impliseer.

(iv) Wedersydse respek en agting

Respek en agting word op 'n ongeforsede wyse verkry deur

- 'n sin vir regverdigheid;
- beoordeling op grond van algemeen aanvaarde norme en nie op bevooroordeelde gronde nie;
- begrip vir die ander se standpunt, tekortkominge en swakhede;
- opregtheid en openhartigheid teenoor die ander;
- bereidwilligheid tot kommunikasie met die ander betrokke, veral met betrekking tot sy probleme, klagtes

en griewe;

- 'n verhoudingsetiek wat tot goedgesindheid en korrekte ingesteldheid teenoor die verhoudingsisteam lei; en
- die erkenning van die intrinsieke menswaardigheid van elke individu, ongeag kleur, ras, volksverband, status of geloof. Wie daarin misken voel, voel gebelg en verneder - kwetsing wat bereidwilligheid tot verhouding geheel en al nihileer.

Bogenoemde gedragsverwagtinge en gedragsverpligtinge is onderliggend aan verhoudinge. Dit impliseer dat onderlinge interaksie in ooreenstemming met hierdie komponente, wat in die verhoudingsopset inbegrepe is, gerig en gereël moet word.

Ondersoeker is van mening dat die eerbiediging van hierdie wedersydse verwagtinge, verpligtinge en regte deur die onderskeie betrokkenes, genoegsaam sal wees om welwillendheid en doeltreffende polisie-gemeenskapsverhoudinge te bewerkstellig.

### 3.3 POLISIE-GEMEENSKAPSVERHOUDINGE

Polisiëring is samelewingsgerig omdat dit die primêre middel is waardeur die samelewingsdoelwit, ordelike naasbestaan, verwesenlik moet word. Hierdie belangrike formele beheerfunksie van die samelewing kan nooit in isolasie ten uitvoer gebring word nie, aangesien voortdurende interaksie tussen die polisie en die publiek en onderlinge betrokkenheid, onafwendbaar is (Du Preez, 1978: 28).

Hierdie samelewingsgebondenheid van polisiëring is veranker in die beginsel dat polisiëring 'n diens uit en tot die samelewing is. 'n Beginsel wat veral teruggevoer kan word na die tydperk van die ongepolisieerde samelewing, waar die kollektiwiteit verantwoordelik en verplig was vir die handhawing van orde. Die evolusionêre ont-

wikkeling van polisiëring, het aanleiding gegee tot die moderne tydvak waar die samelewing sy gesag tot polisiëring aan die gesagstruktuur gedelegeer het. Die delegasie van gesag of die oordraging van die reg aan die gesagstruktuur om die samelewing te polisieer, het die burgery egter nie onthef van die verpligting om na hulle eie veiligheid en die belange van die samelewing om te sien nie. Dit beteken dat die handhawing van orde nie die alleentaak van die polisie is nie. Die samelewingsgebondenheid van polisiëring hou derhalwe die implikasie in dat die totale samelewing by ordehandhawing betrek word. Dit bring mee dat die polisie en die publiek onlosmaaklik deel is in en gesamentlik verantwoordelik is vir ordehandhawing. Hierdie gesamentlike verantwoordelikheid vorm inderdaad die basis van ordelikheid in die samelewing en kom in werklikheid neer op 'n stilswyende vennootskaptussen die polisie en die publiek.

Wedersydse samewerking en gesonde onderlinge verhoudinge, is die hoeksteen en basis van enige vennootskap. Vir vennootskaplike polisiëring is hierdie elemente onontbeerlik. Dit vorm die basis en skep die atmosfeer waarbinne onderlinge interaksie geskied, dit wil sê die basis van polisie-gemeenskapsverhoudinge. Die verhouding tussen die polisie en die gemeenskap is derhalwe 'n verhouding van gespreks-, aksie- en geloofsvennote - eendragtig, aanvullend en saambindend werk hulle saam aan die gemeenskaplike doelwit, ordelike naas- en voortbestaan. Hulle help albei om die verhouding tussen die polisie en die gemeenskap te verstewig en hierdeur die gemeenskaplike doelwit te bevorder.

Die passiewe vennoot, of te wel die samelewing, het nie alleen die verpligting om na sy eie veiligheid en die belange van die samelewing om te sien nie, maar is ook verplig om hulp en ondersteuning aan die aktiewe vennoot, dit wil sê die polisie, te verleen. Hier-

die verpligtinge omsluit onder andere die pligsbesef van die samelewing op misdaadbekamping, die bereidwilligheid van die publiek om hulp te verleen en om inligting betreffende misdaad en misdadigheid by die polisie aan te meld. Vorige ondersoeke het dan ook bevestig dat die samelewing tot 'n groot mate bewus is van hul plig in ordehandhawing en dat die publiek tot 'n groot mate bereid is om hulp aan die polisie te verleen (Du Preez, 1978: 91-99; Mayet, 1976: 120-131 en Van Heerden, 1974: 140-147). Dieselfde ondersoeke het egter ook aangetoon dat die samelewing tot 'n groot mate versuim om inligting aan die polisie te verstrek en om misdade by die polisie aan te meld. Dit impliseer dat die latente bereidwilligheid van die samelewing tot ordehandhawing nie altyd tot werklike hulpverlening realiseer nie en inderdaad op passiwiteit neerkom.

Volgens Van Heerden (1976: 135) het die polisie, benewens die algemene verpligtinge tot ordehandhawing, dan ook die verpligting om passiwiteit by die passiewe vennoot te omskep in aktiewe, volle deelname in vennootskaplike polisiëring. Dit sluit aan by die standpunt van Wilson en McLaren (1972: 218) waarvolgens die verstewiging van polisie-gemeenskapsverhoudinge hoofsaaklik by die polisie as aktiewe vennoot in ordehandhawing berus. Wanneer die aktiewe vennoot hierdie passiwiteit van die samelewing afmaak op grond daarvan dat dit 'n negatiewe houding is, of hulle daarvan distansieer, kom dit neer op 'n pligsversuim van die polisie, aangesien hulle 'n besliste sosialiseringstaak het om vrywillige ordestrewing en samewerking by die samelewing te kweek en te bevorder.

Die sosialiseringstaak van die polisie is implisiet in die omskrywing van polisie-gemeenskapsverhoudinge nl. die somtotaal van die rapport tussen die polisie en die publiek (Van Heerden, 1976: 137). Ook vir Cohn en Viano (1976: 13) is polisie-gemeenskapsverhoudinge veral gerig op die verbetering van onderlinge begrip wanneer hulle polisie-gemeenskapsverhoudinge omskryf as-"police-community rela-

tions seeks to bring together law enforcement and the community in an effort to understand mutual problems and concerns. It is a model which has as its basic technique meaningful communication and dialogue". Die sosialiseringstaak word sterker deur Norris (1973: 34) beklemtoon in sy omskrywing van-"educating the public to understand the problems, policies, procedures and tactics of the police".

Volgens Earle (1970: 6) is polisie-gemeenskapsverhoudinge 'n bedreweheid of kuns van die polisie om die publiek te verstaan en gemeenskapsvraagstukke doeltreffend te hanteer. Vir Brandstatter en Radelet (1968: 31) omsluit polisie-gemeenskapsverhoudinge alle aktiwiteite en pogings wat daarop gerig is om die polisie en die publiek nader aan mekaar te bring. Hierdie skrywers beklemtoon verder dat dit betrekking het op die totale organisasie, dit wil sê 'n voortdurende en volkskaalse poging, of 'n totale ingesteldheid van die polisie om deur dienslewering in al sy fasette, te beklemtoon dat die polisie deel is van die gemeenskap en dat die twee nie as afsonderlike entiteite bestaan nie.

Polisie-gemeenskapsverhoudinge verteenwoordig volgens ondersoeker 'n saamwees van mense, net van mense en is dus in alles menslik. Dit is egter 'n heterogene verhouding in die sin dat daar twee groepe mense is naamlik die polisie aan die een kant en die gemeenskap aan die ander kant. In die lig hiervan kan polisie-gemeenskapsverhoudinge op 'n vier-dimensionele wyse omskryf word as -

- (i) 'n toestand of situasie wat spontaan ontstaan of opsetlik geskep word, om die polisie die geleentheid te gee om die doel, funksie en betekenis van die polisierol aan die gemeenskap te vertolk of te verduidelik;
- (ii) 'n formele aktiwiteit met die besondere doel om die ver-

houdinge tussen die polisie en die gemeenskap te verbeter en te bevorder - 'n aktiwiteit wat gerig is op die verspreiding van inligting in verband met aangeleenthede rakende die polisie in die gemeenskap, met die doel om die nodige goeie gesindheid vir die polisie te wen en te verseker;

- (iii) al die funksies, werksaamhede en verhoudinge wat betrekking het op 'n twee-rigtingspad van gedagte- en ideewisseling tussen die polisie en die gemeenskap, om op die wyse 'n basis vir gesamentlike en gemeenskaplike verhoudinge te skep; en
- (iv) as daardie gebied of terrein van kennis en aktiwiteite wat daargestel is met die doel om kennis te neem van en rekening te hou met die moontlike misverstand, spanning, partydigheid, haat en konflik tussen die polisie en die gemeenskap. Die doel hiermee is om te voorkom dat ordehandhawing en by implikasie verhoudinge tussen die polisie en die publiek, skade aangedoen of nadelig beïnvloed word deur wanopvattinge, skewe of versteurde verwagtinge of verkeerde interpretasies van polisiëringswerksaamhede en verpligtinge. Dit beoog verder om 'n vrye stroom van kennis- en ideewisseling te bewerkstellig tussen die polisie en die gemeenskap, sowel as met ander gemeenskaps- en navorsingsinstellings soos die kerk, staat, universiteite, ensovoorts. So doende kan al die betrokkenes daartoe ooreed word om dit as hulle plig en verantwoordelikheid te aanvaar om ordelike naas- en voortbestaan en daardeur, by implikasie, doeltreffende polisiëring te bevorder.

Die verpligting van die polisie as aktiewe vennoot om passiwiteit by die publiek te omskep, kom derhalwe neer op 'n sosialiserings-taak, dit wil sê om deur positiewe dienslewering, skakeling, dialoog, advies, voorligting en onderrig 'n diens te lewer tot die

verstewiging van polisie-gemeenskapsverhoudinge. Dit vorm die grondslag waarop gewerk kan word en dit skep die atmosfeer waarbinne daar in die polisiëringsproses ingegryp kan word om struikelblokke in die weg van gesonde polisie-gemeenskapsverhoudinge uit die weg te ruim. Die sosialiseringstaak van die polisie kom in wese op die volgende neer:

- (i) om deur dienslewering en die wyse waarop die polisie rol vervul word, vrywillige ordestrewing by die publiek te bevorder;
- (ii) om deur voorligting en onderrig die samelewing op te voed oor die ware betekenis van polisiëring en die inhoudelike van die polisie rol;
- (iii) om die publiek gereeld in te lig oor misdaadvoorkoming en veral die beskermende en proaktiewe aard daarvan te beklemtoon;
- (iv) om die publiek te onderrig ten opsigte van hul plig op misdaadbekamping;
- (v) om die publiek in te lig oor polisie doelwitte en die vraagstukke waarmee hulle te doen kry;
- (vi) om gereeld inligting aan die publiek te verstrek oor vermeende wangedrag en misdaadtendense in bepaalde gebiede;
- (vii) gereelde skakeling met die jeug, skole en jeugverenigings om jeugmisdaad te voorkom en wedersydse begrip te verbeter;
- (viii) om deur dialoogvoering met die publiek aktiewe deelname aan die polisiëringsproses, samewerking en hulpverlening te stimuleer;
- (ix) om die publiek gereeld te adviseer hoe om hul eiendom die beste te beskerm; en
- (x) om deur voorligting en onderrig wanopvattinge oor wat vryheid en ander individuele grondwetlike aansprake inderdaad beteken, uit die weg te ruim.

Sonder samewerking kan daar nie sprake wees van 'n volle vennootskap in ordehandhawing nie. Gesonde onderlinge verhoudinge is die basis van samewerking. Daarsonder kan daar geen sprake wees van polisie-gemeenskapsverhoudinge nie. Alleen deur doeltreffende polisie-gemeenskapsverhoudinge kan die onderliggende beginsel naamlik, dat die polisie die publiek en die publiek die polisie is, in die handhawing van samelewingsorde verwesenlik word.

Geen verhouding kan egter bevorder of verstewig word as die aard daarvan en die faktore wat dit nadelig beïnvloed, nie eers geïdentifiseer word nie.

### 3.4 VERHOUDINGE TUSSEN DIE POLISIE EN DIE PUBLIEK

Polisiëring van die samelewing omsluit 'n groot verskeidenheid verpligtinge wat noodwendig aanleiding gee tot voortdurende interaksie met die publiek. Die polisie verkeer of staan derhalwe altyd in verhouding tot die publiek. Hierdie interaksie kom tot uiting in uiteenlopende kontaksituasies, elk met 'n eiesoortige interspel van gedragsverwagtinge en gedragswyses wat waarneembaar is, wat beskryf kan word en wat besliste eienskappe vertoon. Dit is veral die wedersydse gedragsreaksies en gedragsverwagtinge wat uit hierdie kontaksituasies voortvloei, wat die verhouding tussen die polisie en die publiek verstewig of verswaar, want hierdie gedragswyses het wedersydse beïnvloeding tot gevolg.

Die aard van verhoudinge tussen die polisie en die publiek word dus grotendeels bepaal deur die wedersydse gedragspatrone van beide die polisie en die publiek wanneer hulle in kontak met mekaar kom. Kontak met die publiek geskied volgens Van Heerden (1976: 98-100) hoofsaaklik soos volg:

- (i) Sigbaarheid van rolervulling, dit wil sê die polisie rol word vertoon bloot deur gesien te word. Hulpvaardigheid, hoflik=

heid, die aard en omvang van optrede, die wyse waarop menswaardigheid respekteer en eerbiedig word en hoe daar met die publiek gekommunikeer word, is almal faktore wat tydens hierdie waarneming gedragswyses daarstel en bepaalde houdings by die publiek skep.

(ii) Aangesig-tot-aangesig-kontak met samelewingslede. Dit kan bestaan uit -

- 'n telefoniese gesprek waar die stemtoon, etiket en die reaksies op klagtes, inligting en navrae, die algemene ingesteldheid van rolvervullers weerspieël;
- oproepe om hulp, hetsy as klaers of waar die publiek diens aanvra en diens gelewer word wat verwyderd is van en geen verband hou met ordehandhawing nie, dit wil sê inligting en advies wat neerkom op maatskaplike dienslewering;
- positiewe situasies van hulpverlening, dit wil sê hulpverlenende kontak waar lede van die publiek hulp verleen as getuies en informante om 'n ordeskending in belang van samelewingsorde te herstel; en
- negatiewe situasies, dit wil sê bedwangstellingskontak in die vorm van ondervraging en bedwangstelling van verdagtes en beskuldigdes.

Die meeste van hierdie kontaksituasies is van korte duur, maar dit stel die publiek in staat om die rolvervuller ten opsigte van sy kennis, ingesteldheid, optrede, wellendheid, objektiwiteit, eerlikheid, onbevooroordeeldheid, selfbeheersing, pligsgetrouheid en doeltreffendheid te beoordeel op grond van die wyse waarop die rolvervuller die betrokke kontak hanteer.

(iii) Die derde vorm van kontak is 'n langtermynproses en behels dienslewering oor 'n lang periode waarin die rolvervuller in sy totaliteit waargeneem en beoordeel word.

Hierdie onafwendbare kontak met die publiek, voortdurende wisselwerking op geestelike en fisieke vlakke, die wedersydse gedragsreaksies en -ervaringe wat daaruit voortvloei, is beslissend, want die wyse waarop dit plaasvind bepaal onderlinge gesindhede en houdings, en by implikasie die aard van verhoudinge, dit wil sê die gees waarin die interaksie plaasvind. Dit impliseer dat die Suid-Afrikaanse Polisie voortdurend daarop ingestel moet wees om gesonde verhoudinge met die publiek te skep en te handhaaf en wel deur onberispelike optrede.

Omdat gesonde onderlinge verhoudinge onderworpe is aan bepaalde gedragswyses en gedragsverwagtinge, kan dit verwag word dat die kliënteel (dit wil sê die publiek), polisie-optredes krities sal beoordeel om te bepaal in watter mate aan hierdie gedragsverwagtinge voldoen word. Bereidwilligheid tot verhouding, publieke vertroue in polisiëring, en begrip, respek en agting vir polisiëring, word deur die aard en gehalte van dienslewering deur die polisie bepaal. As bestuurders van verhoudinge, rus die verpligting derhalwe op die polisie om hierdie aspekte, wat inbegrepe is in die polisierol, voortdurend te evalueer en om negatiewe houdings wat enigsins by die publiek mag bestaan, vroegtydig te identifiseer om te voorkom dat dit verhoudinge nadelig beïnvloed en optimale dienslewering belemmer.

Om die algemene aard van die verhouding tussen die polisie en die publiek te bepaal, moet daar deeglik kennis geneem word van die houdings van die kliënteel soos dit vergestalt in hul evaluering van bepaalde fasette van polisiëring. Aangesien verskeie aspekte verder aandag kry in hierdie verslag, val die klem hier hoofsaaklik op die oorkoepelende beoordeling van polisie-doeltreffendheid, die respek en agting wat die publiek vir die polisie het, en die implikasies van polisie-optrede op die publiek se verhouding tot die

breër gesagstruktuur.

### 3.4.1 Doeltreffendheid

Vir die totale ondersoekgroep val die doeltreffendheid van die polisie op 55,40 persent (tabel 3.1). Kleurling- (49,40 persent), Asiër- (31,50 persent) en Blanke respondente (86,60 persent) se evaluering verskil egter beduidend ( $V=179,23 > 15,51$ ). Hierdie verskil hou waarskynlik verband met Geary (1975: 111) se standpunt dat minderheidsgroepe die polisie stereotiep beskuldig van ongelyke ordehandhawing waar die indruk geskep word dat hulle nie ook as beskermingswaardig beskou word nie. Die mate waarin die polisie deur die Asiërs (42,80 persent) en Kleurlinge (23,70 persent) in teenstelling met die Blankes (2,60 persent) as ondoeltreffend geëvalueer word, skep inderdaad 'n indruk van ongelyke of diskriminerende dienslewering deur die Suid-Afrikaanse Polisie.

Tabel 3.1

#### EVALUERING VAN DOELTREFFENDHEID DEUR BEVOLKINGSGROEPE

Graad van doeltreffendheid	Asiër (N=245)	Blanke (N=232)	Kleurling (N=245)	Totaal (N=718)
Uiters doeltreffend	10,80	24,60	6,50	13,80
Doeltreffend	20,70	62,00	42,90	41,60
Onseker	25,70	10,80	26,90	21,40
Ondoeltreffend	35,30	2,60	19,20	19,20
Uiters ondoeltreffend	7,50	-	4,50	4,00
Totaal	100	100	100	100
Doeltreffendheidsvlak	31,50	86,60	49,40	55,40

Vrouens stel die doeltreffendheid van die polisie beduidend hoër (60,60 persent) as mans (49,90 persent) ( $V=14,08 > 9,49$ ). Vir meer

as 'n kwart van die mans (28,40 persent) is die polisie ondoeltreffend in hul optrede (tabel 3.2). Dit kan daaraan toegeskryf word dat die vrou minder kontak met die polisie het (vergeelyk tabel 1.7) en dat mans gevolglik beter daartoe instaat is om polisie-optredes sinvoller te beoordeel. Andersins kan dit moontlik 'n aanduiding wees dat vrouens beter behandeling ontvang.

Tabel 3.2

EVALUERING VAN DOELTREFFENDHEID DEUR GESLAGTE

Graad van doeltreffendheid	Man (N=345)	Vrou (N=373)	Totaal (N=718)
Uiters doeltreffend	12,20	15,30	13,80
Doeltreffend	37,70	45,30	41,60
Onseker	21,70	20,90	21,40
Ondoeltreffend	24,60	14,20	19,20
Uiters ondoeltreffend	3,80	4,30	4,00
Totaal	100	100	100
Doeltreffendheidsvlak	49,90	60,60	55,40

Die gegewens in tabel 3.3 toon dat sosiale kontak (63,90 persent) die hoogste doeltreffendheidsvlak vestig en juridiese kontak (41,00 persent) die laagste. Dit impliseer dat die juridiese ervaringsgroep wat in direkte en werklike juridiese kontak met die polisie was, die polisie tot 'n groot mate as ondoeltreffend evalueer - 'n bevestiging van die stelling van Van Heerden (1974: 172) dat die graad van doeltreffendheid toeneem in verhouding tot die verwyderde kennis van die werklike vervulling van die polisie rol. Dit val verder uit die tabel op dat die pers, wat heel dikwels as die afbreker van die polisiebeeld beskou word, verantwoordelik is vir die vorming van 'n positiewe doeltreffendheidsvlak deurdat hierdie groep die doeltreffendheid van die polisie betreklik hoog

(61,00 persent) aanslaan. Dit beklemtoon die waarde van die pers as sosialiseringmiddel.

Tabel 3.3

## EVALUERING VAN DOELTREFFENDHEID DEUR ERVARINGSGROEPE

Graad van doeltreffendheid	Jurisdies (N=39)	Sosiaal (N=72)	Oorvertelling (N=63)	Pers (N=118)	Radio (N=122)	Speurverhale (N=53)	Waarneeming (N=251)	Totaal (N=718)
Uiters doeltreffend	12,80	15,30	3,20	11,90	14,70	11,30	17,10	13,80
Doeltreffend	28,20	48,60	50,80	49,10	32,00	30,20	43,00	41,60
Onseker	28,20	15,20	30,10	17,80	19,70	20,80	22,30	21,40
Ondoeltreffend	30,80	18,10	11,10	15,30	28,70	26,40	15,50	19,20
Uiters doeltreffend	-	2,80	4,80	5,90	4,90	11,30	2,10	4,00
Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100
Doeltreffendheidsvlak	41,00	63,90	54,00	61,00	46,70	41,50	60,10	55,40

3.4.2 Respek en agting vir polisiëring

Hoë respek en agting is noodsaaklike komponente van gesonde onderlinge verhoudinge. Hierdie respek en agting vir polisiëring kan alleen verkry word deur die wyse waarop die samelewing gepolisiëer word, dit wil sê die aard en gehalte van dienslewering is bepalend. Wanneer respek en agting vir polisiëring laag is, kan dit 'n aanduiding wees van onprofessionele dienslewering wat stremmend inwerk op gesonde onderlinge verhoudinge.

Minder as die helfte (49,40 persent) van die ondersoekgroep verklaar

dat hulle baie respek en agting vir die Suid-Afrikaanse Polisie het, terwyl dit by nagenoeg 'n derde (31,10 persent) min tot baie min is (tabel 3.4). Vandiedrie bevolkingsgroepe het Blanke respondente (82,80 persent) die hoogste respek en agting vir die polisie, gevolg deur Kleurlinge (43,30 persent) en Asiërs (23,60 persent). Hierdie beduidende verskil ( $V=187,34 > 15,51$ ) hou waarskynlik verband met ongelyke dienslewering aan die verskillende bevolkingsgroepe.

Die tabel toon verder dat -

- (i) vrouens beduidend meer respek en agting vir die polisie het as mans (55,30 persent baie tot uitermatig baie teenoor 43,20 persent by mans) ( $V=19,56 > 9,49$ );
- (ii) meer as 'n derde (37,70 persent) van die mans min tot baie min respek en agting vir die polisie het; en
- (iii) dat die standpunte van die onderskeie ervaringsgroepe ook daarop dui dat respek en agting vir polisiëring nie gemak-simeer word deur die wyse waarop die samelewing gepolisieer word nie.

#### 3.4.3 Uitwerking van polisie-optredes op verhoudinge tussen die polisie en publiek

Die gegewens in tabel 3.5 toon dat die meerderheid (46,80 persent) van die ondersoekgroep van mening is dat polisie-optrede in die algemeen verhoudinge tussen die polisie en die publiek bevorder terwyl 35,50 persent die standpunt huldig dat dit nie die geval is nie.

Van die drie bevolkingsgroepe ondersteun Blanke- (67,20 persent) en Asiërrespondente (47,30 persent) die stelling dat verhoudinge met die publiek bevorder word terwyl Kleurlinge dit verwerp (48,20 persent). Hierdie beduidende verskil ( $V=97,31 > 9,49$ ) hou enersyds waarskynlik verband met kwaadwillige vooroordele teenoor die polisie en ander-

Tabel 3.4

## RESPEK EN AGTING VIR POLISIËRING

Veranderlike	Vlak van respek en agting					
	Uiter- matig baie	Baie	Onseker	Min	Baie min	Totaal
<u>Bevolkingsgroep</u>						
Asiër (N=241)	9,10	14,50	25,30	26,60	24,50	100
Blank (N=232)	21,60	61,20	12,50	4,70	-	100
Kleurling (N=245)	9,80	33,50	20,40	16,70	19,60	100
Totaal (N=718)	13,40	36,00	19,50	16,20	14,90	100
<u>Geslag</u>						
Man (N=345)	9,30	33,90	19,10	18,60	19,10	100
Vrou (N=373)	17,20	38,10	19,80	13,90	11,00	100
Totaal (N=718)	13,40	36,00	19,50	16,20	14,90	100
<u>Ervaringsgroep</u>						
Juridies (N=39)	-	43,60	17,90	23,10	15,40	100
Sosiaal (N=72)	12,50	47,20	12,50	19,40	8,40	100
Oorvertelling (N=63)	7,90	36,50	25,40	17,50	12,70	100
Pers (N=118)	16,90	29,70	18,60	16,90	17,90	100
Radio (N=122)	9,80	33,60	15,60	18,90	22,10	100
Speurverhale (N=53)	18,90	34,00	7,50	18,90	20,70	100
Waarneming (N=251)	15,90	36,30	25,10	11,60	11,10	100
Totaal (N=718)	13,40	36,00	19,50	16,20	14,90	100

syds met ongelyke dienslewering en diskriminerende optredes teenoor die verskillende bevolkingsgroepe. Die feit dat slegs 26,90 persent van die Kleurlingrespondente van mening is dat polisie-optredes in die algemeen verhoudinge met die publiek bevorder, bevestig laasgenoemde standpunt tot 'n groot mate.

Mans en vrouens is dit in dieselfde mate eens dat polisie-optredes

Tabel 3.5

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT POLISIE-OPTREDE IN DIE ALGEMEEN  
VERHOUDINGE TUSSEN DIE POLISIE EN DIE PUBLIEK BEVORDER

Veranderlike	Standpunt			
	Ja	Nee	Onseker	Totaal
<u>Bevolkingsgroep</u>				
Asiër (N=241)	47,30	42,30	10,40	100
Blank (N=232)	67,20	15,10	17,70	100
Kleurling (N=245)	26,90	48,20	24,90	100
Totaal (N=718)	46,80	35,50	17,70	100
<u>Geslag</u>				
Man (N=345)	45,80	36,20	18,00	100
Vrou (N=373)	47,70	34,90	17,40	100
Totaal (N=718)	46,80	35,50	17,70	100
<u>Ervaringsgroep</u>				
Juridies (N=39)	41,00	43,60	15,40	100
Sosiaal (N=72)	56,90	27,80	15,30	100
Oorvertelling (N=63)	38,10	33,30	28,60	100
Pers (N=118)	50,00	28,80	21,20	100
Radio (N=122)	27,90	54,90	17,20	100
Speurverhale (N=53)	34,00	52,80	13,20	100
Waarneming (N=251)	57,40	27,10	15,50	100
Totaal (N=718)	46,80	35,50	17,70	100

in die algemeen verhouding met die publiek bevorder (tabel 3.5) Die geringe verskille wat voorkom is onbeduidend. Dit val egter op dat meer as een derde van beide geslagte (36,20 persent en 34,90 persent) die betrokke stelling verwerp.

Die gegewens in tabel 3.5 toon verder dat kennis wat opgebou is

deur waarneming (57,40 persent), sosiale kontak (56,90 persent), die pers (50,00 persent) en oorvertellinge (38,10 persent), verhoudinge eerder bevorder as benadeel, terwyl die teendeel waar is van juridiese kontak (43,60 persent), die radio (54,90 persent) en die lees van speurverhale (52,80 persent).

Ten spyte daarvan dat die meerderheid van mening is dat polisie-optredes in die algemeen verhoudinge met die publiek bevorder, dui die gegewens daarop dat verhoudinge in 'n groter mate versteur word as wat met professionele dienslewering versoenbaar is.

#### 3.4.4 Vertroue in die gesagstruktuur

Wanneer dit in gedagte gehou word dat die polisie die sigbare simbool en verteenwoordiger van die gesagstruktuur is, hou onprofessionele dienslewering nie alleen ernstige implikasies in vir gesonde verhoudinge tussen die polisie en die publiek nie, maar ook vir die verhoudinge tussen die samelewing in die algemeen en die gesagstruktuur.

Die blote delegasie van die polisiefunksie, veronderstel vertroue in die owerheid dat die gedelegeerde magte ooreenkomstig individuele aansprake uitgevoer sal word. As beskermheer van die belange en aansprake van elke individu, moet die gesagstruktuur toesien dat die verwagtinge wat uit hierdie vertrouensverhouding voortvloei, beslag kry in die wyse waarop die reg uitgevoer en toegepas word. Dit bring mee dat alle polisie-optredes op so 'n wyse moet geskied dat hierdie vertroue in die gesagstruktuur nie geskend word nie. Die verpligting om die integriteit van die gesagstruktuur te bewaar, is derhalwe 'n integrerende deel van die polisietaak. Wanneer die integriteit van die gesagstruktuur in gedrang gebring word deur die wyse waarop die polisiefunksie tot uitvoering kom, kan daar nie sprake wees van doeltreffende polisi-

ëring nie.

Meer as een derde (35,90 persent) van die ondersoekgroep huldig die mening dat vertroue in die gesagstruktuur geskaad word deur polisie-optredes in die algemeen. Slegs 50,00 persent verwerp die stelling terwyl 14,10 persent onseker is of polisie-optredes meebring dat vertroue in die gesagstruktuur verlore gaan (tabel 3.6).

In teenstelling met die Blanke respondente wat die standpunt huldig dat polisie-optredes nie hul vertroue in die gesagstruktuur skaad nie (83,60 persent), meen die meerderheid Asiërs (51,50 persent) en Kleurlinge (47,80 persent) dat dit wel die geval is. Hierdie beduidende verskil ( $V=191,44 > 9,49$ ) hou ernstige implikasies vir die reeds sensitiewe verhoudingsvraagstuk in. Dit kan moontlik toegeskryf word aan òf partydige en onbillike polisiëring wat die menswaardigheid van minderheidsgroepe misken, òf aan bevooroordeelde gesindhede teenoor die polisie en die gesagstruktuur wat uit sogenaamde diskriminerende wetgewing voortvloei.

Daar is geen beduidende verskille in die standpunte van mans en vrouens nie (tabel 3.6). Dit val egter op dat meer as een derde van beide geslagte van mening is dat polisie-optredes meebring dat hulle vertroue in die gesagstruktuur verloor.

Die gegewens in tabel 3.6 toon verder dat die meerderheid van die onderskeie ervaringsgroepe die standpunt huldig dat polisie-optredes nie hul vertroue in die gesagstruktuur skaad nie. Die juridiese ervaringsgroep verwerp die betrokke stelling in die grootste enkele mate (64,10 persent) terwyl diegene wat in sosiale kontak met die polisie was, dit die meeste ondersteun (45,80 persent). Dit bevestig dat die polisierol vanuit 'n bepaalde erva-

Tabel 3.6

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT POLISIE-OPTREDE IN DIE ALGEMEEN  
VEROORSAAK DAT VERTROUWEN IN DIE GESAGSTRUKTUUR VERLOOR WORD

Veranderlike	Standpunt			
	Ja	Nee	Onseker	Totaal
<u>Bevolkingsgroep</u>				
Asiër (N=241)	51,50	40,70	7,80	100
Blank (N=232)	7,30	83,60	9,10	100
Kleurling (N=245)	47,80	27,30	24,90	100
Totaal (N=718)	35,90	50,00	14,10	100
<u>Geslag</u>				
Man (N=345)	35,10	49,30	15,60	100
Vrou (N=373)	36,70	50,70	12,60	100
Totaal (N=718)	35,90	50,00	14,10	100
<u>Ervaringsgroep</u>				
Juridies (N=39)	25,60	64,10	10,30	100
Sosiaal (N=72)	45,80	47,30	6,90	100
Oorvertelling (N=63)	36,50	42,90	20,60	100
Pers (N=118)	26,30	53,40	20,30	100
Radio (N=122)	36,10	47,50	16,40	100
Speurverhale (N=53)	24,50	58,50	17,00	100
Waarneming (N=251)	41,40	48,20	10,40	100
Totaal (N=718)	35,90	50,00	14,10	100

ringsveld beoordeel word en beklemtoon die objektiewe beoordeling van persoonlike ervarings, dit wil sê werklike, direkte kontak tussen die polisie en die publiek.

### 3.5 SAMEVATTING

Die verhoudings tussen die polisie en die publiek is een van

interafhanklikheid wat ondersteuning, samewerking, wedersydse vertroue en respek en agting veronderstel. Dit beteken dat onderlinge verhoudinge hiervolgens gerig en gereël moet word. Trouens, dit is absolute voorvereistes vir die gedying van goeie onderlinge verhoudinge en doeltreffende polisiëring.

Vir enige professionele polisie-instelling wat op professionele dienslewering aanspraak maak, is dit in die moderne samelewing noodsaaklik om van die aard van bestaande verhoudinge kennis te neem, oor die implikasies daarvan op doeltreffende ordehandhawing te besin en regstellende maatreëls te neem waar dit nodig blyk te wees.

Dat daar volgens die mening van die respondente verskeie struikelblokke in die weg van goeie onderlinge verhoudinge tussen die Suid-Afrikaanse Polisie en die publiek bestaan, blyk veral daarin dat

- bykans 'n kwart (23,20 persent) van die ondersoekgroep van mening is dat die Suid-Afrikaanse Polisie ondoeltreffend tot uikers ondoeltreffend is in die hantering van die misdadvraagstuk in die algemeen;
- die laer doeltreffendheidsaanslag deur Asiërs en Kleurlinge op ongelyke dienslewering dui;
- minder as die helfte (49,40 persent) van die ondersoekgroep hoë respek en agting vir die Suid-Afrikaanse Polisie het;
- slegs 46,80 persent van die ondersoekgroep van mening is dat polisie-optredes in die algemeen verhoudinge tussen die polisie en die publiek bevorder;
- meer as een derde (35,90 persent) van die ondersoekgroep die standpunt huldig dat polisie-optredes in die algemeen veroorsaak dat vertroue in die gesagstruktuur verlore gaan; en

- dat die houding van die respondente inderdaad daarop dui dat verhoudinge tussen die polisie en die verskillende bevolkingsgroepe nie in gelyke mate deur polisie-optrede bevorder en verstewig word nie.

Stewige verhoudinge tussen die polisie en die publiek is 'n begeerde ideaal waarvoor geen opoffering te hoog gereken moet word nie. Die verpligting wat daar op die polisie rus om, as aktiewe vennoot, gesonde onderlinge verhoudinge met die publiek te skep en te handhaaf, bring mee dat die polisie hard daarvoor sal moet werk en beplan. Goeie verhoudinge ontstaan nie slegs deur goed en vriendelik teenoor mekaar te wees nie. Daar is te veel ander vraagstukke en struikelbokke in die weg wat geïdentifiseer, opgeklaar en uit die weg geruim moet word.

Benewens die inherente dwingende aard van polisiëring, soos onder andere die aard van polisiegesag en -mag, wat deur die beheermaatreëls 'n bedreiging inhou vir individuele regte, kan die verhoudingspatroon wat in die interne beroepsomgewing gevorm word en talle faktore en gebreke wat in die uitvoering van funksionele verrigtinge tot uiting kom, houdings by beide die polisie en die publiek vorm wat verhoudinge tussen die polisie en die publiek nadelig kan beïnvloed.

Groter duidelikheid oor houdings soos vooroordele, stereotipering, polisiebruuskheid en diskriminerende polisiëring, is, vir 'n ondersoek van hierdie aard, noodsaaklik om tot groter begrip van die verhoudingsvraagstuk te kom.

HOOFSTUK 4VOORORDEEL

## 4.1 INLEIDING

Polisiëring van die samelewing kom tot uiting in 'n eksterne beroepsomgewing wat 'n groot verskeidenheid kontaksituasies met die algemene publiek omsluit. By elke kontaksituasie is daar wederkerige handeling en bepaalde gedragsverwagtinge wat 'n bepaalde soort houding tot gevolg het. Dit is juis hierdie houdings, gesindhede en vooroordele wat uit die interaksieprosesse voortvloei, wat verhoudinge tussen die polisie en die burgers kan beïnvloed, want polisiëring van die samelewing geskied binne die struktuur van bepaalde verhoudinge wat neerkom op 'n onderlinge verstandhouding tussen die polisie en die samelewing - 'n onderlinge verstandhouding wat gegrond is op wederkerige verwagtinge en verpligtinge wat belangrik is vir die aard van verhoudinge tussen die polisie en die samelewing. Nie-konformering aan die verwagtinge en verpligtinge van daardie verstandhouding, beteken dat die optrede en deelname van beide die polisie en die publiek nie in ooreenstemming is met die betrokke verwagtinge en verpligtinge nie. Wanneer die polisie en die publiek nie voldoen aan die verwagtinge en verpligtinge van die onderlinge verstandhouding nie, beteken dit dat die gesindhede en houdings wat hieruit voortspruit, bepalend kan wees in hul gedrag en verhouding teenoor mekaar.

Een tipe houding wat veral deurslaggewend kan wees en 'n besondere uitwerking op die verhouding tussen die polisie en die publiek kan hê, is vooroordeel van die een teenoor die ander, of te wel, wedsydse vooroordeel.

## 4.2 OMSKRYWING EN KOMPONENTE VAN VOORORDEEL

Die begrip "vooroordeel" is afkomstig van die Latynse Praejudicium

(Allport, 1958: 7) en volgens du Toit (1974: 64) het dit oorspronklik 'n oordeel beteken wat op vorige besluite en ondervinding gebaseer is. Dit het aanleiding gegee tot die betekenis van haastige oordeel - die neiging om vooraf te oordeel. Volgens Van Heerden (1976: 95) is vooroordeel 'n soort houding teenoor voorwerpe, persone, groepe of waardes wat gegrond is op eng, oppervlakkige of beperkte inligting, assosiasie of ervaring. Alhoewel die oordeel hiervolgens volg op een of ander vorm van kennis of ervaring, meen Frazier, soos aangehaal deur Berry (1965: 298) dat - "Prejudice is a pre-judgement in the sense that it is a judgement concerning objects and persons not based upon knowledge or experience". Dit impliseer 'n oordeel wat ongegrond is, 'n oordeel sonder voldoende regverdigingsgronde, of te wel, 'n oordeel wat vooraf gevorm is sonder die nodige ervaring of oorweging van die werklike feite.

Vir Banton (1973: 62) is vooroordeel 'n houding wat met emosionaliteit gekleur is. Hierdie emosionaliteit is volgens Wirth, soos aangehaal deur Berry (1965: 298) eensydig, wat, volgens Rose (1961: 35), òf negatief òf positief kan wees. Alhoewel vooroordeel meestal 'n negatiewe inslag het, wys Patrick (1972: 119) daarop dat vooroordeel inderdaad ook positief van aard kan wees. 'n Oordrewe of onrealistiese gunstige houding wat 'n persoon teenoor sy eie groep inneem, kan hiervolgens dien as 'n voorbeeld van 'n positiewe vooroordeel (Nieuwoudt, 1973: 11). Hierteenoor is negatiewe of positiewe houdings teenoor buitengroepe wat op werklike feite berus, egter geen vooroordeel nie.

Die omskrywing van Ackerman en Jahoda (1950: 3-4) is meer gerig op vooroordeel as 'n groepsverskynsel wanneer hulle die begrip soos volg omskryf - "Prejudice is a pattern of hostility in interpersonal relations which is directed against an entire group, or against its individual members; it fulfills a specific irrational function

for its bearer". Ehrlich (1973: 8) sluit hierby aan met sy standpunt van - "By prejudice we mean an attitude toward any group of people. These attitudes may be positive or negative, accurate or inaccurate". Hiervolgens is vooroordeel 'n spesifieke soort houding wat intergroepverhoudinge aandui. Wat vooroordeel as groepsverskynsel betref, bestaan daar byvoorbeeld verskeie maatskaplike groepe wat die voorwerp van vooroordele vorm, soos onder andere, anti-vrou groepsvooroordele - vrouens is swak motorbestuurders en anti-intellektuele groepsvooroordele - professore is deur die wind en verstrooid.

Dat vooroordeel 'n houding is wat op oorkategorisering en oorveralgemening neerkom, blyk uit Simpson en Yinger (1953: 14) se standpunt dat vooroordeel 'n predisposisie is wat voortvloei uit bepaalde stimuli om op 'n gegewe manier te reageer teenoor 'n bepaalde kategorie of groep. Hier word 'n bepaalde eienskap of optrede van 'n individu veralgemeen as synde die van die groep wat hy verteenwoordig. Hierdie oorkategorisering en oorveralgemening vorm die basis vir die mens se vooroordele soos dit in stereotipes vergestalt word. Radelet (1973: 173) stel dit treffend - "Stereotyping or overcategorization is one of the working tools of prejudice. It is a sweeping generalization regarding an entire group or category".

Vooroordeel is ook 'n waarde-oriëntasie. Kluckhohn (1951: 411) omskryf waarde-oriëntasie as "... a generalized and organised conception, influencing behavior, of nature, of man's place in it, of man's relation to man, and of the desirable and nondesirable as they may relate to man, environment and interhuman relations". Volgens Viljoen (1973: 15) is vooroordeel juis 'n veralgemeende benadering wat die gedrag van die individu en verhoudinge tussen mense beïnvloed. Dit is met ander woorde, in ooreenstemming met bogenoemde definisie, 'n waarde-oriëntasie, en meer spesifiek 'n negatiewe waarde-oriëntasie, omdat dit op veralgemening berus wat gepaard gaan

met negatiewe opvattinge voordat daar werklike ervarings was. Schuman en Harding (1964: 353-371) se standpunt is dat vooroordeel 'n negatiewe waarde-oriëntasie is, omdat dit drie 'ideale norme' verbreek naamlik -

- (i) rasionaliteit - in hierdie geval word vooroordeel bevestig deur onredelike gedrag wat weerspieël word deur oorveral-gemenings en die handhawing van standpunte wat nie verband hou met die werklikheid nie;
- (ii) regverdigheid - wat verontagsaam word deur diskriminerende optredes waardeur alle samelewingslede nie eenders behandel word nie; en
- (iii) menslikheid - onverdraagsaamheid, 'n onvermoë om ander te aanvaar, minagting van die menswaardigheid van alle individue, die gebruik van skeldname, ensovoorts, is volgens hierdie norm vorme van vooroordeel.

Samevattend kan vooroordeel in die algemeen beskou word as 'n negatiewe houding en intergroepverskynsel wat, op grond van geen of onvolledige kennis en inligting, oorkategorisering en oorveralgemening tot gevolg het. Omdat vooroordeel 'n soort houding is, omsluit dit die kognitiewe-, affektiewe- en handelingsgereedheidskomponente van 'n houding.

Die kognitiewe komponent van 'n houding berus op basiese aannames of veronderstellings en kan volgens Nieuwoudt (1970: 11), 'n persoon se geloof of oortuiging in verband met 'n saak of groep verteenwoordig. Hierdie komponent het derhalwe betrekking op die wyse waarop 'n individu 'n bepaalde groep waarneem en ook op die verwagtinge en beeld wat daar by die individu van die groep of groepe bestaan. Volgens Viljoen (1973: 7) moet die kognitiewe prosesse van die mens nie gesien word as die resultaat van individuele ervaring nie, maar eerder as die gevolg van die individu se

groepslidmaatskap wat sy kognitiewe prosesse beïnvloed. Hierdie waarneming en aannames kan egter foutief wees en die houding gevolglik ook. Vooroordeel as bepaalde kognitiewe instelling is derhalwe 'n houding wat ingeneem word sonder kennis van die nodige feite, dit wil sê 'n houding wat gegrond is op eng, oppervlakkige of beperkte inligting en ervaring. Die bepaalde houding beïnvloed dan die waarneming van en reaksies op die werklike feite (Adinarayan, 1964: 1). So mag daar by die algemene publiek en polisiemanne, bevooroordeelde houdings teenoor mekaar bestaan op grond van foutiewe aanname en gebrekkige kennis.

Die kognitiewe komponent van 'n houding kan ook op stereotipes berus (Nieuwoudt, 1970: 11). Dit kom neer op 'n oortuiging wat heeltemaal of gedeeltelik ongegrond is en wat deur 'n groot aantal persone as die waarheid geglo word. Die individuele waarneming en beoordeling van ander mense en groepe word beïnvloed deur die groep of groepe waaraan hy behoort, dit wil sê dit is die resultaat van die individuele groepslidmaatskap wat sy kognitiewe prosesse beïnvloed. So kan publieke vooroordeel byvoorbeeld voorkom in die vorm van 'n stereotipe dat alle polisiemanne skelm en korrup is en nie vertrou kan word nie (stereotipering as 'n bepaalde dimensie van die kognitiewe vlak word volledig in hoofstuk 5 bespreek).

Die affektiewe (emosionele) komponent van 'n houding het veral betrekking op die emosies wat aan die houding gekoppel is. Dit wendel om die beoordeling van werklike ervaring. Simpson en Yinger (1953: 13) omskryf vooroordeel ook as 'n emosionele onbuigbare houding, terwyl Banton (1973: 62) dit beklemtoon dat vooroordeel 'n soort houding is waarin emosionele faktore 'n belangrike rol speel wanneer hy verklaar - "Prejudice is a motive. It is an emotional and rigid attitude which tends to produce and justify discriminatory conduct". Volgens Adinarayan (1964: 1) en Vosk

(1953: 353) kan die emosionele komponent van 'n houding die vorm van afsydigheid, onredelikheid, vyandigheid, aggressie, ensovoorts, aanneem. Hiervolgens kan oordrewe agterdogtigheid van die polisie teenoor 'n bepaalde groep op vooroordeel neerkom, terwyl die aard van die emosionele element in 'n houding dat polisiemanne net goed is om die "vuil" werk in die samelewing te doen, antagonisme en onredelikheid impliseer - 'n aanduiding dat 'n individu of groep teenoor die polisie bevooroordeeld is.

Die handelingsgereedheidskomponent (aksie) sluit alle gedragsgereedhede in wat aan 'n bepaalde houding gekoppel is. Die houding wat 'n individu of groep oor 'n bepaalde saak, voorwerp of groep inneem, gee aanleiding tot 'n predisposisie of begeerte by hom om op 'n bepaalde wyse op te tree. Patrick (1972: 126) onderskei die volgende wyses waarop ongunstige of negatiewe vooroordele in die gedrag van die mens gemanifesteer word, naamlik:

- (i) Verbale aanval - vooroordeel word verbaal met vriende, bekendes of kollegas, wat min of meer dieselfde menings huldig, gedeel en kan weerspieël word deur vyandige, kwetsende, afbrekende of degraderende opmerkings teenoor ander mense, ongegronde beskuldigings en die wyse waarop hulle aangespreek word.
- (ii) Vermyding - afhangende van die intensiteit van vooroordele, kan dit daartoe aanleiding gee dat die lede van die groepe teenoor wie die vooroordele gehuldig word, ten alle koste vermy word. Onderlinge kontak word tot 'n minimum beperk en gee aanleiding tot differensiasie in "ons"- en "hulle-groepe". Dit bevorder 'n gevoel van andersheid en afkeur, teensin, agterdogtigheid en selfs vyandigheid teenoor die "hulle-groep".
- (iii) Diskriminasie - hier word negatiewe, kwaadwillige vooroordeel in aktiewe, gedetermineerde handelings gemanifesteer

waarin 'n doelbewuste onderskeid gemaak word tussen lede wat aan 'n bepaalde kategorie of groep behoort. Regte, voorregte en aansprake wat algemeen geldend is vir almal, word die groep waarteen gediskrimineer word, misgun of ontnem. Wanneer alle samelewingslede byvoorbeeld nie op 'n menswaardige en beskaafde wyse aangespreek word nie, of wanneer daar doelbewus kant gekies word teen 'n bepaalde bevolkingsgroep, is dit nie alleen 'n aanduiding van bevooroordeeldheid wat die menswaardigheid van individue minag nie, maar ook 'n bevestiging van aktiewe, kwaadwillige onderskeid wat voortspruit uit diepgewortelde negatiewe vooroordele.

- (iv) Fisiese aanval, liggaamlike aanranding en uitwissing - as gevolg van die disposisie of begeerte om op 'n bepaalde wyse op te tree en te reageer, kan vooroordeel geweld, dreigemente van geweld, aanranding en uitwissing tot gevolg hê - veral in 'n situasie waar intense emosies aanwesig is. Die situasie of opset waarin die bevooroordeelde persoon hom bevind, sal egter tot 'n groot mate die werklike handeling of aksie bepaal. Alhoewel redelike toelaatbare fisieke geweld in bepaalde situasies toelaatbaar of geregverdig is, sal onnodige, oormatige en onredelike geweld deur die polisie, nie alleen die bestaan van polisiebruuskheid bevestig nie, maar inderdaad ook neerkom op bevooroordeelde optrede.

Die voorafgaande komponente hoef nie noodwendig afsonderlik en in gelyke mate by almal aanwesig te wees nie. Dit kan individueel in 'n mindere of meerdere mate voorkom, of kan selfs in 'n kombinasie voorkom. Volgens Allport (1954: 14-15) kan die een vorm van negatiewe gedrag wat as gevolg van die handelingskomponent van vooroordeel tot uiting kom, ook geleidelik oorgaan in die volgende. Dit is 'n aanduiding dat vooroordeel 'n komplekse verskynsel is. Dieselfde kompleksiteit maak dit ook onmoontlik om 'n enkele om-

vattende verklaring vir die ontstaan daarvan aan te bied.

#### 4.3 OORSAKE VAN VOORoorDEEL

Verskeie wisselwerkende faktore moet by die verklaring van vooroordeel in ag geneem word. Die oorsake kan in die persoonlikheidsamestelling van die individu, samelewingstruktuur (sosiale faktore) en kultuur setel. Radelet (1973: 175) stel dit treffend dat "No single theory of causation is adequate, and the causative factors are undoubtedly interactive".

##### 4.3.1 Persoonlikheidsfaktore

Vir die doel van hierdie ondersoek word slegs twee ter saaklike benaderings bespreek, naamlik die teorie van die outoritêre persoonlikheid en die frustrasie-aggressieteorie.

##### 4.3.1.1 Die Outoritêre Persoonlikheid

Die postulaat dat vooroordeel 'n funksie van die basiese persoonlikheidsamestelling van die mens is, is die vertrekpunt van hierdie teorie. As funksie setel dit in die karakter (Mynhardt, 1976: 25) wat karakterge kondisioneerde vooroordeel tot gevolg het. Hierdie teorie beklemtoon dus 'n spesifieke persoonlikheidsamestelling in 'n poging om duidelikheid te verkry waarom sommige lede van 'n dominante groep geneigd is tot vooroordeel en ander nie.

Max Horkheimer, 'n Duitse filosoof, het die begrip "outoritêre persoonlikheid" vir die eerste keer beskryf (du Toit, 1974: 71). Hy beskou dit as 'n voortvloeiende uit die vrees vir gesag. Die individu poog om te vergoed vir 'n lae graad van selfbelangrikheid deur middel van 'n kompulsiewe drang na sukses en mag, 'n beheptheid met die mening van ander en 'n oordrewe vooropstelling van sosiale status.

Williams (1964: 83) en Secord en Backman (1964: 80) karakteriseer die outoritêre persoonlikheidstipe as iemand wat -

- (i) sosiale gesag en streng dissipline idealiseer, dit wil sê hy is ingestel op mag en identifiseer graag met magsfigure;
- (ii) geneig is tot algemene stereotipering, konvensionalisme en bygelowigheid;
- (iii) 'n onbuigsame morele oordeel het wat daartoe aanleiding gee dat mense wat nie dieselfde waardes aanhang nie, veroordeel word;
- (iv) oorbehept is met status;
- (v) 'n admirasie vir die sterkere en 'n afkeuring van die swakkere het;
- (vi) mense kategoriseer in goed of sleg en vyandigheid teenoor lede van buitengroepe openbaar;
- (vii) wantrouig is teenoor andere; en
- (viii) wat die wêreld as basies bedreigend, ongeordend en irrasioneel beskou.

Die outoritêre persoonlikheid is geneig tot vooroordeel en ooraggressiwiteit teenoor minderheidsgroepe, dit wil sê, hy demonstreer sy vooroordeel op 'n aggressiewe, baasspelerige wyse. In 'n poging om sy meerderwaardigheid te bewys, is hy geneig om ander te stereotipeer, en, in 'n poging om sy gesag af te dwing, toon hy 'n oordrewe neiging tot vyandigheid en om op ander neer te sien (Van Heerden, 1976: 101-102). Volgens Reiser (1973: 9) is die outoritêre persoonlikheidstipe gewoonlik onseker van homself en verdra geen onsekerheid of dubbelsinnigheid in ander nie.

Nieuwoudt (1970: 24) is van mening dat die opvoeding wat die individu as kind gehad het, een van die vernaamste faktore in die vorming van die outoritêre persoonlikheid is. Die vooroordele van die outoritêre persoonlikheid spruit dus voort uit 'n bevoor-

oordeelde lewensingesteldheid wat in die sosialiseringsproses op die individuele persoonlikheid oorgedra word. Volgens Pierson (1965: 634) word die vooroordele saam met houdings, waardes en gedragspatrone oorgedra. Williams (1964: 83) is van mening dat outoritêre neigings aan natuurlike psigiese gebreke toegeskryf kan word, maar dit is nie noodwendig in alle gevalle so nie. Du Toit (1974: 72) huldig die standpunt dat outoritêre neigings ook die resultaat van grootskaalse indoktrinering kan wees en dat dit verder tipies van persone in finansiële en sosiaal minderwaardige posisies in die samelewingstruktuur kan wees. L. Wirth het inderdaad bevind dat persone in die laer sosio-ekonomiese klasse, meer geneig is om hul meerderwaardigheid oor andere te verklaar en om meer outoritêr en meer bevooroordeeld teenoor buitengroepe te staan (du Toit, 1974: 72).

#### 4.3.1.2 Die Frustrasie-aggressieteorie

Hierdie teorie kom in wese daarop neer dat frustrasie by die individu aanleiding gee tot aggressie. Wanneer die aggressie nie gerig kan word op die persoon of voorwerp wat daarvoor verantwoordelik is nie, word dit verplaas op iets of iemand anders, dit wil sê 'n 'sondebok'. Vooroordeel is volgens hierdie teorie die verplasing van aggressie op 'n 'sondebok'.

Daar is uiteenlopende standpunte oor watter eienskappe aanwesig moet wees om as 'n 'sondebok' uitgesonder te word. Die keuse kan volgens du Toit (1974: 72-73) beïnvloed word deur sigbaarheid, kwesbaarheid en die mate waartoe die 'sondebok' die bron van frustrasie simboliseer. Nieuwoudt (1970: 17) beklemtoon 'n verhoogde herkenbaarheid as gevolg van psigiese en kulturele eienskappe, kompetisie of konflik met 'n buitengroep, en 'n onvermoë om te verdedig. Sigbaarheid word ook deur Mynhardt (1976: 23) uitgesonder. Die velkleur van 'n persoon mag byvoorbeeld in hierdie geval die

keuse bepaal. Iemand wat om een of ander rede as onaangenaam beskou word, word deur Berkowitz en Green (1962: 293-301) as 'n waarskynlike slagoffer van verplaasde aggressie, en by implikasie vooroordeel, beskou. Dat mans eerder as vrouens as sondebokke uitgesonder word, word deur Harris (1974: 193-198) beklemtoon.

Navorsing deur Fenigstein en Buss (1974: 306-313) toon dat die eienskappe van die 'sondebok' van sekondêre belang is. Die kern van die oorplasing van aggressie lê in die gefrustreerde persoon self. Dit impliseer dat die eienskappe hierbo, slegs die keuse mag beïnvloed en dat dit nie die primêre oorsaak van vooroordeel is nie.

#### 4.3.2 Sosiale faktore

Die samelewing is hier die vertrekpunt. Verskeie faktore wat voortspruit uit en verband hou met die samelewingstruktuur, word hier as moontlike veroorsaking van vooroordeel voorgehou. Vir die doel van hierdie ondersoek word die aandag slegs gevestig op groepsverhoudinge en groepsnorme.

##### 4.3.2.1 Groepsverhoudinge

Groepsverhoudinge kan in 'n groot mate 'n individu se houding teenoor 'n ander groep bepaal. Volgens Nieuwoudt (1970: 27) lei botsings en konflik tussen groepe, noodwendig tot vooroordeel tussen lede van die onderskeie groepe. 'n Uiterste voorbeeld hiervan is oorlog tussen twee lande. Wanneer daar konflik en botsings tussen twee groepe bestaan, konformeer die individu hom gewoonlik met sy eie groep se norme. Secord en Backman (1964: 418) het bevind dat Blankes wat in die algemeen meer geneig is om met die groepsnorme te konformeer, ook die meeste bevooroordeel is. Die bevooroordeelde houding by die individu bly egter voortbestaan selfs nadat die konflik opgelos is.

Ekonomiese, godsdienstige en politieke verhoudinge tussen verskillende groepe kan ook individuele houdings bepaal. Byrne, Clore en Worchell (1966: 220-224) se bevindinge dui daarop dat persone uit dieselfde sosio-ekonomiese klas meer aanvaarbaar vir mekaar is en dat Blankes negatiewe houdings teenoor Nie-Blankes openbaar, bloot omdat hulle 'n ander sosio-ekonomiese status beklee. In die Republiek van Suid-Afrika het Pettigrew (1966: 29-42) bevind dat studente wie se vaders handarbeid verrig, meer bevooroordeel was as ander studente. Ook Coffey is van mening dat persone met 'n lae inkomste, lae opvoedkundige kwalifikasies en wat ongeskoolde beroepe beoefen, meer bevooroordeel is (Coffey et al., 1971: 110).

Godsdienstige verhoudinge is 'n verdere faktor wat vooroordeel in die hand kan werk. Van den Berghe (1962: 55-72) se bevindinge dui daarop dat lede van die N.G.-Kerk die meeste en Jode die minste bevooroordeel is teenoor buite-groepe.

Ook politieke verhoudinge mag vooroordeel op 'n besondere wyse beïnvloed. Orpen (1975: 103-111) het byvoorbeeld bevind dat lede van die Nasionale en Verenigde Party beduidend meer bevooroordeel was as persone wat aan liberale partye behoort het.

#### 4.3.2.2 Groepsnorme

Homans (1950: 123) omskryf 'n norm as - "An idea in the minds of the members of a group, an idea that can be put in the form of a statement specifying what the members or other men should do, ought to do, are expected to do under given circumstances". Cilliers en Joubert (1966: 305) beskou norme as spesifieke gedragsreëls wat sekere handelingse voorskryf, toelaat of verbied.

Nieuwoudt (1970: 35-36) verdeel 'n groep se norme soos volg:

- (i) Volksgewoontes wat na die gebruiklike manier van optrede binne 'n bepaalde kulturele opset verwys. Hiervolgens konformeer individue aan volksgewoontes omdat dit die aanvaarde manier van optrede is.
- (ii) Tradisies wat verwys na daardie norme wat sosiale welstand in die samelewing wil verseker.
- (iii) Wette, dit wil sê norme wat formeel deur wetgewing bepaal is en wat dikwels uit die tradisie van 'n groep voortspruit. Gehoorsaamheid aan hierdie norme word deur die gesagstruktuur verplig by wyse van die afdwinging van die voorgeskrewe gedragsreëls.

Hierdie norme skryf die gedrag en houding voor wat lede teenoor buite-groepe moet inneem. 'n Groepsnorm word dus geskep en die houdings wat daaruit voortvloei word deel van die groepstradisie. Konformering aan die gedragsvoorskrifte, skep 'n groepsvooroordeel met 'n eiesoortige normatiewe basis. Secord en Backman (1964: 418) illustreer dit soos volg - "Once prejudice and discrimination against an outgroup are well established, the accompanying cognitions and feelings concerning the outgroup acquire a normative quality". Dit impliseer dat individuele groepslede dus verplig is om op 'n wyse te handel wat nie bots of teenstrydig is met die normatiewe groepsvooroordeel nie. Lede wat versuim om te konformeer, stel hul bloot aan sanksionering deur die groep, wat 'n verlies aan groepstatus, verbale veroordeling en selfs totale groepsverwerping kan beteken.

Konformering kan tot 'n groot mate beïnvloed word deur -

- (i) omstandighede waar die spesifieke groepsnorm die enigste wyse van handeling is (Kretch et al., 1962: 512);
- (ii) die aantrekkingskrag van lidmaatskap - 'n groepslid sal

- eerder konformeer aan die groepsnorm as om homself in onguns by mede-groepslede te bring (Bass, 1961: 50);
- (iii) groepseienskappe soos grootte, status en die eenvormigheid van groepsopinies (Kretch et al., 1962: 512-515);
  - (iv) die sosiale opset en veral die rol van gevestigde belange (Cilliers en Joubert, 1966: 302-303); en
  - (v) die eienskappe van individuele groepslede soos vrees vir die gevolge van nie-konformering, ondergeskiktheid, gebrek aan selfvertroue, outoritêre neigings, onoorspronklikheid, konvensionele denke, (Blake en Mouton, 1961: 1-37), status, ouderdom en geslag. Individue met 'n lae status neig meer tot konformering as diegene met 'n hoë status, kinders meer as ouer persone en vrouens meer as mans.

#### 4.3.3 Kulturele faktore

Norme, waardes, idees en tradisies kom voor binne 'n bepaalde kulturele verband en gee inhoud aan 'n groepskultuur. Hierdie kulturele inhoud word deur die opvoedings- of sosialiseringproses oorgedra en vestig bepaalde gedragpatrone, houdings en waardes waaronder ook, by implikasie, vooroordeel. In hierdie verband meen Simpson en Yinger (1953: 50) dat ondervinding of kontak met 'n buitegroep nie 'n voorvereiste is vir die ontstaan van vooroordeel nie.

Sosialisering is 'n voortdurende en nimmereindigende proses wat uit verskillende stadia bestaan. Die oordraging van die normatiewe groepsvooroordeel geskied gevolglik ook op al die verskillende stadia. Reeds in die jeug- of kinderjarekanouers as die belangrikste sosialiseringagent, dit aan hulle kinders oordra. Allport (1954: 297) onderskei in hierdie verband tussen -

- (i) die ontwikkeling van vooroordeel by die kind as gevolg van

'n spesifieke opvoeding wat op 'n bepaalde persoonlikheid=  
samestelling uitloop; en

(ii) die aanname van vooroordeel waar bepaalde bevooroordeelde houdings op die kinders oorgedra word. Oordraging, hetsy verbaal of nie-verbaal, geskied volgens Nieuwoudt (1970: 43) deur

- direkte beïnvloeding in die vorm van tugmaatreëls indien die kind met 'n lid van 'n buitegroep meng; en
- indirekte beïnvloeding deurdat die kind die bevooroordeelde wyse waarop ouers teenoor 'n buitegroep optree, waarneem.

Die skool en maats is verdere sosialiseringsagente, veral waar die kind hom met 'n bepaalde groep identifiseer waar groepskohesie 'n belangrike faktor is. Wat die skool betref, is dit ook moontlik dat bepaalde opvoedingsmetodes en die houdings van individuele onderwysers, bevooroordeelde houdings op die kinders kan oordra.

Die belangrikheid van die massa-kommunikasiemedia as kultuurso-sialiseerder, kan nie geïgnoreer word nie. Die pers, die radio en televisie kan 'n beeld van sekere groepe skep wat op bevooroordeelde houdings mag uitloop.

Die belangrikheid van kultuur blyk duidelik uit die ondersoek van Pettigrew (1966: 310-320) waar die invloed van groepsnorme op die vorming van anti-Bantoe vooroordeel aangetoon is. Daar is onder andere bevind dat die Afrikaanssprekende respondent, beduidend meer bevooroordeel is as ander wat nie aan dieselfde norme verbind is nie. Die bevindinge van Mynhardt (1976: 172) bevestig dat dit 'n norm by Afrikaanssprekendes as groep is om negatiewe houdings teenoor Swartes te hê. Ook die bevindinge van Nieuwoudt

(1970: 111) is 'n bevestiging dat Afrikaanssprekende persone be-  
duidend meer bevooroordeel is as Engels- en andertaliges.

In die lig van die kompleksiteit van vooroordeel en die meervou-  
dige inwerking van 'n groot verskeidenheid veroorsakende faktore,  
kan dit verwag word dat vooroordeel, in een of ander vorm, by die  
meeste mense en groepe latent teenwoordig is. Wanneer dit egter  
in oordrewe vorm voorkom wat skadelik of nadelig kan wees vir die  
verhoudinge tussen groepe, kan dit vertroebelend inwerk op weder-  
sydse gedrag in die verhoudingsopset. Oordrewe vooroordeel beïn-  
vloed nie alleen optrede wat op 'n miskenning van basiese begin-  
sels mag neerkom nie, maar verstewig ook die vooroordele van die  
bevooroordeelde.

#### 4.4 VOORoorDEEL IN POLISIëRING

Om die problematiek van vooroordeel in perspektief te plaas binne  
die raamwerk van die verhoudingsvraagstuk in polisiëring, is dit  
nodig om te bepaal of die respondente van mening is dat die poli-  
sie bevooroordeel optree en of die ondersoekgroep bevooroordeel  
teenoor die polisie is.

##### 4.4.1 Polisie-vooroordeel

Tabel 4.1, 'n verwerking van die gegewens in bylae 9 tot 14, toon  
dat die meerderheid van die totale ondersoekgroep (gemiddelde 3,1)  
van mening is dat die polisie nie bevooroordeel optree nie. Oor-  
drewe agterdogtigheid (gemiddelde 3,5), treitering (gemiddelde 3,4)  
en ongegronde beskuldigings teen bepaalde bevolkingsgroepe (gemid-  
delde 3,2) kom die minste voor. Bevooroordeeldheid in die uit-  
voering van pligte (gemiddelde 3,0) en doelbewuste kant kies in  
dispute waarin lede van verskillende bevolkingsgroepe betrokke is,  
val op die neutrale syfer (gemiddelde 3,0) terwyl die menswaardige

wyse waarop samelewingslede aangespreek word (gemiddelde 2,8) as bevooroordeelde beoordeel word.

Tabel 4.1

EVALUERING VAN BEVOORoorDEELDE POLISIëRING VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

Aard van vooroordeel	Gemiddelde			
	Asiër	Blanke	Kleurling	Totaal
Bevooroordeeldheid	2,9	3,6	2,6	3,0
Ongegronde beskuldiging	2,9	3,9	2,9	3,2
Wyse van aanspreek	2,5	3,8	2,3	2,8
Agterdogtigheid	3,3	4,3	2,9	3,5
Treitering	3,0	4,5	2,8	3,4
Doelbewus kant kies	2,6	3,8	2,5	3,0
Totale gemiddelde	2,9	4,0	2,7	3,1

Ofskoon die ondersoekgroep hierdie fasette van vooroordeel hoofsaaklik gunstig evalueer, toon die gegewens dat -

- (i) slegs 13,00 persent van die respondente van mening is dat die polisie nooit in die uitvoering van hul pligte bevooroordeeld is nie (bylae 9);
- (ii) slegs 16,40 persent die mening huldig dat die polisie nooit mense ongegrond beskuldig nie (bylae 10);
- (iii) slegs 18,20 persent van mening is dat alle samelewingslede altyd deur die polisie op 'n menswaardige wyse aangespreek word (bylae 11);
- (iv) net meer as een derde (34,10 persent) van mening is dat polisiemanne nooit sekere bevolkingsgroepe met groter

agterdog as ander bejeën nie (bylae 12);

- (v) 13,00 persent van mening is dat polisiemanne altyd geneig is om sekere bevolkingsgroepe te treiter (bylae 13); en
- (vi) dat slegs 18,30 persent van mening is dat daar nooit doelbewus kant gekies word in dispute waarin lede van verskillende bevolkingsgroepe betrokke is nie (bylae 14).

Die evaluering van Kleurling- (gemiddelde 2,7) en Asiërresponente (gemiddelde 2,9) dui daarop dat hulle van mening is dat die polisie bevooroordeel optree, terwyl die teendeel waar is van Blanke responente (gemiddelde 4,0) (tabel 4.1). Hierdie verskil is beïndigend ten opsigte van bevooroordeelheid in die uitvoering van pligte ( $V=111,48 > 15,51$ ), ongegronde beskuldigings ( $V=122,71 > 15,51$ ), menswaardige wyse van aanspreek ( $V=188,84 > 15,51$ ), groter agterdogtigheid ( $V=172,92 > 15,51$ ), treitering van bevolkingsgroepe ( $V=252,67 > 15,51$ ) en doelbewuste kant kies indispute ( $V=176,41 > 15,51$ ).

Die gegewens toon verder dat -

- (i) slegs 17,30 persent van die Blanke responente van mening is dat polisiemanne nooit bevooroordeel is in die uitvoering van hul pligte nie (bylae 9);
- (ii) meer as die helfte (50,90 persent) van die Blanke responente meen dat polisiemanne hul in 'n meerdere of mindere mate aan ongegronde beskuldigings skuldig maak (bylae 10);
- (iii) slegs 40,90 persent van die Blanke responente die standpunt huldig dat alle samelewingslede altyd op 'n menswaardige wyse aangespreek word (bylae 11);
- (iv) slegs 3,70 persent Kleurling- en 11,20 persent Asiërresponente van mening is dat hulle altyd as Mnr./Mev./Mej. deur polisiemanne aangespreek word (bylae 12); en

- (v) dat meer as een derde (33,60 persent) van die Asiërs en bykans 'n kwart (22,90 persent) van die Kleurlinge in die ondersoek die standpunt huldig dat polisiemanne altyd doelbewus kant kies in 'n dispuut waarin lede van verskillende bevolkingsgroepe betrokke is (bylae 14).

Sowel mans (gemiddelde 3,1) as vrouens (gemiddelde 3,2) in die ondersoekgroep (tabel 4.2) is van mening dat die polisie nie bevooroordeel optree nie. Alhoewel die Asiërmans (gemiddelde 2,8) en -vrouens (gemiddelde 2,9) oënskynlik basies dieselfde standpunt inneem, is daar tog beduidende verskille wat betref die vrouens se gunstiger evaluering van die wyse van aanspreek ( $V=11,78 > 7,81$ ) en doelbewuste kantkies in dispute ( $V=11,78 > 7,81$ ).

Tabel 4.2

## EVALUERING VAN BEVOOROORDEELDE POLISIËRING VOLGENS GESLAG

Aard van vooroordeel	Gemiddelde							
	Asiër		Blanke		Kleurling		Totaal	
	Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou
Bevooroordeeldheid	2,9	2,9	3,7	3,6	2,6	2,6	3,0	3,0
Ongegronde beskuldiging	2,9	2,9	3,9	4,0	2,9	2,9	3,2	3,3
Wyse van aanspreek	2,2	2,7	3,7	3,9	2,3	2,2	2,7	3,0
Agterdogtigheid	3,5	3,2	4,3	4,2	2,9	2,9	3,5	3,4
Treitering	3,0	2,9	4,5	4,5	2,8	2,8	3,4	3,4
Doelbewus kantkies	2,5	2,7	3,8	3,9	2,5	2,4	2,9	3,0
Totale gemiddelde	2,8	2,9	4,0	4,0	2,7	2,6	3,1	3,2

Geen beduidende verskille kom by mans en vrouens van beide Blankes, met die gunstigste, en Kleurlinge, met die ongunstigste evaluasie,

voor nie. Wanneer dit in aanmerking geneem word dat die vrou veel minder in direkte kontak met die polisie kom (vergelyk tabel 1.7), maar desnieteenstaande basies dieselfde standpunte huldig, tree onderlinge familiële en groepsbeïnvloeding in die vorming van vooroordele, hetsy positief of negatief sterk op die voorgrond.

Dat ervaring en kennis van die polisie, benewens groepsbeïnvloeding, 'n uitwerking het op evaluering, blyk uit tabel 4.3 waar die verskillende ervaringsgroepe bevooroordeeldheid by die polisie basies dieselfde aanslaan. Almal het 'n gunstige evaluering, behalwe vir die radio-ervaringsgroep. Die evaluering van die verskillende aspekte wat in aanmerking geneem is, word deur al die groepe in verhouding tot die algemene tendens aangeslaan.

Slegs enkele beduidende verskille kom voor by

- (i) die wyse waarop die publiek aangespreek word ( $V=37,87 > 36,41$ ), wat veral toegeskryf word aan die gunstiger evaluering van die waarnemingsgroep (gemiddelde 3,0);
- (ii) agterdogtigheid ( $V=39,42 > 36,41$ ) en treitering ( $V=51,16 > 36,41$ ) wat deur die radio-ervaringsgroep die laagste aangeslaan word; en
- (iii) doelbewuste kantkies deur die polisie ( $V=39,75 > 36,41$ ), veral as gevolg van die gunstiger evaluering deur die lesers van speurverhale.

Wat veral uit die tabel en bylae 9 en 14 opval is dat respondente wat in direkte kontak met die polisie was (juridiese en sosiale kontak albei 'n gemiddelde van 3,3), in 'n groter mate van mening is dat die polisie nie bevooroordeeld is in hul optredes nie.

Tabel 4.3

## EVALUERING VAN BEVOORoorDEELDE POLISIëRING VOLGENS ERVARINGSGROEP

Aard van vooroordeel	Gemiddelde							
	Juridies	Sosiaal	Oorvertelling	Pers	Radio	Speurverhale	Waarneming	Totaal
Bevooroordeeld	3,0	3,3	3,1	3,1	2,6	2,8	3,0	3,0
Ongegronde beskuldiging	3,1	3,5	3,1	3,2	3,1	3,2	2,9	3,2
Wyse van aanspreek	2,6	2,9	2,7	2,9	2,5	2,8	3,0	2,8
Agterdogtigheid	3,9	3,4	3,7	3,6	3,3	3,5	3,4	3,5
Treitering	3,9	3,6	3,6	3,5	2,9	3,4	3,4	3,4
Doelbewus kantkies	3,2	3,2	2,9	3,0	2,7	3,4	2,9	3,0
Totale gemiddelde	3,3	3,3	3,2	3,2	2,8	3,2	3,1	3,1

4.4.2 Publieke vooroordeel

Die gemiddelde van 3,7 in tabel 4.4, 'n verwerking van die gegewens in bylae 15 tot 18, toon dat die ondersoekgroep nie teenoor die polisie bevooroordeeld is nie. Hierdie standpunt word tot 'n groot mate bevestig deur die gegewens waarvolgens -

- (i) slegs 12,70 persent van mening is dat polisiëmanne net goed is om die "vuil" werk in die samelewing te doen (bylae 15);
- (ii) bykans twee derdes (65,60 persent) nie daarmee saamstem dat polisiëmanne 'n minderwaardige posisie in die samelewing beklee nie (bylae 16);

- (iii) 63,70 persent die stelling verwerp dat alle polisiemanne skelm en korrup is en nie vertrou kan word nie; en
- (iv) dat slegs 17,10 persent daarmee saamstem dat die polisie=diens nie 'n beroep vir 'n intelligente persoon is nie (bylae 18). Hierdie standpunt van die ondersoekgroep dui inderdaad daarop dat die polisieberoep 'n samelewingsdiens is wat besonder hoë eise stel aan die intelligensie van die individu en dit is 'n bevestiging van die bevinding van du Preez (1978: 85-88), Mayet (1976: 113-117), en Van Heerden (1974: 131-135) dat die polisieberoep een van die belangrikste beroepe in die samelewing is waaraan besondere hoë akademiese verwagtinge gestel word.

Tabel 4.4

## PUBLIEKE VOORORDEEL VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

Aard van vooroordeel	Gemiddelde			
	Asiër	Blanke	Kleurling	Totaal
Vuil werk in samelewing	3,3	4,3	3,6	3,7
Minderwaardige posisie	3,4	4,2	3,6	3,7
Skelm en korrup	3,1	4,6	3,4	3,7
Nie 'n beroep vir 'n intelligente persoon nie	3,2	4,6	3,5	3,8
Totale gemiddelde	3,2	4,4	3,5	3,7

Alhoewel die gegewens daarop neerkom dat al drie bevolkingsgroepe (soos in die ondersoek opgeneem) nie bevooroordeeld teenoor die polisie is nie, kom beduidende verskille tussen die Blankes (gemiddelde 4,4), Kleurlinge (gemiddelde 3,5) en Asiërs (gemiddelde 3,2) wel voor. Dit geld vir al die faktore wat in aanmerking geneem is - "vuil" werk in die samelewing ( $V=203,57 > 15,51$ ), minderwaardige posisie in die samelewing ( $V=122,93 > 15,51$ ), skelm en korrup ( $V=286,14 > 15,51$ ) en beroep vir 'n intelligente persoon

( $V=221,56 > 15,51$ ). Dit blyk verder uit die gegewens dat -

- (i) 16,20 persent Asiër- en 16,70 persent Kleurlingresponente die standpunt huldig dat polisiemanne net goed is om die "vuil" werk in die samelewing te doen teenoor slegs 4,70 persent van die Blankes (bylae 15);
- (ii) Asiër- (17,90 persent) en Kleurlingresponente (15,90 persent) in 'n groter mate as Blanke responente (8,20 persent) daarmee saamstem dat polisiemanne 'n minderwaardige posisie in die samelewing beklee (bylae 16); en
- (iii) dat bykans 'n kwart van die Asiër- (24,00 persent) en Kleurlingresponente (23,70 persent) van mening is dat die polisieberoep nie 'n beroep vir 'n intelligente persoon is nie (bylae 18).

Die eensgesindheid tussen die geslagte van die drie bevolkingsgroepe spreek uit tabel 4.5. Dit is tog opvallend dat die Asiër-vrou (gemiddelde 3,2), wie se ervaring van die polisie tot die minimum beperk is (vergelyk tabel 1.7) 'n laer onbevooroordeelheid gevestig het.

Tabel 4.5

PUBLIEKE VOORORDEEL VOLGENS GESLAG

Aard van vooroordeel	Gemiddelde							
	Asiër		Blanke		Kleurling		Totaal	
	Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou
Vuil werk in samelewing	3,5	3,2	4,4	4,3	3,5	3,7	3,8	3,7
Minderwaardige posisie	3,5	3,3	4,2	4,3	3,6	3,6	3,8	3,7
Skelm en korrup	3,2	3,0	4,7	4,7	3,5	3,3	3,7	3,7
Nie 'n beroep vir 'n intelligente persoon nie	3,3	3,2	4,7	4,6	3,5	3,5	3,8	3,7
Totale gemiddelde	3,4	3,2	4,5	4,5	3,5	3,5	3,8	3,7

Tabel 4.6

## PUBLIEKE VOORROEDEEL VOLGENS ERVARINGSGROEP

Aard van vooroordeel	Gemiddelde							
	Juri=dies	Sosiaal	Oorver=telling	Pers	Radio	Speur=verhale	Waar=ne=ming	Totaal
Vuil werk in same=lewing	4,3	3,7	3,6	3,8	3,6	3,7	3,8	3,7
Minder=waardige posisie	3,8	3,8	3,8	3,8	3,7	3,6	3,8	3,7
Skelm en korrup	4,0	3,9	3,8	3,7	3,4	3,5	3,1	3,7
Nie 'n beroep vir 'n intelli=gente persoon nie	4,4	4,0	3,8	3,8	3,4	3,4	3,8	3,8
Totale gemiddelde	4,1	3,8	3,7	3,8	3,5	3,5	3,6	3,7

Die onbevooroordeeldheid van die verskillende ervaringsgroepe (tabel 4.6) is 'n aanduiding dat geen besondere ervaring uitgesonder kan word as die vestiger van vooroordeel, hetsy positief of negatief nie. Wat wel opval is dat onbevooroordeeldheid die hoogste is by daardie respondente wat in juridiese kontak was (gemiddelde 4,1). Hierdie tendens verwerp die algemene opvatting dat persone wat in juridiese kontak met die polisie was, op grond van die 'on-aangename ervaring', bevooroordeeld is. Trouens, dit wil voorkom asof die kontak die teenoorgestelde invloed het, veral as die hoër gemiddelde by al vier aspekte in aanmerking geneem word. Die eerstehandse kennis wat hulle opgedoen het, het klaarblyklik 'n

positiewe invloed gehad, veral as dit in aanmerking geneem word dat 84,60 persent (gemiddelde 4,4) die stelling verwerp dat die polisieberoep nie 'n beroep vir die intelligente persoon is nie (bylae 18). In hierdie opsig verskil hulle beduidend van die ander groepe ( $V=61,39 > 36,41$ ). Hierteenoor val dit uit die tabel en bylae 15 tot 18 op dat die radio en speurverhale, die laagste onbevooroordeeldheid gevestig het (gemiddelde 3,5 onderskeidelik). Bykans 'n kwart (22,70 persent) van die speurverhaal-ervaringsgroep stem byvoorbeeld daarmee saam dat polisiemanne 'n minderwaardige posisie in die samelewing beklee (bylae 16) en 31,10 persent van die respondente wat hul kennis deur middel van die radio opgedoen het, huldig die standpunt dat alle polisiemanne skelm en korrup is en nie vertrou kan word nie (bylae 17).

#### 4.5 SAMEVATTING

Stewige verhoudinge tussen die polisie en die publiek is 'n absolute voorvereiste en noodsaaklike element van doeltreffende polisieëring. Hierdie verhoudinge sou egter nie verstewig kon word indien dit deur wedersydse vooroordele gestrem word nie.

Die voorafgaande gegewens dui daarop dat die ondersoekgroep nie bevooroordeeld teenoor die polisie is nie. Daar is wel beduidende verskille in die houdings van die drie bevolkingsgroepe in die ondersoek, maar met inagneming van die positiewe gemiddeldes kan nie een bevolkingsgroep van bevooroordeeldheid teenoor die polisie beskuldig word nie. Die bevindinge waarvolgens dit blyk dat -

- (i) 12,70 persent van die ondersoekgroep van mening is dat polisiemanne net goed is om die "vuil" werk in die samelewing te doen;
- (ii) 17,10 persent van die respondente in 'n meerdere of

mindere mate daarmee saam stem dat die polisie nie 'n beroep vir 'n intelligente persoon is nie;

- (iii) 8,20 persent van die Blanke-, 15,90 persent van die Kleurling- en 17,90 persent van die Asiërresponente van mening is dat polisiemanne 'n minderwaardige posisie in die samelewing beklee; en
- (iv) 18,50 persent die standpunt huldig dat alle polisiemanne skelm en korrup is en nie vertrou kan word nie kan egter nie geïgnoreer word nie aangesien dit moontlik as 'n geneigdheid tot vooroordeel getipeer kan word. Dit geld veral die Asiërs en Kleurlinge wat by hierdie ondersoek betrek is.

Wat polisie-vooroordeel betref, is die Blanke responente van mening dat die polisie nie bevooroordeel in hulle optredes is nie. Hierteenoor is die Asiër- en Kleurlingresponente wel van mening dat die polisie bevooroordeel optree. Hierdie afleiding vind in 'n groot mate staving in die volgende:

- (i) Slegs 'n geringe persentasie (13,00 persent) van die ondersoekgroep is van mening dat polisiemanne nooit in die uitvoering van hul pligte bevooroordeel is nie.
- (ii) Die mening van 'n groot persentasie van die ondersoekgroep dat polisiemanne mense van dinge beskuldig wat hulle nie gedoen het nie, dit wil sê valse aantygings.
- (iii) Die groot persentasie Asiërs (32,30 persent) en Kleurlinge (33,50 persent) in die ondersoek wat van mening is dat hulle nooit op 'n menswaardige wyse as Mnr./Mev./Mej. aangespreek word nie.
- (iv) Die mening van die Blanke responente dat alle samelewingslede nie altyd op 'n menswaardige wyse aangespreek word nie

(slegs 40,90 persent is van mening dat alle samelewingslede altyd op 'n menswaardige wyse aangespreek word).

- (v) Die bevindinge wat daarop dui dat Asiërs en Kleurlinge klaarblyklik met groter agterdog bejeën word as Blankes. Geen bevolkingsgroep of ras kan van nature as misdadig beskou word nie. Alhoewel agterdogtigheid en die verbandhoudende neiging tot kategorisering as deel van die beroepspersoonlikheid van die polisieman beskou kan word, kan daar geen regverdiging wees vir oordrewe agterdog teenoor bepaalde bevolkingsgroepe nie.
- (vi) Die mening van slegs 9,30 persent Kleurlinge en 14,50 persent Asiërs in die ondersoekgroep dat polisiemanne nooit doelbewus kant kies in dispute waarin lede van verskillende bevolkingsgroepe betrokke is nie.

As volledige mens, het die polisieman ook sy eie houdings en vooroordele wat bloot menslik is. Die polisieman bevind hom egter in 'n ander posisie as lede van ander groepe. Hy is die sigbare simbool van die gesagstruktuur en die verteenwoordiger van regs-gelykheid, regsonpartydigheid en regverdigheid. Dit vereis dat persoonlike vooroordele ondergeskik moet wees aan die verantwoordelikheid wat die gesagsposisie meebring.

Wanneer hierdie private en persoonlike houdings en vooroordele verswarend inwerk op die uitvoering van sy taak, met ander woorde, wanneer hy bevooroordeeld is in die uitvoering van sy pligte, soos wat die Asiër- en Kleurlingrespondente van mening is, gee dit aanleiding tot 'n gevoel van bedreiging en vyandigheid tussen die polisie en die publiek. Dit bederf onderlinge begrip en skep geen atmosfeer waarbinne stabiele onderlinge interaksie kan plaasvind nie en gee aanleiding tot negatiewe verhoudinge tussen die polisie en die publiek. Negatiewe funksionele verhoudinge kan in ongunstige

wedersydse stereotipering manifesteer wat onderlinge verhoudinge verder kan versteur.

HOOFSTUK 5STEREOTIPERING

## 5.1 INLEIDING

Uit die bespreking van vooroordeel in die voorafgaande hoofstuk, het dit duidelik geblyk dat vooroordeel 'n houding en meer spesifiek 'n bepaalde soort houding is wat 'n intergroepsverhouding aandui. Dit het verder geblyk dat vooroordeel as houding uit dieselfde samestellende komponente bestaan wat by die algemene houdings van die mens aangetref word, naamlik die kognitiewe, die affektiewe en die aksie- of gedragskomponente.

Ontleding van hierdie komponente het aangetoon dat die kognitiewe openbaar word in die beeld wat gevorm word van die "hulle-groepe" en dat dit tot uiting kom in die ontwikkeling en bestaan van stereotipes as verskynsel. Die affektiewe komponent word vergeestalt in die ontstaan van emosies soos vrees, wantroue, simpatie ensovoorts teen die "hulle-groepe", terwyl die aksiekomponent van vooroordeel openbaar word of tot uiting kom in die sosiale afstand wat daar tussen groepe gehandhaaf word.

Hiervolgens is dit duidelik dat die groepsnorm van vooroordeel dikwels die gestalte van negatiewe stereotipes kan aanneem en dat stereotipering gebruik kan word om 'n bepaalde norm van vooroordeel te steun of te regverdig of anders gestel, 'n stereotipe kan dien as 'n meganisme ter regverdiging van die kategoriese aanvaarding of verwerping van 'n groep (Allport, 1954: 192). Wanneer dit in gedagte gehou word dat die inhoud van 'n groepsnorm in 'n groot mate op die aard van verhoudinge tussen groepe berus, kan dit aanvaar word dat, indien daar swak of ongesonde verhoudinge tussen groepe bestaan, dit van die groepslede verwag sal word om 'n

negatiewe of ongunstige houding teenoor die ander groep in te neem en sal stereotypes teenoor die ander groep swak of negatief van aard wees. Dit beklemtoon dat stereotipering van uiters groot belang in menslike funksionering is. Allport (1954: 200) stel dit treffend soos volg "... they aid people in simplifying their categories; they justify hostility; sometimes they serve as projection screens for our personal conflict".

## 5.2 OMSKRYWING

Die begrip 'stereotype' is aanvanklik in die drukkuns gebruik om na 'n vaste drukvorm of stereotiepdruk te verwys. Die woord is afgelei van die Griekse woorde stereo wat solied en onbuigsaam beteken (Drever, 1968: 282), en typos wat indruk of model beteken. Volgens Viljoen (1972: 74) kan dit ook in verband gebring word met die Latynse woord typus wat beeld of figuur beteken.

Volgens Young (1951: 189) word algemeen aanvaar dat Walter Lippmann die vader van die begrip in geesteswetenskaplike verband is. Lippman verwys in sy werk, Public Opinion (1922: 95), daarna as "pictures in our heads". Hy omskryf stereotypes as "... an ordered more or less constant picture of the world, to which our habits, our tastes, our capacities, our comforts and our hopes adjusted themselves. They may not be a complete picture of the world, but they are a picture to which we are adapted. In that world people and things have their well-known places, and do certain expected things. We feel at home there. We fit in. We are members. We know the way around ... its grooves and shapes are where we are accustomed to find them".

Viljoen (1973: 44-45) onderskei tussen die funksionele- en tipologiese komponente van die begrip. Die funksionele verwys na en beklemtoon die funksies wat stereotypes vervul. Hierdie gedagte

kom ook voor in die omskrywing van Edwards (1940: 357) - "A stereotype is a stimulus which arouses standardized preconceptions which are influential in determining one's responses to the stimulus", en Vinacke (1949: 265) - "Stereotypes may be defined as the tendency to attribute generalized and simplified characteristics of groups of people in the form of verbal labels, and to act towards the members of those groups in terms of those labels".

Tipologies val die klem op die besondere eienskappe van stereotypes. Vir Rath en Das (1958: 373) val die klem op "... socially conditioned habits of thought acquired by the people from the common stock of the widely prevalent and readily available verbalized concepts". Duijker en Frijda (1960: 115) beklemtoon veral die evaluatiewe eienskap - "A stereotype we shall define as a relatively stable opinion of a generalizing and evaluative nature. A stereotype refers to a category of people (a national population, a race, a professional group, etc.) and suggests that they are all alike in a certain respect. Furthermore, it contains implicitly an evaluation. That is to say, it is either favourable or unfavourable".

Beide Allport (1954: 191) en Radelet (1973: 183) beklemtoon die eienskap van oorveralgemening wat met stereotipering gepaard gaan, terwyl Klineberg (1951: 505) stereotypes as foutiewe, veralgemenings beskou. Katz en Braly (1935: 181) sluit grootliks hierby aan - "a stereotype is a fixed impression which conforms very little to the facts it tends to represent, and results from our defining first and observing second".

Vir Triandis en Vassiliou (1967: 316) gaan dit om die persoonlike kenmerke of eienskappe wat aan persone of groepe toegeskryf word. Hulle onderskei ook tussen outo- of self-stereotypes, met ander woorde dit wat 'n groep oor homself huldig, en hetero-stereotypes,

met ander woorde die stereotypes wat ander groepe huldig.

Meij (1967: 6) omskryf stereotypes soos volg - "Stereotiepe is negatief of positief-evaluerende veralgemenings omtrent die kenmerke (en veral karaktertrekke) van 'n kategorie van mense (bv. 'n volk, 'n stam, ras, kaste, ens.). Hierdie veralgemenings is relatief star en onveranderbaar en word redelik eenstemmig deur die stereotiperende groep onderskryf. Die waarheid al dan nie wat daar in 'n stereotipe steek, is 'n kwessie van dispuut, maar dat stereotipe 'n eensydige prentjie van 'n saak gee, blyk uit die aard van enige veralgemening".

### 5.3 KENMERKE VAN STEREOTIPES

Kenmerke soos die kognitiewe, veralgemening of kategorisering, verbalisering, evaluasie, konstantheid en die kern van waarheid, kom by herhaling in omskrywings voor. Om tot groter begrip te kom oor die komplekse betekenis van stereotipering, word daar kortliks op hierdie kenmerke gelet.

#### 5.3.1 Die kognitiewe dimensie van intergroephoudings

Viljoen (1973: 42) is van mening dat stereotypes 'n dimensie van etniese vooroordeel is wat in òf die kognitiewe, òf die affektiewe òf die gedragskomponent realiseer. Kuppuswamy (1961: 325) verklaar in hierdie verband "... in our analyses of prejudice we have seen that there are two factors operating. We first took up the cognitive factor and showed how there will be a set of beliefs concerning the groups towards which there is prejudice ... certain stereotypes developed and we have seen that the beliefs expressed in these stereotypes are very persistent. ... Secondly, prejudice manifests itself in an attitude unfavourable to the other group. This is the essence of social distance. The prejudiced group keeps

the other groups at varying distances depending upon the intensity of the unfavourableness of attitudes towards that group".

Saenger en Flowerman (1954: 217-238) wys spesifiek daarop dat vooroordeel oor 'n affektiewe (emosionele) komponent beskik wat weer=spieël word in die vyandigheid teenoor 'n bepaalde groep, asook 'n kognitiewe komponent wat tot uiting kom in 'n spesifieke stereotiepe beeld van die groep. Dat stereotipes, as dimensie van vooroordeel, 'n kognitiewe komponent van intergroephoudings uitmaak, blyk ook duidelik uit McGuire (1969: 155) se stelling - "The cognitive component of attitudes (also called the perceptual, informational or stereotypic component) refers to how the attitude object is perceived, its conceptual connotation - it is the 'stereotype' the person has of the attitude object".

### 5.3.2 Proses van veralgemening of kategorisering

Volgens Barnard (1975: 18) is vergelyking, selektiewe waarneming, veralgemening en kategorisering universele menslike kognitiewe prosesse. Allport (1954: 20) beskryf dit soos volg - "The human mind must think with the aid of categories (the term is equivalent here to generalizations). Once formed, categories are the basis for normal prejudgement. We cannot possibly avoid the process. Orderly living depends upon it".

Kategorisering behels, volgens du Toit (1974: 63), gewoonlik groepering op grond van die mees algemene ooreenkomste van unieke objekte. Dit impliseer dus altyd die ignorering van sekere kwaliteite, hoedanighede of eienskappe en die selektiewe beklemtoning van andere.

Veralgemening word deur Viljoen (1973: 48) beskou as die toekenning van veralgemeende en vereenvoudigde eienskappe aan individue en

groepe. Beide Meij (1967: 4) en Duijker en Frijda (1960: 115) beklemtoon dit dat stereotipering op veralgemening ten opsigte van die eienskappe van iets wat tot 'n sekere kategorie behoort, neerkom. Allport (1954: 192) sluit hierby aan wanneer hy sê, "a stereotype, then, is not a category, but often exists as a fixed mark upon the category". Dit kom kortliks op die volgende neer: poli-siemanne as sodanig is 'n kategorie, maar vaste eienskappe soos byvoorbeeld korrup, skelm, ensovoorts, wat aan hulle gekoppel word, is die stereotipe.

Klineberg (1951: 505-515) onderskei tussen stereotipes en ander veralgemenings, dit wil sê veralgemening as 'n normale kognitiewe proses en foutiewe veralgemening wat tot stereotipes lei, deur die geldigheid of geregverdigheid van die veralgemening in aanmerking te neem. Katz en Braly (1935: 181) omskryf stereotipes juis as foutiewe veralgemenings waarvolgens foutief, na die mening van ondersoeker, enersyds betrekking het op die feit dat veralgemening nie met die ware feite ooreenkom nie of dat daar nie genoegsame bewyse is om die veralgemening te steun nie, en andersyds dui foutief op die stereotipes wat gebruik word om vooroordeel en/of diskriminasie in die praktyk te regverdig. Brown (1965: 183) wys egter op die probleme om die regverdigheid of geldigheid van 'n veralgemening te bewys, omdat dit moeilik is om te bepaal in watter mate veralgemenings met die werklike feite ooreenkom, en derhalwe omskryf hy stereotipes as veralgemenings wat op etnosentrisme (vooroordeel) berus.

Dit is juis rondom hierdie proses van veralgemening en kategorisering dat een van die mees omstrede dispuutpunte oor die eienskappe van stereotipes verweef is, naamlik die kern van waarheid waaroor stereotipes beskik.

### 5.3.3 Kern van waarheid

Fishman (1956: 28) vat die dispuutpunte oor die kern van waarheid pragtig saam wanneer hy verklaar dat-"Perhaps the oldest and still the most widely ascribed attribute of stereotypes is their alleged content of error and distortion". Hy verwys na die oorspronklike betekenis wat Walter Lippmann aan stereotypes geheg het, naamlik dat-"Lippmann certainly meant to assign the term stereotype to those classes of 'pictures in our heads' that are essentially incorrect, inaccurate, contrary to fact, and therefore undesirable".

Katz en Braly (1935: 181) is van mening dat stereotypes nie op werklike feite gebaseer is nie - "a stereotype is a fixed impression which conforms very little to the facts it tends to represent". Dat stereotypes vals, ongegrond en van die waarheid ontbloot is, word verder ondersteun deur

- (i) Hayakawa (1950:209) wanneer hy stereotypes in verband bring met "widely current misinformation" and with "traditional nonsense";
- (ii) Clarke (1949: 546-549) wat stereotypes gelykstel aan "mythical (i.e. contrary to fact) group attributes";
- (iii) Klineberg (1951: 511) wat verklaar dat "no stereotype must be regarded as even partially 'true' simply because it exists"; en
- (iv) die meer resente navorsing van Brigham (1971: 25), waarin hy verwys na die bevinding van La Piere dat die stereotipe opvattinge van Armeense arbeiders in Kalifornië, as synde oneerlik, skelm, leuenaars en moeilikheidsmakers, glad nie ooreengestem het met hofrekords, besigheidskredietwaardigheid en welsynshulp nie.

Hierteenoor is daar die standpunte van ondersoekers wat meen dat

stereotipes wel oor 'n kern van waarheid beskik. Vinacke (1949: 285) kom in sy ondersoek tot die gevolgtrekking dat "there is no reason to suppose that the stereotypes obtained in this study are totally false pictures of the groups characterized ... This conclusion is borne out by the fact that each group recognized in itself some of the traits assigned by others ... nor are these always the favourable traits". Triandis en Vassiliou (1967: 324) wys in hulle ondersoek daarop dat stereotipes wel oor 'n kern van waarheid beskik, veral in gevalle van noue kontak waar stereotipes op grond van eerstehandse inligting gevorm word. In hierdie verband wys Viljoen (1973: 52) egter op die probleme wat kan ontstaan uit die akkuraatheid van interpersoonlike waarneming en beoordeling.

Vir Sinha en Upadhyay (1960: 93) gaan die belangrikheid van stereotipes egter nie om die waarheid of onwaarheid (geldigheid of ongeldigheid) daarvan nie. Vir hulle is die belangrikheid daarin geleë dat stereotipes wel bestaan en dat dit veral die wyse is waarop lede van groepe mekaar waarneem, en die implikasies wat dit vir onderlinge verhoudinge tussen mense inhou, wat van wesenlike belang is.

#### 5.3.4 Verbale uitsprake

Viljoen (1973: 47) huldig die standpunt dat stereotipes gesien moet word as 'n uitvloeisel van die kognitiewe funksionering van die mens, wat in verbale uitsprake vergestalt. Allport (1954: 176) is dit hiermee eens wanneer hy konstateer dat- "In order to hold a generalization in mind for reflection and recall, for identification and for action, we need to fix it in words".

Rath en Das (1958: 61) meen dat stereotipes vorme van verbale etikettering is, 'n standpunt wat deur Bogardus (1950: 287) gedeel

word - "It (stereotyping) slaps on a label, without enquiring if the label is as general as it implies". Dat stereotypes in verbale uitsprake (en verbale etikette) vergestalt, word ook deur Vinacke (1949: 265-291), Gilbert (1951: 253) en Hayakawa (1950: 208-210) ondersteun.

Fishman (1956: 45-48) beklemtoon veral die taalkundige komponent van stereotipering wanneer hy sê dat-"The very processes of categorizing (Jew, Negro, Italian) and of attaching mediators to categories (shrewd, dirty, excitable) are inextricably interwoven with language", en verder - "There is no completely non-verbal social stereotyping".

Allport (1954: 177) argumenteer dat elke etiket wat op 'n bepaalde persoon of groep van toepassing gemaak word, slegs na een kenmerk of eienskap van die persoon of groep verwys, maar dat kategorieë wat met behulp van sodanige etikette gevorm word, geneig is om ander en meer eienskappe as wat nodig is, aan te trek. Barnard (1975: 31) is van mening dat hierdie bykomende etikette dan eintlik steurings is, of soos Maykovich (1972: 101) dit stel - "What is objectionable about them is their ethnocentrism and prejudice involving a negative attitude, a prejudgement, regarding other individuals in terms of their perceived group affiliation. At the core of the language of prejudice are derogatory terms, used by members of one group to describe the members of another. When openly expressed, they become a form of discrimination".

### 5.3.5 Konstantheid en onbuigsaamheid

Volgens Barnard (1975: 44-45) het konstantheid betrekking op die voortbestaan of weerstand van stereotypes teen verandering oor 'n lang tydperk, terwyl onbuigsaamheid te doen het met die starheid van denke wat met stereotipering gepaard gaan. Vir Viljoen (1973:54)

verwys konstantheid na die voortbestaan van stereotipes van een geslag na die ander. Hy koppel dit dus ook aan die tydsduur, maar met spesifieke verwysing na die inhoud. Starheid of onbuigsaamheid ("rigidity") het volgens hom betrekking op "die sosiaal-sielkundige verskynsel wat in die kognitiewe organisasie van die individu waargeneem word en waarvolgens stereotipes as proses aangewend word om die persoonlike omwêreld te orden".

Fishman (1956: 39) is van mening dat onbuigsaamheid nie noodwendig 'n komponent van stereotipes hoef te wees nie—"Rigidity is not a sine-qua-non of stereotypes". Hy gaan verder en sê, dat onbuigsaamheid nie as eienskap beskou kan word nie as stereotiepe opvattinge konstant bly en daar geen nuwe inligting beskikbaar kom nie, en die beoordelaar se behoeftes, motiewe, belangstelling, die gestereotipeerde en die interaksie tussen die twee, dieselfde gebly het.

Bogardus (1950: 286) huldig die standpunt dat stereotipes wel kan verander, maar slegs met moeite. Volgens Klineberg (1951: 512) blyk dit dat sommige stereotipes wel konstant bly, maar dat ander met verloop van tyd verander. Ook Gilbert (1951: 245-253) het bevind dat sommige stereotipes wel verander, maar dat stereotipes wat op kulturele en historiese gebeure gebaseer is, die neiging tot konstantheid het.

Hierteenoor is Seago (1947: 56-63) die mening toegedaan dat konstantheid 'n integrale eienskap van stereotipes daarstel. In die lig van die teenstrydige bevindinge kom Viljoen (1973: 55) tereg tot die gevolgtrekking dat konstantheid en onbuigsaamheid 'n kenmerk van stereotipes mag wees, maar dat dit nie 'n noodsaaklike komponent daarvan daarstel nie.

### 5.3.6 Evaluasie

Uit die omskrywings het dit geblyk dat stereotipes evaluatief van aard is. Hierdie eienskap hang volgens Barnard (1975: 38) nou daarmee saam dat stereotipes 'n dimensie van intergroepehoudings is.

Gardner, Wonnacott en Taylor (1968: 35-43) het in 'n faktor-analitiese ondersoek bevind dat-"Specific group attitudes and an ethnocentric orientation are clearly related to the tendency to ascribe highly evaluative traits (factor I) suggesting the role of attitudes in what might be termed an evaluative stereotype". Hierdie evaluasie, hetsy gunstig of ongunstig, staan in noue verband met dit wat geëvalueer word. Allport (1954: 226) is van mening dat mense of groepe wat die meeste kennis van ander mense, rasse of groepe het, geneig is om meer gunstige houdings teenoor diesulkes te openbaar. In dieselfde verband verklaar Kuppuswamy (1961: 309) "When we do not like the other group we attribute unfavourable traits to them".

Waar evaluasie oor groepe heen gunstig of ongunstig kan wees, is die evaluasie van die self (selfstereotipes) gewoonlik gunstig (Vinacke, 1956: 130); Duijker en Frijda, 1960: 136 en Buchanon en Cantril, 1953: 57).

## 5.4 DIMENSIES VAN STEREOTIPES

Die algemeen gunstige of ongunstige aard van stereotipes word deur verskillende faktore bepaal.

### 5.4.1 Rigting

Vir Cauthen, Robinson en Krauss (1971: 105-106) verwys rigting na die affektiewe aard van stereotipes, dit wil sê of die evaluasie gunstig of ongunstig, positief of negatief is.

Eenvormigheid in die rigting is vir Edwards (1940: 357-358) van kardinale belang. Die rigting, hetsy positief of negatief, moet ooreenstem met die eienskappe wat geëvalueer word.

#### 5.4.2 Intensiteit

Intensiteit verwys na die graad van gunstigheid of ongunstigheid. Dit spreek gewoonlik uit die stereotipe self, met ander woorde "by a social desirability rating of the traits", of deur 'n afsonderlike rangorde, met ander woorde die beoordeling op grond van voorkeure (Cauthen, et al., 1971: 109).

#### 5.4.3 Eenvormigheid

Eenvormigheid het betrekking op die eenstemmigheid of eensgesindheid waarmee 'n eienskap aan 'n groep toegeskryf word, dit wil sê die mate waartoe 'n persoon se stereotipes met dié van ander lede van sy groep konformeer (Cauthen, et al., 1971: 106 en Edwards, 1940: 358).

Persoonlike kontak word nie as 'n vereiste gestel nie. Eenvormigheid kan ook op konsensus neerkom wat deur ander kanale soos briefwisseling, die massa-media en tweedehandse mondelinge inligting bewerkstellig word (Duijker en Frijda, 1960: 119).

#### 5.4.4 Inhoud

Inhoud het betrekking op die eienskappe of kenmerke wat stereotiperend aan 'n groep toegedig word. Volgens Barnard (1975: 51) bly die inhoud van stereotipes relatief konstant met die verloop van tyd.

Vinacke (1949: 290) beklemtoon die kompleksiteit van stereotipes en die feit dat daar verskille voorkom in die stereotipes wat verskillende groepe (byvoorbeeld mans en vrouens) van ander be-

paalde groepe het "... the two sexes of the same national-racial group often have different stereotypes of a given group, in addition to the fact that each group has a different stereotype of each other group".

## 5.5 DIE ROL VAN STEREOTIPES OP MENSLIKE GEDRAG

Daar is onsekerheid oor die rol van stereotipes op menslike gedrag (Fishman, 1956: 59). Viljoen (1973: 56-57) wys daarop dat die implikasies wat stereotipes vir menslike gedrag inhou in twee kategorieë uiteen val, naamlik dië wat op groepsgedrag en dië wat meer op individuele funksionering betrekking het. Hy waarsku egter dat, wat beide gevalle betref, daar nog weinig navorsing gedoen is. Beïnvloeding berus dus op indirekte afleidings en nie op empiries bewese feite nie.

Stereotipering het in groepsverband 'n belangrike invloed op inter-nasionale, nasionale en rasseverhoudinge (Prothro, 1954: 39; Rath en Das, 1958: 373; Duijker en Frijda, 1960: 125). Die oppervlak-kige evaluering van die self en ander groepe skep 'n gunstige teelaarde vir vyandige verhoudinge (Klineberg, 1951: 505-508).

Op individueel-menslike vlak is dit eksperimenteel bewys dat stereotipes die waarnemings- en beoordelingsprosesse van die individu beïnvloed (Allport, 1954: 180; Razran, 1950: 7-27). Met sy stelling, "We first define and then see ... we are told about the world before we see it", huldig Lippmann (1922: 92) ook die standpunt dat menslike gedrag, waarneming en beoordeling, deur die proses van stereotipering bepaal word.

Klineberg (1951: 507) is van mening dat, afgesien van die invloed wat stereotipes op menslike waarneming mag hê, dit nie alleen ook 'n invloed op interpersoonlike verhoudinge het nie, maar ook op

die gedrag van die mens wat uit hierdie menslike waarneming voort= spruit. Hy verklaar in hierdie verband dat "... the beliefs we hold concerning the characteristics of another people may be more important in determining our relationship with them than their actual behaviour or characteristics". Dat stereotypes die aard van 'n verhouding kan beïnvloed, blyk derhalwe duidelik. Die aard van die beïnvloeding is gewoonlik negatief en skep vyandige verhoudings (Viljoen, 1973: 58).

## 5.6 DIE VORMING VAN STEREOTIPES

Direkte navorsing wat op die oorsprong en vormingsproses van stereotipes gerig is, is uiters min. Daar heers egter eenstemmigheid onder navorsers dat alle houdings deur ervaring ontwikkel.

### 5.6.1 Die leerproses

Die invloed van ouers, as sosialiseringsagente, op die aanleer van stereotypes, word deur Child en Doob (1943: 203) en verskeie ander ondersoekers bevestig. Vir Barnard (1975: 76) is ouers die teelaarde vir die ontwikkeling van agterdog, haat en vrese wat later op buitengroepe gerig mag word. Allport (1954: 297) beklemtoon dit dat kinders tussen vier en ses jaar dikwels skelwoorde en stereotypes aanleer sonder dat hulle van die betekenis daarvan bewus is. Gardner et al., (1970: 321) het ook bevind dat 14-15 jarige kinders in Kanada se algemene houding en stereotypes, met dië van hul ouers ooreenstem.

### 5.6.2 Persoonlike kontak en ervaring

Alhoewel McGuire (1969: 161) spesifiek die standpunt inneem dat alle houdings deur ervaring ontwikkel, meen Viljoen (1973: 64), Bayton en Byoune (1947: 55) en Rath en Das (1958: 373) dat stereotipes slegs gedeeltelik die gevolg is van persoonlike kontak. Beide ervaringe wat voortspruit uit die kontak met primêre groepe

soos familie, ouers en onderwysers, en die gestereotipeerde, is dus van wesenlike belang (Triandis en Vassiliou (1967: 316). Die algemene aard van die kontak, tussen wie en op watter vlak dit plaasvind, is hier van bepalende belang. (Sherif en Sherif, 1953: 221). Devi (1968: 130) het byvoorbeeld bevind dat intieme kontak minder konflik of spanning en derhalwe positiewe beelde (stereotipes), en min kontak baie spanning en negatiewe beelde tot gevolg het.

### 5.6.3 Rol van die massa-media

Die invloed van die massa-media (pers, radio en televisie) in die vorming en verspreiding van stereotipes kan nie te gering geskat word nie (Viljoen, 1973: 64; Bayton en Byoune, 1947: 55; Rath en Das, 1958: 373; Klineberg, 1951: 507). Duijker en Frijda (1960: 119) sluit ook briefwisseling en tweedehandse mondelinge inligting (dit wil sê onder andere die oorvertelling van die ervaringe van ander) hierby in. Selfs volksverhale wat in die groepsmond as stereotipes kan bly voortleef, word deur Fishman (1956: 55) beklemtoon.

## 5.7 WEDERSYDSE STEREOTIPERING

La Violette en Silvert (1950: 262) wys op die belangrikheid van self-of outo-stereotipes en ander-of hetero-stereotipes, terwyl Child en Doob (1943: 219) wedersydse stereotipering beklemtoon. Bettelheim, soos aangehaal deur Vinacke (1949: 265-269) het aange-  
toon dat stereotipering 'n tweerigtingsproses is.

Hierdie wedersydse of wederkerige stereotipering is kompleks van aard en is nou verweef met die funksies van stereotipes. As komponent van 'n intergroepshouding en as dimensie van vooroordeel, beteken dit dat feitlik elkeen van die funksies van houdings in die algemeen, ook aan stereotipes toegeskryf kan word.

McGuire (1969: 157-160) onderskei vier soorte funksies wat deur houdings vervul word, naamlik die aanpassings-, kennis-, ekspressiewe of selfverwesenlikings- en die ego-defensiewe funksie.

(i) Aanpassingsfunksie

Volgens Van Heerden (1973: 34) is die aanpassingsfunksie essensieel 'n bewustheid dat die mens poog om vergoeding te maksimeer en bestrawwing te minimaliseer. Hy gaan verder en sê dat wanneer 'n voorwerp, persoon, groep of instelling as 'n hulpbron beskou word in die verwesenliking van 'n doelwit, dan het dit gewoonlik 'n gunstige houding tot gevolg en omgekeerd.

Die aanpassingsfunksie is derhalwe 'n nuttigheidsfunksie wat beteken dat houdings (en stereotipes) die mens oriënteer ten opsigte van voorwerpe, persone, groepe en instellings, wat instrumenteel kan wees in die bereiking van 'n geëvalueerde doelwit.

(ii) Kennisfunksie

Hierdie funksie bevorder die betekenisvoller rangskikking van verworwe kennis - 'n verwysingsraamwerk waardeur kennis georganiseer word om die bestaanswêreld beter te begryp (Van Heerden, 1973: 34). Dit impliseer dat die kennisfunksie aan die mens gedragsvoorskrifte gee ten opsigte van bepaalde persone, groepe of instellings. Dit het dus te doen met veralgemening en kategorisering.

(iii) Ekspressiewe of selfverwesenlikingsfunksie

Hierdie funksie wat deur van Heerden (1973: 34) die waarde-defensiewe funksie genoem word, beskerm en ondersteun die beeld wat die individu van homself het. McGuire (1969: 159) stel dit soos volg - "Another expressive function of atti-

tudes is self-assertion. The person creates an identity for himself by taking a stand on issues. Holding attitudes thus becomes a means of self-realization".

(iv) Ego-defensiewe funksie

Die ego-defensiewe funksie word deur Van Heerden (1973: 34) gesien as 'n geïnternaliseerde metode om die ego te beskerm teen bedreiging en om die spanninge wat dit inhou, te verminder. Dit beteken dat sodanige houdings bestaan om die individu te help om sy innerlike bedreigings, spanninge en konflikte te hanteer.

Dat feitlik elkeen van hierdie funksies aan stereotipes toegeskryf kan word, blyk duidelik uit die volgende standpunte:

- (i) Allport (1954: 192) verklaar dat "... a stereotype is an exaggerated belief associated with a category. Its function is to justify (rationalize) our conduct in relation to that category ... The stereotypes act both as a justifying device for categorical acceptance or rejection of a group, and as a screening or selective device to maintain simplicity in perception and in thinking".
- (ii) Bogardus (1950: 286-288) wat verwys na stereotipering as "snap-judgement style" wat as 'n verdedigingsmeganisme dien.
- (iii) Fishman (1956: 37) beskryf die onbuigsaamheid van stereotipes as "a means of coping with one's surroundings".
- (iv) La Violette en Silvert (1950: 259-260) beklemtoon die ekspressiewe funksie. "They (stereotypes) not only enable him to manage his interpersonal and group relations, but by holding such stereotypes he symbolically expresses his group identification."

- (v) Brigham (1971: 27) wat, ten opsigte van die verband tussen stereotipes en vooroordeel en diskriminerende gedrag, daarop wys dat stereotipes 'n funksie vir die bevooroordeelde persoon verrig, "... allowing him to rationalize the hostility that he feels toward the group".

Opsommend kan stereotipering dus beskou word as 'n kognitiewe proses wat te doen het met veralgemening en kategorisering. Op grond van die funksies wat dit vervul, kan stereotipes in twee rigtings groot invloed uitoefen op groepsverhoudinge en groepsge-drag. Dit bevorder sosiale afstand tussen groepe en individue en die aanvaarding van individue of groepe op meriete word belemmer. Die gevoel van andersheid bevorder afkeer, teensin en selfs open-like vyandigheid teenoor die individu of groep wat gestereotipeer word. Die gevolg hiervan is dat die gestereotipeerde geneig is om hom met die verwagte gedrag te identifiseer en in ooreenstemming daarmee op te tree.

#### 5.7.1 Polisiestereotipes

'n Polisiestereotipe word deur Van Heerden (1976: 142) omskryf as 'n geykte opvatting by die publiek aangaande die polisie en volgens hom is dit die kulminering van houdings in 'n vaste geloof dat polisie-optrede in die algemeen besondere eienskappe vertoon. Negatiewe eienskappe wat dikwels stereotiperend aan polisie-op-tredes gekoppel word, blyk duidelik wanneer Niederhoffer en Smith (1974: 36) onder andere op die volgende klagtes en beskuldiging van die publiek wys naamlik dat die polisie -

- soos 'n militêre groep funksioneer;
- bruusk, belangeloos, ongevoelig, vyandig, aggressief, onbekwaam en rassisties is;

- teen minderheidsgroepe en anderkleuriges diskrimineer;
- onsimpatiek staan teenoor die behoeftes van die gemeenskap;  
en
- dat die polisie nie altyd die voorbeeld stel deur die wyse waarop hulle die landswette gehoorsaam nie.

Teoretisering oor die bestaan al dan nie van hierdie stereotipes kom op bespiegeling neer. Hierdie ondersoek is daarop ingestel om die voorkoms empiries te bepaal.

#### 5.7.1.1 Bruuskheid

Die gemiddelde van 2,9 in tabel 5.1 dui daarop dat die stereotipe van polisiebruuskheid wel bestaan. Die gegewens toon dat 39,30 persent van die ondersoekgroep van mening is dat die polisie bruusk optree; 35,80 persent stem nie hiermee saam nie terwyl bykans 'n kwart (24,90 persent) onseker daaroor is.

Kleurling- (gemiddelde 2,5) en Asiërrespondente (gemiddelde 2,8) onderskryf die stelling dat die polisie hulle skuldig maak aan bruuskheid, terwyl die Blanke respondente (gemiddelde 3,5) dit verwerp. Hierdie verskil is beduidend ( $V=97,72 > 15,51$ ).

Die bruuskheidstereotipe bestaan in 'n beduidend ( $V=12,96 > 9,49$ ) groter mate vir vrouens (gemiddelde 2,8) as mans (gemiddelde 3,0). Daar is geen beduidende verskil in die standpunte van Asiërmans (gemiddelde 2,9) en Asiërvrouens (gemiddelde 2,7) nie. Asiërvrouens (50,80 persent) stem egter in 'n groter mate oor die bestaan daarvan saam as Asiërmans (43,50 persent). Kleurlingvrouens (gemiddelde 2,3) is dit met Asiërvrouens hiermee eens en verskil beduidend ( $V=13,87 > 9,49$ ) van Kleurlingmans (gemiddelde 2,7). Hierteenoor verwerp Blanke vrouens (gemiddelde 3,5) die stereotipe in

'n beduidend ( $V=19,35 > 9,49$ ) groter mate as Blanke mans (gemiddelde 3,5).

Die wisselende invloed wat kennis en ervaring op die vorming van stereotipes het, blyk uit die uiteenlopende menings van die verskillende ervaringsgroepe (tabel 5.1). Vir diegene wat hul kennis/ervaring van die polisie deur middel van die pers (gemiddelde 3,1), speurverhale (gemiddelde 3,1) en sosiale kontak (gemiddelde 3,1) opgedoen het, bestaan die stereotipe nie. In hierdie opsig verskil hulle beduidend ( $V=55,57 > 36,41$ ;  $V=35,28 > 35,17$  en  $V=27,48 > 26,29$  onderskeidelik) van die ander ervaringsgroepe (oorvertellings gemiddelde 2,6, radio gemiddelde 2,8, waarneming gemiddelde 2,9 en juridiese kontak gemiddelde 2,9) vir wie die stereotipe wel bestaan.

Die gegewens toon verder dat -

- (i) meer as die helfte (51,00 persent) van die Kleurling- en bykans die helfte (47,30 persent) Asiërrespondente van mening is dat die polisie hulle aan bruuskheid skuldig maak;
- (ii) 18,50 persent van die Blanke respondente, die positiewe gemiddelde ten spyte, tog saamstem dat die stereotipe bestaan;
- (iii) die oorvertelling (47,60 persent), waarneming (42,60 persent), radio (42,60 persent) en juridiese (33,30 persent) ervaringsgroepe meen dat bruuskheid voorkom;
- (iv) dit die meeste verwerp word deur die sosiale (54,10 persent), speurverhale (43,40 persent) en pers (38,10 persent) ervaringsgroepe; en
- (v) dat 'n groot persentasie van die juridiese ervaringsgroep onseker is in hul beoordeling (28,20 persent). Dit dui daarop dat direkte kontak nie altyd van deurslaggewende belang is nie.

Tabel 5.1

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE POLISIE HULLE SKULDIG MAAK  
AAN BRUUSKHEID (SLAAN MENSE, ENS.)

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiër N=241	18,70	28,60	22,80	13,70	16,20	100	2,8
Blanke N=232	3,40	15,10	28,10	37,50	15,90	100	3,5
Kleurling N=245	25,30	25,70	24,10	20,80	4,10	100	2,5
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	20,90	22,60	19,10	15,70	21,70	100	2,9
Asiërvrou N=126	16,70	34,10	26,20	11,90	11,10	100	2,7
Blanke man N=101	4,00	7,90	34,70	45,50	7,90	100	3,4
Blanke vrou N=131	3,10	20,60	22,90	31,30	22,10	100	3,5
Kleurlingman N=129	20,90	25,60	19,40	28,70	5,40	100	2,7
Kleurlingvrou N=116	30,20	25,90	29,20	12,10	2,60	100	2,3
Totaal: Man N=345	15,90	19,40	23,80	29,30	11,60	100	3,0
Totaal: Vrou N=373	16,10	26,80	26,00	18,80	12,30	100	2,8
<u>Ervaringsgroep</u>							
Juridies N=39	23,10	10,30	28,20	25,60	12,80	100	2,9
Sosiaal N=72	18,10	11,10	16,70	45,80	8,30	100	3,1
Oorvertelling N=63	23,80	23,80	25,50	19,00	7,90	100	2,6
Pers N=118	8,50	24,60	28,80	30,50	7,60	100	3,1
Radio N=122	18,00	24,60	26,30	17,20	13,90	100	2,8
Speurverhale N=53	17,00	20,80	18,80	18,90	24,50	100	3,1
Waarneming N=251	14,70	27,90	25,50	19,50	12,40	100	2,9
Totale ondersoek= groep N=718	16,00	23,30	24,90	23,80	12,00	100	2,9

### 5.7.1.2 Ongehoorsaamheid aan landswette

Die gemiddelde (2,8) in tabel 5.2, dui daarop dat die ondersoekgroep van mening is dat die polisie nie altyd die landswette gehoorsaam nie. Hierdie stereotipe aantyging blyk duideliker daaruit dat 44,40 persent die stelling ondersteun, 30,30 persent dit verwerp, terwyl 25,30 persent onseker is.

Alhoewel Blanke respondente (gemiddelde 3,1) meen dat die polisie die landswette altyd gehoorsaam, is dit waar vir slegs 37,10 persent, terwyl 34,90 persent nie daarmee saamgaan nie. Kleurling- en Asiërrespondente (albei gemiddelde 2,7) is die mening toegedaan dat die polisie nie altyd die landswette gehoorsaam nie. Hierdie verskil is beduidend ( $V=59,64 > 15,51$ ).

Daar is geen beduidende verskille by mans (gemiddelde 2,8) en vrouens (gemiddelde 2,8) nie. Dieselfde geld vir die geslagte in die verskillende bevolkingsgroepe. Die aantyging is egter die felste by Kleurlingvrouens (gemiddelde 2,5) en die minste by Blanke vrouens (gemiddelde 3,2).

Met die uitsondering van diegene wat hul kennis uit die lees van speurverhale (gemiddelde 3,1) opgedoen het, bestaan hierdie stereotipe beskuldiging by al die ander groepe. Oorvertellings (gemiddelde 2,7) het klaarblyklik die negatiefste invloed gehad. Die gelyke invloed wat die verskillende ervaring of kennisvlakke het op die vestiging van standpunte, is opvallend. Die beduidende verskil wat voorkom ( $V=45,16 > 36,41$ ), kan veral daaraan toegeskryf word dat die sosiale ervaringsgroep nie met die opvatting saamstem nie (38,90 persent) en andersyds in die meerdere mate waarmee die juridiese ervaringsgroep (48,70 persent) daarmee saamstem.

Tabel 5.2

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE POLISIE NIE ALTYD DIE LANDS=  
WETTE GEHOORSAAM NIE

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiër N=241	20,30	28,60	23,30	12,00	15,80	100	2,7
Blanke N=232	2,60	32,30	28,00	25,00	12,10	100	3,1
Kleurling N=245	13,90	35,10	24,50	22,00	4,50	100	2,7
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	22,60	27,80	20,00	11,30	18,30	100	2,7
Asiërvrou N=126	18,30	29,40	26,10	12,70	13,50	100	2,7
Blanke man N=101	3,00	38,60	22,80	26,70	8,90	100	3,0
Blanke vrou N=131	2,30	27,50	32,00	23,70	14,50	100	3,2
Kleurlingman N=129	10,90	34,10	23,20	25,60	6,20	100	2,8
Kleurlingvrou N=116	17,20	36,20	25,90	18,10	2,60	100	2,5
Totaal: Man N=345	12,50	33,30	22,00	21,20	11,00	100	2,8
Totaal: Vrou N=373	12,30	30,80	28,20	18,20	10,50	100	2,8
<u>Ervaringsgroep</u>							
Juridies N=39	5,10	43,60	15,40	28,20	7,70	100	2,9
Sosiaal N=72	12,50	29,20	19,40	33,30	5,60	100	2,9
Oorvertelling N=63	9,50	36,50	30,20	17,50	6,30	100	2,7
Pers N=118	13,60	33,10	21,10	23,70	8,50	100	2,8
Radio N=122	18,90	21,30	31,10	16,40	12,30	100	2,8
Speurverhale N=53	11,30	28,30	20,80	17,00	22,60	100	3,1
Waarneming N=251	10,80	35,50	27,00	15,10	11,60	100	2,8
Totale onder= soekgroep N=718	12,40	32,00	25,30	19,60	10,70	100	2,8

Die bestaan van hierdie stereotipe blyk ook duidelik uit die mate waarin daar met die stelling in tabel 5.2 saamgestem word dat die polisie nie altyd die landswette gehoorsaam nie. Hierdie beskuldiging hou ernstige implikasies in. Wanneer die Suid-Afrikaanse Polisie nie 'n voorbeeld aan die algemene burgers stel in die eerbiediging van die landswette nie, kan daar nie sprake wees van vrywillige ordestrewing nie. Die nadelige invloed daarvan op vertroue en respek en agting vir polisiëring, en by implikasie op gesonde onderlinge verhoudinge, spreek vanself.

#### 5.7.1.3 Diskriminasie

Vraag 56 in bylae 1, waarop hierdie bespreking gebaseer is, is spesifiek daarop ingestel om vas te stel of die polisie diskriminerend optree teenoor individuele bevolkingsgroepe.

Daar is by die Blanke respondente (gemiddelde 4,1) hoegenaamd geen twyfel dat daar nie teen hulle bevolkingsgroep gediskrimineer word nie (tabel 5.3). Slegs 3,50 persent is van mening dat dit wel die geval is. Beide mans (2,00 persent) en vrouens (4,60 persent) is dit hiermee eens.

Hierteenoor is die meerderheid Asiërs- (44,80 persent) en Kleurlingrespondente (47,40 persent) wel van mening dat daar teen hulle bevolkingsgroepe gediskrimineer word. Daar is geen beduidende verskil in die standpunte van Asiërmans en Asiërvrouens nie, maar die gegewens toon dat diskriminasie volgens vrouens meer voorkom (47,60 persent) as by mans (41,70 persent). Vir Kleurlingvrouens (gemiddelde 2,6) kom diskriminasie teenoor die Kleurlinge beduidend ( $V=13,22 > 9,49$ ) meer voor as vir die mans.

Die gegewens dui inderdaad daarop dat hierdie stereotipe wel voor=

Tabel 5.3

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE POLISIE TEEN INDIVIDUELE  
BEVOLKINGSGROEPE DISKRIMINEER

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiër N=241	17,00	27,80	27,00	14,90	13,30	100	2,8
Blanke N=232	0,90	2,60	12,80	49,60	34,10	100	4,1
Kleurling N=245	14,30	33,10	26,10	21,20	5,30	100	2,7
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	19,10	22,60	25,20	17,40	15,70	100	2,9
Asiërvrou N=126	15,10	32,50	28,60	12,70	11,10	100	2,7
Blanke man N=101	1,00	1,00	12,90	49,50	35,60	100	4,2
Blanke vrou N=131	0,80	3,80	13,00	49,60	32,80	100	4,1
Kleurlingman N=129	16,30	28,70	20,10	27,90	7,00	100	2,8
Kleurlingvrou N=116	12,10	37,90	32,80	13,80	3,40	100	2,6
Totaal: Man N=345	12,80	18,60	19,60	30,70	18,30	100	3,2
Totaal: Vrou N=373	9,10	24,10	24,40	26,00	16,40	100	3,2
Totale onder= soekgroep N=718	10,90	21,40	22,10	28,30	17,30	100	3,2

kom by Kleurling- en Asiërrespondeente, maar nie by Blankes nie. Aangesien polisie-optrede oor bevolkingsgroepe heen nie beoordeel is nie, kan hierdie gegewens nie as 'n bevestiging vir die bestaan van die stereotipe beskou word nie. Diskriminerende polisiëring as sodanig en verbandhoudende aspekte word volledig in hoofstuk 7 bespreek.

#### 5.7.1.4 Onsimpatiekheid

Die verwerping van die stelling dat die polisie onsimpatiek staan

teenoor die behoeftes van die samelewing (gemiddelde 3,2), moet hoofsaaklik toegeskryf word aan die mening van Blanke respondente (gemiddelde 3,9) (tabel 5.4). Kleurling- (gemiddelde 2,8) en Asiërrespondente (gemiddelde 2,9) ondersteun die stelling. Hierdie verskil is beduidend ( $V=185,12 > 15,51$ ). Die Blankes verwerp onsimpatiekheid (78,90 persent) veel meer as die Kleurlinge (26,60 persent) en Asiërs (31,60 persent) - 'n aanduiding dat hierdie stereotipe wel by laasgenoemde twee ondersoekgroepe bestaan.

Die menings dui op gedifferensieerde polisie-optrede. Ofskoon die verskil in menings waarskynlik ook verband kan hou met onrealistiese eise en verwagtinge deur die twee Nie-Blanke bevolkingsgroepe, impliseer die gegewens in tabel 5.4 inderdaad dat die Suid-Afrikaanse Polisie 'n simpatieke oor het vir die behoeftes en belange van die Blanke bevolkingsgroep maar nie vir die Asiër- en Kleurlingbevolkingsgroepe nie. Die ras en bevolkingsidentiteit van 'n samelewingslid mag nooit 'n oorwegende faktor wees wanneer die behoeftes en belange van samelewingslede in die polisiëringsproses ter sprake kom nie.

Die algemene tendens word deur die geslagte van die verskillende bevolkingsgroepe gehandhaaf. Die groter mate waarin die Kleurlingvrou die aantyging van onsimpatiekheid steun (gemiddelde 2,7) as die Kleurlingman (gemiddelde 2,9), verskil egter beduidend ( $V=19,50 > 9,49$ ). Die hoë persentasie onsekerheid (Asiërs 33,20 persent en Kleurlinge 35,90 persent) en veral ook in die geval van Kleurlingvrouens (39,70 persent), is 'n aanduiding dat die beoordeling werklik gegrond is op een of ander vorm van kennis en ervaring, en nie vanuit 'n houding van kwaadwilligheid nie. In hierdie verband is die veel laer vlak van onsekerheid van Blankes (17,70 persent) opvallend.

Tabel 5.4

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE POLISIE ONSIMPATIEK STAAN  
TEENOR DIE BEHOEFTE VAN DIE SAMELEWING

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiër N=241	14,90	20,30	33,20	18,30	13,30	100	2,9
Blanke N=232	0,40	3,00	17,70	59,90	19,00	100	3,9
Kleurling N=245	11,00	26,50	35,90	22,90	3,70	100	2,8
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	16,50	15,70	33,00	18,30	16,50	100	3,0
Asiërvrou N=126	13,50	24,60	33,30	18,30	10,30	100	2,9
Blankeman N=101	-	4,00	16,80	59,40	19,80	100	3,9
Blanke vrou N=131	0,80	2,30	18,30	60,30	18,30	100	3,9
Kleurlingman N=129	15,50	17,80	32,50	29,50	4,70	100	2,9
Kleurlingvrou N=116	6,00	36,20	39,70	15,50	2,60	100	2,7
Totaal: Man N=345	11,30	13,00	28,20	34,50	13,00	100	3,2
Totaal: Vrou N=373	6,70	20,40	30,00	32,00	10,70	100	3,2
<u>Ervaringsgroep</u>							
Juridies N=39	5,10	5,10	25,70	53,80	10,30	100	3,6
Sosiaal N=72	13,90	8,30	16,70	47,20	13,90	100	3,4
Oorvertelling N=63	6,30	22,20	27,10	34,90	9,50	100	3,1
Pers N=118	6,80	16,10	28,00	39,80	9,30	100	3,3
Radio N=122	14,80	13,90	29,50	29,50	12,30	100	3,2
Speurverhale N=53	7,50	18,90	22,70	26,40	24,50	100	3,4
Waarneming N=251	7,20	21,10	35,40	25,90	10,40	100	3,1
Totale onder= soekgroep N=718	8,90	16,90	29,10	33,30	11,80	100	3,2

Die mate waarin die juridiese ervaringsgroep, wat eerstehandse kennis van polisie-optredes opgedoen het, onsimpatieke behandeling verwerp (64,10 persent), bring die geldigheid vir die bestaan van die stereotipe onder verdenking. Hierdie standpunt verskil beduidend ( $V=53,63 > 36,41$ ) van die ander groepe. Die positiewe invloed wat direkte sosiale kontak gehad het (61,10 persent stem nie saam nie), val ook op. Kennis wat opgedoen is uit waarneming (gemiddelde 3,1), oorvertelling (gemiddelde 3,1) en die radio (gemiddelde 3,2) het die negatiefste uitwerking.

Wanneer die polisie simpatiek staan teenoor die behoeftes en belange, ook veranderende behoeftes en belange van alle samelewingslede, werk dit vrywillige ordestrewing in die hand en is dit bevorderlik vir onderlinge verhoudinge tussen die polisie en die publiek, want die polisie moet aan die eise wat aan moderne polisiëring gestel word, voldoen. Veranderende behoeftes en belange in 'n moderne samelewing hou ten nouste verband met veranderende en groter verwagtinge wat aan polisiëring gestel word, veral wat maatskaplike dienslewering betref. In hierdie verband kan die eise en verwagtinge van die samelewing nie geïgnoreer word nie.

#### 5.7.1.5 Militêre onpersoonlikheid

Die para-militêre inslag van die Suid-Afrikaanse Polisie is geskoei op 'n burokratiese struktuur en volgens Van Heerden (1974: 280) wentel die persoonlikheidspatroon van die burokraat om die norm van onpersoonlikheid. Die onpersoonlike intieme gesagsatmosfeer word na die eksterne beroepsomgewing, en by implikasie na die onderlinge verhoudingsopset tussen die polisie en die publiek, oorgedra wat 'n werklike of skynbare onpersoonlike houding in daaglikse optredes tot gevolg het.

Die mening van die totale ondersoekgroep dat die polisie nie soos 'n militêre groep funksioneer en nie onpersoonlik is nie (gemiddelde 3,1 - 42,70 persent stem nie daarmee saam nie), is hoofsaaklik toe te skryf aan die verwerping van die stelling deur Blanke respondente (gemiddelde 3,6). Soveel as 65,50 persent verwerp dit. Hierteenoor meen die Kleurling- (gemiddelde 2,9) en Asiërresponde (gemiddelde 2,8) dat dit wel die geval is (tabel 5.5). Hierdie verskil is beduidend ( $V=102,76 > 15,51$ ).

Onpersoonlike militêre funksionering word veral deur die Asiërresponde ondersteun - 42,30 persent stem daarmee saam. Kleurlingresponde is grootliks verdeeld in hulle mening - 33,90 persent steun die stelling terwyl dieselfde persentasie dit verwerp. Slegs 15,50 persent van die Blanke respondente meen dat onpersoonlikheid wel voorkom. Die hoë persentasie onsekerheid by Kleurling- (32,20 persent) en Asiërresponde (28,20 persent) is weer eens opvallend.

Dit blyk verder uit die tabel dat -

- (i) die geslagte van die verskillende bevolkingsgroepe nie beduidend verskil in hul opvatting nie; en
- (ii) dat sosiale kontak (gemiddelde 3,3) en speurverhale (gemiddelde 3,3) die positiefste beoordeling tot gevolg het, en juridiese kontak (gemiddelde 3,1), die radio (gemiddelde 3,0), waarneming (gemiddelde 3,0) en oorvertellings (gemiddelde 3,0) die negatiefste. Die mate waarin die stelling verwerp word deur respondente wat in direkte kontak met die polisie was (juridies 46,20 en sosiaal 58,30 persent), is opvallend.

Dat groepsbeïnvloeding en -voorkeure in die proses van stereotipering van die uiterste belang is, spreek duidelik uit die voor-

Tabel 5.5

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE POLISIE SOOS 'N MILITÊRE GROEP FUNKSIONEER IN HUL DAAGLIKSE ONGANG MET DIE PUBLIEK

Veranderlike	Stem beslis= saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiër N=241	17,40	24,90	28,20	16,20	13,30	100	2,8
Blanke N=232	3,00	12,50	19,00	46,50	19,00	100	3,6
Kleurling N=245	18,80	15,10	32,20	29,00	4,90	100	2,9
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	21,70	18,30	27,80	17,40	14,80	100	2,8
Asiërvrou N=126	13,50	31,00	28,50	15,10	11,90	100	2,8
Blanke man N=101	2,00	13,90	18,80	46,50	18,80	100	3,7
Blanke vrou N=131	3,80	11,50	19,00	46,60	19,10	100	3,6
Kleurlingman N=129	20,90	14,00	28,70	31,00	5,40	100	2,9
Kleurlingvrou N=116	16,40	16,40	36,20	26,70	4,30	100	2,9
Totaal: Man N=345	15,70	15,40	25,40	31,00	12,50	100	3,1
Totaal: Vrou N=373	11,00	19,60	27,50	29,80	12,10	100	3,1
<u>Ervaringsgroep</u>							
Juridies N=39	10,30	20,50	23,00	38,50	7,70	100	3,1
Sosiaal N=72	13,90	9,70	18,10	45,80	12,50	100	3,3
Oorvertelling N=63	22,20	7,90	23,90	36,50	9,50	100	3,0
Pers N=118	9,30	21,20	26,30	33,90	9,30	100	3,1
Radio N=122	17,20	13,90	27,90	29,50	11,50	100	3,0
Speurverhale N=53	15,10	18,90	15,10	22,60	28,30	100	3,3
Waarneming N=251	10,80	21,50	32,20	23,50	12,00	100	3,0
Totale onder= soekgroep N=718	13,20	17,50	26,60	30,40	12,30	100	3,1

afgaande. Die gemiddeldes dui ondubbelsinnig daarop dat die verskillende stereotipes nie vir die Blanke respondente bestaan nie, maar wel vir die Asiërs en Kleurlinge. 'n Beduidende verskil wat daarop kan dui dat die polisie gedifferensieerd optree teenoor die verskillende bevolkingsgroepe. Dit word veral weerspieël in die Blanke respondente se gunstige stereotipering van diskriminasie, onsimpatieke en onpersoonlike behandeling en bruuskheid, wat heeltemaal in teenstelling staan met die negatiewe stereotipering van Kleurlinge en Asiërs. Blanke respondente se beoordeling van die gehoorsaamheid aan wette, wat moontlik 'n bedreiging vir hul belange en aansprake mag inhou, beweeg veel nader aan die van Kleurlinge en Asiërs. Dat groepsbelange en sentimente in die stereotiperingsproses 'n rol te vervul het, kan nie buite rekening gelaat word nie, veral ook as dit in aanmerking geneem word dat die geslagte, ten spyte van mindere eerstehandse kennis en ervaring van die vrou, basies dieselfde standpunte inneem.

Die stelling van Viljoen (1973: 64) dat persoonlike kontak en ervaring nie noodwendig van die deurslaggewendste belang is in die vorming van stereotipes nie, alhoewel waarskynlik die suiwerste, word duidelik weerspieël in die enigermate onbeduidende invloed van die uiteenlopende ervaringsvlakke. Die negatiewe uitwerking van byvoorbeeld waarneming, oorvertelling en die radio, in teenstelling met direkte juridiese of sosiale kontak, is sprekend. Stereotipering is derhalwe nie altyd op suiwer feite gegrond nie. Dit kan egter nie op grond hiervan geïgnoreer word nie. Wat van belang is, is dat die opvatting bestaan.

### 5.7.2 Publieke Stereotipes

Publieke stereotipes het betrekking op en verwys na vaste oortuiginge by die polisie aangaande die publiek, dit wil sê veralgeme-

nings gegrond op 'oortuiging' dat die publiek in die algemeen op bepaalde wyses teenoor die polisie optree of bepaalde houdings en gesindhede teenoor die polisie handhaaf. Radelet (1973: 135) konstateer in hierdie verband: "Wesley concluded that it was a universal complaint of police officers that the public would not help them and in fact often hindered them in their duties". White en Menke (1978: 204-218) verwys ook na die ondersoek van Reiss en sê "He portrays the public as deeply ambivalent towards the police".

Niederhoffer en Smith (1974: 38) verklaar dat daar regverdiging is vir die klagtes van die polisie teen die publiek. Sommige van hierdie klagtes is dat die publiek -

- geen waardering het vir die dienste wat die polisie lewer nie;
- geen poging aanwend om die probleme van die polisie te verstaan nie;
- nie met die polisie saamwerk nie;
- die polisie dikwels verhinder in die uitvoering van hul pligte;
- versuim om inligting oor misdaad aan die polisie te verstrek;
- voortdurend kla oor korrupsie maar gewillig is om polisiebeamptes om te koop wanneer hulle daarby kan baat;
- aandring op beskerming maar besware opper teen deurtastende optrede;
- ongegronde klagtes teen die polisie aanhangig maak;
- vyandig en antagonisties teenoor die polisie is; en
- dat hulle agting vir die polisie laag is.

Die 'universele geldigheid' van navorsingsbevindinge op hierdie terrein kan nie summier bevraagteken word nie want navorsing deur Van Heerden (1974: 146-168) oor die Suid-Afrikaanse Polisie toon byvoorbeeld dat -

- (i) slegs 3,42 persent van 'n ondersoekgroep uit die polisie van mening is dat hulle altyd hulp van die publiek ontvang;
- (ii) die gesindheid van die publiek teenoor polisiemanne deur bykans 'n kwart van die ondersoekgroep as ongunstig geëvalueer word;
- (iii) die gesindheid van die publiek deur 'n groot persentasie konstabels (41,01 persent) - diegene wat die meeste kontak met die publiek het - as ongunstig beoordeel is; en
- (iv) dat slegs 8,26 persent van die groep polisiemanne van mening is dat die publiek nooit antagonisties teenoor die polisie is nie; 33,05 persent meen dat die publiek dikwels antagonisties en onvriendelik is terwyl 52,71 persent van mening is dat hulle soms antagonisme en onvriendelikheid van die publiek ervaar.

Hierbenewens het Van Heerden (1974: 145-149) bevind dat -

- slegs 50,42 persent van die totale ondersoekgroep (publiek) bereid is om altyd hulp aan die polisie te verleen;
- slegs 12,50 persent altyd bereid is om inligting oor misdade aan die polisie te verstrek; en
- dat slegs 23,79 persent van die ondersoekgroep (publiek) altyd misdade by die polisie aanmeld.

Dat daar in die Republiek van Suid-Afrika inderdaad regverdiging is vir die klagtes van die Suid-Afrikaanse Polisie teen die publiek,

blyk ook uit die bevindinge van Mayet (1976: 123-130) waarvolgens slegs 27,00 persent van sy ondersoekgroep altyd gewillig is om hulp aan die polisie te verleen; minder as 'n kwart (24,14 persent) altyd bereid is om inligting oor misdade aan die polisie te verstrek en waar slegs 56,10 persent altyd misdade by die polisie aanmeld.

Sommige van hierdie aantygings word vervolgens getoets. Die beoordeling kom egter op outo-stereotipering neer, wat, soos vroeër aangedui, gewoonlik positief is. Die response behoort egter aanduidend te wees van die geldigheid van die stereotipes.

#### 5.7.2.1 Gebrekkige waardering

Die aantyging dat die publiek geen waardering het vir die dienste wat die polisie lewer nie, word deur die ondersoekgroep verwerp (gemiddelde 3,4). Die gegewens in tabel 5.6 toon dat 53,30 persent dit verwerp. Hierdie standpunt hou in 'n mate verband met die bevindinge van Du Preez (1978: 58); Mayet (1976: 72) en Van Heerden (1974: 73) waar die algemene waarde van die polisie rol hoog geag is deur die onderskeie ondersoekgroepe.

Blanke respondente het klaarblyklik veel meer waardering vir die dienste wat die polisie lewer. Hulle verwerp die stelling beduidend ( $V=74,90 > 15,51$ ) meer (63,80 persent) as Kleurling- (55,90 persent) en Asiërrespondente (40,60 persent). Dat daar egter redelike gronde bestaan vir die stereotipe, blyk uit die erkenning van 27,30 persent dat hul nie waardering het vir die dienste wat die polisie lewer nie. Dit geld in die grootste mate vir Asiërrespondente (31,50 persent).

Die gegewens in tabel 5.6 toon verder dat mans en vrouens in die

Tabel 5.6

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK GEEN WAARDERING HET  
VIR DIE DIENSTE WAT DIE POLISIE LEWER NIE

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiërs N=241	11,60	19,90	27,90	29,00	11,60	100	3,1
Blanke N=232	9,50	19,80	6,90	31,50	32,30	100	3,6
Kleurling N=245	2,00	19,20	22,90	38,40	17,50	100	3,4
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	7,80	20,90	27,80	31,30	12,20	100	3,2
Asiërvrou N=126	15,10	19,00	27,80	27,00	11,10	100	3,0
Blanke man N=101	5,90	17,80	7,90	33,70	34,70	100	3,7
Blanke vrou N=131	12,20	21,40	6,10	29,80	30,50	100	3,4
Kleurlingman N=129	3,10	17,80	21,70	41,10	16,30	100	3,5
Kleurlingvrou N=116	0,90	20,70	24,10	35,30	19,00	100	3,4
Totaal: Man N=345	5,50	18,80	19,70	35,70	20,30	100	3,5
Totaal: Vrou N=373	9,60	20,40	19,00	30,60	20,40	100	3,3
<u>Ervaringsgroep</u>							
Juridies N=39	5,10	23,10	12,80	35,90	23,10	100	3,5
Sosiaal N=72	4,20	20,80	16,70	34,70	23,60	100	3,5
Oorvertelling N=63	7,90	22,20	20,70	34,90	14,30	100	3,2
Pers N=118	3,40	23,70	20,30	37,30	15,30	100	3,4
Radio N=122	10,70	13,10	13,90	32,00	30,30	100	3,6
Speurverhale N=53	7,50	28,30	17,00	34,00	13,20	100	3,2
Waarneming N=251	9,60	17,50	23,50	29,90	19,50	100	3,3
Totale onder= soekgroep N=718	7,70	19,60	19,40	33,00	20,30	100	3,4

algemeen, die geslagte in die verskillende bevolkingsgroepe asook die verskillende ervaringsgroepe, dit tot 'n groot mate eens is in hul verwerping van hierdie stereotipe aantyging.

#### 5.7.2.2 Onwilligheid tot samewerking

Meer as die helfte (51,10 persent) van die ondersoekgroep verwerp die aantyging dat die publiek nie met die polisie wil saamwerk nie (tabel 5.7).

Blanke respondente (66,00 persent) verwerp dit in 'n beduidend ( $V=70,01 > 15,51$ ) groter mate as die Kleurlinge (51,10 persent) en Asiërs wat in der waarheid die bestaan daarvan bevestig (44,00 persent). Die mate van onwilligheid tot samewerking soos weer=spieël deur Asiërrespondente, blyk ook daarin dat 30,20 persent van die ondersoekgroep die aantyging ondersteun en 18,70 persent onseker is. Hierdie onsekerheid kom die meeste by Kleurlingres=pondente voor (22,40 persent) gevolg deur Asiërs (19,10 persent) en Blankes (14,20 persent). 'n Tendens wat nie strook nie met die basiese beginsel dat die publiek voortdurend by die ordehand=hawingsproses betrokke moet wees en daartoe geaktiveer moet word. Wanneer die vlak van onsekerheid in berekening gebring word met die mate waarin die beskuldiging gesteun word, dan is dit duidelik dat onbereidwilligheid tot samewerking by 48,90 persent voorkom. Weer 'n persentasie wat redelike gronde vir die stereotipe verleen - die positiewe gemiddelde van 3,2 ten spyt.

Blanke mans (gemiddelde 3,7) verwerp die stereotipe in 'n groter mate as Blanke vrouens (gemiddelde 3,5), terwyl die omgekeerde vir Kleurlinge geld - Kleurlingvrouens (gemiddelde 3,4) en Kleurlingmans (gemiddelde 3,2). Hierteenoor bestaan die stereotipe vir Asiërmans en Asiërvrouens in gelyke mate (gemiddelde 2,8).

Tabel 5.7

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK NIE MET DIE POLISIE  
WIL SAAMWERK NIE

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiër N=241	20,30	23,70	19,10	26,10	10,80	100	2,8
Blanke N=232	3,90	15,90	14,20	44,40	21,60	100	3,6
Kleurling N=245	5,30	21,20	22,40	38,40	12,70	100	3,3
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	22,60	21,70	14,90	30,40	10,40	100	2,8
Asiërvrou N=126	18,30	25,40	23,00	22,20	11,10	100	2,8
Blanke man N=101	3,00	11,90	14,80	47,50	22,80	100	3,7
Blanke vrou N=131	4,60	19,10	13,70	42,00	20,60	100	3,5
Kleurlingman N=129	5,40	27,10	19,40	38,00	10,10	100	3,2
Kleurlingvrou N=116	5,20	14,70	25,80	38,80	15,50	100	3,4
Totaal: Man N=345	10,40	20,90	16,50	38,30	13,90	100	3,2
Totaal: Vrou N=373	9,40	19,80	20,70	34,30	15,80	100	3,3
<u>Ervaringsgroep</u>							
Juridies N=39	5,10	15,40	12,90	48,70	17,90	100	3,6
Sosiaal N=72	11,10	15,30	13,80	41,70	18,10	100	3,4
Oorvertelling N=63	6,30	23,80	30,20	25,40	14,30	100	3,2
Pers N=118	5,10	16,90	20,30	47,50	10,20	100	3,5
Radio N=122	13,90	13,90	18,10	36,10	18,00	100	3,3
Speurverhale N=53	11,30	28,30	15,10	30,20	15,10	100	3,1
Waarneming N=251	11,20	24,70	18,30	31,50	14,30	100	3,1
Totale onder= soekgroep N=718	9,90	20,30	18,70	36,20	14,90	100	3,2

Die bereidwilligheid tot samewerking blyk uit die mate waarin die verskillende ervaringsgroepe die stereotipe verwerp. Juridiese kontak (gemiddelde 3,6), pers (gemiddelde 3,5) en sosiaal (gemiddelde 3,4) verwerp dit beduidend meer as speurverhale en waarneming (albei gemiddelde 3,1). Die verwerping van die stereotipe deur die juridiese groep, lê klaarblyklik in hul betrokkenheid wat hulle as getuies en klaers gehad het. Word dit egter in aanmerking geneem dat 26,40 persent van die sosiale groep wat ook in direkte kontak met die polisie kom, waarneming (25,90 persent) en oorvertellings (30,10 persent) die stereotipe onderskryf, dan blyk dit dat bepaalde aspekte van polisie-optrede die publiek afskrik om saam te werk, 'n bevinding waartoe Du Preez (1978: 93-98), Mayet (1976: 123-127) en Van Heerden (1974: 144-149) reeds gekom het. Die wederkerigheid van stereotipering word duidelik hierin onderstreep.

#### 5.7.2.3 Verhindering van polisie

Die gegewens in tabel 5.8 toon dat die ondersoekgroep (gemiddelde 3,3) die stereotipe beskuldiging dat die publiek die polisie in die uitvoering van hul pligte hinder, verwerp. Bykans die helfte (49,80 persent) verwerp dit, 26,20 persent bevestig die aantyging en 24,00 persent is onseker.

Die Asiërs se neutrale standpunt (gemiddelde 3,0) verskil beduidend ( $V=44,76 > 15,51$ ) van Blanke- (gemiddelde 3,5) en Kleurlingresponde (gemiddelde 3,4), veral as gevolg van die mate (37,80 persent) waarin hulle die beskuldiging bevestig. Ten spyte van die neutrale gemiddelde, verwerp 39,40 persent Asiërs tog hierdie opvatting. Vir meer as die helfte van beide die Blanke- (58,20 persent) en Kleurlingresponde (51,80 persent) bestaan hierdie stereotipe nie.

Tabel 5.8

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK DIE POLISIE IN DIE  
UITVOERING VAN HUL PLIGTE HINDER

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiër N=241	16,20	21,60	22,80	25,30	14,10	100	3,0
Blanke N=232	2,60	16,80	22,40	38,80	19,40	100	3,5
Kleurling N=245	4,90	16,70	26,60	31,40	20,40	100	3,4
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	17,40	18,30	18,20	29,60	16,50	100	3,1
Asiërvrou N=126	15,10	24,60	27,00	21,40	11,90	100	2,9
Blanke man N=101	3,00	11,90	19,70	44,60	20,80	100	3,7
Blanke vrou N=131	2,30	20,60	24,40	34,40	18,30	100	3,4
Kleurlingman N=129	3,90	14,70	29,40	35,70	16,30	100	3,4
Kleurlingvrou N=116	6,00	19,00	23,30	26,70	25,00	100	3,4
Totaal: Man N=345	8,10	15,10	22,90	36,20	17,70	100	3,4
Totaal: Vrou N=373	7,80	21,40	25,00	27,60	18,20	100	3,3
<u>Ervaringsgroep</u>							
Juridies N=39	2,60	15,40	15,30	35,90	30,80	100	3,8
Sosiaal N=72	6,90	12,50	16,70	48,60	15,30	100	3,5
Oorvertelling N=63	7,90	12,70	31,80	25,40	22,20	100	3,4
Pers N=118	5,90	11,00	23,80	41,50	17,80	100	3,5
Radio N=122	11,50	12,30	24,50	32,80	18,90	100	3,3
Speurverhale N=53	7,50	28,30	24,60	26,40	13,20	100	3,1
Waarneming N=251	8,40	26,30	25,10	23,90	16,30	100	3,1
Totale onder= soekgroep N=718	7,90	18,30	24,00	31,80	18,00	100	3,3

Mans (gemiddelde 3,4) en vrouens (gemiddelde 3,3) verwerp hierdie stereotipe in gelyke mate. Dieselfde eensgesindheid geld vir

Kleurlingmans (gemiddelde 3,4) en Kleurlingvrouens (gemiddelde 3,4). Blanke mans (gemiddelde 3,7) verwerp dit egter in 'n onbeduidende groter mate as Blanke vrouens (gemiddelde 3,4). Hierteenoor verwerp Asiërmans (gemiddelde 3,1) die stereotipe, terwyl Asiërvrouens (gemiddelde 2,9) dit bevestig.

Die juridiese ervaringsgroep (gemiddelde 3,8) wat in direkte kontak met die polisie was, verwerp hierdie stereotipe in 'n beduidend ( $V=50,60 > 36,41$ ) groter mate as die ander ervaringsgroepe. Hierdie standpunt hou klaarblyklik verband met hul groter bereidwilligheid om die polisie behulpsaam te wees. Dat die polisie inderdaad in 'n mate verhinder word in die uitvoering van hul pligte, blyk ook daarin dat 34,70 persent van die waarnemingsgroep die bestaan van die stereotipe bevestig.

#### 5.7.2.4 Omkoping van polisie

Alhoewel die ondersoekgroep die stelling verwerp (gemiddelde 3,1) dat die publiek gewillig is om die polisie om te koop wanneer hulle (publiek) daarby kan baat, is daar redelike regverdiging vir hierdie stereotipe in die verdeeldheid by die ondersoekgroep - 40,10 persent verwerp dit, terwyl 33,50 persent dit ondersteun (tabel 5.9). Die stereotipe word veral deur die Asiërs ondersteun (44,40 persent), terwyl 33,10 persent Kleurling- en 22,90 persent Blanke respondente ook daarmee akkoord gaan. Hierdie verskil is beduidend ( $V=35,59 > 15,51$ ). Dit is 'n ope vraag of hierdie verskil in standpunt enigsins so vertolk sou kon word dat die Asiërs in 'n groter mate gewillig sou wees om polisiemanne om te koop wanneer hulle daarby kan baat.

Die groot mate van konsensus waarmee mans (gemiddelde 3,1) en vrouens (gemiddelde 3,1) hierdie opvatting verwerp, blyk duidelik

Tabel 5.9

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK GEWILLIG IS OM POLISIEMANNE OM TE KOOP WANNEER DIE PUBLIEK DAARBY KAN BAAT

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiër N=241	21,20	23,20	18,60	21,20	15,80	100	2,9
Blank N=232	5,20	17,70	31,90	25,40	19,80	100	3,4
Kleurling N=245	13,10	20,00	28,60	21,60	16,70	100	3,1
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	22,60	24,30	12,20	22,60	18,30	100	2,9
Asiërvrou N=126	19,80	22,20	24,70	19,80	13,50	100	2,8
Blanke man N=101	2,00	17,80	32,70	27,70	19,80	100	3,4
Blanke vrou N=131	7,60	17,60	31,30	23,70	19,80	100	3,3
Kleurlingman N=129	9,30	20,20	30,20	28,70	11,60	100	3,1
Kleurlingvrou N=116	17,20	19,80	26,80	13,80	22,40	100	3,0
Totaal: Man N=345	11,60	20,90	24,90	26,40	16,20	100	3,1
Totaal= Vrou N=373	14,70	19,80	27,70	19,30	18,50	100	3,1
<u>Ervaringsgroep</u>							
Juridies N=39	10,30	17,90	30,80	25,60	15,40	100	3,2
Sosiaal N=72	18,10	19,40	25,00	25,00	12,50	100	2,9
Oorvertelling N=63	11,10	25,40	30,20	14,30	19,00	100	3,0
Pers N=118	7,60	19,50	29,60	29,70	13,60	100	3,2
Radio N=122	13,90	13,10	26,20	27,90	18,90	100	3,2
Speurverhale N=53	17,00	18,90	18,80	17,00	28,30	100	3,2
Waarneming N=251	14,30	23,90	25,20	19,10	17,50	100	3,0
Totale onder= soekgroep N=718	13,20	20,30	26,40	22,70	17,40	100	3,1

uit tabel 5.9. Die gegewens toon verder dat Blanke mans (gemiddelde 3,4) dit in 'n groter mate verwerp as Blanke vrouens (gemiddelde 3,3). Dieselfde tendens geld vir Kleurlinge waar Kleurlingmans (gemiddelde 3,1) die aantyging verwerp en Kleurlingvrouens (gemiddelde 3,0) 'n neutrale standpunt handhaaf. Hierteenoor bevestig Asiërvrouens (gemiddelde 2,8) hierdie aantyging in 'n groter mate as Asiërmans (gemiddelde 2,9). Die verskille is egter onbeduidend.

Van die verskillende ervaringsgroepe is dit net diegene wat hul kennis uit sosiale kontak (gemiddelde 2,9) opgedoen het, wat met hierdie stereotipe opvatting saamstem. Die waarnemingservaringsgroep en die oorvertellingservaringsgroep (gemiddelde 3,0) handhaaf beide neutrale standpunte terwyl die ander ervaringsgroepe die stereotipe verwerp. Dit kan egter aanvaar word dat oneerlikheid, omkoperij en korrupsie meer in werklike juridiese kontakstudies sal voorkom. Gevolglik is die standpunt van die juridiese ervaringsgroep waarvolgens 28,20 persent met die beskuldiging saamstem, 'n aanduiding dat sommige lede van die publiek wel gewillig is om polisiemanne om te koop wanneer hulle (dit wil sê die publiek) daarby kan baat.

Hierdie standpunt vind enigermate staving in die bevindinge waarvolgens -

- (i) meer as een derde (33,50 persent) van die ondersoekgroep die stereotipe aantyging bevestig;
- (ii) Asiërs (gemiddelde 2,9) met die aantyging akkoord gaan;  
en
- (iii) die redelike mate waarin die stereotipe beskuldiging deurgaans deur die verskillende bevolkingsgroepe, geslagte en onderskeie ervaringsgroepe gesteun word.

### 5.7.2.5 Ongegronde klagtes

Die aantyging dat die publiek ongegronde klagtes teen die polisie indien, word deur 43,50 persent van die ondersoekgroep verwerp, meer as 'n kwart (25,90 persent) stem daarmee saam terwyl bykans een derde (30,60 persent) onseker is (tabel 5.10).

Die standpunte van die verskillende bevolkingsgroepe in die ondersoekgroep verskil beduidend ( $V=54,05 > 15,51$ ). Kleurlinge (50,60 persent) verwerp die aantyging in die grootste mate terwyl Blankes (40,50 persent) en Asiërs (39,00 persent) dit min of meer in gelyke mate doen. Die indiening van ongegronde klagtes dui op kwaadwilligheid. In die lig van die bevinding blyk dit dat Asiërs meer vatbaar is hiervoor (35,30 persent) as Blankes (21,60 persent) en Kleurlinge (20,80 persent).

Daar is geen beduidende verskille in die standpunte van mans en vrouens in die algemeen en dië van die geslagte in die verskillende bevolkingsgroepe nie. Asiërmans en Asiërvrouens huldig egter teenstrydige standpunte deurdat Asiërvrouens (gemiddelde 2,9) hierdie stereotipe opvatting bevestig terwyl Asiërmans (gemiddelde 3,2) dit verwerp.

Die juridiese (gemiddelde 3,6) en oorvertellingervaringsgroepe (gemiddelde 3,4) verwerp hierdie stereotipe die meeste, en sosiale en waarnemingsgroepe (albei gemiddelde 3,1) die minste. Die mate waarin kwaadwilligheid te bespeur is in die ondersteuning van die stereotipe deur die totale ondersoekgroep, en veral deur die waarneming (30,70 persent) en sosiale ervaringsgroepe (30,60 persent) dui weer eens daarop dat dië stereotipe nie heeltemaal sonder basis is nie.

Tabel 5.10

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK ONGEGRONDE KLAGTES  
TEEN DIE POLISIE INDIEN

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiër N=241	11,60	23,10	25,70	21,60	17,40	100	3,1
Blanke N=232	1,30	20,30	37,90	31,90	8,60	100	3,3
Kleurling N=245	10,60	10,20	28,60	32,20	18,40	100	3,4
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	9,60	22,60	21,70	25,20	20,90	100	3,2
Asiërvrou N=126	13,50	24,60	29,30	18,30	14,30	100	2,9
Blanke man N=101	1,00	22,80	37,60	31,70	6,90	100	3,2
Blanke vrou N=131	1,50	18,30	38,20	32,10	9,90	100	3,3
Kleurlingman N=129	11,60	8,50	28,70	37,20	14,00	100	3,3
Kleurlingvrou N=116	9,50	12,10	28,40	26,70	23,30	100	3,4
Totaal: Man N=345	7,80	17,40	29,00	31,60	14,20	100	3,3
Totaal: Vrou N=373	8,00	18,50	32,30	25,70	15,50	100	3,2
<u>Ervaringsgroep</u>							
Juridies N=39	2,60	12,80	25,60	38,50	20,50	100	3,6
Sosiaal N=72	12,50	18,10	27,80	31,90	9,70	100	3,1
Oorvertelling N=63	6,30	12,70	33,40	31,70	15,90	100	3,4
Pers N=118	7,60	11,90	31,40	36,40	12,70	100	3,3
Radio N=122	13,10	10,70	28,60	32,80	14,80	100	3,2
Speurverhale N=53	1,90	30,20	20,80	24,50	22,60	100	3,3
Waarneming N=251	6,80	23,90	34,30	20,30	14,70	100	3,1
Totale onder= soekgroep N=718	7,90	18,00	30,60	28,60	14,90	100	3,2

5.7.2.6 Publieke vyandigheid

Meer as die helfte (51,90 persent) van die ondersoekgroep verwerp

Tabel 5.11

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK VYANDIG IS TEENoor  
DIE POLISIE

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiër N=241	17,40	22,80	19,50	21,60	18,70	100	3,0
Blanke N=232	2,60	15,50	15,10	50,90	15,90	100	3,6
Kleurling N=245	4,50	23,30	23,20	33,10	15,90	100	3,3
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	20,00	21,70	14,80	23,50	20,00	100	3,0
Asiërvrou N=126	15,10	23,80	23,80	19,80	17,50	100	3,0
Blanke man N=101	2,00	10,90	15,80	57,40	13,90	100	3,7
Blanke vrou N=131	3,10	19,10	14,40	45,80	17,60	100	3,5
Kleurlingman N=129	3,90	24,80	24,00	36,40	10,90	100	3,2
Kleurlingvrou N=116	5,20	21,60	22,30	29,30	21,60	100	3,4
Totaal: Man N=345	8,70	19,70	18,50	38,30	14,80	100	3,3
Totaal: Vrou N=373	7,80	21,40	20,10	31,90	18,80	100	3,3
<u>Ervaringsgroep</u>							
Juridies N=39	2,60	15,40	7,60	59,00	15,40	100	3,7
Sosiaal N=72	15,30	18,10	16,60	37,50	12,50	100	3,1
Oorvertelling N=63	6,30	12,70	28,60	30,20	22,20	100	3,5
Pers N=118	5,10	19,50	20,30	43,20	11,90	100	3,4
Radio N=122	10,70	14,80	20,40	34,40	19,70	100	3,4
Speurverhale N=53	11,30	15,10	17,00	26,40	30,20	100	3,5
Waarneming N=251	7,20	28,70	19,10	29,90	15,10	100	3,2
Totale onder= soekgroep N=718	8,20	20,60	19,30	35,00	16,90	100	3,2

die aantyging dat die publiek vyandig teenoor die polisie is (tabel 5.11). Blanke respondente (66,80 persent) verwerp die stereotipe veel meer as Kleurling- (49,00 persent) en Asiërrespondente (40,30 persent). Die beduidende verskil ( $V=76,52 > 15,51$ ) dui daarop dat die mate waarin die aantyging ondersteun word, Asiërs (40,20 persent) meer vyandig gesind is teenoor die polisie as Kleurlinge (27,80 persent) en Blankes (18,10 persent).

Mans verwerp die opvatting in 'n groter mate (53,10 persent) as vrouens (50,70 persent). Dieselfde tendens kom by Blanke mans en Asiërmans voor, maar Kleurlingvrouens verwerp hierdie stereotipe aantyging in 'n groter mate (50,90 persent) as Kleurlingmans (47,30 persent). Die verskille is egter onbeduidend.

Die juridiese (gemiddelde 3,7) en oorvertellingervaringsgroepe (gemiddelde 3,5) verwerp hierdie stereotipe weer eens meer as die ander groepe, terwyl die waarneming- (gemiddelde 3,2) en sosiale ervaringsgroepe (gemiddelde 3,1) nader aan die neutrale syfer beweeg. Hierdie verskil is beduidend ( $V=51,50 > 36,41$ ) en kan klaarblyklik toegeskryf word aan die groter bereidwilligheid van die juridiese groep om met die polisie saam te werk en die sosiale groep se persoonlike informele ervarings van die frustrasies van die polisie in hierdie verband.

#### 5.7.2.7 Gebrekkige begrip

Dat die publiek geen begrip toon vir die probleme van die polisie nie, word deur die ondersoekgroep (gemiddelde 3,3) verwerp (tabel 5.12). In die algemeen stem 48,20 persent nie daarmee saam nie terwyl 29,80 persent die polisie tog gelyk gee.

In teenstelling met die verskille by die ander beskuldigings, is die eensgesindheid van Asiër- (gemiddelde 3,2), Blanke- (gemid-

Tabel 5.12

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK GEEN BEGRIP VIR DIE  
PROBLEME VAN DIE POLISIE TOON NIE

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiër N=241	13,70	18,30	24,90	21,60	21,50	100	3,2
Blanke N=232	6,00	26,70	15,60	41,80	9,90	100	3,2
Kleurling N=245	6,90	18,00	25,30	31,80	18,00	100	3,3
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	12,20	15,70	22,50	20,90	28,70	100	3,4
Asiërvrou N=126	15,10	20,60	27,00	22,20	15,10	100	3,0
Blanke man N=101	5,90	24,80	11,90	48,50	8,90	100	3,3
Blanke vrou N=131	6,10	28,20	18,40	36,60	10,70	100	3,2
Kleurlingman N=129	8,50	17,10	23,20	37,20	14,00	100	3,3
Kleurlingvrou N=116	5,20	19,00	27,50	25,90	22,40	100	3,4
Totaal: Man N=345	9,00	18,80	19,70	35,10	17,40	100	3,3
Totaal: Vrou N=373	8,80	22,80	24,20	28,40	15,80	100	3,2
<u>Ervaringsgroep</u>							
Juridies V=39	7,70	33,30	5,10	38,50	15,40	100	3,2
Sosiaal N=72	18,10	13,90	20,80	37,50	9,70	100	3,1
Oorvertelling N=63	7,90	23,80	27,00	27,00	14,30	100	3,1
Pers N=118	5,90	16,90	23,80	44,10	9,30	100	3,3
Radio N=122	11,50	11,50	22,10	27,00	27,90	100	3,5
Speurverhale N=53	15,10	24,50	17,00	18,90	24,50	100	3,1
Waarneming N=251	5,60	25,90	23,90	29,10	15,50	100	3,2
Totale onder= soekgroep N=718	8,90	20,90	22,00	31,60	16,60	100	3,3

delde 3,2) en Kleurlingresponente (gemiddelde 3,3) opvallend. Die eenparige verwerping geld ook vir mans en vrouens in die algemeen en vir die geslagte in die verskillende bevolkingsgroepe, maar dit blyk tog dat mans deurgaans die stereotipe opvatting in 'n groter mate verwerp as vrouens. Dit hou waarskynlik verband met die mans se meerdere kennis van die polisie en die gevolglike groter begrip en insig in die probleme van die polisie.

Die radio-ervaringsgroep (gemiddelde 3,5) verwerp hierdie aantyging in 'n beduidend ( $V=64,79 > 36,41$ ) groter mate as die ander ervaringsgroepe. Dit beklemtoon die waarde van die radio as kommunikasiemedium waardeur die publiek ingelig kan word oor die probleme waarmee die polisie te kampe het. Dieselfde geld vir die pers (gemiddelde 3,3). Ofskoon die juridiese ervaringsgroep (gemiddelde 3,2) en diegene wat hul kennis uit waarneming (gemiddelde 3,2) opgedoen het, ook hierdie stereotipe aantyging verwerp, val dit uit die tabel op dat 41,00 en 31,50 persent onderskeidelik met die polisie saamstem dat die publiek geen begrip vir die probleme van die polisie toon nie. Diegene wat hul kennis uit sosiale kontak opgedoen het, huldig in 'n groot mate (32,00 persent) dieselfde standpunt.

#### 5.7.2.8 Weerhouding van inligting

Die aantyging dat die publiek versuim om inligting oor misdaad aan die polisie te verstrek, word deur die ondersoekgroep verwerp (gemiddelde 3,2) (tabel 5.13). Alhoewel onbeduidend, verwerp die Blankes (49,10 persent) dit meer as Kleurling- (44,10 persent) en Asiërresponente (39,00 persent). Oënskynlik is hierdie bevindinge in stryd met dié van Du Preez (1978: 97), Van Heerden (1974: 148) en Mayet (1976: 129) wat onderskeidelik bevind het dat 59,35 persent van 'n plattelandse, 87,50 persent stedelike en 75,86 per-

Tabel 5.13

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK VERSUIM OM INLIGTING  
 OOR MISDAAD AAN DIE POLISIE TE VERSTREK

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiër N=241	11,20	23,70	26,10	18,30	20,70	100	3,1
Blanke N=232	5,60	25,00	20,30	44,00	5,10	100	3,2
Kleurling N=245	6,90	24,50	24,50	32,70	11,40	100	3,2
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	7,80	27,00	19,10	19,10	27,00	100	3,3
Asiërvrou N=126	14,30	20,60	32,50	17,50	15,10	100	3,0
Blanke man N=101	5,90	21,80	15,90	49,50	6,90	100	3,3
Blanke vrou N=131	5,30	27,50	23,70	39,70	3,80	100	3,1
Kleurlingman N=129	7,80	20,90	24,00	37,20	10,10	100	3,2
Kleurlingvrou N=116	6,00	28,40	25,10	27,60	12,90	100	3,1
Totaal: Man N=345	7,20	23,20	20,00	34,80	14,80	100	3,3
Totaal: Vrou N=373	8,60	25,50	27,00	28,40	10,50	100	3,1
<u>Ervaringsgroep</u>							
Juridies N=39	7,70	28,20	12,80	41,00	10,30	100	3,2
Sosiaal N=72	9,70	20,80	16,70	41,70	11,10	100	3,2
Oorvertelling N=63	4,80	22,20	28,60	31,70	12,70	100	3,2
Pers N=118	7,60	21,20	23,80	38,10	9,30	100	3,2
Radio N=122	9,00	18,90	23,00	31,10	18,00	100	3,3
Speurverhale N=53	15,10	20,80	13,10	30,20	20,80	100	3,2
Waarneming N=251	6,40	30,30	28,60	24,30	10,40	100	3,0
Totale ondersoek= groep N=718	7,90	24,40	23,70	31,50	12,50	100	3,2

sent Kleurlingondersoekgroepe wat inderdaad oor inligting beskik het, dit nie aan die polisie oorgedra het nie. Ten spyte daarvan dat hierdie ondersoek die standpunte van die totale groep, betrokke al dan nie, betrek, dien die persentasie ondersteuning van die stereotipe (32,30 persent) enigermate as staving van die bevindinge van die gemelde ondersoeke, en 'n redelike aanvaarding dat die publiek nie in hierdie verband volgehoue hulp verleen nie.

Tabel 5.13 toon verder dat mans (gemiddelde 3,3) hierdie aantyging in 'n beduidend ( $V=9,56 > 9,49$ ) groter mate verwerp as vrouens. Dieselfde tendens geld ook vir die geslagte in die verskillende bevolkingsgroepe, maar die verskille wat voorkom is onbeduidend.

Behalwe in die geval van waarneming (gemiddelde 3,0) wat beduidend ( $V=38,61 > 36,41$ ) van die ander groepe verskil, dui die onbeduidendheid in verskille daarop dat geen besondere ervaringsvlak uitgesonder kan word as die vestiger van hierdie stereotipe nie.

#### 5.7.2.9 Versuim om sake aan te meld

Die ondersoekgroep (gemiddelde 2,7) bevestig tot 'n groot mate die aantyging dat die publiek nie alle misdade by die polisie aanmeld nie (tabel 5.14). Bykans die helfte (49,80 persent) stem hiermee saam terwyl 28,10 persent dit verwerp. Hierdie bevestiging steun tot groot mate die bevindinge van Du Preez (1978: 100) en Van Heerden (1974: 152) wat bevind het dat 49,74 persent en 76,21 persent van die onderskeie ondersoekgroepe nie altyd misdaad by die polisie aangemeld het nie.

Blanke respondente (gemiddelde 2,3) bevestig hierdie stereotipe in 'n beduidend ( $V=100,51 > 15,51$ ) groter mate as die Kleurlinge (ge=

Tabel 5.14

STANDPUNTE OP DIE STELLING DAT DIE PUBLIEK NIE ALLE MISDADE BY  
DIE POLISIE AANMELD NIE

Veranderlike	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem be= slis nie saam nie	Totaal	Gem.
<u>Bevolkingsgroep</u>							
Asiër N=241	14,50	27,40	19,10	19,90	19,10	100	3,0
Blanke N=232	11,20	58,60	19,00	10,80	0,40	100	2,3
Kleurling N=245	11,00	27,30	28,20	23,30	10,20	100	2,9
<u>Geslag</u>							
Asiërman N=115	12,20	25,20	16,60	21,70	24,30	100	3,2
Asiërvrou N=126	16,70	29,40	21,30	18,30	14,30	100	2,8
Blanke man N=101	11,90	54,50	18,70	13,90	1,00	100	2,4
Blanke vrou N=131	10,70	61,80	19,10	8,40	-	100	2,2
Kleurlingman N=129	10,10	23,30	27,10	31,00	8,50	100	3,0
Kleurlingvrou N=116	12,10	31,90	29,20	14,70	12,10	100	2,8
Totaal: Man N=345	11,30	33,00	21,20	22,90	11,60	100	2,9
Totaal: Vrou N=373	13,10	41,60	23,00	13,70	8,60	100	2,6
<u>Ervaringsgroep</u>							
Juridies N=39	15,40	48,70	5,20	25,60	5,10	100	2,6
Sosiaal N=72	15,30	30,50	25,00	23,60	5,60	100	2,7
Oorvertelling N=63	9,50	41,30	22,20	15,90	11,10	100	2,8
Pers N=118	12,70	38,10	21,30	23,70	4,20	100	2,7
Radio N=122	13,90	24,60	21,30	21,30	18,90	100	3,1
Speurverhale N=53	13,20	37,70	15,10	15,10	18,90	100	2,9
Waarneming N=251	10,40	42,60	26,20	12,40	8,40	100	2,6
Totale onder= soekgroep N=718	12,30	37,50	22,10	18,10	10,00	100	2,7

middelde 2,9) en Asiërs (gemiddelde 3,0). Die mate waarin Kleurlingresponente (38,30 persent) met die aantyging saamstem, is ook in lyn met die bevindinge van Mayet (1976: 133) waarvolgens 43,90 persent van sy ondersoekgroep nie altyd misdade by die polisie aanmeld nie. Vrouens (gemiddelde 2,6) bevestig hierdie aantyging in 'n beduidend ( $V=14,30 > 9,49$ ) groter mate as mans (gemiddelde 2,9). Dieselfde tendens kom by Kleurlinge voor waar Kleurlingvrouens (gemiddelde 2,8) beduidend ( $V=9,76 > 9,49$ ) van Kleurlingmans (gemiddelde 3,0) verskil. Alhoewel Blanke vrouens (gemiddelde 2,2) en Asiërvrouens (gemiddelde 2,8) hierdie aantyging ook in 'n groter mate bevestig as Blanke mans (gemiddelde 2,4) en Asiërmans (gemiddelde 3,2) is die verskille onbeduidend. Hierdie verskille kan waarskynlik toegeskryf word aan die vrou se laer vlak van betrokkenheid by misdaadpleging.

Die verwerping van die stereotipe deur die radio-ervaringsgroep (gemiddelde 3,1) verskil beduidend ( $V=51,48 > 36,41$ ) van die ander groepe wat dit ondersteun. Wat hier veral opval is die mate waarin die juridiese kontakgroep die stereotipe bevestig (64,10 persent). Dit dui daarop dat die besluit om sake aan te meld, deur eksterne faktore beïnvloed word. Trouens, die reeds vermelde drie ondersoeke het inderdaad bevind dat faktore soos onder andere die negatiewe houding van die polisie teenoor misdaad en die feit dat samelewingslede as die skuldige behandel word wanneer hulle sake aanmeld, die publiek beïnvloed in hul besluit. Afgesien daarvan dat dit die diskresionêre proses in die regspleging wat by die slagoffer begin, onderstreep, beklemtoon dit die wederkerige stereotiperende invloed van onderlinge optredes en houdings.

## 5.8 SAMEVATTING

Wedersydse of wederkerige stereotipering hou 'n ernstige bedreig-

ging vir gesonde onderlinge verhoudinge tussen die polisie en die publiek in, aangesien die aard van enige verhouding deur die houdings en gedragswyses van die betrokke verhoudingsparty bepaal word.

Brandstatter en Radelet (1968: 198) beklemtoon tereg dat dit, psigologies gesproke, nie die grondigheid van die feite waarop die stereotipe gebaseer is wat van belang is nie, maar wel die oortuiging en gesindheid van die stereotipeerder. Vir Van Heerden (1976: 147) gaan dit hier ook nie om die reg van die polisieman om ook te stereotipeer nie, maar wel oor die rol en invloed daarvan op die uitvoering van sy pligte, veral die bedreiging wat dit vir polisie-gemeenskapsverhoudinge inhou. Ook Gabor en Low (1973: 404) neem die standpunt in dat dit nie die polisieman se amptelike optrede mag beïnvloed nie.

Die standpunte van veral Kleurling- en Asiërrespondente dui daarop dat hulle van mening is dat hulle gedifferensieerde en ongelyke behandeling van die Suid-Afrikaanse Polisie ontvang. Hierdie twee bevolkingsgroepe bevestig dan ook in 'n groot mate die stereotipe aantygung van diskriminerende polisiëring en polisiebruuskheid. Indien gegrond, kan optredes van hierdie aard nie alleen verhoudinge tussen die polisie en die verskillende bevolkingsgroepe vertroebel nie, maar dit kan ook verreikende politieke implikasies inhou wat die verhoudingsvraagstuk in die Republiek van Suid-Afrika betref.

Hoofstuk 6POLISIEBRUUSKHEID

## 6.1 INLEIDING

Dit is die taak van die gesagstruktuur in elke demokratiese samelewing om die welvaart van sy landsburgers te verseker en te bevorder. Hieronder kan tereg ook die beskerming van individuele aansprake van elke samelewingslid verstaan word. Die gesagstruktuur sou skaars sy taak kon vervul as hy willekeurig inbreuk maak op individuele aansprake en vryhede, omdat hy daardeur onrus en oproer sou verwek. Daarom is inbreuk op die individuele grondwetlike aansprake slegs geregverdig wanneer dit gaan om die beskerming of herstel van samelewingsorde.

Owerheidsingryping om samelewingsorde te verseker, is egter beperk. Dit verleen nie die reg tot willekeurige optrede nie. Met die delegering van gesag aan die owerheid, word die beskerming van individuele regte en aansprake voorop gestel. As beskermheer van hierdie aansprake, moet die gesagstruktuur voldoen aan die verwagtinge van die samelewing dat die gedelegeerde gesag en mag tot ordehandhawing, ooreenkomstig die voorwaardes onderliggend aan die delegering van die polisiefunksie aan die staat, uitgevoer sal word.

Wanneer dit in gedagte gehou word dat mense in 'n demokratiese samelewing deur wette en nie deur mense regeer word nie, en dat die reg die perke van menslike gedrag sowel as beheer oor sodanige gedrag bepaal, dan kom die voorwaardes onderliggend aan die delegering van gesag, op niks anders neer as regsonpartydigheid, regsgelykheid en regverdigheid nie. Dit impliseer dat die polisiefunksie in ooreenstemming met hierdie beginsels ten uitvoer gebring moet word.

Funksionele verrigtinge buite hierdie regsekerheidsbeginsels, wat in

der waarheid neerkom op 'n oorskryding van die gesags- en magsperke, is arbitrêr en afkeurenswaardig. Dit bots lynreg met die basiese beginsels onderliggend aan demokratiese polisiëring. Sodanige optredes versteur nie alleen goeie onderlinge verhoudinge nie, maar is ook tiperend van die militante polisieman wat hom aan polisiebruuskheid skuldig maak.

## 6.2 OMSKRYWING EN BETEKENIS VAN POLISIEBRUUSKHEID

'n Intensiewe literatuurstudie oor die betekenis van polisiebruuskheid toon dat daar groot meningsverskille bestaan. Hierdie meningsverskille blyk nie alleen duidelik uit die standpunte van verskeie navorsers nie, maar veral ook uit die verskille tussen die polisie en die publiek oor watter handeling of optredes inderdaad op bruuskheid neerkom. Johnston et al. (1970: 54) is byvoorbeeld van mening dat selfs redelike fisieke geweld deur sommige samelewingslede as polisiebruuskheid getipeer word. In die Republiek van Suid-Afrika maak artikel 49 van die Strafproseswet (Wet 51/1977) spesifiek voorsiening vir redelike toelaatbare fisieke geweld wat die uitvoering van arrestasies betref. Toelaatbare fisieke geweld verleen egter nie die reg tot degraderende optredes nie.

Germann, Day en Gallati (1962: 345) meen dat die onsekerheid oor die betekenis van polisiebruuskheid hoofsaaklik 'n semantiese vraagstuk is. Kritzinger, Labuschagne en Pienaar (1972: 129) heg die volgende betekenis aan die woord.bruusk, naamlik 'kort van draad, kortaf, bars', terwyl Bosman, Van der Merwe en Hiemstra (1967: 1043) "brutality" omskryf as 'bruttheid, grofheid, dierlikheid, onmenslikheid, wreed(aardig)heid'. Van Heerden (1976: 143) sluit grootliks hierby aan wanneer hy verklaar dat persoons- of statusdegradering en fisieke geweld, die twee belangrikste komponente van polisiebruuskheid is. Degradering het betrekking op die wyse waarop die individu aangespreek word, die taal wat gebruik word en die minagting van die sta-

tus en menswaardigheid van die individu, terwyl geweld nie alleen werklike fisieke geweld omsluit nie, maar ook dreigemente van geweld.

Vir Caldwell (1972: 126) verwys polisiebruuskheid in die algemeen na oormatige en onredelike fisieke geweld wat aangewend word by arrestasie, gedurende aanhoudings of ondervraging. Fisieke geweld word ook deur Black (1969: 133) beklemtoon in sy omskrywing: "Brutality means killing, beating, pushing, pulling, dragging, striking, and it may mean holding, restraining, putting on handcuffs, when these are not necessary for the enforcement of the law in particular situations".

Reiss (1969: 15-16) wat seker die mees omvattende studie oor polisiebruuskheid tot dusver onderneem het, beklemtoon veral die aspekte van onredelike, onnodige en oormatige fisieke geweld wat polisiebruuskheid tipeer en beskou die volgende handeling as tiperend van onredelik, onnodig en oormatig:

- wanneer 'n polisiebeampte iemand fisiek aanrand en dan in gebreke bly of versuim om 'n arrestasie uit te voer;
- die gebruik van meer fisieke geweld as wat nodig is om 'n arrestasie uit te voer;
- die gebruik van fisieke geweld waar die arrestant hom/haar deur woord of daad aan die arrest onderwerp of geen poging aanwend om hom/haar teen die arrestasie te verset nie;
- die gebruik van handboeie in omstandighede waar die arrestant geen poging aanwend om te ontvlug nie of waar daar geen verset teen arrestasie is nie;
- die verdere of aanhoudende gebruik van fisieke geweld selfs nadat die arrestant onder bedwang gestel is; en
- die versuim of weiering om ander bedwangstellingsmaatreëls as fisieke geweld by verset teen arrestasie te gebruik of

aan te wend, soos byvoorbeeld waar hulp van ander polisiemanne geredelik tot sy beskikking is.

Volgens Van Heerden (1976: 143) is hierdie omskrywings met die eensydige beklemtoning van fisieke geweld te beperk, omdat bruuskheid ook verbaal en psigologies van aard kan wees. Radelet (1973: 261) is ook van mening dat polisiebruuskheid beledigende aanspreekvorme, die gebruik van skeldname, vernederende taalgebruik en die subtiële, openbare of brutale misbruik van polisiegesag insluit. Bayley en Mendelsohn (1969: 123-124) sluit hierby aan wanneer hulle verklaar - "If brutality is synonymous with mistreatment of any kind, then verbal abuse, ridicule, malicious humor, denigrating epithets and elaborate condescension would all qualify". Reiser en Steinberg (1972: 15) gaan verder en sê dat optredes soos die versuim om minderheidsgroepe as Mnr./Mev./Mej. aan te spreek, versuim om te luister wanneer daar met iemand gepraat word of wanneer iemand sy rug op jou keer terwyl jy met hom praat, ongetwyfeld bruuskheid daarstel, want sulke optredes "... may signal that the communicator is angry, feels threatened, lacks respect, or fears losing control of the situation".

Psigologiese bruuskheid hou ten nouste verband met die miskenning van die intrinsieke menswaardigheid van elke samelewingslid. Dit manifesteer gewoonlik in gekwetste of seergemaakte gevoelens, veral wanneer die menswaardigheid en beskermingswaardigheid van sommige samelewingslede deur ongelyke behandeling en dienslewering geminag word. Germann en andere (1962: 345) stel dit treffend soos volg - "It is often manifested in hurt feelings - when minorities or those with unorthodox life styles are not treated with the same respect by the police as are the majority or those with conformist life styles ... and the former is treated as a suspicious character until it is proved otherwise, whereas the latter is treated as a decent citizen until it is proved otherwise". In demokratiese po-

lisiëring moet elke samelewingslid ten volle as mens beskou en aanvaar word. Die minderheidsgroepe (nie noodwendig getalle nie, maar ook mindere voorregte en betrokkenheid) is in ons moderne tydvak besonder daarop gestel, en besonder gevoelig, dat hulle menswaardig behandel moet word. Diegene wat daarin misken voel, voel gebelg en verneder, en gekwetste gevoelens is diep geworteld. Kwetsing van hierdie demokratiese aansprake kan nie maklik reggestel word nie, want "to treat anyone meanly, without any reason, may hurt him much more than striking him" (Germann et al., 1962: 345). Van Heerden (1976: 144) verklaar dan heeltemal tereg in hierdie verband, dat aantygings van polisiebruuskheid inderdaad daarop neerkom dat alle samelewingslede nie met die volle regte, eerbied en waardigheid behandel word waarop hulle in 'n demokratiese samelewing aanspraak kan maak nie.

Volgens Germann et al., (1962: 238) weerspieël polisiebruuskheid 'n gevoellose en lomp houding of (lomp) operasionele metode wat menswaardigheid verontagsaam. Dit impliseer dat die begrip "bruuskheid" betrekking het op alle polisieoptredes, -metodes en -tegnieke, asook die wyse waarop met die publiek gekommunikeer word.

Vir Van Heerden (1976: 143) wissel bruuskheid inderdaad van 'n onverskillige of smalende blik tot die sadistiese toepassing van onregmatige geweld; van kille stilte tot skeldtaal; van onwilligheid om behoorlik op te tree tot 'n behae daarin om onnodig op te tree; van versuim om alternatiewe vir die repressiewe funksie te vind en diskresionêr op te tree, tot die keuse van die uiterste strafsanksie. Ook Reiss (1969: 15-16) is van mening dat polisiebruuskheid betrekking het op die totaliteit van polisie-optrede wanneer hy verklaar - "What citizens mean by police brutality covers the full range of police practices". Aangesien polisiebruuskheid die mees emosioneel-belaaide klagte teen die polisie is, kan dit verwag word dat verskillende individue en groepe uiteenlopende standpunte kan inneem oor

watter optredes, handelinge, ensovoorts, op polisiebruuskheid neerkom.

### 6.3 DETERMINANTE VAN POLISIEBRUUSKHEID

Die rangordeplasing van determinante word in tabel 6.1 aangedui. Die persentasiewaarde\* bo 50,00 persent wat aan die verskillende aspekte wat in die tabel opgeneem is, toegeken word, bevestig die kompleksiteit van die betekenis van bruuskheid. Alhoewel onnodige (70,67 persent), onredelike (69,16 persent) en oormatige fisiese geweld (68,69 persent) as die belangrikste determinante uitgesonder word, word selfs oordrewe agterdogtigheid (58,19 persent), wat in sekere opsigte inherent aan polisiëring is, as 'n faset van bruuskheid uitgesonder.

Die uitwerking van die emosionele element wat voortvloei uit opvattinge dat die polisie gedifferensieerd optree, blyk duidelik uit die verskillende waardes wat die drie bevolkingsgroepe aan die verskillende determinante heg. Die waardes van Blanke respondente is deurgaans beduidend laer as dié van die Kleurlinge en Asiërs. Baasspelerigheid word selfs op die neutrale 50,09 persent geplaas, terwyl onverskillige optredes (48,96 persent), optredes wat die status van die individu aanraak (40,52 persent), ongegronde beskuldigings (48,10 persent) en oordrewe agterdogtigheid (43,79 persent), nie as betekenisvolle determinante van polisiebruuskheid beskou word nie.

Vir Kleurling- en Asiërrespondente is al die fasette betekenisvolle determinante van bruuskheid. Ook in hierdie geval kom daar verskille voor. Die Asiërs heg die hoogste waarde aan die gebruik

---

\* Opmerking: Persentasies vermeld in afdeling 6.3 is rangordepersentasies. Vergelyk formule op p. 30

van onnodige (74,69 persent), onredelike (75,19 persent), oormatige (73,77 persent) en onnodige dreigemente van fisieke geweld (71,78 persent), optrede wat die status van die individu ignoreer (71,45 persent) en enige optrede wat die menswaardigheid van die individu minag (70,54 persent)

Tabel 6.1

STANDPUNTE VAN BEVOLKINGSGROEPE OOR WATTER HANDELINGE, WOORDE OF DADE VAN DIE POLISIE OP BRUUSKHEID NEERKOM

Vorm van handeling, daad of optrede van die polisie	Asiërs	Blankes	Kleur=linge	Totale onder=soek groep
Die gebruik van <u>onnodige</u> fisieke geweld	74,69	64,05	72,98	70,67
Die gebruik van <u>onredelike</u> fisieke geweld	75,19	62,59	69,47	69,16
Die gebruik van <u>oormatige</u> fisieke geweld	73,77	63,96	68,16	68,69
Misbruik van mag en gesag	68,21	59,31	69,39	65,74
Enige optrede wat die menswaardigheid van die individu minag	70,54	55,17	69,71	65,29
Onnodige dreigemente van geweld	71,78	51,72	66,94	63,65
Vernederende taalgebruik	61,74	55,95	70,37	62,81
Astrantheid	64,90	53,10	68,33	62,26
Beledigende aanspreekvorme	62,24	54,83	67,02	61,48
Baasspelerige houding	62,74	50,09	69,79	61,06
Die gebruik van skeldname	60,33	55,17	66,86	60,89
Onverskillige optredes	61,49	48,96	70,61	60,56
Optrede wat die status van die individu ignoreer	71,45	40,52	64,49	59,08
Ongegronde beskuldiging	61,08	48,10	67,10	58,94
Oordrewe agterdogtigheid teenoor die publiek	60,91	43,79	69,14	58,19

Hierteenoor heg die Kleurlinge 'n hoër waarde as Blanke- en Asiër= respondente aan onverskillige optredes (70,61 persent), vernederende taalgebruik (70,37 persent), baasspelerigheid (69,79 persent), misbruik van mag en gesag (69,39 persent), oordrewe agterdogtigheid (69,14 persent), astrantheid (68,33 persent), ongegronde beskuldiging (67,10 persent), beledigende aanspreekvorme (67,02 persent) en die gebruik van skeldname (66,86 persent). Hierdie uiteenlopende standpunte kan 'n belangrike uitwerking hê op die beoordeling van die omvang van bruuskheid, ook wat die onderskeie fasette daarvan betref.

Dat die waardetoekenning van hierdie determinante verband hou met onderlinge groepsbeïnvloeding en ervaring, blyk uit tabelle 6.2 en 6.3. Met die uitsondering van astrantheid wat deur die vrou hoër aangeslaan word (62,95 persent) as die man, slaan mans in die algemeen al die ander faktore hoër aan. Die onbeduidenheid van die verskille tussen die geslagte van die verskillende bevolkingsgroepe is opvallend. Dit blyk tog dat die Asiërvrou hoër waarde heg aan astrantheid (66,35 persent), baasspelerigheid (64,92 persent), ongegronde beskuldiging (62,38 persent) en oordrewe agterdogtigheid (62,06 persent); die Blanke vrou aan misbruik van mag en gesag (61,37 persent), onnodige dreigemente van geweld (56,49 persent), vernederende taalgebruik (56,79 persent), die gebruik van skeldname (55,72 persent), astrantheid (54,04 persent) en oordrewe agterdogtigheid (44,27 persent) en die Kleurlingvrou slegs aan astrantheid (69,31 persent). Dit is opvallend dat die Kleurlingvrou (68,45 persent) soos die man (72,09 persent) vernederende taalgebruik selfs hoër aanslaan as onredelike en oormatige fisieke geweld.

Die gemiddelde waarde wat aan die determinante toegeken word, dui

Tabel 6.2

STANDPUNTE VAN GESLAGTE OOR WATTER HANDELINGE, WOORDE OF DADE  
VAN DIE POLISIE OP BRUSKHEID NEERKOM

Vorm van hande- ling, daad of optrede van die polisie	Asiër		Blanke		Kleurling		Totaal	
	Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou
Die gebruik van onnodige fisieke geweld	75,13	74,28	66,34	62,29	74,11	71,72	72,17	69,28
Die gebruik van onredelike fi- sieke geweld	77,22	73,33	64,16	61,37	71,32	67,41	71,19	67,29
Die gebruik van oormatige fi- sieke geweld	75,48	72,22	65,35	62,90	70,39	65,69	70,61	66,92
Optrede wat die menswaardigheid van die individu minag	73,91	67,46	56,04	54,50	70,70	68,62	67,48	63,27
Misbruik van mag en gesag	72,52	64,28	56,63	61,37	70,08	68,62	66,96	64,61
Onnodige dreige- mente van geweld	74,09	69,68	53,66	56,49	67,60	66,21	65,68	61,77
Vernederende taal- gebruik	63,13	60,48	54,85	56,79	72,09	68,45	64,06	61,66
Beledigende aan- spreekvorme	61,56	62,86	56,63	53,43	69,15	64,65	62,96	60,11
Die gebruik van skeldname	61,39	59,36	54,45	55,72	70,08	63,27	62,61	59,30
Optrede wat die status van die individu ignoreer	73,91	69,21	42,97	38,62	66,36	62,41	62,03	56,35
Onverskillige optredes	61,74	61,27	49,90	48,24	71,32	69,83	61,85	59,36
Astrantheid	63,30	66,35	51,88	54,04	67,44	69,31	61,51	62,95
Baasspelerige houding	60,35	64,92	50,49	49,77	70,85	68,62	61,39	60,75
Ongegronde be- skuldiging	59,65	62,38	48,51	47,79	68,68	65,34	59,77	58,18
Oordrewe ag- terdogtigheid	59,65	62,06	43,17	44,27	70,39	67,76	58,84	57,59

Tabel 6.3

STANDPUNTE VAN ERVARINGSGROEPE OOR WATTER HANDELINGE, WOORDE OF  
DADE VAN DIE POLISIE OP BRUUSKHEID NEERKOM

Vorm van hande= ling, daad of optrede van die polisie	Juri= dies	Sosi= aal	Oorver= telling	Pers	Radio	Speur= ver= hale	Waar= neming	Totaal
Die gebruik van onredelike fisie= sieke geweld	76,41	72,22	71,75	68,98	66,06	56,98	70,68	69,16
Optrede wat die menswaardigheid van die individu minag	76,41	70,55	66,98	66,27	64,92	54,34	63,66	65,29
Die gebruik van onnodige fisieke geweld	75,38	76,67	71,11	71,86	69,18	62,64	69,96	70,67
Die gebruik van oormatige fisie= geweld	74,36	75,83	69,21	69,83	65,57	58,49	69,40	68,69
Misbruik van mag en gesag	72,31	70,00	68,89	64,74	67,21	54,72	64,78	65,74
Onnodige dreie= gemeente van geweld	71,28	65,83	61,27	62,88	64,75	59,62	63,11	63,65
Beledigende aanspreekvorme	66,67	61,94	62,22	63,22	61,47	61,51	59,52	61,48
Astrantheid	64,61	63,89	61,59	61,35	65,57	52,83	62,31	62,26
Baasspelerige houding	63,59	60,55	62,22	58,13	62,79	57,36	61,83	61,06
Onverskillige optredes	61,54	59,44	65,40	58,98	62,13	53,58	60,96	60,56
Vernederende taalgebruik	61,54	68,61	64,76	63,05	65,41	62,26	59,60	62,81
Die gebruik van skeldname	60,51	66,67	62,86	62,20	60,33	60,75	58,49	60,89
Ongegronde be= skuldiging	58,46	61,11	61,90	59,83	63,28	52,45	56,25	58,94
Oordrewe agter= dogtigheid	55,90	56,11	60,63	59,49	62,62	54,34	56,49	58,19
Optrede wat die status van die individu igno= reer	51,79	53,33	57,78	59,66	61,97	54,34	58,64	59,08
Gemiddelde waarde	66,18	65,51	65,57	63,36	64,21	57,08	62,37	63,23

daarop dat waardebeplating verband hou met ervaring (tabel 6.3). Dit val op dat die juridiese kontakgroep die hoogste (66,18 persent) en die lesers van speurverhale (57,08 persent) die laagste waardes toeken. Die beduidende verskille wat voorkom is veral aan die standpunte van laasgenoemde groep toe te skryf. Die ander groepe ken in 'n groot mate dieselfde waardes toe. Die juridiese kontakgroep heg hoër waarde aan onredelike fisieke geweld en dreigemente van fisieke geweld, optrede wat die menswaardigheid van die individu minag, misbruik van mag en gesag, beledigende aanspreekvorme en baasspelerigheid; die sosiale groep aan onnodige en oormatige fisieke geweld, vernederende taalgebruik en die gebruik van skeldname; oorvertellinge aan onverskillige optredes en die radiogroep aan astrantheid, ongegronde beskuldiging, oordrewe agterdogtigheid en optredes wat die status van die individu ignoreer. Hieruit blyk dit dat die kennis wat opgedoen is, 'n wisselende waardebeplating tot gevolg het.

Die gegewens dui daarop dat al die determinante wat in die teoretiese omskrywings uitgelig is, volgens die ondersoekgroep inderdaad deel daarvan uitmaak. Dit kan verwag word dat die mate waarin die voorkoms van hierdie determinante geëvalueer word, redelik verband sal hou met die waardes wat daaraan toegeken word.

#### 6.4 VOORKOMS VAN POLISIEBRUUSKHEID

Vir die doel van hierdie ondersoek en ter wille van 'n praktiese onderskeid, word die voorkoms van polisiebruuskheid geëvalueer aan die hand van -

- (i) houdingsbruuskheid wat betrekking het op eienskappe, gesindhede en houdings soos astrantheid, baasspelerigheid, agterdogtigheid, aggressiwiteit, meerderwaardige houding, misbruik van mag en gesag, onbeskoftheid en

vyandigheid wat in kontak- of verhoudingsituasies met die publiek openbaar word;

- (ii) operasionele bruuskheid, dit wil sê funksionele verrigtinge wat hoofsaaklik betrekking het op die uitvoering van arrestasies, deursoeking, beslaglegging en die verbandhoudende aspekte van onderhoudvoering en ondervraging wat gewoonlik uit repressiewe optredes voortspruit; en
- (iii) verbale bruuskheid, dit wil sê aspekte wat betrekking het op die wyse waarop daar met die publiek gekommunikeer word.

#### 6.4.1 Houdingsbruuskheid

Die gemiddelde van 2,8 in tabel 6.4, 'n verwerking van die gegewens in bylae 19 tot 26, toon dat die ondersoekgroep van mening is dat houdingsbruuskheid voorkom. Met die uitsondering van vyandigheid (gemiddelde 3,0) word agterdogtigheid (gemiddelde 2,6), baasspelerigheid (gemiddelde 2,7) meerderwaardige houding (gemiddelde 2,7), astrantheid (gemiddelde 2,8), aggressiwiteit (gemiddelde 2,8), misbruik van mag en gesag (gemiddelde 2,8) en onbeskoftheid (gemiddelde 2,8) almal as ongunstig geëvalueer. Alhoewel agterdogtigheid volgens Van Heerden (1974: 178) nie ipso facto op bruuskheid dui nie, en dit volgens Balch (1972: 110-111) deel van die polisieman se beroepspersoonlikheid is, werk dit degraderend in aangesien dit volgens laasgenoemde niks anders is as 'n manifestasie van diepgewortelde politieke en emosionele konserwatisme nie. Die oordrewe voorkoms daarvan kan kommunikasie met die publiek vertroebel en 'n latente vyandiggesindheid teenoor die publiek weerspieël.

Die gegewens in bylae 19 tot 26 toon verder dat -

- (i) 47,60 persent van die ondersoekgroep van mening is dat

Tabel 6.4

EVALUERING VAN ASPEKTE WAT VERBAND HOU MET HOUDINGSBRUUSKHEID  
VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

Vorm van bruuskheid	Gemiddelde				
	Asiër	Blanke	Kleur= ling	Totale onder= soek= groep	$\chi^2$ waarde : 15,51 : 8 g.v.v.
Astrantheid	2,3	3,9	2,2	2,8	263,79
Baasspelerigheid	2,4	3,8	2,1	2,7	246,14
Agterdogtigheid	2,4	3,4	2,2	2,6	172,44
Aggressiwiteit	2,4	3,8	2,2	2,8	224,30
Meerderwaardige houding	2,3	3,7	2,1	2,7	249,95
Misbruik van mag en gesag	2,3	3,9	2,2	2,8	283,56
Onbeskoftheid	2,4	4,0	2,2	2,8	304,74
Vyandigheid	2,5	4,1	2,3	3,0	304,36
Totale gemiddelde	2,4	3,8	2,2	2,8	

astrantheid voorkom;

- (ii) 48,10 persent van mening is dat baasspelerigheid voorkom;
- (iii) 46,50 persent van die ondersoekgroep meen dat die polisie aggressief in hul optredes is;
- (iv) meer as die helfte (50,40 persent) van mening is dat die polisie 'n meerderwaardige houding openbaar;
- (v) 48,60 persent van mening is dat misbruik van mag en gesag voorkom;
- (vi) 47,10 persent van mening is dat onbeskoftheid voorkom;
- (vii) 40,30 persent van die ondersoekgroep van mening is dat die polisie met vyandigheid optree; en
- (viii) dat onsekerheid wissel van 17,80 persent tot 24,50 persent.

Houdingsbruuskheid word deur die Blankes verwerp. Hul gunstige evaluering (gemiddelde 3,8) van hierdie stel faktore verskil beduidend van Asiër- (gemiddelde 2,4) en Kleurlingresponente (gemiddel-

de 2,2). Die waarskynlikste verklaring vir hierdie verskille is dat die Asiërs en Kleurlinge in 'n veel groter mate aan bruuskheid onderwerp word as wat die geval met Blanke respondente is, veral ook as dit in aanmerking geneem word dat onbeskoftheid (73,70 persent) en vyandigheid (75,00 persent) volgens die Blankes min of glad nie voorkom nie. Hierteenoor meen die Kleurlinge (66,60 en 61,30 persent onderskeidelik) en Asiërs (66,40 en 56,40 persent onderskeidelik) dat dit wel baie of uitermatig voorkom. Dit blyk verder dat al die fasette deur Kleurlingrespondente as uiters ongunstig geëvalueer word, met baasspelerigheid (gemiddelde 2,1) en meerderwaardige houding (gemiddelde 2,1) die ongunstigste. Asiërrespondente het eweneens 'n baie ongunstige evaluering en volgens hulle kom astrantheid (gemiddelde 2,3), meerderwaardige houding (gemiddelde 2,3) en die misbruik van mag en gesag (gemiddelde 2,3) die meeste voor.

Daar is geen beduidende verskil in die opvattinge van mans (gemiddelde 2,7) en vrouens (gemiddelde 2,8) nie (tabel 6.5). Beide geslagte het 'n ongunstige evaluering. Alhoewel Asiërmans en -vrouens ook nie beduidend verskil nie, is daar nietemin aanduidings dat astrantheid, baasspelerigheid, agterdogtigheid, aggressiwiteit, meerderwaardige houding en misbruik van mag en gesag volgens Asiërmans meer voorkom. Kleurlingmans (gemiddelde 2,2) en Kleurlingvrouens (gemiddelde 2,2) is dit tot 'n groot mate eens, maar dit blyk dat astrantheid, baasspelerigheid en meerderwaardige houding volgens Kleurlingvrouens meer voorkom. Hierteenoor het beide Blanke mans en Blanke vrouens 'n gunstige evaluering van hierdie vorme van bruuskheid en daar is geen beduidende verskil in hul standpunte nie.

Die verskillende ervaringsgroepe het deurgaans 'n ongunstige evaluering van hierdie stel faktore. Tabel 6.6 en bylae 19 tot 26

Tabel 6.5

EVALUERING VAN ASPEKTE WAT VERBAND HOU MET HOUDINGSBRUUSKHEID  
VOLGENS GESLAG

Vorm van bruuskheid	Gemiddelde							
	Asiër		Blanke		Kleurling		Totaal	
	Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou
Astrantheid	2,2	2,3	3,8	3,9	2,3	2,2	2,7	2,9
Baasspelerigheid	2,3	2,4	3,7	3,9	2,2	2,1	2,7	2,8
Agterdogtigheid	2,3	2,4	3,5	3,4	2,2	2,2	2,6	2,7
Aggressiwiteit	2,3	2,4	3,7	3,8	2,2	2,2	2,7	2,8
Meerderwaardige houding	2,3	2,4	3,7	3,8	2,2	2,1	2,7	2,8
Misbruik van mag en gesag	2,3	2,4	3,8	4,0	2,1	2,2	2,7	2,9
Onbeskoftheid	2,4	2,4	3,9	4,1	2,2	2,2	2,7	2,9
Vyandigheid	2,5	2,5	4,1	4,1	2,3	2,3	3,0	3,0
Totale gemiddelde	2,3	2,4	3,8	3,9	2,2	2,2	2,7	2,8

Tabel 6.6

EVALUERING VAN ASPEKTE WAT VERBAND HOU MET HOUDINGSBRUUSKHEID  
VOLGENS ERVARINGSGROEP

Vorm van bruuskheid	Gemiddelde							
	Juri= dies	Sosj= aal	Oor= ver= ting	Pers	Radio	Speur= ver= hale	Waar= ne= ming	To= taal
Astrantheid	2,6	2,9	2,7	2,8	2,6	2,8	2,9	2,8
Baasspelerigheid	2,5	2,9	2,6	2,8	2,6	2,7	2,8	2,7
Agterdogtigheid	2,7	2,7	2,6	2,7	2,5	2,6	2,7	2,6
Aggressiwiteit	2,6	2,9	2,6	2,9	2,6	2,6	2,8	2,8
Meerderwaardige houding	2,4	2,9	2,8	2,8	2,5	2,7	2,7	2,7
Misbruik van mag en gesag	2,8	2,9	2,7	2,8	2,6	2,7	2,8	2,8
Onbeskoftheid	2,9	2,9	2,7	2,8	2,7	2,8	2,9	2,8
Vyandigheid	3,1	3,0	2,9	3,0	2,8	2,8	3,0	3,0
Totale gemiddelde	2,7	2,9	2,7	2,8	2,6	2,7	2,8	2,8

toon dat -

- (i) astrantheid volgens die radio-ervaringsgroep in 'n beduidend ( $V=40,56>36,41$ ) groter mate voorkom - 54,10 persent is van mening dat dit voorkom;
- (ii) baasspelerigheid volgens die juridiese ervaringsgroep in 'n beduidend ( $V=39,49>36,41$ ) groter mate voorkom - 56,40 persent is van mening dat dit voorkom;
- (iii) agterdogtigheid volgens die radio-ervaringsgroep in 'n beduidend ( $V=38,96>36,41$ ) groter mate voorkom - 60,70 persent is van mening dat dit voorkom;
- (iv) aggressiwiteit volgens die speurverhaalervaringsgroep in 'n beduidend ( $V=47,25>36,41$ ) groter mate voorkom - 56,60 persent meen dat dit voorkom;
- (v) meerderwaardige houding volgens die juridiese en die radio-ervaringsgroep die meeste voorkom - 56,40 en 59,00 persent onderskeidelik is van mening dat dit voorkom;
- (vi) misbruik van mag en gesag volgens die radio- en speurverhaalervaringsgroep die meeste voorkom - 53,20 persent en 56,60 persent onderskeidelik is van mening dat dit voorkom;
- (vii) dat onbeskoftheid volgens die radio-ervaringsgroep die meeste voorkom - 55,70 persent is van mening dat dit voorkom.

Die totale gemiddelde dui daarop dat die radio (gemiddelde 2,6) die ongunstigste uitwerking op die evaluering gehad het en sosiale kontak die gunstigste (gemiddelde 2,9).

Dat die onderskeie ondersoekgroepe van mening is dat houdingsbruuskheid in die alledaagse omgang van die polisie met die publiek voorkom, blyk duidelik uit die voorafgaande bevindinge wat onder meer onderskryf word deur die bevindinge van -

- Van Heerden (1974: 332-335) waar 44,74 persent van n Blanke stedelike ondersoekgroep die standpunt huldig dat misbruik van mag en gesag deur die polisie wel voorkom, 43,07 persent van mening is dat die polisie baasspelerig is, 36,33 persent verklaar dat hulle agterdogtig is en 33,72 persent wat meen dat astrartheid voorkom;
- Mayet (1976: 217-220) waar 71,67 persent van n stedelike Kleurlingondersoekgroep verklaar dat die polisie baasspelerig is, 65,33 persent die voorkoms van astrartheid bevestig, 62,34 persent van mening is dat die polisie baie tot uitermatig baie agterdogtig is en 71,67 persent die standpunt inneem dat misbruik van mag en gesag wel voorkom; en
- Du Preez (1978: 174-176) waar 8,97 persent van n Blanke plattelandse ondersoekgroep van mening is dat misbruik van mag en gesag wel voorkom, 15,27 persent verklaar dat die polisie baasspelerig is, 20,88 persent die voorkoms van agterdogtigheid bevestig en 9,27 persent van mening is dat astrartheid onder polisiemanne wel voorkom.

#### 6.4.2 Operasionele Bruuskheid

Die totale gemiddelde van 3,2 in tabel 6.7, n verwerking van die gegewens in bylae 27 tot 44, toon dat die ondersoekgroep operasionele bruuskheid in n geringe mate aan die gunstige sy van die kontinuum plaas. Met die uitsondering van die onnodige gebruik van fisieke geweld by die uitvoering van arrestasies (gemiddelde 2,9), die stel van leidende vrae aan getuies (gemiddelde 2,8) en die ordelike wyse of toestand waarin wonings en eiendom na deursoeking gelaat word (gemiddelde 2,9), word al die ander funksionele verrigtinge òf positief òf op n neutrale gemiddelde geëvalueer.

Ten spyte van n oorwegend gunstige evaluering, toon die gegewens dat -

- 'n groot persentasie (38,10 persent) van die ondersoek= groep daarmee saamstem dat polisiemanne onnodige fisieke geweld by die uitvoering van arrestasie gebruik (bylae 27);
- bykans 'n derde (33,00 persent) van mening is dat polisie= manne oormatige fisieke geweld gebruik om arrestasies uit te voer (bylae 28);
- meer as 'n kwart (27,90 persent) nie daarmee saamstem dat polisiemanne altyd versigtig is om nie meer fisieke ge= weld te gebruik as wat absoluut nodig is om 'n arrestasie uit te voer nie (bylae 31);
- meer as een derde (34,70 persent) meen dat polisiemanne fisieke geweld gebruik selfs nadat die gearresterde onder bedwang gestel is (bylae 32);
- 'n groot persentasie (36,10 persent) dit bevestig dat mense onnodig vir geringe oortredings arrester word (bylae 33);
- meer as 'n kwart (26,30 persent) van mening is dat ver= dagte misdadigers se regte nie altyd gehandhaaf word nie (bylae 42);
- bykans 'n derde (32,20 persent) daarmee akkoord gaan dat verdagte misdadigers op onbehoorlike wyses beïnvloed word om inligting te verstrek en bekentnisse af te lê (bylae 43);
- dat 37,70 persent van mening is dat leidende vrae aan ge= tuies gestel word om inligting in te win (bylae 44); en
- dat die persentasie onsekerheid hoog is. Dit wissel van 18,10 persent by die beoordeling van die stelling dat polisiemanne goeie redes het voordat hulle mense in die straat voorkeer en ondervra, tot 41,00 persent op die stelling dat persele in 'n warboel gelaat word na deur= soekings. 'n Aanduiding dat kennis en ervaring, eerder as kwaadwilligheid, 'n bepalende faktor was in die beoor=

deling van hierdie faktore.

Blanke respondente verwerp operasionele bruuskheid (gemiddelde 3,7), Asiërrespondente staan neutraal daarteenoor (gemiddelde 3,0), terwyl Kleurlingrespondente dit onderskryf (gemiddelde 2,8). Hierdie verskil is beduidend ten opsigte van al die fasette van polisie-optredes wat oorweeg is (vergelyk tabel 6.7). In teenstelling met die gunstige evaluering van al die aspekte deur die Blankes, neem Kleurling- en Asiërrespondente slegs gunstige standpunte in ten opsigte van die volgende stellings:

- (i) Oormatige fisieke geweld word slegs gebruik by verset teen arrestasie.
- (ii) Handboeie word slegs gebruik wanneer die polisie daartoe verplig word.
- (iii) Die polisie is altyd versigtig om nie meer fisieke geweld te gebruik as wat absoluut nodig is nie.
- (iv) Voertuie word slegs deursoek wanneer die polisie daartoe gemagtig is.
- (v) Die polisie lê na willekeur beslag op eiendom.
- (vi) Vuurwapens word nie onnodig gebruik by arrestasie nie (slegs Asiërs).

Die ongunstige evaluering van Asiërrespondente val veral op fisieke geweld na arrestasie, onnodige arrestasies, deursoeking sonder wettige gronde, onbehoorlike beïnvloeding by ondervraging en die stel van leidende vrae (almal gemiddelde 2,8). Onnodige fisieke geweld (gemiddelde 2,3), fisieke geweld na arrestasie (gemiddelde 2,4), oormatige fisieke geweld (gemiddelde 2,5), stel van leidende vrae (gemiddelde 2,4), onnodige arrestasies (gemiddelde 2,6), onnodige gebruik van vuurwapens by arrestasies (gemiddelde 2,7), die warboellating van wonings na deursoekings (gemiddelde

Tabel 6.7

## EVALUERING VAN OPERASIONELE POLISIEBRUUSKHEID VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

Vorm van fisieke bruuskheid	Gemiddelde				X <sup>2</sup> waarde :15,51 :8g.v.v.
	Asiër	Blan=ke	Kleur=ling	To=taal	
Onnodige fisieke geweld by die uitvoering van arrestasies	2,9	3,6	2,3	2,9	163,24
Oormatige fisieke geweld by die uitvoering van arrestasies	2,9	3,7	2,5	3,0	152,56
Oormatige fisieke geweld word slegs gebruik by verset teen arrestasies	3,3	3,6	3,4	3,5	46,04
Gebruik handboeie by arrestasies slegs wanneer hulle verplig word	3,2	4,0	3,5	3,5	85,49
Altyd versigtig om nie meer fisieke geweld te gebruik as wat absoluut nodig is nie	3,0	3,6	3,1	3,2	46,46
Gebruik fisieke geweld selfs nadat gearresterde onder bedwang gestel is	2,8	3,7	2,4	3,0	195,17
Arrester mense onnodig vir geringe oortredings	2,8	3,8	2,6	3,1	171,19
Arrester nie onskuldige persone nie	2,9	3,4	2,9	3,1	49,79
Onnodige gebruik van vuurwapens by arrestasies	3,1	4,0	2,7	3,2	190,62
Het goeie redes voordat mense in straat voorgekeer en ondervra word	3,0	3,9	3,1	3,3	106,31
Deursoek mense sonder redelike wettige gronde	2,8	4,0	2,8	3,2	174,52
Stop en deursoek motorvoertuie slegs wanneer gemagtig	3,1	4,0	3,2	3,4	85,37
Deursoek private wonings na willekeur	2,9	4,3	2,8	3,3	244,45
Lê na willekeur beslag op eiendom	3,1	4,3	3,0	3,4	217,52
Wonings en eiendom word nooit in warboel gelaat na deursoeking nie	2,9	3,2	2,7	2,9	71,46
Handhaaf altyd regte van verdagte misdadigers wanneer vrae gestel word om inligting in te win	3,1	3,4	2,8	3,1	62,26
Onbehoorlike beïnvloeding van verdagte misdadigers om inligting te verstrek en bekennisse af te lê	2,8	3,4	2,6	3,0	81,23
Stel leidende vrae aan getuies om inligting in te win	2,8	3,2	2,4	2,8	85,11
Totale gemiddelde	3,0	3,7	2,8	3,2	

2,7), deursoeking sonder wettige gronde (gemiddelde 2,8), deursoeking van private wonings na willekeur (gemiddelde 2,8) en die handhawing van individuele regte in die proses van inligtingsinsameling (gemiddelde 2,8), word deur Kleurlinge die ongunstigste aangeslaan.

Hierdie bevindinge dui daarop dat die Asiër- en Kleurlingrespondente van mening is dat hulle aansprake op veiligheid, vryheid en privaatheid veel meer deur polisie-optrede misken word. Alhoewel die beduidende verskille, veral wat die Kleurlinge betref, verklaar kan word deur die meerdere direkte kontak met die polisie, dien dit eerder as 'n bevestiging van operasionele bruuskheid en die verbandhoudende gedifferensieëerde polisiëring, as die weerlegging daarvan.

In die algemeen het beide mans (gemiddelde 3,1) en vrouens (gemiddelde 3,2) 'n gunstige evaluering van hierdie stel faktore (tabel 6.8), maar die gegewens in bylae 27 tot 44 toon dat operasionele bruuskheid volgens mans meer voorkom. Mans verskil dan ook beduidend van vrouens met betrekking tot die onnodige gebruik van fisieke geweld by arrestasies ( $V=12,85 > 9,49$ ) en goeie redes voordat mense in die straat voorgekeer en ondervra word ( $V=15,98 > 49$ ). Hierdie verskil hou waarskynlik verband met die meerdere kennis en kontak van mans met die polisierol en dat hulle gevolglik beter in staat is om hierdie aspekte te beoordeel.

Die Blanke mans (gemiddelde 3,7) en Blanke vrouens (gemiddelde 3,7) het eweneens 'n gunstige evaluering van operasionele bruuskheid en daar is geen beduidende verskille in hul standpunte nie. Hierteenoor word operasionele bruuskheid deur Asiërmans (gemiddelde 2,9), Kleurlingmans (gemiddelde 2,8) en Kleurlingvrouens (gemiddelde 2,8) as ongunstig geëvalueer, terwyl Asiërvrouens (gemid-

Tabel 6.8

## EVALUERING VAN OPERASIONELE POLISIEBRUUSKHEID VOLGENS GESLAG

Vorm van fisieke bruuskheid	Gemiddelde							
	Asiër		Blanke		Kleurling		Totaal	
	Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou
Onnodige fisieke geweld by die uitvoering van arrestasies	2,8	2,9	3,7	3,5	2,3	2,3	2,8	2,9
Oormatige fisieke geweld by arrestasies	2,9	2,9	3,7	3,7	2,4	2,7	3,0	3,1
Oormatige fisieke geweld word slegs gebruik by ver-set teen arrestasies	3,3	3,4	3,6	3,6	3,5	3,3	3,5	3,4
Gebruik handboeie by arrestasies slegs wanneer hulle verplig word	3,2	3,2	3,9	4,0	3,4	3,5	3,5	3,6
Altyd versigtig om nie meer fisieke geweld te gebruik as wat absoluut nodig is nie	2,9	2,9	3,5	3,7	3,2	3,1	3,2	3,3
Gebruik fisieke geweld selfs nadat gearresterde onder bedwang gestel is	2,9	2,7	3,6	3,8	2,5	2,4	3,0	3,0
Arrester mense onnodig vir geringe oortredings	2,8	2,9	3,8	3,8	2,6	2,6	3,0	3,1
Arrester nie onskuldige persone nie	2,8	3,1	3,4	3,5	3,0	2,8	3,0	3,1
Onnodige gebruik van vuurwapens by arrestasies	3,1	3,0	4,0	4,0	2,6	2,7	3,2	3,3
Het goeie redes voordat mense in straat voorgekeer en ondervra word	2,9	3,2	3,8	4,0	3,1	3,2	3,2	3,5
Deursoek mense sonder wettige gronde	2,8	2,9	3,9	4,0	2,8	2,8	3,1	3,3
Stop en deursoek motorvoertuie slegs wanneer gemagtig	3,1	3,2	3,9	4,0	3,1	3,3	3,3	3,5
Deursoek private wonings na willekeur	2,9	2,9	4,3	4,3	2,9	2,8	3,3	3,4
Lê na willekeur beslag op eiendom	3,1	3,0	4,2	4,3	3,1	2,7	3,5	3,4
Wonings en eiendom word nooit in warboel gelaat na deursoeking nie	2,8	2,9	3,3	3,2	2,6	2,9	2,9	3,0
Handhaaf altyd regte van verdagte misdadigers wanneer vrae gestel word om inligting in te win	3,0	3,2	3,5	3,4	2,8	2,8	3,1	3,1
Onbehoorlike beïnvloeding van verdagte misdadigers om inligting te verstrek en bekentnisse af te lê	2,9	2,8	3,5	3,4	2,7	2,5	3,0	2,9
Stel leidende vrae aan getuies om inligting in te win	2,9	2,8	3,3	3,2	2,4	2,3	2,9	2,8
Totale gemiddelde	2,9	3,0	3,7	3,7	2,8	2,8	3,1	3,2

delde 3,0) 'n neutrale standpunt huldig. Asiërmans en Asiërvrouens verskil beduidend ten opsigte van die onnodige gebruik van fisieke geweld by arrestasies ( $V=17,13 > 9,49$ ) indat Asiërmans dit ongunstiger evalueer en die stel van leidende vrae aan getuies ( $V=11,68 > 9,49$ ) waar Asiërvrouens die voorkoms daarvan in 'n groter mate bevestig as Asiërmans. Dit blyk verder dat onnodige en oormatige fisieke geweld by arrestasies, versigtigheid om nie meer fisieke geweld te gebruik as wat absoluut nodig is nie, die gebruik van fisieke geweld selfs nadat die gearresteerde onder bedwang gestel is, onnodige arrestasie vir geringe oortredings, deursoeking van mense sonder redelike wettige gronde, willekeurige deursoeking van private wonings, ordelike agterlaat van wonings en eiendom na 'n deursoeking, onbehoorlike beïnvloeding van verdagte misdadigers en die stel van leidende vrae aan getuies deur beide Asiërmans en -vrouens as ongunstig geëvalueer word.

Kleurlingmans (gemiddelde 2,8) en -vrouens (gemiddelde 2,8) is dit tot 'n groot mate eens in hul evaluering. Onnodige fisieke geweld by arrestasies kom volgens beide geslagte die meeste voor en word met 'n gemiddelde van 2,3 deur albei as uiters ongunstig geëvalueer. Beduidende verskille kom egter voor by die arrestasie van onskuldige persone ( $V=10,71 > 9,49$ ), goeie redes voordat mense in die straat voorgekeer en ondervra word ( $V=13,63 > 9,49$ ), willekeurige beslaglegging op eiendom ( $V=15,26 > 9,49$ ) en die onbehoorlike beïnvloeding van verdagte misdadigers ( $V=17,50 > 9,49$ ).

Die gegewens in tabel 6.9 toon dat respondente wat hul kennis uit sosiale kontak (gemiddelde 3,3) opgedoen het, die gunstigste evaluering van operasionele bruuskheid het en die radio-ervaringsgroep (gemiddelde 3,0) die laagste. Dit val uit die tabel op dat die stel van leidende vrae aan getuies deur al die ervaringsgroepe as ongunstig beoordeel word.

Tabel 6.9

## EVALUERING VAN OPERASIONELE POLISIEBRUUSKHEID VOLGENS ERVARINGSGROEP

Vorm van fisieke bruuskheid	Gemiddelde							
	Juri= dies	Sosi= aal	Oor= ver= tel= ling	Pers	Radio	Speur= ver= nale	Waar= ne= ming	To= taal
Onnodige fisieke geweld by die uitvoering van arrestasies	3,0	3,1	2,5	2,8	2,8	3,3	2,9	2,9
Oormatige fisieke geweld by die uitvoering van arrestasies	3,2	3,2	2,8	2,9	2,8	3,3	3,1	3,0
Oormatige fisieke geweld word slegs gebruik by verset teen arrestasies	3,1	3,8	3,4	3,6	3,4	3,1	3,5	3,5
Gebruik handboeie by arrestasies slegs wanneer hulle verplig word	3,4	3,5	3,8	3,6	3,5	3,4	3,5	3,5
Altyd versigtig om nie meer fisieke geweld te gebruik as wat absoluut nodig is nie	3,0	3,2	3,3	3,3	3,1	3,2	3,3	3,2
Gebruik fisieke geweld selfs nadat gearresterde onder bedwang gestel is	3,4	3,2	2,8	2,9	2,8	3,2	3,0	3,0
Arrester mense onnodig vir geringe oortredings	2,8	3,2	2,7	2,9	3,0	3,3	3,2	3,1
Arrester nie onskuldige persone nie	2,8	3,0	3,2	3,2	3,0	2,9	3,2	3,1
Onnodige gebruik van vuurwapens by arrestasies	3,3	3,5	3,1	3,1	3,0	3,4	3,3	3,2
Het goeie redes voordat mense in straat voorgekeer en ondervra word	3,2	3,4	3,5	3,3	3,2	2,8	3,5	3,3
Deursoek mense sonder redelike wettige gronde	3,3	3,5	3,2	3,1	2,9	3,3	3,2	3,2
Stop en deursoek motorvoertuie slegs wanneer gemagtig	3,2	3,4	3,6	3,6	3,2	3,1	3,5	3,4
Deursoek private wonings na willekeur	3,4	3,7	3,3	3,3	3,1	3,4	3,3	3,3
Lê na willekeur beslag op eiendom	3,7	3,5	3,1	3,5	3,3	3,4	3,5	3,4
Wonings en eiendom word nooit in warboel gelaat na deursoeking nie	2,7	3,2	3,2	2,9	2,7	2,8	3,0	2,9
Handhaaf altyd regte van verdagte misdadigers wanneer vrae gestel word om inligting in te win	2,6	3,3	3,2	3,0	3,0	3,0	3,2	3,1
Onbehoorlike beïnvloeding van verdagte misdadigers om inligting te verstrek en bekendnisse af te lê	2,8	3,3	2,7	3,1	2,8	2,9	3,0	3,0
Stel leidende vrae aan getuies om inligting in te win	2,8	2,9	2,5	2,9	2,7	2,9	2,9	2,8
Totale gemiddelde	3,1	3,3	3,1	3,2	3,0	3,1	3,2	3,2

Ten spyte van die oorwegend gunstige evaluering deur die onderskeie ervaringsgroepe, toon die gegewens dat -

- (i) die gebruik van onnodige fisieke geweld by arrestasies volgens die mening van die oorvertelling- (gemiddelde 2,5), pers- (gemiddelde 2,8) en radio-ervaringsgroep (gemiddelde 2,8) die meeste voorkom;
- (ii) dieselfde ervaringsgroepe ook die gebruik van oormatige fisieke geweld by arrestasies en die gebruik van fisieke geweld selfs nadat die gearresterde onder bedwang gestel is, as ongunstig evalueer;
- (iii) die juridiese ervaringsgroep (gemiddelde 2,8), diegene wat hul kennis deur oorvertellings (gemiddelde 2,7) en die pers (gemiddelde 2,9) opgedoen het, van mening is dat onnodige arrestasies van mense vir geringe oortredings wel voorkom;
- (iv) die juridiese ervaringsgroep (gemiddelde 2,8) en die speurverhaalervaringsgroep (gemiddelde 2,9) van mening is dat onskuldige persone gearrester word;
- (v) die speurverhaalervaringsgroep (gemiddelde 2,8) van mening is dat die polisie nie goeie redes het voordat mense in die straat voorgekeer en ondervra word nie;
- (vi) deursoeking van mense sonder redelike wettige gronde volgens die mening van die radio-ervaringsgroep (gemiddelde 2,9) wel voorkom;
- (vii) die juridiese ervaringsgroep (gemiddelde 2,7) en respondente wat hul kennis deur middel van die pers (gemiddelde 2,9), die radio (gemiddelde 2,7) en speurverhale (gemiddelde 2,8) opgedoen het, van mening is dat wonings en eiendom nie altyd in 'n ordelike toestand gelaat word nadat dit deursoek is nie;
- (viii) die regte van verdagte misdadigers volgens die mening

- van die juridiese ervaringsgroep (gemiddelde 2,6) nie altyd gehandhaaf en eerbiedig word nie; en
- (ix) dat die juridiese ervaringsgroep (gemiddelde 2,8) en diegene wat hul kennis uit oorvertellings (gemiddelde 2,7), die radio (gemiddelde 2,8) en speurverhale (gemiddelde 2,9) opgedoen het, van mening is dat verdagte misdadigers op onbehoorlike wyses beïnvloed word om inligting te verstrek en bekentenisse af te lê.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat veral Asiër- en Kleurlingrespondente van mening is dat operasionele polisiebruuskheid voorkom. Die bevindinge dui daarop dat die wyse waarop metodes toepassing vind, nie alleen moeilik met professionele dienslewering versoenbaar is nie, maar inderdaad neerkom op ongelyke ordehandhawing.

Dat die operasionele metodes en tegnieke van die Suid-Afrikaanse Polisie volgens die mening van die respondente nie altyd tot uitdrukking kom met inagneming van die belange en aansprake van die individu in die samelewing nie, blyk ook duidelik uit vorige empiriese ondersoek. Meer as een derde (38,23 persent) van 'n Blanke stedelike ondersoekgroep (Van Heerden, 1974: 330) evalueer byvoorbeeld die wyse waarop arrestasies uitgevoer word, as swak tot baie swak terwyl 49,34 persent van 'n Kleurlingondersoekgroep in Johannesburg (Mayet, 1976: 214) dieselfde standpunt huldig.

Die voorkoms van operasionele bruuskheid, d.w.s. die oorskryding van geldigheidsvereistes en/of misbruik van mag en gesag waardeur die individuele regte van individue in die gedrang kom, word verder duidelik weerspieël deur die omvang van skadevergoeding wat aan die publiek betaal word ten opsigte van wederregtelike aanrandings en -inhegtenisnemings asook die aantal kriminele skuldigbevindings van

Iede van die Suid-Afrikaanse Polisie (vergelyk tabelle 6.10 en 6.11).

Tabel 6.10  
SKADEVERGOEDING AAN PUBLIEK BETAAL\*

Jaartal	Aanranding		Wederregtelike inhegtenisneming	
	Aantal gevalle	Bedrag	Aantal gevalle	Bedrag
1975	34	R 30 888,43	31	R 20 105,00
1976	39	R 33 666,62	51	R 21 483,68
1977	69	R 87 184,98	32	R 22 588,50
1978	78	R 178 725,19	32	R 32 050,00
1979	100	R 252 626,00	44	R 42 925,00
1980	73	R 201 193,00	70	R 68 720,00
1981	117	R 409 503,00	82	R 107 650,00
Totaal	510	R 1 193 787,20	342	R 315 522,18

Tabel 6.11  
KRIMINELE SKULDIGBEVINDINGS\*

Jaartal	Aanranding gewoon		Aanranding ernstig		Strafbare manslag		Moord	
	Blank	Nie- Blank	Blank	Nie- Blank	Blank	Nie- Blank	Blank	Nie- Blank
1975	68	102	2	17	0	4	0	0
1976	81	120	5	19	3	4	1	3
1977	79	111	8	26	8	14	0	4
1978	116	113	13	26	4	9	0	2
1979	82	89	16	24	8	8	0	2
Totaal	426	535	44	112	23	39	1	11

\* Opmerking: Statistiek verkry uit (i) Beeld: 25 Februarie 1982 en (ii) Fredericks (1982: 93-101). Die korrektheid daarvan is gekontroleer met statistieke in "Volksraad: Vrae en antwoorde - Dele 64, 70, 76, 83 en 89".

Die omvang van hierdie strafregtelike en sivilregtelike aksies bevestig nie alleen die evaluering van die ondersoekgroepe en die voorkoms van operasionele bruuskheid nie, maar dit kan ook dui op leemtes in die opleidingsproses van polisiemanne waarin daar nie genoeg klem gelê word op die geldigheidsvereistes van polisiëringstodes nie. Die stygende getal oortredings en die gepaardgaande kostes wat dit vir die Staat meebring staan vas en kan nie aan die kwaadwillige vooroordele en stereotipe opvattinge van individue toegeskryf word nie.

#### 6.4.3 Verbale Bruuskheid

Verbale bruuskheid word met 'n totale gemiddelde van 3,2 as gunstig geëvalueer. Dit kan veral toegeskryf word aan die uiters gunstige evaluering van die Blankes (gemiddelde 4,0). Hierteenoor het Kleurling- en Asiërrespondente (gemiddelde 2,8 onderskeidelik) 'n ongunstige evaluering. Weer eens 'n beduidende verskil ten opsigte van al die aspekte wat in berekening gebring is (vergelyk tabel 6.12).

Tabel 6.12

EVALUERING VAN ASPEKTE WAT VERBAND HOU MET VERBALE POLISIEBRUUSKHEID VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

Vorm van verbale bruuskheid	Gemiddelde				X <sup>2</sup> waarde :15,51:8 d.v.v.
	Asiër	Blanke	Kleurling	Totaal	
Parmantigheid	2,7	4,0	2,7	3,1	178,99
Taalgebruik	3,0	3,4	2,7	3,0	77,39
Verbale teistering	2,8	4,2	2,9	3,3	206,73
Sarkasme	2,7	4,0	2,7	3,1	
Skeldname	2,6	3,8	2,4	2,9	203,20
Keer rug op publiek	2,8	4,5	3,2	3,5	279,87
Luister na die publiek	2,8	4,3	3,1	3,4	171,02
Totale gemiddelde	2,8	4,0	2,8	3,2	

Met die uitsondering van taalgebruik (gemiddelde 3,0) word al die ander komponente van verbale bruuskheid deur die Asiërs as ongunstig geëvalueer, met die gebruik van skeldname (gemiddelde 2,6) die ongunstigste. Die gebruik van skeldname kom volgens Kleurlingrespondente ook die meeste voor (gemiddelde 2,4) terwyl parmantigheid (gemiddelde 2,7), taalgebruik (gemiddelde 2,7), verbale teistering (gemiddelde 2,9) en sarkasme (gemiddelde 2,7) eweneens as ongunstig geëvalueer word.

Die veel laer persentasie onsekerheid veral by Asiër- en Kleurlingrespondente, in teenstelling met dié by houdings- en operasionele bruuskheid (vergelyk bylae 45 tot 51), dui daarop dat verbale bruuskheid oor bevolkingsgroepe heen volgens hierdie respondente veel meer in die daaglikse optrede van die polisie voorkom. Die gegewens in die bylaes dui daarop dat dit veral die Asiër- en Kleurlingrespondent is wat hieraan onderwerp word. Die parmantige wyse waarop die polisie met die publiek praat, kom volgens slegs 9,20 persent Asiërs en 17,60 persent Kleurlinge nooit voor nie. Tot 26,90 persent van die Kleurlinge meen dat die taalgebruik van polisiemanne nooit respek afdwing nie. Slegs 9,50 persent Asiër- en 16,70 persent Kleurlingrespondente meen dat die polisie nooit sarkasties is nie. Die gebruik van skeldname kom volgens 32,00 persent van albei groepe altyd voor, en 'n vyfde beskuldig die polisie daarvan dat hulle nooit na hul kant van 'n saak luister nie. Hierteenoor meen 30,20 persent Blanke respondente dat die polisie nooit sarkasties is nie, 3,00 persent dat die taalgebruik nooit respek afdwing nie, 25,50 persent dat die polisie nooit parmantig is nie, 0,90 persent dat die polisie altyd skeldname gebruik en nooit na die publiek se kant van 'n saak luister nie. Hierdie verskille hou waarskynlik verband met negatiewe en kwaadwillige vooroordeelde houdings by polisiemanne teenoor ander bevolkingsgroepe wat in diskriminerende handeling en versuime vergestalt.

Daar is geen beduidende verskille in die opvattinge van mans (gemiddelde 3,1) en vrouens (gemiddelde 3,2) in die algemeen en by die verskillende bevolkingsgroepe nie (tabel 6.13). Dieselfde gunstige of ongunstige evaluering word gehandhaaf. Alhoewel onbeduidend, toon die gegewens dat verbale bruuskheid volgens Asiërmans in 'n groter mate voorkom. Die teenoorgestelde geld vir Kleurlinge en dit is veral die gebruik van skeldname wat deur Kleurlingvrouens (gemiddelde 2,2) abnormaal ongunstig aangeslaan word. Kleurlingvrouens (gemiddelde 2,6) bevestig in 'n beduidend groter mate ( $V=9,67 > 9,49$ ) dat polisiemanne sarkasties is wanneer hulle met die publiek praat. Die ander verskille tussen Kleurlingmans en -vrouens is egter onbeduidend.

Tabel 6.13

EVALUERING VAN ASPEKTE WAT VERBAND HOU MET VERBALE POLISIE=  
BRUUSKHEID VOLGENS GESLAG

Vorm van verbale bruuskheid	Gemiddelde							
	Asiër		Blanke		Kleurling		Totaal	
	Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou
Parmantigheid	2,7	2,8	4,0	4,0	2,7	2,6	3,1	3,1
Taalgebruik	2,9	3,0	3,5	3,4	2,6	2,7	3,0	3,1
Verbale teistering	2,7	2,8	4,2	4,1	2,9	2,9	3,2	3,3
Sarkasme	2,7	2,7	4,0	4,0	2,8	2,6	3,1	3,1
Skeldname	2,6	2,6	3,9	3,7	2,5	2,2	2,9	2,9
Keer rug op publiek	2,9	2,8	4,4	4,5	3,3	3,1	3,5	3,5
Luister na publiek	2,7	2,9	4,2	4,3	3,0	3,2	3,2	3,5
Totale gemiddelde	2,7	2,8	4,0	4,0	2,8	2,7	3,1	3,2

Verbale bruuskheid kom volgens die radio-ervaringsgroep (gemiddelde 2,9) die meeste voor en behalwe in die geval van taalgebruik, het hierdie ervaringsgroep deurgaans 'n negatiewer evaluering van al die komponente, met parmantigheid (gemiddelde 2,9), sarkasme (gemiddelde 2,8) en die gebruik van skeldname (gemiddelde 2,5) as die

ongunstigste (tabel 6.14).

Tabel 6.14

EVALUERING VAN ASPEKTE WAT VERBAND HOU MET VERBALE POLISIE-  
BRUUSKHEID VOLGENS ERVARINGSGROEP

Vorm van verbale bruuskheid	Gemiddelde							
	Juri= dies	Sosi= aal	Oor= ver= tel= ling	Pers	Radio	Speur= ver= hale	Waar= ne= ming	To= taal
Parmantigheid	3,3	3,3	3,2	3,1	2,9	2,9	3,1	3,1
Taalgebruik	2,9	2,9	2,6	3,0	3,0	3,3	3,1	3,0
Verbale teistering	3,6	3,5	3,4	3,4	3,0	3,1	3,3	3,3
Sarkasme	3,4	3,3	3,3	3,1	2,8	3,2	3,1	3,1
Skeldname	3,1	3,3	3,0	3,0	2,5	2,8	2,9	2,9
Keer rug op publiek	3,8	3,7	3,7	3,6	3,2	3,4	3,5	3,5
Luister na publiek	3,4	3,5	3,2	3,4	3,1	3,2	3,5	3,4
Totale gemiddelde	3,3	3,3	3,2	3,2	2,9	3,1	3,2	3,2

Dit val op dat slegs die taalgebruik van polisiemanne deur die juridiese en sosiale groepe wat direkte kontak met die polisie gehad het, as ongunstig beskou word (albei gemiddelde 2,9). Hierdie ervaringe het klaarblyklik 'n negatiewer uitwerking gehad in oorvertelling (gemiddelde 2,6). Word beoordeling op grond van juridiese kontak as die suiwerste beoordeling beskou, dan blyk dit dat verbale bruuskheid meer voorkom as wat by 'n Polisiemag wat daarop ingestel is om verhoudinge te verstewig, verwag sou word. Dit blyk uit die volgende standpunte van hierdie groep (vergelyk bylae 45 tot 51) -

- (i) slegs 15,40 persent meen dat parmantigheid nooit voorkom nie;
- (ii) 7,70 persent dat die taalgebruik van polisiemanne altyd respek afdwing;
- (iii) 17,90 persent dat die polisie nooit sarkasties is nie;
- (iv) 17,90 persent dat die polisie nooit skeldname gebruik nie; en

- (v) 10,30 persent meen dat die polisie gewoonlik nooit na die publiek se kant van 'n saak luister nie.

Die klaarblyklike voorkoms van verbale bruuskheid word eweneens deur die bevindinge van vorige empiriese ondersoeke ondersteun (Van Heerden, 1974: 336 en Du Preez, 1978: 176). Dit geld veral vir die Kleurlingondersoekgroep van Mayet (1976: 221) waar 46,34 persent van mening is dat die Kleurlingpubliek op 'n swak tot baie swak wyse deur die polisie aangespreek word.

Polisiebruuskheid in sy totaliteit kom volgens die mening van die respondente wel in die alledaagse omgang van die polisie met die publiek voor. Die bevindinge dui daarop dat houdings- en verbale bruuskheid veel meer voorkom as operasionele bruuskheid. In teenstelling met Blankes, het Asiër- en Kleurlingrespondente deurgaans 'n swakker evaluering van die voorkoms van polisiebruuskheid en dit blyk dat die Asiërs en Kleurlinge veral 'n ongunstige evaluering het van daardie aspekte wat verhoudinge in die uiteenlopende kontaktsituasies kan vertroebel.

#### 6.5 DIE INVLOED VAN POLISIEBRUUSKHEID OP POLISIËRING

Die gegewens in tabel 6.15, 'n verwerking van bylae 52 tot 65, toon dat 21,88 persent van die ondersoekgroep van mening is dat polisiebruuskheid geen invloed op polisiëring het nie, terwyl 28,74 persent die standpunt huldig dat dit 'n negatiewe en 35,41 persent dat dit 'n positiewe invloed het. Dit blyk dat bruuskheid veral 'n positiewe invloed het op die vertroue wat in die regsprekende stelsel en die regering gestel word, die waardering vir polisdienste, die publiek se verpligting om misdaad te bekamp, bereidwilligheid om inligting te verstrek en misdaad aan te meld en die beroepsaansvaarbaarheid van die Suid-Afrikaanse Polisie. Dit het 'n negatiewe

Tabel 6.15

## DIE INVLOED VAN POLISIEBRUUSKHEID OP POLISIËRING

Faset van polisiëring	Totale ondergroep (N=718)				
	Positiewe invloed	Negatiewe invloed	Geen invloed	Onseker	Totaal
Die eksterne polisiebeeld	33,40	34,00	17,70	14,90	100
Respek en agting vir polisiëring	33,70	35,00	17,50	13,80	100
Vertroue in die polisie	31,20	38,40	17,70	12,70	100
Vertroue in die regsprekende stelsel	33,10	27,40	22,40	17,10	100
Vertroue in die regering	34,80	24,50	24,40	16,30	100
Waardering vir polisie-dienste	37,60	27,70	20,90	13,80	100
Kommunikasie met die polisie	30,50	30,60	24,70	14,20	100
Gesonde onderlinge verhoudinge tussen polisie en publiek	33,10	34,10	19,10	13,70	100
Goeie rasse- en menseverhoudinge	31,10	37,00	17,40	14,50	100
Samelewingsplig om misdad te bekamp	40,40	21,70	25,20	12,70	100
Bereidwilligheid om misdad aan te meld	40,70	23,00	24,90	11,40	100
Bereidwilligheid om inligting te verstrek	39,00	23,30	26,20	11,50	100
Hulpverlening aan polisie	40,80	20,90	26,30	12,00	100
Beroepsaanvaarbaarheid van Suid-Afrikaanse Polisie	36,40	24,70	22,10	16,80	100
Gemiddelde persentasie	35,41	28,74	21,88	13,97	100

uitwerking op die eksterne polisiebeeld, respek en agting vir polisiëring, vertroue in die polisie, gesonde onderlinge en rasseverhoudinge. Dit is opvallend dat die aspekte wat 'n negatiewe uitwerking het, die basiese beginsels van polisiëring in die wortel raak, terwyl die positiewe beïnvloeding betrekking het op die gevolg en die ingesteldheid van die burgers.

Tabelle 6.16 tot 6.18 dui daarop dat polisiebruuskheid waarskynlik

in 'n groter mate deur Blankes getolereer sal word as wat dit die geval is met Asiërs en Kleurlinge. Vir Blanke respondente het al die fasette 'n positiewe uitwerking, behalwe in die geval van die invloed op die eksterne beeld van die polisie (40,50 persent negatief) en die handhawing van gesonde rasseverhoudinge (43,10 persent negatief). Hul standpunte verskil beduidend van Asiër- en Kleurlingrespondente ten opsigte van die meeste van die faktore (vergelyk tabel 6.16).

Tabel 6.16

## DIE INVLOED VAN POLISIEBRUUSKHEID OP POLISIËRING VOLGENS BLANKES

Faset van polisiëring	Aard van invloed					X <sup>2</sup> waarde :12,59: 6 g.v.v.
	Positiewe invloed	Negatiewe invloed	Geen invloed	Onseker	Toetaal	
Die eksterne polisie=beeld	36,60	40,50	10,30	12,60	100	
Respek en agting vir polisiëring	41,40	40,10	9,10	9,40	100	
Vertroue in die polisie	43,10	34,10	13,40	9,40	100	53,04
Vertroue in die regsprekende stelsel	40,50	25,00	19,40	15,10	100	29,77
Vertroue in die regering	38,40	20,30	27,60	13,70	100	
Waardering vir polisie=dienste	45,70	29,30	17,70	7,30	100	56,26
Kommunikasie met die polisie	34,90	28,90	24,10	12,10	100	16,89
Gesonde onderlinge verhoudinge tussen polisie en publiek	37,90	32,80	16,80	12,50	100	28,85
Goeie rasse- en menseverhoudinge	32,80	43,10	8,60	15,50	100	
Samelewingsplig om misdaad te bekamp	43,50	14,70	32,30	9,50	100	
Bereidwilligheid om misdaad aan te meld	44,80	18,50	29,70	7,00	100	36,20
Bereidwilligheid om inligting te verstrek	44,00	16,40	31,50	8,10	100	41,99
Hulpverlening aan polisie	43,50	15,50	31,50	9,50	100	
Beroepsaanvaarbaarheid van Suid-Afrikaanse Polisie	40,90	26,70	18,10	14,30	100	25,69
Gemiddelde persentasie	40,57	27,56	20,72	11,15	100	

Tabel 6.17

DIE INVLOED VAN POLISIEBRUUSKHEID OP POLISIËRING VOLGENS  
KLEURLINGE

Faset van polisiëring	Aard van invloed				
	Positiewe invloed	Negatiewe invloed	Geen invloed	Onseker	Totaal
Die eksterne polisie= beeld	41,60	33,90	9,40	15,10	100
Respek en agting vir polisiëring	39,60	33,50	11,80	15,10	100
Vertroue in die polisie	27,30	49,00	11,80	11,90	100
Vertroue in die regspre= kende stelsel	37,60	26,90	16,70	18,80	100
Vertroue in die regering	43,30	27,80	12,70	16,20	100
Waardering vir polisie= dienste	42,90	28,60	11,80	16,70	100
Kommunikasie met die polisie	30,20	35,50	18,00	16,30	100
Gesonde onderlinge ver= houdinge tussen poli= sie en publiek	35,90	39,20	11,80	13,10	100
Goeie rasse- en mense= verhoudinge	32,20	41,20	14,30	12,30	100
Samelewingsplig om misdaad te bekamp	44,50	27,80	14,70	13,00	100
Bereidwilligheid om misdaad aan te meld	43,70	28,60	13,50	14,20	100
Bereidwiligheid om in= ligting te verstrek	40,80	32,20	14,30	12,70	100
Hulpverlening aan poli= sie	44,90	27,80	13,90	13,40	100
Beroepsaanvaarbaarheid van Suid-Afrikaanse Polisie	37,60	26,10	15,90	20,40	100
Gemiddelde persentasie	38,72	32,72	13,61	14,95	100

Die negatiewe beïnvloeding val volgens Kleurlingrespondente veral op -

- (i) die vertroue wat in polisiëring gestel word (49,00 persent);

- (ii) kommunikasie met die polisie (35,50 persent);
- (iii) gesonde onderlinge verhoudinge tussen die polisie en die publiek (39,20 persent); en
- (iv) goeie mense- en rasseverhoudinge (41,20 persent) (tabel 6.17).

Die meeste van die fasette wat oorweeg is, het volgens die Asiër=respondente eerder 'n negatiewe as positiewe uitwerking. Verge=lyk die volgende in tabel 6.18 -

- (i) die eksterne polisiebeeld (27,80 persent);
- (ii) respek en agting vir polisiëring (31,50 persent);
- (iii) vertroue in die polisie (32,00 persent);
- (iv) vertroue in die regsprekende stelsel (30,30 persent);
- (v) vertroue in die regering (25,30 persent);
- (vi) waardering vir polisie-dienste (25,30 persent);
- (vii) kommunikasie met die polisie (27,40 persent); en
- (viii) gesonde onderlinge verhoudinge tussen die polisie en die publiek (30,30 persent).

Wat in die besonder opval is dat polisiebruuskheid vir die Asiërres=pondente in die grootste mate geen invloed het op polisiëring nie. Dit geld vir die meeste fasette. By Kleurling- en Blanke respon=dente is die teenoorgestelde waar. Wanneer positiewe en geen be=ïnvloeding teenoor die negatiewe gestel word, dan is dit duidelik dat al die fasette by al drie bevolkingsgroepe eerder 'n positiewe as negatiewe uitwerking het. Dit dien as 'n weerlegging van die standpunte van teoretici dat bruuskheid noodwendig 'n negatiewe uitwerking moet hê. Persoonlike belange word klaarblyklik in die beoordelingsproses vooropgestel. Per slot van sake, die polisie moet die wetsgehoorsame burger teen die aanslae van die misdadiger beskerm. Die effektiewe wyse waarop dit geskied, ongeag die meto=

Tabel 6.18

## DIE INVLOED VAN POLISIEBRUUSKHEID OP POLISIËRING VOLGENS ASIËRS

Faset van polisiëring	Aard van invloed				
	Positiewe invloed	Negatiewe invloed	Geen invloed	Onseker	Totaal
Die eksterne polisie=beeld	22,00	27,80	33,20	17,00	100
Respek en agting vir polisiëring	20,30	31,50	31,50	16,70	100
Vertroue in die polisie	23,70	32,00	27,80	16,50	100
Vertroue in die regs=sprekende stelsel	21,60	30,30	31,10	17,00	100
Vertroue in die regering	22,80	25,30	33,20	18,70	100
Waardering vir polisie=dienste	24,50	25,30	33,20	17,00	100
Kommunikasie met die polisie	26,60	27,40	32,00	14,00	100
Gesonde onderlinge verhoudinge tussen polisie en publiek	25,70	30,30	28,60	15,40	100
Goeie rasse- en menseverhoudinge	28,20	27,00	29,00	15,80	100
Samelewingsplig om misdaad te bekamp	33,20	22,40	29,00	15,40	100
Bereidwilligheid om misdaad aan te meld	33,60	21,60	32,00	12,80	100
Bereidwilligheid om inligting te verstrek	32,40	20,70	33,20	13,70	100
Hulpverlening aan polisie	34,00	19,10	34,00	12,90	100
Beroepsaanvaarbaarheid van Suid-Afrikaanse Polisie	30,70	21,20	32,40	15,70	100
Gemiddelde persentasie	27,09	25,87	31,44	15,60	100

des, is waarskynlik van deurslaggewende belang.

Die standpunte van die verskillende bevolkingsgroepe in die ondersoekgroep word basies deur die onderskeie geslagte gehandhaaf. Dit blyk egter dat die negatiewe uitwerking feitlik deurgaans deur mans hoër aangeslaan word (vergelyk bylae 52 tot 65).

Wanneer geen en positiewe beïnvloeding saam bereken word, het polisiebruuskheid vir die onderskeie ervaringsgroepe eerder 'n positiewe as negatiewe uitwerking op die verskillende fasette van polisiëring, behalwe vir -

- (i) oorvertellings waar die eksterne beeld (42,90 persent) en die vertroue wat in die polisie gestel word (47,60 persent), negatief beïnvloed word;
- (ii) die sosiale groep vir wie die vertroue in die polisie ook negatief getref word (47,20 persent); en
- (iii) die juridiese ervaringsgroep. Die negatiewe invloed wat volgens hierdie groep 'n beduidend negatiewe uitwerking het, val op -
  - respek en agting vir polisiëring (61,50 persent) ( $V=50,31 > 28,78$ );
  - gesonde onderlinge verhoudings tussen die polisie en die publiek (51,30 persent) ( $V=28,90 > 28,78$ );
  - vertroue in die polisie (56,40 persent) ( $V=35,56 > 28,78$ );
  - goeie rasse- en menseverhoudings (59,00 persent) ( $V=48,43 > 28,78$ ); en
  - die eksterne polisiebeeld (53,80 persent) ( $V=54,50 > 28,78$ ) (vergelyk tabel 6.19 en bylae 52 tot 65).

In teenstelling met die persgroep wat die positiewe invloed deur=

Tabel 6.19

## NEGATIEWE INVLOED VAN POLISIEBRUUSKHEID VOLGENS ERVARINGSGROEP

Faset van polisiëring	Persentasie negatiewiteit							
	Juri= dies	Sosiaal	Oorver= tel= ling	Pers	Radio	Speur= ver= hale	Waar= neming	Totaal
Respek en agting vir polisiëring	61,50	38,90	36,50	39,00	25,40	35,80	31,90	35,00
Goeie rasse- en menseverhoudinge	59,00	50,00	47,60	31,40	28,70	34,00	34,70	37,00
Vertroue wat in polisie gestel word	56,40	47,20	47,60	33,90	32,00	41,50	35,50	38,40
Eksterne polisiebeeld	53,80	38,90	42,90	32,20	20,50	37,70	33,90	34,00
Gesonde onderlinge verhoudinge tussen polisie en publiek	51,30	33,30	39,70	33,90	28,70	34,00	33,10	34,10
Waardering vir polisie-dienste	41,00	31,90	33,30	22,90	19,70	22,60	30,30	27,70
Beroepsaanvaarbaarheid van SA Polisie	35,90	33,30	31,70	30,50	21,30	15,10	19,50	24,70
Kommunikasie met die polisie	33,30	38,90	36,50	28,80	26,20	28,30	29,90	30,60
Vertroue in die regsprekende stelsel	33,30	30,60	22,20	26,30	18,00	26,40	32,30	27,40
Bereidwilligheid om inligting te verstrek	33,30	33,30	23,80	24,60	19,70	20,80	20,30	23,30
Vertroue in die regering	28,20	30,60	30,20	20,30	18,00	18,90	27,10	24,50
Bereidwilligheid om misdaad aan te meld	28,20	29,20	23,80	22,00	18,90	28,30	21,50	23,00
Hulpverlening	28,20	33,30	15,90	22,90	18,90	20,80	17,50	20,90
Verpligting om misdaad te bekamp	23,10	25,00	20,60	22,90	18,00	28,30	20,70	21,70

gaans hoër aanslaan as enige ander groep, dit wissel van 38,10 persent by die vertroue wat in die polisie gestel word tot 48,30 persent by die waardering vir die polisie, is die positiewe invloed vir die juridiese groep deurgaans die laagste. Dit wissel van 7,70 persent by goeie rasse- en menseverhoudinge tot 23,10 persent by verskeie ander fasette. Samehangend hiermee, het die ander fasette wat nie as van negatiewe belang beskou word nie, vir laasgenoemde groep in 'n groter mate geen invloed as die ander groepe.

Hierdie verskille hou waarskynlik verband met die juridiese groep se meerdere kennis van en kontak met die polisie, en, dat hulle as gevolg van hierdie eerstehandse kennis, beter instaat is om die invloed van polisiebruuskheid op die verskillende fasette van polisiëring sinvoller te beoordeel. Die standpunte van hierdie respondente wat in direkte kontak, beide positief en negatief, met die polisie was, kan derhalwe as 'n objektiewer evaluering beskou word as daardie groepe wat geen werklike ervaring met die polisie gehad het nie, want hul groter kennis bring klaarblyklik mee dat hulle die invloed van polisiebruuskheid in groter mate beoordeel met inagneming van die basiese beginsels van polisiëring en die wyse waarop die polisie in 'n demokratiese samelewing tot vervulling moet kom, as die ander groepe.

Die mate waarin die ondersoekgroep die standpunt inneem dat polisiebruuskheid 'n positiewe uitwerking het, is moeilik versoenbaar met demokratiese polisiëring. Trouens, Germann et al. (1962: 239) beskou bruuskheid as die prerogatief van die polisiestaat. Dit kan nie met demokratiese polisiëring vereenselwig word nie, want die mate waarin polisiebruuskheid geduld en getolereer word, bepaal die verskil tussen 'n demokraties-gepolisieerde samelewing en 'n polisiestaat. Die voorkoms en tolerering van polisiebruuskheid

is nie alleen strydig met die basiese beginsels onderliggend aan polisiëring in 'n demokratiese samelewing nie, maar dit bots ook met die beginsels van regsekerheid. Dit is moeilik om hierdie tendens, wat 'n stilswyende goedkeuring en aanvaarding van polisiebruuskheid impliseer, te verklaar. Die moontlikheid bestaan egter dat die ondersoekgroep, as gevolg van bruuske polisie-optredes in die verlede, in so 'n mate gekondisioneer is, dat hulle bruuske, degraderende, vernederende en onmenswaardige polisie-optredes as normaal, kenmerkend en eie aan die Suid-Afrikaanse Polisie beskou en dit aanvaar. Hierdie standpunt word enigermate ondersteun deur die voorkoms van die verskillende vorme van bruuskheid in die alledaagse omgang van die polisie met die publiek, aldus die mening van die Asiër- en Kleurlingrespondeente en sekere ervaringsgroepe.

#### 6.6 SAMEVATTING

Polisiebruuskheid is 'n komplekse begrip wat wyer strek as die populêre opvatting dat dit slegs betrekking het op fisieke geweld. Trouens, die ondersoekgroep bevestig die standpunte van teoretici dat dit haas alle bruuske polisie-optredes omsluit. Fisieke geweld kan, uit hoofde van polisiemagte, in 'n sekere sin met polisie-optredes vereenselwig word. Dit beteken egter nie ook dat die polisie enige magte het tot degraderende optrede wat menswaardigheid verontagsaam nie. Dit is juis lompe optredes in hierdie verband wat 'n ernstige bedreiging inhou vir die verhoudingsvraagstuk.

Volgens die mening van die respondente blyk dit dat houdings- en verbale bruuskheid wat veral die menswaardigheid aantast, veel meer voorkom as operasionele bruuskheid. In hierdie verband word Kleurlinge en Asiërs veel meer daardeur getref as Blankes. Hierdie tendens, wat daarop dui dat die polisie volgens die mening van die res=

pondente gedifferensieerd en by implikasie diskriminerend optree, kom deurgaans in hierdie ondersoek voor. Differensiasie blyk ook uit die uiteenlopende invloed wat die verskillende fasette na die mening van die verskillende bevolkingsgroepe het. Die negatiewe uitwerking op daardie fasette wat die basiese beginsels van polisiëring betrek, val veral by die Asiër- en Kleurlingrespondente.

Die mate waarin bruuskheid wel stilswyend verdra word, veral deur die Blanke respondente, dui enersyds daarop dat bruuske polisie-optredes groter veiligheid bring en andersyds dat dit in 'n groter mate aanvaar word as wat in 'n demokratiese gestel verwag sou word. In 'n heterogene bevolkingsamestelling soos Suid-Afrika, waar die verhoudingsvraagstuk uiters sensitief is, is enige vorm van verhouding-versteurende bruuskheid afkeurenswaardig. In hierdie verband kan Germann et al. (1962: 239) gelyk gegee word in hul standpunt - "one case of police brutality a year is more than the department can stand".

HOOFSTUK 7DISKRIMINERENDE POLISIËRING

## 7.1 INLEIDING

Die beginsel van gelykheid voor die reg, beteken dat die inhoud van die reg self in ooreenstemming is met die beginsel dat alle samelewingslede menswaardig en beskermingswaardig is. Hierdie inhoud of gees van die reg impliseer gelyke onderwerping van alle samelewingslede aan die reg as oppergesag in die beslegting van onderlinge geskille, maar ook dat alle samelewingslede gelyke beskerming ten opsigte van hul regte en aansprake behoort te geniet.

Aangesien dit die reg is wat die reël stel, beteken dit dat die uitvoering en toepassing in ooreenstemming met die gees daarvan moet geskied. Dit is derhalwe die taak van die polisie om uitvoering te gee aan hierdie betekenis van die reg. Die uitoefening daarvan is altyd onderworpe aan die beginsels van regs-gelykheid, regsonpartydigheid, billikheid en redelikheid en mag nooit tot voordeel van sommige en tot nadeel van ander uitgevoer en toegepas word nie.

Die gees van die reg is derhalwe gerig op gelyke geregtigheid, dit wil sê, om die algemene welsyn en welvaart van alle samelewingslede te verseker deur gelyke geregtigheid en standarde. Wanneer dubbele standarde gehandhaaf word, kom dit op ongelyke ordehandhawing neer en stel dit diskriminerende polisiëring daar, wat nie alleen as 'n ernstige afwyking van demokratiese polisiëring beskou kan word nie, maar ook as 'n vergryp wat ernstige implikasies vir die verhoudingsvraagstuk in polisiëring inhou.

As sigbare simbool van die gesagstruktuur, as agente van konflik-

regulering in 'n politieke stelsel (Gurr, 1970: 224) en as politieke sosialiseringsagent (Potholm, 1969: 146), is die polisie derhalwe verbind tot demokratiese polisiëring want - "To create and maintain a stable climate a government must not only be fair and just, but must be perceived to be fair, just and responsible, to have the will to act effectively and to be credible in the eyes of the community it serves. It must be perceived to represent the community interest (Commission of Inquiry into the Mass Media, 1981: 898).

## 7.2 OMSKRYWING VAN DISKRIMINASIE

Volgens Van Heerden (1976: 53) dui diskriminasie op 'n onderskeid in die behandeling van individue, dit wil sê, gedifferensieerde polisie-optrede op grond van faktore soos ouderdom, sosio-ekonomiese status, opvoedkundige peil, volksverband, kleur, ensovoorts. Mack (1963: 118) sluit grootliks hierby aan wanneer hy na diskriminasie verwys as een of ander openlike differensiële handeling teenoor 'n spesifieke groep op grond van een of ander geselekteerde eienskap.

Vir Richmond (1955: 21) kom diskriminasie neer op berowende en ontnemende gedrag wat gerig is op lede van 'n ander groep, individueel of kollektief, terwyl Epstein (1962: 56) dit definieer as "... the acting out of the beliefs and feelings of prejudice".

Vir die doel van hierdie ondersoek beteken diskriminasie om te onderskei en te klassifiseer en om op grond van hierdie onderskeiding, een of meer persone of 'n groep te benadeel of te straf en/of om die een te bevoordeel ten koste van 'n ander en/of om 'n verdiende voordeel, aanspraak of reg te weerhou op 'n wyse wat as oneties beskou kan word, dit wil sê, bevoordeling of benadeling

wat op 'n arbitrêre, willekeurige, onredelike, wispelturige of ongeregverdigde wyse uitgemeet word en wat van 'n negatiewe gesindheid getuig.

### 7.3 DISKRIMINERENDE POLISIËRING

Uiteraard is daar 'n verskeidenheid aspekte wat in oorweging moet kom om diskriminerende polisiëring te bepaal. Daarom word aandag geskenk aan aspekte wat verband hou met regverdigheid, partydigheid en gedifferensieerde proaktiewe sowel as reaktiewe polisiëring.

#### 7.3.1 Regverdigheid

Doeltreffende polisiëring veronderstel regverdige optrede teenoor alle samelewingslede ooreenkomstig die fundamentele beginsel dat niemand bo die reg verhewe is nie en dat elke samelewingslid menswaardig en beskermingswaardig is. Die beginsel van regsoewereiniteit vereis verder dat die regsreëls regverdig, billik en met redelikheid uitgevoer en toegepas moet word om die regsorde as 'n doel op sigself te dien.

Die gemiddelde van 3,7 in tabel 7.1 dui daarop dat Blanke respondente die optrede van die Suid-Afrikaanse Polisie as regverdig en billik bestempel. Hierteenoor het Asiër- (gemiddelde 2,4) en Kleurlingrespondente (gemiddelde 2,8) 'n ongunstige evaluering wat daarop neerkom dat hulle nie dieselfde regverdigheid en billikheid ervaar as die Blanke respondente nie. Die Blankes verskil dan ook beduidend van Asiër- en Kleurlingrespondente met betrekking tot al die fasette wat oorweeg is. Die beduidendheid in verskille kan 'n aanduiding wees dat die Suid-Afrikaanse Polisie gedifferensieerd optree en dat daar teenoor Asiërs en Kleurlinge gediskrimineer word. Hierdie afleiding word enigermate gestaaf deur die

Tabel 7.1

## EVALUERING VAN REGVERDIGHEID EN BILLIKHEID IN POLISIËRING

Vorm van behandeling	Gemiddelde				$\chi^2$ waarde: 15,51: 8 g.v.v.
	Asiërs	Blankes	Kleur= linge	Totale onder= zoek= groep	
Regverdige en billike behandeling	2,4	4,5	3,0	3,3	312,67
Tegemoetkoming by die toepassing van die reg	2,5	4,2	3,2	3,3	204,63
Die behandeling van Nie-Blankes	2,4	3,1	2,5	2,7	147,44
Die behandeling van vreemdelinge	2,5	3,9	3,1	3,1	293,68
Aandag wat aan klagtes gegee word	2,5	3,8	3,0	3,1	201,93
Spoedige afhandeling van sake	2,3	3,4	2,9	2,8	140,11
Wyse waarop arresta= sies uitgevoer word	2,4	3,7	2,9	3,0	192,99
Wyse waarop persone ondervra word	2,3	3,7	2,8	2,9	201,86
Wyse waarop huise deursoek word	2,4	3,4	2,7	2,8	192,98
Wyse waarop polisie op eiendom beslag lê	2,4	3,4	2,7	2,8	170,62
Totale gemiddelde	2,4	3,7	2,8	3,0	

standpunt van 24,10 persent Blankes dat Nie-Blankes swak tot baie swak behandel word - 'n faset wat die swakste aangeslaan word in die oorwegend gunstige evaluering. Ook die Kleurlinge evalueer die behandeling van Nie-Blankes (gemiddelde 2,5) die laagste. Slegs tegemoetkoming by die toepassing van die reg (gemiddelde 3,2)

en die behandeling van vreemdelinge (gemiddelde 3,1) word as gunstig beskou, in 'n oorwegend ongunstige evaluering.

Dit val verder uit die tabel en bylae 66 tot 75 op dat -

- (i) Asiërrespondente die verskillende fasette deurgaans die laagste aanslaan;
- (ii) slegs 7,90 persent van die Asiër- en 4,30 persent van die Kleurlingrespondente van mening is dat hulle altyd regverdig en billik behandel word, terwyl 67,70 persent van die Blanke respondente dit altyd ervaar;
- (iii) meer as 'n kwart (25,30 persent) van die Asiërs en 15,90 persent van die Kleurlinge in die ondersoekgroep die standpunt huldig dat hulle nooit by die toepassing van die reg tegemoet gekom word nie, terwyl nie 'n enkele Blanke respondent dieselfde ervaring het nie;
- (iv) beide Asiër- (66,80 persent) en Kleurlingrespondente (50,60 persent) van mening is dat hulle swak tot baie swak behandel word;
- (v) die onderskeie ervaringsgroepe, met die uitsondering van diegene wat hul kennis uit sosiale kontak opgedoen het, van mening is dat Nie-Blankes swak tot baie swak behandel word;
- (vi) die Suid-Afrikaanse Polisie volgens die mening van die respondente klaarblyklik veel meer tyd en aandag gee aan klagtes en sake wat deur Blankes gerapporteer word as dié van Asiërs en Kleurlinge; en
- (vii) dat die Suid-Afrikaanse Polisie in funksionele verrigtinge soos die uitvoering van arrestasies, ondervraging, deursoeking en beslaglegging op eiendom, oënskynlik dubbele standaarde handhaaf. Dit kan dui op 'n bepaalde soort regverdigheid, billikheid en geregtigheid vir Blankes

en 'n ander soort vir Asiërs en Kleurlinge.

Die stelling dat Asiërs en Kleurlinge klaarblyklik nie dieselfde regverdigheid en billikheid as Blankes ervaar nie, word tot 'n groot mate onderskryf deur:

- (i) Die bevindinge van Mayet (1976: 222-225) waar slegs 7,67 persent van 'n Kleurlingondersoekgroep in Johannesburg van mening is dat hulle altyd regverdig en billik deur die polisie behandel word, 50,33 persent wat tegemoetkomendheid by die toepassing van die reg as swak tot baie swak bestempel en 78,00 persent die behandeling van Nie-Blankes as swak tot baie swak tipeer.
- (ii) Die bevinding dat "... whilst 96,00 percent of the Whites believe the police to treat them in a just to very just manner, 42,00 percent of the Indians, 48,00 percent of the Coloureds and 43,00 percent of the Black communities believe the police treat them in an unjust to very unjust manner" (Commission of Inquiry into the Mass Media, 1981: 911).
- (iii) Die bevindinge van Du Preez (1978: 178) en Van Heerden (1974: 339) waar 20,39 persent en 57,76 persent van die ondersoekgroepe onderskeidelik van mening is dat Nie-Blankes swak tot baie swak behandel word.

### 7.3.2 Partydigheid

Wanneer bevoordeling plus benadeling teenoor geen invloed gestel word, dan blyk dit dat met die uitsondering van godsdienstige oortuiginge, die polisie by die uitoefening van hul pligte, wel beïn-

vloed word deur opvoedkundige kwalifikasies (44,00 persent), ekonomiese posisie (47,10 persent), sosiale status (49,40 persent), beroep (45,20 persent), taal (43,20 persent), kleur (49,20 persent), politieke verbintenis (36,00 persent) en vorige skuldigbevindings (47,80 persent) (tabel 7.2). Opvoedkundige kwalifikasies, ekonomiese posisie, sosiale status, beroep en taal werk bevoordelend in, terwyl die teenoorgestelde waar is van kleur, vorige skuldigbevindings en politieke verbintenis - 'n betekenisvolle ooreenkoms met die bevindinge van Van Heerden (1974: 186) waar opvoedkundige kwalifikasies, ekonomiese status, sosiale status, beroep, taal, nasionaliteit, kleur en politieke verbintenis as beïnvloedende faktore geïdentifiseer is. Dieselfde geld vir die navorsing van Mayet (1976: 157-159) wat verklaar dat "The research group is of the opinion that the social background of the public has an influence on policing" en waaruit dit duidelik blyk dat opvoedkundige kwalifikasies (57,67 persent), ekonomiese status (68,00 persent), taal (78,33 persent), nasionaliteit (48,00 persent) en kleur (86,00 persent) beïnvloedende faktore is - met kleur en nasionaliteit wat benadelend inwerk.

Die bevolkingsgroepe in die ondersoek handhaaf beduidende uiteenlopende standpunte (vergelyk tabel 7.3). Behalwe in die geval van sosiale status (37,90 persent) en vorige veroordelings (35,50 persent), meen die meerderheid Blankes dat al die ander faktore geen invloed op polisiëring het nie. Hierteenoor meen Kleurlinge en Asiërs dat al die faktore wel of 'n bevoordelende of 'n benadelende uitwerking het. Inagnemende die graadverskille, is al drie groepe dit eens dat opvoedkundige kwalifikasies, ekonomiese posisie, sosiale status en beroep bevoordelend, en kleur en vorige veroordelings benadelend inwerk.

Tabel 7.2

## HOUDING VAN ONDERSOEKGROEP TEENOR PARTYDIGHEID IN POLISIËRING

Beïnvloedende faktor	Word be= voordeel	Word be= nadeel	Geen invloed	Onse= ker	Totaal
<u>Totale onderoekgroep</u>					
Opvoedkundige kwalifi= kassies	33,30	10,70	38,40	17,60	100
Ekonomiese posisie	35,00	12,10	32,60	20,30	100
Sosiale status	39,10	10,30	29,70	20,90	100
Beroep	33,10	12,10	33,70	21,10	100
Taal	25,80	17,80	35,50	20,90	100
Kleur	12,00	37,20	28,00	22,80	100
Politiese verbintenis	15,90	20,10	34,80	29,20	100
Godsdienstige oortui= ging	14,20	18,90	40,80	26,10	100
Vorige skuldigbevindings	10,90	36,90	25,70	26,50	100

Die respons by die kategorieë 'word bevoordeel - word benadeel', maak logiese afleidings onmoontlik, aangesien dit bevraagteken kan word of die respondente die situasie vanuit hul persoonlike posisie, die van ander groepe of die algemene posisie van die polisiebeampte beoordeel het. Die gegewens dui nietemin daarop dat daar onderskeid gemaak word, met Kleurlinge en Asiërs die klaarblyklike slagoffers. Hierdie stelling word grootliks ook gesteun deur die standpunt van die Kleurlinge (51,40 persent) en Asiërs (34,40 persent) wat kleur as die benadelendste faktor uitsonder. Dieselfde geld vir die Blankes (25,00 persent). Dit dui op diskriminerende polisiëring oor bevolkingsgroepe heen wat die verhoudingsvraagstuk nie ten goede kan kom nie.

Tabel 7.3

## HOUDING VAN BEVOLKINGSGROEPE TEENOR PARTYDIGHEID IN POLISIËRING

Beïnvloedende faktor	Word be= voordeel	Word be= nadeel	Geen in= vloed	Onse= ker	To= taal	$\chi^2$ waarde : 12,59 : 6 g.v.v.
<u>Blanke</u>						
Opvoedkundige kwalifikasies	25,90	1,70	50,00	22,40	100	81,46
Ekonomiese posisie	28,40	0,90	44,40	26,30	100	87,74
Sosiale status	34,90	3,00	37,50	24,60	100	59,34
Beroep	23,70	2,60	46,60	27,10	100	86,10
Taal	11,20	6,50	55,60	26,70	100	135,93
Kleur	5,60	25,00	37,10	32,30	100	74,58
Politieke verbintenis	6,50	5,60	56,50	31,40	100	123,57
Godsdienstige oortuiging	7,80	1,70	65,10	25,40	100	142,27
Vorige skuldigbevindings	3,00	32,50	23,40	41,10	100	85,57
<u>Asiër</u>						
Opvoedkundige kwalifikasies	27,40	12,40	44,80	15,40	100	
Ekonomiese posisie	28,60	16,60	36,90	17,90	100	
Sosiale status	30,70	14,90	36,10	18,30	100	
Beroep	27,00	17,00	36,50	19,50	100	
Taal	21,60	22,80	36,50	19,10	100	
Kleur	13,70	34,40	33,20	18,70	100	
Politieke verbintenis	16,20	29,00	32,80	22,00	100	
Godsdienstige oortuiging	11,60	29,50	38,60	20,30	100	
Vorige skuldigbevindings	12,60	30,50	38,50	18,40	100	
<u>Kleurling</u>						
Opvoedkundige kwalifikasies	46,10	17,60	21,20	15,10	100	
Ekonomiese posisie	47,30	18,40	17,10	17,20	100	
Sosiale status	51,40	12,70	15,90	20,00	100	
Beroep	48,20	16,30	18,80	16,70	100	
Taal	43,70	23,70	15,50	17,10	100	
Kleur	16,30	51,40	14,30	18,00	100	
Politieke verbintenis	24,50	24,90	16,30	34,30	100	
Godsdienstige oortuiging	22,90	24,90	20,00	32,20	100	
Vorige skuldigbevindings	16,70	47,30	15,50	20,50	100	

### 7.3.3 Gedifferensieerde proaktiewe polisiëring

Die gegewens in tabelle 7.4 tot 7.6 toon dat proaktiewe polisiëring klaarblyklik afgeskeep en verwaarloos word. Dit geld vir beide kortermyn- en langtermynvoorkomingsmaatreëls. Ten spyte van hierdie oënskynlike verwaarloosing van die primêre polisiëeringsfunksie, toon die gegewens egter dat die Blankes (gemiddelde 3,2) in 'n groter mate beskerm word as Asiër- (gemiddelde 2,6) en Kleurlingrespondente (gemiddelde 2,7). Die drie bevolkingsgroepe verskil dan ook feitlik deurgaans beduidend in hul evaluering van die verskillende fasette van proaktiewe polisiëring (vergelyk tabel 7.4).

Dat Asiërs en Kleurlinge klaarblyklik die slagoffers van diskriminerende proaktiewe polisiëring is, blyk duidelik uit die gegewens in tabelle 7.4 tot 7.6 wat aantoon dat -

- (i) 'n groot persentasie (39,10 persent) van die Kleurlinge en bykans een derde (29,90 persent) van die Asiërs in die ondersoekgroep van mening is dat die misdaadsyfer in hul woongebiede baie hoog is terwyl slegs 10,40 persent van die Blankes die misdaadsyfer in hul woongebiede as baie hoog bestempel;
- (ii) bykans twee derdes (66,30 persent) van die Blanke respondente van mening is dat die polisie stiptelik op hul noodoproepe reageer terwyl slegs 26,50 persent van die Asiër- en 30,20 persent van die Kleurlingrespondente van mening is dat die polisie stiptelik op hulle noodoproepe reageer;
- (iii) die polisie beskikbaar is wanneer Blanke respondente (72,40 persent) hul dienste verlang maar nie vir die Asiër- (26,60 persent) en die Kleurlingrespondente (25,30 persent) nie;

Tabel 7.4

## BLANKES SE EVALUERING VAN GEDIFFERENSIEERDE PROAKTIEWE POLISIËRING

Proaktiewe faset	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie	To= taal	Gem.	$\chi^2$ waar= de: 15,51 : 8 g.v.v.
Baie hoë misdaad= syfer in woonge= bied	2,60	7,80	21,50	45,30	22,80	100	3,8	161,29
Reageer stiptelik op noodoproepe	24,10	42,20	15,60	15,10	3,00	100	3,7	128,04
Beskikbaar wanneer hul dienste ver= lang word	22,40	50,00	13,80	10,80	3,00	100	3,8	170,91
Voldoende besker= ming teen misdaad	16,80	45,30	23,60	12,10	2,20	100	3,6	97,19
Lig publiek gereeld in oor misdaadvoor= koming	7,80	34,90	22,00	31,90	3,40	100	3,1	80,59
Skakel gereeld met skole en jeugver= enigings om jeug= misdad te voorkom	6,90	18,10	45,70	24,60	4,70	100	3,0	69,20
Gereelde advise= ring van publiek oor beskerming van eiendom	13,40	36,20	21,10	26,30	3,00	100	3,3	82,54
Verkry altyd pu= blik se samewer= king om doeltref= fende misdaad= voorkoming te ver= seker	17,20	45,70	24,60	11,20	1,30	100	3,7	147,02
Lig publiek gereeld in oor betekenis van polisieerol	6,90	24,60	31,80	32,80	3,90	100	3,0	51,18
Straatpatrollering geniet voorkeur en word voortdurend uitgebrei	6,00	15,90	30,20	35,80	12,10	100	2,7	
Verstrek gereeld inligting oor ver= meende wangedrag en misdadertendense in bepaalde gebiede	4,30	18,50	31,50	37,90	7,80	100	2,7	27,46
Hou die publiek op hoogte met die vraagstukke waar= mee die polisie te doen kry	2,60	20,70	30,60	35,30	10,80	100	2,7	29,70
Totale waarde	10,92	29,99	26,00	26,59	6,50	100	3,2	

Tabel 7.5

## ASIËRS SE EVALUERING VAN GEDIFFERENSIEERDE PROAKTIEWE POLISIËRING

Proaktiewe faset	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saamnie	To= taal	Gem.
Baie hoë misdaadsyfer in woongebied	5,40	24,50	8,30	56,00	5,80	100	3,3
Reageer stiptelik op noodoproepe	3,30	23,20	20,00	41,10	12,40	100	2,6
Beskikbaar wanneer hul dienste verlang word	5,40	21,20	18,20	37,80	17,40	100	2,6
Voldoende beskerming teen misdaad	5,80	18,70	23,70	34,00	17,80	100	2,6
Lig publiek gereeld in oor misdaadvoorkoming	6,20	17,00	20,00	36,90	19,90	100	2,5
Skakel gereeld met skole en jeugverenigings om jeugmisdaad te voorkom	4,60	17,40	20,30	40,70	17,00	100	2,5
Gereelde advisering van publiek oor beskerming van eiendom	3,70	17,00	21,70	37,30	20,30	100	2,5
Verkry altyd publiek se samesamewerking om doel= treffende misdaadvoor= koming te verseker	3,70	14,90	25,80	44,40	11,20	100	2,5
Lig publiek gereeld in oor betekenis van poli= sierol	3,70	12,40	26,70	40,20	17,00	100	2,4
Straatpatrollering ge= niet voorkeur en word voortdurend uitgebrei	5,00	12,40	24,10	41,10	17,40	100	2,5
Verstrek gereeld in= ligting oor vermeende wangedrag en misdaad= tendense in bepaalde gebiede	3,70	12,40	29,60	36,50	17,80	100	2,5
Hou die publiek op hoogte met die vraag= stukke waarmee die polisie te doen kry	4,10	11,20	29,50	36,50	18,70	100	2,4
Totale waarde	4,55	16,86	22,32	40,21	16,06	100	2,6

Tabel 7.6

## KLEURLINGE SE EVALUERING VAN GEDIFFERENSIEERDE PROAKTIEWE POLISIËRING

Proaktiewe faset	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saamnie	To= taal	Gem.
Baie hoë misdadsy= fer in woongebied	6,90	32,20	35,20	16,70	9,00	100	2,9
Reageer stiptelik op noodoproepe	4,90	25,30	25,70	38,00	6,10	100	2,8
Beskikbaar wanneer hul dienste ver= lang word	8,20	17,10	23,70	44,90	6,10	100	2,8
Voldoende beskerming teen misdaad	8,20	35,50	22,00	26,10	8,20	100	3,1
Lig publiek gereeld in oor misdaadvoor= koming	16,30	10,60	18,00	36,30	18,80	100	2,7
Skakel gereeld met skole en jeugvereni= gings om jeugmisdad te voorkom	6,90	13,50	24,90	31,40	23,30	100	2,5
Gereelde advisering van publiek oor be= skerming van eiendom	9,40	14,30	24,50	29,80	22,00	100	2,6
Verkry altyd publiek se samewerking om doeltreffende mis= daadvoorkoming te verseker	11,00	21,60	20,00	29,00	18,40	100	2,8
Lig publiek gereeld in oor betekenis van polisierol	9,80	10,60	24,10	37,10	18,40	100	2,6
Straatpatrollering geniet voorkeur en word voortdurend uitgebrei	7,30	18,80	21,70	35,50	16,70	100	2,6
Verstrek gereeld inligting oor ver= meende wangedrag en misdaadtendense in bepaalde ge= biede	10,20	13,10	22,40	38,40	15,90	100	2,6
Hou die publiek op hoogte met die vraagstukke waar= mee die polisie te doen kry	8,20	10,60	23,30	36,70	21,20	100	2,5
Totale waarde	8,94	18,60	23,80	33,32	15,34	100	2,7

- (iv) die Blanke ondersoekgroep (62,10 persent) klaarblyklik voldoende teen misdaad beskerm word maar nie die Asiërs (24,50 persent) en Kleurlinge (43,70 persent) nie;
- (v) Blanke respondente (42,70 persent) meer gereeld oor misdaadvoorkoming ingelig word as Asiër- (23,20 persent) en Kleurlingrespondente (26,90 persent);
- (vi) die Suid-Afrikaanse Polisie Blanke respondente (49,60 persent) meer gereeld as Asiër- (20,70 persent) en Kleurlingrespondente (23,70 persent) adviseer hoe om hul eiendom die beste te beskerm;
- (vii) Blanke respondente (62,90 persent) se samewerking in misdaadvoorkoming verkry word maar nie dié van Asiërs (18,60 persent) en Kleurlinge (32,60 persent) nie;
- (viii) Blanke respondente (31,50 persent) meer gereeld as Asiër- (16,10 persent) en Kleurlingrespondente (20,40 persent) ingelig word oor die betekenis van die polisierol in die samelewing; en
- (ix) dat Blankes in die ondersoekgroep (23,30 persent) in 'n groter mate op hoogte gehou word met die vraagstukke waarmee die polisie te doen kry as die Asiërs (15,30 persent) en Kleurlinge (18,80 persent).

Die verkryging en behoud van samelewingsbetrokkenheid is 'n absolute voorvereiste vir doeltreffende proaktiewe polisiëring. Om 'n eenheidsvormende grondslag te verseker moet elke samelewingslid by proaktiewe polisiëring betrek word, want die voorkoming van 'n ordeskending is die verantwoordelikheid en verpligting van elke samelewingslid - nie net van die Blanke bevolkingsgroep nie. Ordehandhawing mag nooit 'n verdeelde stryd wees nie en wanneer ander bevolkingsgroepe by wyse van diskriminerende polisie-optrede hiervan uitgesluit word, gaan die basis van proaktiewe polisiëring verlore, noodsaaklike hulp en ondersteuning word weerhou, vertrou word geskend en is daar geen gemeenskaplike doelwit wat nagestreef word nie. Dit versteur onderlinge verhoudinge en kan aanleiding

gee tot die stereotiepe aantyging deur minderheidsgroepe dat hulle onvoldoende beskerm word en ook dat hulle nie as beskermingswaardig beskou word nie - die ergste vorm van kleurdiskriminasie omdat dit op ongelyke ordehandhawing neerkom.

Die voorafgaande bevindinge gee inhoud aan die aantyging van onvoldoende beskerming en die menings van Asiër- en Kleurlingrespondente dui daarop dat die Suid-Afrikaanse Polisie oënskynlik in 'n groter mate daarop ingestel is om die Blanke bevolkingsgroep teen ordebrekende gedrag te beskerm. Om doeltreffende proaktiewe polisieëring te verseker, moet alle bevolkingsgroepe daarby betrek word - 'n stelling wat duidelik weerklank gevind het in die bevindinge van die Kommissie van ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep (1976: 260 en 449) waar verklaar is - "Ook in ander Kleurlinggemeenskappe, maar veral in die nuwe woonbuurtes, het die Kommissie dikwels verneem van die groot behoefte aan beter polisiebeskerming wat, so is beweer, misdaad beslis aan bande sou lê" en verder - "Die inwoners voel gevolglik onveilig in die gemeenskap en waag hulle nie graag na donker op straat nie". Wat polisiebeskerming verder betref, het die Kommissie ook spesifiek soos volg verklaar - "Hierdie probleem is sterk gevoel in die groot stede maar veral in Port Elizabeth. Die vernaamste klagtes was dat daar te min polisiemane is, te min patrollies, dat die polisie te laat by die toneel van 'n misdaad opdaag, dat polisiekantore te ver van Kleurlingwoonbuurtes af geleë is en dat hulle nie maklik telefonies bereik kan word nie. Daar is ook gevoel dat meer vrywilligers by patrollies betrek moet word en dat daar beter samewerking tussen die publiek en die polisiemag moet wees".

#### 7.3.4 Gedifferensieerde reaktiewe polisieëring

Die gemiddeldes in tabelle 7.7 en 7.9 dui eweneens op bepaalde leemtes in die reaktiewe polisieëringproses. Al drie bevolkingsgroepe bevestig dit tot 'n groot mate dat daar van algemeen geldende standarde afgewyk word.

Dat Asiër- en Kleurlingrespondente egter ook wat reaktiewe polisieëring betref, klaarblyklik die slagoffers van diskriminerende

Tabel 7.7

## BLANKES SE EVALUERING VAN GEDIFFERENSIEERDE REAKTIEWE POLISIËRING

Reaktiewe faset	Stem beslis saam	Stem saam	Onse= ker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saamnie	To= taal	Gem.
Volg alle inlig= ting oor misdaad= pleging op	14,20	37,90	31,10	11,60	5,20	100	3,4
Ondersoek nie alle misdade wat aange= meld word nie	3,90	14,70	34,90	36,60	9,90	100	3,3
Gewoonlik suksesvol in die opsporing van misdadigers	8,60	37,10	33,10	20,30	0,90	100	3,3
Hou publiek op hoogte met vorde= ring in sake wat ondersoek word	3,00	21,10	31,50	37,50	6,90	100	2,7
Openbaar 'n nega= tiewe houding wan= neer misdade aan= gemeld word	1,30	8,20	22,80	55,60	12,10	100	3,7
Selde instaat om gesteelde goedere aan eienaar terug te besorg	3,90	28,00	25,00	35,80	7,30	100	3,1
Gebruik moderne wetenskaplike hulpmiddels en teg= nieke wanneer mis= dade ondersoek word	13,40	38,40	43,50	3,40	1,30	100	3,6
Misdade wat aan= gemeld word geniet nie behoorlike aandag nie	2,20	18,10	26,30	43,10	10,30	100	3,4
Totale waarde	6,31	25,44	31,02	30,49	6,74	100	3,3

Tabel 7.8

## ASIËRS SE EVALUERING VAN GEDIFFERENSIEERDE REAKTIEWE POLISIËRING

Reaktiewe faset	Stem beslis saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie	Toetaal	Gem.
Volg alle inligting oor misdadpleging op	2,50	16,20	34,00	28,20	19,10	100	2,5
Onderzoek nie alle misdade wat aangemeld word nie	2,10	20,70	36,50	23,70	17,00	100	3,3
Gewoonlik suksesvol in die opsporing van misdadigers	1,70	21,20	28,60	31,50	17,00	100	2,6
Hou publiek op hoogte met vordering in sake wat ondersoek word	6,20	12,00	32,40	32,00	17,40	100	2,6
Openbaar 'n negatiewe houding wanneer misdade aangemeld word	3,70	20,70	33,30	27,80	14,50	100	3,3
Selde instaat om gesteelde goedere aan eienaar terug te besorg	3,70	20,30	34,50	27,00	14,50	100	3,3
Gebruik moderne wetenskaplike hulpmiddels en tegnieke wanneer misdade ondersoek word	5,80	19,90	39,90	30,30	4,10	100	2,9
Misdade wat aangemeld word geniet nie behoorlike aandag nie	7,50	29,50	28,10	24,90	10,00	100	3,0
Totale waarde	4,15	20,06	33,42	28,17	14,20	100	2,9

Tabel 7.9

## KLEURLINGE SE EVALUERING VAN GEDIFFERENSIEERDE REAKTIEWE POLISIËRING

Reaktiewe faset	Stem beslis saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie	Toetaal	Gem.
Volg alle inligting oor misdading op	10,20	17,60	28,90	25,30	18,00	100	2,8
Onderzoek nie alre misdade wat aangemeld word nie	9,40	19,20	24,90	32,20	14,30	100	3,2
Gewoonlik suksesvol in die opsporing van misdadingers	15,90	38,80	28,60	11,80	4,90	100	3,5
Hou publiek op hoogte met vordering in sake wat ondersoek word	8,20	18,00	24,80	40,40	8,60	100	2,8
Openbaar 'n negatiewe houding wanneer misdade aangemeld word	10,60	24,10	33,90	25,70	5,70	100	2,9
Selde instaat om gesteelde goedere aan eienaar terug te besorg	11,80	20,80	34,00	26,90	6,50	100	2,9
Gebruik moderne wetenskaplike hulpmiddels en tegnieke wanneer misdade ondersoek word	13,90	31,80	35,50	12,70	6,10	100	3,3
Misdade wat aangemeld word geniet nie behoorlike aandag nie	9,00	34,70	29,00	20,80	6,50	100	2,8
Totale waarde	11,12	25,62	29,97	24,47	8,82	100	3,0

polisie-optredes is, word duidelik deur die volgende verskille weerspieël:

- (i) Bykans die helfte (47,30 persent) van die Asiër- en 'n groot persentasie (43,30 persent) Kleurlingresponente is van mening dat alle inligting wat hulle oor misdaadpleging verstrek nie deur die polisie opgevolg word nie, terwyl slegs 16,80 persent van die Blankes dieselfde standpunt huldig ( $V=86,13 > 15,51$ ).
- (ii) Bykans 'n kwart (24,40 persent) van die Asiërresponente en meer as 'n derde (34,70 persent) van die Kleurlinge huldig die standpunt dat polisiemanne 'n negatiewe houding openbaar wanneer hulle misdade aanmeld, terwyl slegs 9,50 persent van die Blankes dieselfde negatiewe teit ervaar ( $V=91,58 > 15,51$ ).
- (iii) 'n Groot persentasie (43,70 persent) van die Kleurlinge en meer as 'n derde (37,00 persent) van die Asiërs van mening is dat misdade wat deur hulle aangemeld word nie behoorlike aandag kry nie, terwyl slegs 20,30 persent van die Blanke responente dieselfde standpunt huldig ( $V=47,39 > 15,51$ ).
- (iv) Wetenskaplike hulpmiddels en tegnieke volgens Kleurling- (45,70 persent) en Asiërresponente (25,70 persent) beïndend minder ( $V=88,59 > 15,51$ ) aangewend word by misdaadondersoek as volgens die Blankes (51,80 persent).

Alhoewel die ondersoekgroep van mening is dat die polisie 'n redelike mate van sukses behaal in die ondersoek van misdaad (Blankes 45,70 persent, Asiërs 22,90 persent en Kleurlinge (44,70 persent), word alle misdade wat aangemeld word nie ondersoek nie (Blankes 18,60 persent, Asiërs 22,80 persent en Kleurlinge (28,60 persent) en is die polisie nie altyd in staat om gesteelde goedere

terug te vind nie (Blankes 31,90 persent, Asiërs 24,00 persent en Kleurlinge 32,60 persent). Dat die publiek nie voldoende op hoogte gehou word met die vordering van sake wat ondersoek word nie, blyk uit die standpunte van 24,10 persent Blankes, 18,20 persent Asiërs en 26,20 persent Kleurlinge dat hulle wel op die hoogte gehou word. Alhoewel hierdie verskille onbeduidend is, is die negatiewer evaluering van Asiër- en Kleurlingrespondente 'n aanduiding dat hulle ook hier die swakste daaraan toe is.

#### 7.4 GEVOLGE VAN DISKRIMINERENDE POLISIËRING

Die gevolge of uitwerking van diskriminerende polisiëring word rangordelik in tabel 7.10 aangedui. Die ondersoekgroep is van mening dat die versteuring van rasse- en menseverhoudinge die belangrikste gevolg van diskriminerende polisiëring is (64,07 persent).\* Dat die gevolge 'n wye negatiewe uitwerking het, blyk daaruit dat

- die integriteit van die polisie bevraagteken word (64,04 persent);
- die polisieberoep as minderwaardig beskou word (63,29 persent);
- die professionele aansien van die polisie verlaag word (62,59 persent);
- die gesag van die polisie geskaad word (62,56 persent);
- publieke afkeur in polisiëring vergroot word (62,28 persent);
- kommunikasie met die polisie bemoeilik word (61,89 persent);

---

\*Opmerking: Die persentasies vermeld in afdeling 7.4 en tabel 7.10 is rangordepersentasies. Vergelyk formule op p. 30.

Tabel 7.10

## GEVOLGE VAN DISKRIMINERENDE POLISIËRING VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

Gevolg	Asiër	Blanke	Kleur= ling	Totale onder= soek= groep
Rasse- en menseverhoudinge versteur word	65,73	56,03	70,04	64,07
Die integriteit van die polisie bevraagteken word	66,39	53,53	71,67	64,04
Polisieberoep as minderwaardig beskou word	68,96	50,95	69,39	63,29
Professionele aansien van polisie verlaag word	67,88	53,88	65,63	62,59
Gesag van die polisie geskaad word	63,57	53,96	69,71	62,56
Publieke afkeur in polisiëring verhoog word	64,90	52,15	69,31	62,28
Kommunikasie met polisie bemoeilik word	63,73	51,98	69,47	61,89
Publiek bevooroordeel teenoor polisie is	63,07	51,98	68,65	61,39
Publiek vyandig teenoor polisie is	65,73	47,50	68,41	60,75
Publiek gewillig is om polisiëmanne om te koop	67,30	48,02	66,12	60,67
Publiek nie met die polisie wil saamwerk nie	65,56	47,50	67,92	60,53
Publiek inligting oor misdaad van die polisie weerhou	63,24	47,84	69,63	60,44
Publiek nie misdade aanmeld nie	61,41	49,40	69,55	60,31
Reg en regstelsel met agterdog bejeën word	66,97	46,38	66,86	60,28
Publiek se agting vir polisie laag is	62,99	48,88	67,18	59,86
Integriteit van regering in gedrang gebring word	66,97	45,26	66,37	59,75
Polisie as onderdrukkers beskou word	65,06	43,71	68,73	59,41
Polisie as onbevoeg beskou word	62,57	42,84	67,75	57,97
Opleiding van polisiëmanne bevraagteken word	60,33	44,83	64,90	56,88
Polisiëmanne as ongeskoolde werkers beskou word	64,65	41,03	60,65	55,71

- persent);
- die publiek teenoor die polisie bevooroordeeld is (61,39 persent);
  - die publiek vyandig teenoor die polisie is (60,75 persent);
  - die publiek gewillig is om polisiemanne om te koop (60,67 persent);
  - die publiek nie met die polisie wil saamwerk nie (60,53 persent);
  - die publiek inligting oor misdaad van die polisie weerhou (60,44 persent);
  - misdade nie by die polisie aangemeld word nie (60,31 persent);
  - die reg en regstelsel met agterdog bejeën word (60,28 persent);
  - agting vir die polisie laag is (59,86 persent);
  - die integriteit van die regering in gedrang gebring word (59,75 persent);
  - die polisie as onderdrukkers beskou word (59,41 persent);
  - die polisie as onbevoeg beskou word (57,97 persent);
  - die opleiding van polisiemanne bevraagteken word (56,88 persent); en
  - dat polisiemanne as ongeskoolde arbeiders beskou word (55,71 persent).

Word vyftig persent as die neutrale syfer beskou, dan is dit duidelik dat die meerderheid van die aspekte wat oorweeg is, volgens Blanke respondente nie 'n negatiewe uitwerking het nie, terwyl dit wel deurgaans die geval is by Asiër- en Kleurlingrespondente. Blankes is veral van mening dat rasse- en menseverhoudinge versteur word (56,03 persent) gevolg deur die gesag van die polisie

wat geskaad word (53,96 persent), die professionele aansien van die polisie wat verlaag word (53,88 persent), die integriteit van die polisie wat bevraagteken word (53,53 persent), publieke afkeur in polisiëring wat vergroot word (52,15 persent), kommunikasie met die polisie wat bemoeilik word (51,98 persent) en dat die publiek bevooroordeel teenoor die polisie is (51,98 persent).

Vir Kleurlingrespondente val die negatiewe gevolge veral op die bevraagtekening van die integriteit van die polisie (71,67 persent). Dit word gevolg deur die versteuring van rasse- en menseverhoudinge (70,04 persent), die gesag van die polisie wat geskaad word (69,71 persent), weerhouding van inligting oor misdaad (69,63 persent) en die aanmelding van misdaad (69,55 persent).

Hierteenoor het diskriminerende polisiëring veral die uitwerking dat Asiërrespondente die polisieberoep as minderwaardig beskou (68,96 persent) gevolg deur die verlaging van die professionele aansien van die polisie (67,88 persent), gewilligheid om polisie=manne om te koop (67,30 persent), die reg en regstelsel met agterdog bejeën word (66,97 persent) en dat die integriteit van die regering in gedrang gebring word (66,97 persent).

Samelewingsbetrokkenheid in ordehandhawing en gesonde onderlinge verhoudinge tussen die polisie en die publiek, kan nie verseker word as die polisie deur diskriminerende optredes mense- en rasseverhoudinge versteur, hul eie integriteit en dié van die regering in gedrang bring en noodsaaklike ondersteuning, samewerking, respek en agting vir polisiëring nihileer nie. Vrywillige ordestrewing kan ook beswaarlik bevorder word as die polisie sy eie gesag skaad deur die wyse waarop hy die rol vervul. Nog minder kan daar sprake wees van doeltreffende polisiëring as die polisie self instrumenteel is in die vernietiging of blokkering van kommunikasiëkanale

met die publiek en die skepping van negatiewe houdings soos vooroordeel by die publiek teenoor die polisie — die retrospektiewe uitwerking daarvan op die polisiëringsproses in sy totaliteit is fataal.

## 7.5 SAMEVATTING

Daar is by die ondersoekgroep geen twyfel dat faktore soos opvoedkundige kwalifikasies, sosio-ekonomiese status, beroep, taal, kleur, politieke verbintenis en vorige skuldigbevindings 'n invloed op polisiëring het nie en daartoe aanleiding gee dat die Suid-Afrikaanse Polisie diskriminerend optree.

Die houding van Asiër- en Kleurlingrespondente toon dat hulle van mening is dat hulle op 'n wye spektrum van polisiëring, die slagoffers van diskriminerende polisie-optredes is, terwyl dit nie die geval met Blankes is nie. Trouens, die positiewe houding van Blanke respondente dui inderdaad daarop dat die Suid-Afrikaanse Polisie ingestel is op die beskerming van die Blankes eerder as op die beskerming van alle wetsgehoorsame samelewingslede. Die beoordeling van veral die invloed van taal, godsdienstige oortuiging, politieke verbintenis en die regverdigheidsbeginsel, kan wat die breëre verhoudingsvraagstuk betref, verreikende implikasies inhou. In hierdie opsig kan die houding van die Blanke respondente vertolk word as onder andere 'n beskerming van die politieke integriteit van die polisie en die owerheid en dié van Asiërs en Kleurlinge as die afmaak daarvan.

Indien die Suid-Afrikaanse Polisie inderdaad diskriminerend optree, is dit 'n ernstige afwyking van verwagte professionele polisiëring en sal dit strydig wees met die basiese beginsels van polisiëring en regverdigheid. Diskriminerende optredes beïnvloed polisiëring

in sy totaliteit uiters nadelig en die voorafgaande gegewens toon inderdaad dat gesonde onderlinge verhoudinge en die vennootskaplike grondslag van polisiëring in 'n demokrasie, daardeur ongedaan gemaak word. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan dat bestaande verhoudinge voortdurend in oënskou geneem moet word sodat verhoudingsbevorderende maatreëls getref kan word waar dit nodig blyk te wees.

HOOFSTUK 8DIE BEVORDERING VAN VERHOUDINGE

## 8.1 INLEIDING

Die kompleksiteit van die polisierol, die besondere eise wat aan moderne polisiëring gestel word en snelle maatskaplike veranderinge, waarin alle samelewingslede in 'n groter mate eis dat hul aansprake in die polisiëringsproses gehandhaaf en eerbiedig moet word, vereis dat bestaande verhoudinge voortdurend geëvalueer en in lyn met die aansprake, regte en verwagtinge van die onderskeie samelewingslede en -groepe gebring word.

Dit is 'n absolute voorvereiste vir die eenheidsvormende grondslag, vennootskaplike polisiëring, en in belang van die polisie en die samelewing self. Daarom kan die standpunte van die ondersoekgroepe ter bevordering van onderlinge verhoudinge, nie geïgnoreer word nie. Trouens, dit dien as 'n spieëlbeeld van die verwagtinge wat gestel word, wat waarskynlik ook die basis is vir die beoordeling van die groot verskeidenheid fasette wat in die ondersoek oorweeg is.

## 8.2 STANDPUNTE VAN DIE ONDERSOEGGROEP TER BEVORDERING VAN VERHOUDINGE

Die besonder hoë waarde wat aan 'n groot verskeidenheid aspekte toegeken word waardeur verhoudinge tussen die polisie en die publiek verstewig kan word, blyk duidelik uit die beskrywende (beduidende verskille is nie bereken nie) rangordeplasing (vergelyk formule op p. 30) in tabel 8.1.

Oorkoepelend val die klem veral op die wyse, algemene aard en ge-

Tabel 8.1

## BEVORDERING VAN VERHOUDINGE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

Verhoudingbevorderende aspek	Asiër	Blanke	Kleur= ling	Totale onder= soek= groep
Regverdige en menswaardige behandeling van almal	90,70	92,24	83,35	88,69
Voorkoming van misdaad	87,22	87,24	84,24	86,21
Intensiewe opleiding van polisiemanne in rasse- en menseverhoudinge	87,22	86,46	84,41	86,02
Regverdige toepassing van mag en gesag	86,31	88,02	80,16	84,76
Uitskakeling van diskriminerende optrede	87,80	84,48	80,41	84,21
Meer taktvolle en oordeelkundige optrede deur die polisie	89,87	83,36	78,53	83,90
Voorbeeldige gehoorsaming van die landswette deur die polisie	83,15	86,46	80,82	83,43
Professionele dienslewering deur die polisie	86,64	77,41	83,59	82,62
Onderrig van die publiek oor die betekenis van die polisierol in die samelewing	81,99	82,07	83,59	82,56
Intensiewer keuring van lede by indiensneming	83,57	80,26	82,37	82,09
Beter beskerming van persone en eiendom	88,80	77,50	78,28	81,56
Verbeterde straatpatrollering	86,14	75,43	81,71	81,17
Groter tegemoetkoming deur die uitvoering van die reg	86,14	73,96	81,96	80,78
Meer informele kontak tussen polisiemanne en die publiek	86,58	75,86	79,67	80,75
Periodieke ondersoek deur die polisie oor die faktore wat verhoudinge met die publiek versteur	83,57	77,59	80,82	80,70
Groter welwillendheid teenoor die publiek	83,65	76,81	80,41	80,33
Verhoogde toelatingsvereistes tot die polisieberoep	83,90	75,34	80,65	80,03
Groter begrip en insig deur die polisie in maatskaplike vraagstukke	83,73	76,29	79,84	80,00
Akademie opleiding van polisiemanne	84,73	76,72	76,83	79,27
Groter gebruikmaking van die alternatiewe tot arrestasies	84,56	68,10	79,67	77,58

halte van dienslewering deur die Suid-Afrikaanse Polisie. Regverdige en menswaardige behandeling van alle samelewingslede (88,69 persent)\* word vooropgestel, gevolg deur voorkoming van misdaad (86,21 persent), intensiewe opleiding van polisiemanne in rasse- en menseverhoudinge (86,02 persent), regverdige toepassing van mag en gesag (84,76 persent), uitskakeling van diskriminerende optrede (84,21 persent), meer taktvolle en oordeelkundige optrede deur die polisie (83,90 persent), voorbeeldige gehoorsaming van die landswette deur die polisie (83,43 persent), professionele dienslewering deur die polisie (82,62 persent), onderrig van die publiek oor die betekenis van die polisie in die samelewing (82,56 persent), intensiewer keuring van polisiemanne by indienseneming (82,09 persent), beter beskerming van persone en eiendom (81,56 persent), verbeterde straatpatrollering (81,17 persent), groter tegemoetkoming deur die uitvoering van die reg (80,78 persent), meer informele kontak (80,75 persent), periodieke ondersoeke deur die polisie oor die faktore wat onderlinge verhoudinge versteur (80,70 persent), groter welwillendheid teenoor die publiek (80,33 persent), verhoogde toelatingsvereistes tot die polisieberoep (80,03 persent), groter begrip en insig deur die polisie in maatskaplike vraagstukke (80,00 persent), akademiese opleiding van polisiemanne (79,27 persent) en groter gebruikmaking van die alternatiewe tot arrestasies (77,58 persent).

Alhoewel die waardes wat deur die onderskeie bevolkingsgroepe in die ondersoek toegeken word deurgaans verband hou, verskil die rangordeplasing enigermate. Wanneer die eerste ses aspekte van elke groep in aanmerking geneem word, dan is dit duidelik dat die

---

\* Opmerking: Persentasies vermeld in hoofstuk 8 is rangordepersentasies.

regverdige en menswaardige behandeling van almal, intensiewe opleiding van polisiemanne in rasse- en menseverhoudinge en voorkoming van misdaad deur al drie bevolkingsgroepe as die belangrikste beskou word. Vir Blanke respondente val die klem veral op regverdige en menswaardige behandeling (92,24 persent), regverdige toepassing van mag en gesag (88,02 persent), voorkoming van misdaad (87,24 persent), intensiewe opleiding in rasse- en menseverhoudinge (86,46 persent), voorbeeldige gehoorsaming van landswette (86,46 persent) en uitskakeling van diskriminerende optrede (84,48 persent). Asiërrespondente wat deurgaans die hoogste waarde heg aan al die aspekte, sonder die volgende ses uit — regverdige en menswaardige behandeling van almal (90,70 persent), meer taktvolle en oordeelkundige optrede (89,87 persent), beter beskerming van persone en eiendom (88,80 persent), uitskakeling van diskriminerende optrede (87,80 persent), intensiewe opleiding in rasse- en menseverhoudinge en voorkoming van misdaad (albei 87,22 persent). Vir Kleurlingrespondente wat deurgaans laer waardes toeken, val die klem veral op intensiewe opleiding in rasse- en menseverhoudinge (84,41 persent), voorkoming van misdaad (84,24 persent), professionele dienslewering, onderrig van die publiek oor die betekenis van die polisierol (albei 83,59 persent), regverdige en menswaardige behandeling (83,35 persent) en intensiewer keuring van lede by indiensneming (82,37 persent). Dit is betekenisvol dat die meeste van hierdie aspekte verband hou met die onderliggende beginsels van polisiëring en opleiding wat die kondisioneerder is vir dienslewering, eerder as werklike funksionele dienste.

Die gegewens toon verder dat -

- (i) alhoewel die voorkoming van misdaad deur al drie die bevolkingsgroepe as baie belangrik uitgesonder word, Asiër- en Kleurlingrespondente meer waarde heg aan

die kernelemente daarvan, beter beskerming van persone en eiendom en verbeterde straatpatrollering, as Blanke respondente;

- (ii) die drie bevolkingsgroepe dit tot 'n groot mate eens is oor die belangrikheid van regverdigte toepassing van mag en gesag, die uitskakeling van diskriminerende optredes en meer taktvolle en oordeelkundige optredes deur die polisie;
- (iii) daar geen twyfel by die onderskeie bevolkingsgroepe is nie dat intensiewe opleiding van polisiemanne in rasse- en menseverhoudinge 'n absolute noodsaaklikheid is om verhoudinge te bevorder;
- (iv) Asiër- (86,64 persent) en Kleurlingrespondente (83,59 persent) groter waarde heg aan professionele dienslewering as die Blankes (77,41 persent) en die akademiese opleiding van polisiemanne - die belangrikste indikator van professionaliteit (84,73 persent en 76,83 persent onderskeidelik teenoor 76,72 persent);
- (v) die hoë waardes wat deur die drie bevolkingsgroepe aan intensiewer keuring van polisiemanne by indiensneming en verhoogde toelatingsvereistes tot die polisieberoep geheg word, ten nouste verband hou met die gehalte van en die wyse waarop die polisierol tot uitvoering behoort te kom, wat by implikasie beteken dat die vermoëns en ingesteldheid van polisiemanne 'n bepalende faktor is in die gehalte van diens wat gelewer word en dat meer polisiemanne nie noodwendig verbeterde verhoudinge tot gevolg sal hê nie;
- (vi) die onderskeie bevolkingsgroepe klaarblyklik tot 'n groot mate daarvan bewus is dat hul onkunde oor die ware betekenis van die polisierol 'n bedreiging vir ge-

sonde onderlinge verhoudinge tussen die polisie en die publiek mag inhou en derhalwe begerig is om, deur die sosialiseringsfunksie van die polisie, tot groter begrip daarvan te kom;

- (vii) die hoë waardes wat deur die bevolkingsgroepe aan die voorbeeldige gehoorsaming van die landswette deur die polisie geheg word, inderdaad 'n ondubbelsinnig erkenning is dat onderlinge verhoudinge grootliks deur vrywillige ordestrewing verbeter kan word en dat die polisie in hierdie verband die voorbeeld moet stel;
- (viii) die hoë waarde wat aan groter begrip en insig deur die polisie in maatskaplike vraagstukke (80,00 persent), wat nie noodwendig direk met polisiëring te doen het nie, toegeken word, nie alleen die maatskaplike diensfunksie van die polisie beklemtoon nie, maar in 'n sekere sin ook die onvermoë van die polisie om die maatskaplike faktore wat aanleiding gee tot frustrasie, konflik en verhoudingversteurings sinvol in die polisiëeringsproses te vertolk; en
- (ix) dat die Asiër- (86,58 persent) en Kleurlingresponente (79,67 persent) meer informele kontak tussen polisie-manne en die publiek belangriker ag as Blanke responente.

### 8.3 SAMEVATTING

Verhoudinge kan nie optimaal bevorder word as die faktore wat dit nadelig beïnvloed of versteur nie eers geïdentifiseer word nie. Hierdie stelling word gestaaf deur die hoë waardes wat die onderskeie ondersoekgroepe heg aan periodieke ondersoeke deur die polisie na die faktore wat verhoudinge versteur (80,70 persent). In hierdie proses moet elke individuele polisieman voortdurend bedag

wees op die gevolge of uitwerking van sy optrede en handeling, sodat hy situasies en optredes kan vermy wat onderlinge verhoudinge met die publiek kan versteur.

Die bevordering van verhoudinge is egter nie die alleentaak van die individuele polisieman nie. Hul handeling en ingesteldheid beeld in werklikheid die professionele ingesteldheid van die organisasie as geheel uit. Die bevordering en verstewiging van onderlinge verhoudinge is derhalwe die taak van die instelling as geheel. Sonder beplande en doelgerigte organisatoriese pogings sal die samelewing nie oortuig word dat die polisie inderdaad die bestuurders van verhoudinge in die samelewing is nie. Om dit werklik waardig te wees, sal die polisie alle polisie-optredes streng in ooreenstemming met die basiese beginsels van polisiëring, regsgelykheid, regsonpartydigheid en regverdigheid moet bring.

HOOFSTUK 9GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 9.1 INLEIDING

Polisiëring in 'n demokrasie is gerig op die skepping en handhawing van 'n ordelike samelewing, dit wil sê, die reëling van vreedsame, harmoniese en konflikvrye samelewingsverhoudinge in 'n arena van uiteenlopende en soms botsende samelewingsverwagtinge.

Hierdie geroopenheid om uiteenlopende samelewingsverhoudinge te bestuur, impliseer nie alleen die verpligting om 'n skending van die samelewingsverhoudinge te verhoed nie, maar ook 'n verantwoordelikheid om 'n betekenisvolle bydrae te maak tot die verstewiging van onderlinge verhoudinge, veral deur die wyse waarop die samelewing in sy totaliteit gepolisieer en gedien word.

As bestuurders van verhoudinge in die samelewing, moet die polisie derhalwe die reg op so 'n wyse uitvoer en toepas dat die sensitiewe balans tussen individuele aansprake op vryheid enersyds en die kollektiewe veiligheid andersyds, bewaar word. Wanneer hierdie sensitiewe balans versteur word deur die wyse waarop die samelewing gedien word, dan faal polisiëring, want doeltreffende polisiëring vereis dat gesonde onderlinge verhoudinge met alle samelewingslede in die totale proses gehandhaaf en verstewig moet word.

Die handhawing en verstewiging van onderlinge verhoudinge met die publiek is derhalwe 'n absolute en noodsaaklike voorvereiste vir die eenheidsvormende grondslag, vennootskaplike polisiëring, wat op die gebondenheid en betrokkenheid van die totale samelewing in ordehandhawing gebou is. Om hierdie gemeenskaplike doelwit te verwesenlik, moet die polisietaak voortdurend op 'n onaantasbare wyse uitgevoer word met inagneming van die kernbeginsels van polisiëring,

individuele grondwetlike aansprake en regsoewereiniteit. Daarsonder sal die polisie nooit orde absoluut kan verpersoonlik nie.

Wanneer die inidividu se grondwetlike aansprake in die proses van polisiëring geminag word of wanneer polisiëring nie in ooreenstemming is met die verwagtinge van alle samelewingslede nie, hou dit ernstige implikasies in vir vreedsame en ordelike naas- en voortbestaan. Dit alleen beklemtoon die aktualiteit van die verhoudingsvraagstuk in polisiëring.

## 9.2 GEVOLGTREKKINGS

Hierdie ondersoek is hoofsaaklik gemoed met die houdings van drie bevolkingsgroepe in Pietersburg. Of dieselfde houdings deur dieselfde bevolkingsgroepe in ander gebiede weerspieël sal word, kan slegs deur verdere navorsing bepaal word.

Ten spyte van die verteenwoordigende aard van die bevindinge, is algemeen geldende veralgemenings gevaarlik. Die bevindinge spreek egter vanself en kan nie geïgnoreer word nie.

### 9.2.1 Die algemene aard van bestaande verhoudinge tussen die Suid-Afrikaanse Polisie en die publiek

Die algemene aard van bestaande verhoudinge tussen die polisie en die publiek is van die allergrootste belang, want dit weerspieël nie alleen wedersydse houdings, gesindhede en gedragsverwagtinge nie, maar is inderdaad 'n aanduiding of verhoudinge in die polisiëeringsproses verstewig of geskend word deur die gehalte en wyse waarop die samelewing gepolisiëer word.

#### 9.2.1.1 Respek en agting vir polisiëring

Wanneer respek en agting vir polisiëring laag is, dui dit op faktore in die dienslewingsproses wat stremmend inwerk op gesonde

onderlinge verhoudinge.

Minder as die helfte (49,40 persent) van die ondersoekgroep het baie tot uitermatig baie respek en agting vir die Suid-Afrikaanse Polisie. Dit weerspieël die afwesigheid van 'n noodsaaklike komponent van gesonde onderlinge verhoudinge, veral wat Asiër- en Kleurlingrespondente betref — 51,10 persent en 36,60 persent onderskeidelik het min tot baie min respek en agting vir die Suid-Afrikaanse Polisie. Dit impliseer dat die polisierol op so 'n wyse tot vervulling kom dat noodsaaklike respek en agting vir polisieëring ontmoedig en uitgeskakel word.

#### 9.2.1.2 Uitwerking van polisie-optredes op onderlinge verhoudinge

Meer as een derde (35,50 persent) van die ondersoekgroep is van mening dat polisie-optredes in die algemeen verhoudinge met die publiek versteur. Volgens die mening van veral Asiër- en Kleurlingrespondente is dit duidelik dat die skepping en handhawing van gesonde onderlinge verhoudinge nie voorop gestel word nie. Groot persentasies (42,30 persent en 48,20 persent onderskeidelik) van hierdie twee bevolkingsgroepe huldig die standpunt dat polisie-optredes onderlinge verhoudinge versteur.

Die ongunstige aard van bestaande verhoudinge word verder duidelik uitgebeeld deur die mening van veral die juridiese ervaringsgroep, wat in direkte kontak met die polisie was, dat onderlinge verhoudinge versteur word deur die wyse waarop die samelewing gepoliseer word.

#### 9.2.1.3 Vertroue in die gesagstruktuur

As sigbare verteenwoordigers van die gesagstruktuur, moet funksionele verrigtinge en alle polisie-optredes onaantasbaar wees en

op so 'n wyse geskied dat die vertrouwe wat die samelewing in die gesagstruktuur stel, nie geskend word nie. Die verpligting van die polisie om die integriteit van die gesagstruktuur te bewaar, bring derhalwe ook die verpligting mee om vertrouwe in die gesagstruktuur, aan wie die reg tot polisiëring van die samelewing gedelegeer is, te bevorder deur die wyse waarop die samelewing gepolisiëer word.

Die menings van die respondente toon dat vertrouwe in die gesagstruktuur tot 'n groot mate geskaad word deur polisie-optredes in die algemeen. Dit geld veral vir Kleurling- en Asiërrespondente wat grootliks hul vertrouwe in die gesagstruktuur verloor as gevolg van die optredes van die polisie.

Die algemene aard van bestaande verhoudinge toon duidelik dat dit huidig in die polisiëeringsproses geskend word en dat daar verskeie hindernisse in die weg staan van die verstewiging daarvan.

## 9.2.2 Faktore wat onderlinge verhoudinge versteur

### 9.2.2.1 Wedersydse vooroordeel

Wat polisie-vooroordeel betref, is die Blanke respondente van mening dat die polisie nie bevooroordeel in hul optredes is nie terwyl die Asiër- en Kleurlingrespondente wel van mening is dat hulle die slagoffers van negatiewe polisie-vooroordele is.

Hierdie bevooroordeeldheid wat duidelik weerspieël word deur die wyse waarop hulle aangespreek word, die mate waarin hulle ongegrond beskuldig word, die treitering wat hulle moet verduur en die mate waarin daar teen hulle kant gekies word, kan aanleiding gee tot negatiewe funksionele verhoudinge tussen die polisie en hierdie twee bevolkingsgroepe.

Indien gegrond, kan daar per definisie geen twyfel bestaan dat hierdie negatiewe houding van die polisie 'n verhoudingversteurende faktor is nie. Die blote versuim van die polisie om alle sa-melewingslede op 'n menswaardige wyse aan te spreek, skaad die bereidwilligheid tot goeie verhoudings.

Hierteenoor is die ondersoekgroep nie bevooroordeel teenoor die polisie nie. Die houding van Asiër- en Kleurlingrespondente kan moontlik as 'n geneigdheid tot vooroordeel getipeer word maar met inagneming van die positiewe gemiddeldes en klein persentasies waaruit die geneigdheid tot vooroordeel van die Asiërs en Kleurlinge teenoor die polisie blyk, is dit 'n ope vraag of hierdie houding van Asiër- en Kleurlingrespondente inderdaad as 'n verhoudingversteurende faktor bestempel kan word.

#### 9.2.2.2 Wedersydse stereotipering

Wanneer 'n groepsnorm van vooroordeel in negatiewe en selfs ongegronde stereotipes vergestalt en dit boonop as meganisme ter regverdiging vir die kategoriese verwerping van 'n groep of groepe aangewend word, het dit 'n versteurende invloed op verhoudinge tussen groepe tot gevolg. Dit dui op wantroue en vyandigheid. Die implikasies wat dit vir onderlinge verhoudinge tussen mense en in die besonder vir verhoudinge tussen die polisie en die publiek inhou, is van wesenlike belang en spreek vanself.

Polisiestereotipes bestaan nie vir die Blankes nie, maar wel vir die Asiër- en Kleurlingrespondente. Dit blyk veral duidelik uit die Blankes se gunstige stereotipering van diskriminasie, onsimpatieke en onpersoonlike behandeling en bruuskheid wat direk in teenstelling is met die negatiewe stereotipering van Asiër- en Kleurlingrespondente. Die menings van die Asiërs en Kleurlinge

onderskryf dan ook tot 'n groot mate die onderskeie aantygings teen die polisie.

Die aard van enige verhouding word egter deur die houdings en gesindhede van beide verhoudingspartye bepaal. Die voorafgaande bevindinge toon dan ook dat daar redelike regverdiging is vir sommige van die stereotiepe aantygings teen die publiek.

Hierdie wedersydse of wederkerige stereotipering skep 'n gunstige teelaarde vir vyandige verhoudinge, veral omdat dit sosiale afstand bevorder. In die lig van die bevindinge kan dit inderdaad as 'n verhoudingversteurende faktor getipeer word.

#### 9.2.2.3 Polisiebruuskheid

Die wyse waarop die polisierol tot vervulling kom is van deurslaggewende belang in die skepping en handhawing van stewige onderlinge verhoudinge. Dit impliseer dat die gehalte van dienslewering en die wyse waarop funksionele verrigtinge ten uitvoer gebring word, deurgaans van so 'n aard moet wees dat verhoudinge verstewig en dat vertroue in en respek en agting vir polisiëring gemaksimeer word. Dit is juis by die beoordeling van hierdie aspekte dat elke samelewingslid sekerheid soek dat sy individuele aansprake en regte gehandhaaf word.

Die ondersoekresultate toon dat Asiër- en Kleurlingrespondente van mening is dat die Suid-Afrikaanse Polisie ernstig afwyk van die onderliggende filosofiese beginsels van polisiëring in 'n demokrasie, deurdat hulle deur bruuske optredes die menswaardigheid en individuele aansprake van sommige samelewingslede minag of verontagsaam. Die wantroue, haat en vyandigheid wat deur polisiebruuskheid geskep word, nihileer enersyds enige aanspraak van doeltref-

fende en professionele polisiëring en andersyds het dit 'n vernietigende uitwerking op die verhoudinge tussen die polisie en die publiek. Polisiebruuskheid in sy totaliteit kom volgens die mening van die respondente wel in die alledaagse omgang van die polisie met die publiek voor en dit kan tereg bestempel word as 'n primêre verhoudingversteurende faktor.

#### 9.2.2.4 Diskriminerende polisiëring

Diskriminerende polisiëring is klaarblyklik 'n verdere struikelblok wat in die weg van gesonde onderlinge verhoudinge tussen die Suid-Afrikaanse Polisie en die publiek staan. Die ondersoek toon dat Asiër- en Kleurlingrespondente van mening is dat hulle nie altyd regverdig, billik en onpartydig behandel word nie en dat daar in die totale ordehandhawingsproses teen hulle gediskrimineer word. Sodanige optredes kan onderlinge verhoudinge versteur, die integriteit van beide die Suid-Afrikaanse Polisie en die regering in die gedrang bring en dit kan 'n onhoudbare situasie skep waar die gesag en geloofwaardigheid van die polisie en dié van die regering geskaad word.

Diskriminerende polisiëring skep 'n atmosfeer van konfrontasie waarbinne gesonde onderlinge verhoudinge onmoontlik is, want die ontneming of weerhouding van algemeen geldende aansprake, regte en voorregte op 'n lukrake en willekeurige wyse is ongeldig, degraderend en moreel onregverdigbaar wat verreikende politieke implikasies kan inhou.

#### 9.2.2.5 Interne beroepsomgewing

Die organisatoriese struktuur is bepalend in die vorming van die beroepspersoonlikheid van die polisieman. In hierdie tipiese burokratiese milieu vind die kondisionering van houdings en inge-

steldhede plaas. Die disfunksionele gebreke eie aan burokratiese instellings kan dermate in die kondisioneringsproses opgeneem word, dat dit nie alleen as struikelblokke kan dien in die verhouding=verstewigingsproses nie, maar ook instrumenteel kan wees in die skending van goeie onderlinge verhoudinge.

#### 9.2.2.5.1 Depersonalising van verhoudinge

Volgens Van Heerden (1974: 280) wentel die persoonlikheidspatroom van die burokraat om die norm van onpersoonlikheid. Die onpersoonlike interne gesagsatmosfeer word na die eksterne beroepsomgewing oorgedra en het 'n werklike of skynbare aстранte, baasspelerige, agterdogtige, onbeskofte, aggressiewe en antagonistiese houding tot gevolg wat verhoudinge kan versteur.

Die invloed hiervan word weerspieël in die mening van respondente dat aстранtheid (47,60 persent), baasspelerigheid (48,10 persent), agterdogtigheid (49,10 persent), aggressiwiteit (46,50 persent), meerderwaardige houding (50,40 persent), misbruik van mag en gesag (48,60 persent), onbeskoftheid (47,10 persent) en vyandigheid (40,30 persent) voorkom asook die verdere standpunt van 30,70 persent van die ondersoekgroep dat die polisie soos 'n militêre groep funksioneer en onpersoonlik in hul optredes is.

#### 9.2.2.5.2 Verplasing van doelstellings

Die internalisering van reëls en regulasies wat daarop gerig is om die institusionele doelwit met groter doeltreffendheid te verwezenlik, gee aanleiding tot die verplasing van doelstellings en die prioritatiewe oorbeklemtoning van sekere funksies en die gevolglike verwaarlosing van ander. Lede wat belas is met die primêre doelwit word byvoorbeeld dikwels onttrek om ander sekondêre funksies te verrig, met die gepaardgaande verwaarlosing van die beskermings=

funksie.

Alhoewel die ondersoekgroep die beskerming van die status quo vooropstel, toon die bevindinge dat ordeherstel belangriker geag word as beide korttermyn- en langtermynvoorkoming. Hierdie hoër verwagtinge van die ondersoekgroep in reaktiewe polisiëring, kom neer op 'n verdringing van proaktiewe polisiëring wat beide kort- en langtermynvoorkoming omsluit. Hul evaluering is klaarblyklik die gevolg van 'n oorbeklemtoning van reaktiewe polisiëring in die werklike vervulling van die polisierol. Die behoefte van die ondersoekgroep aan beter misdaadvoorkoming en beskerming, blyk ener= syds uit die feit dat dit deur die ondersoekgroepe as een van die belangrikste faktore beskou word waardeur onderlinge verhoudinge tussen die polisie en die publiek bevorder kan word. Andersyds blyk dit duidelik uit die aantyging van Asiër- en Kleurling= respondente dat hulle onvoldoende beskerming ontvang.

#### 9.2.2.5.3 Gebrekkige opleiding

Gebrekkige of onvoldoende opleiding beteken dat opleiding en be= drewenheid wat op 'n stadium voldoende was, ondienstig kan raak omdat dit en institusionele motiveringsprosesse, nie tred hou met snelle maatskaplike veranderinge, uiteenlopende verwagtinge van heterogene bevolkingsgroepe en die besondere komplekse eise wat aan moderne polisiëring gestel word nie.

Die mate waarin polisiebruuskheid en diskriminerende optredes volgens die mening van die respondente voorkom, bring die doeltreffend= heid van bestaande opleidingsprogramme sterk onder verdenking. Dit dui nie alleen daarop dat dit nie tred hou met voortdurend veranderende eise nie, maar ook dat die implikasies van optredes nie duidelik genoeg in filosofiese perspektief geplaas word nie.

Haas elke faset van hierdie ondersoek dui op gebrekkige kennis en begrip van die implikasies van polisie-optredes, en die basiese beginsels van polisiëring. Hierdie afleiding word inderdaad gesteun deur die volgende (vgl. tabel 7.10):

- byna die helfte (48,40 persent) van die ondersoekgroep van mening is dat rasse- en menseverhoudinge deur diskriminerende optredes versteur word;
- 'n groot persentasie (46,90 persent) van die respondente die standpunt huldig dat die professionele aansien van die polisie deur gedifferensieerde optredes verlaag word;
- 63,29 persent die polisieberoep as minderwaardig beskou;
- 57,97 persent meen dat die polisie onbevoeg is;
- 'n groot persentasie (56,88 persent) die opleiding van polisiëmanne bevraagteken; en
- 55,71 persent polisiëmanne as ongeskoolde arbeiders beskou.

By die identifisering van faktore wat onderlinge verhoudinge versteur, moet dit egter in gedagte gehou word dat daar 'n groot verskeidenheid faktore in beide die interne en eksterne beroepsomgewing is wat stremmend inwerk en as hindernisse in die handhawing van onderlinge verhoudinge kan dien. Wanneer daar dus sprake is van versteurde onderlinge verhoudinge, is dit redelik om te aanvaar dat beide die polisie en die publiek in mindere of meerdere mate 'n aandeel daaraan kan hê.

### 9.3 TOETSING VAN ONDERSOEKHIPOTESSES

Die hipoteses, soos vermeld in hoofstuk 1, word vervolgens vir verifiëring oorweeg.

Hipotese 1: "Verhoudinge met die publiek word verstewig deur die wyse waarop die polisie rol vervul word"

Doeltreffende hantering van die misdaadvraagstuk in die algemeen impliseer nie noodwendig doeltreffende polisiëring nie. Wanneer die individu se grondwetlike aansprake in die proses van polisiëring geminag of verontagsaam word deur 'n skending van verhoudinge, kan daar nie vertrouwe in en respek en agting vir polisiëring wees nie en kan daar ook nie sprake van doeltreffende polisiëring wees nie. Die verstewiging of benadeling van onderlinge verhoudinge word beslissend beïnvloed deur 'n groot verskeidenheid faktore. Om hierdie hipotese sinvol te toets, moet daar noodwendig oorsigtelik van al die bevindinge kennis geneem word.

Die ondersoekgroep se respek en agting vir polisiëring is relatief laag en bykans 'n derde (31,10 persent) het min tot baie min respek en agting vir die polisie (tabel 3.4 - hoofstuk 3). Die Blanke het beduidend meer respek en agting vir die polisie as die Asiërs en Kleurlinge en die bevindinge toon inderdaad dat meer as die helfte (51,10 persent) van die Asiërs min tot baie min respek en agting vir die polisie het.

Die gegewens in tabel 3.5 toon dat slegs 46,80 persent van die ondersoekgroep van mening is dat polisie-optredes in die algemeen verhoudinge tussen die polisie en die publiek bevorder. Van die drie bevolkingsgroepe ondersteun Blanke- (67,20 persent) en Asiër=respondente (47,30 persent) die stelling dat verhoudinge met die publiek bevorder word terwyl Kleurlinge dit verwerp (48,20 persent verwerp die stelling en slegs 26,90 persent is van mening dat verhoudinge met die publiek bevorder word).

Slegs die helfte (50,00 persent) van die ondersoekgroep verwerp die stelling dat vertrouwe in die gesagstruktuur geskaad word as gevolg van polisie-optredes in die algemeen (tabel 3.6). In teen=

stelling met die Blankes wat van mening is dat polisie-optredes nie hul vertroue in die gesagstruktuur skaad nie (83,60 persent), meen die meerderheid Asiër- (51,50 persent) en Kleurlingrespondente (47,80 persent) dat dit wel die geval is.

Die gegewens in hoofstuk 4 dui daarop dat die totale ondersoekgroep van mening is dat die polisie nie bevooroordeel optree nie. Die evaluering van Kleurling- (gemiddelde 2,7) en Asiërrespondente (gemiddelde 2,9) kom egter op bevooroordeeldheid neer terwyl die teendeel waar is van Blanke respondente (gemiddelde 4,0). Die Blankes bevestig egter bepaalde vorme van polisie-vooroordeel in die vervulling van die polisie-rol.

Die bevindinge in hoofstuk 6 toon dat houdings- en verbale bruuskheid wat veral die menswaardigheid aantast en verhoudinge versteur, volgens die mening van die respondente wel in die alledaagse omgang van die polisie met die publiek voorkom. In hierdie verband word Kleurling- en Asiërrespondente veel meer daardeur getref as die Blankes. Hierdie tendens wat daarop dui dat die polisie diskriminerend optree, kry werklike vergestaltung in hoofstuk 7. Die gegewens dui daarop dat Blanke respondente die optrede van die Suid-Afrikaanse Polisie as regverdig en billik bestempel. Asiër- en Kleurlingrespondente ervaar egter nie dieselfde regverdigheid en billikheid as die Blankes nie. Die bevindinge dui verder daarop dat daar onderskeid gemaak word tussen die drie bevolkingsgroepe en dat die Asiërs en Kleurlinge in die totale ordehandhawingsproses klaarblyklik die slagoffers van diskriminerende polisiëring is.

In die lig van die voorafgaande gegewens is dit duidelik dat verhoudinge met Blankes klaarblyklik verstewig word deur die wyse waarop die polisie-rol vervul word, maar oënskynlik in die geval van Asiërs en Kleurlinge geskend word. Die Blankes verifieer dus die

hipotese terwyl Asiër- en Kleurlingresponente dit verwerp. Dit dui daarop dat verhoudinge nie in gelyke mate met die verskillende bevolkingsgroepe gehandhaaf word nie (vergelyk hipotese 4).

Hipotese 2: "Die Suid-Afrikaanse Polisie is onbevooroordeeld in die uitvoering van hul werksaamhede"

Die gegewens in tabel 4.1 toon dat Asiër- en Kleurlingresponente volgens hulle mening in 'n beduidend groter mate die slagoffers van polisie-vooroordele is as Blankes (vergelyk hoofstuk 4). Asiër- en Kleurlingresponente het feitlik deurgaans 'n negatiewe evaluering van die verskillende vorme van vooroordeel en dit is duidelik dat die Blankes, ten spyte van 'n oorwegend gunstige evaluering, ook van mening is dat bevooroordeelde polisie-optrede in 'n verontrustende mate voorkom. Dit blyk veral daarin dat -

- (i) slegs 17,30 persent van die Blankes van mening is dat polisiemanne nooit bevooroordeeld is in die uitvoering van hul pligte nie;
- (ii) meer as die helfte (50,90 persent) van die Blankes die standpunt huldig dat polisiemanne hul in 'n meerdere of mindere mate aan ongegronde beskuldigings skuldig maak; en
- (iii) slegs 40,90 persent van die Blankes van mening is dat alle samelewingslede altyd op 'n menswaardige wyse aangespreek word.

In die lig van die ondersoekbevindinge is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse Polisie volgens die mening van die responente bevooroordeeld optree in die uitvoering van hul werksaamhede en die hipotese word gevolglik verwerp.

Hipotese 3: "Polisiemanne maak hul nie skuldig aan polisiebruuskheid nie"

Die gemiddelde van 2,8 in tabel 6.4 (hoofstuk 6) toon dat die ondersoekgroep van mening is dat houdingsbruuskheid voorkom en daar is geen twyfel by die ondersoekgroep dat polisiemanne astant, baasspelerig, oordrewe agterdogtig, aggressief, onbeskof en vyandig in die uitvoering van hulle werksaamhede is nie. Dit blyk verder dat polisiemanne 'n meerderwaardige houding openbaar en dat misbruik van mag en gesag wel voorkom.

In teenstelling met Blanke respondente wat houdings-, operasionele en verbale bruuskheid verwerp, het Asiër- en Kleurlingrespondente deurgaans 'n swakker evaluering van die voorkoms van polisiebruuskheid. Laasgenoemde twee bevolkingsgroepe het veral 'n ongunstige evaluering van daardie aspekte wat hul menswaardigheid aantast en verhoudinge in die uiteenlopende kontaksituasies kan vertroebel. Die bevindinge dui daarop dat houdings- en verbale bruuskheid veel meer voorkom as operasionele bruuskheid, maar daar is geen twyfel dat die Asiërs en Kleurlinge van mening is dat hulle in die totale polisiëringsproses die slagoffers van degraderende polisie-optredes is nie. Die bevindinge toon dat Blanke respondente die hipotese bevestig terwyl die Asiër- en Kleurlingrespondente dit verwerp.

Hipotese 4: "Die Suid-Afrikaanse Polisie handhaaf dieselfde verhoudinge met die verskillende bevolkingsgroepe en maak hul nie skuldig aan ongelyke ordehandhawing nie"

In die toetsing van hipoteses 1, 2 en 3 is daar reeds gewys op negatiewe bevooroordeelde houdings by en bruuske optredes van poli-

siemanne teenoor Asiër- en Kleurlingrespondente wat in diskriminerende handeling en versuime vergestalt. Hierdie tendens wat daarop dui dat die polisie diskriminerend optree, word verstewig deur die bevindinge in hoofstuk 7 wat aantoon dat verhoudinge met die verskillende bevolkingsgroepe nie in gelyke mate gehandhaaf word nie en ongelyke ordehandhawing daarstel.

Dit blyk veral dat Asiër- en Kleurlingrespondente van mening is dat hulle nie dieselfde regverdigheid en billikheid as die Blankes ervaar nie (tabel 7.1). Dit word gesteun deur 24,10 persent van die Blankes wat van mening is dat Nie-Blankes swak tot baie swak behandel word (bylae 68).

Die bevindinge in tabel 7.2 toon verder dat die polisie volgens die mening van die ondersoekgroep by die uitoefening van hul pligte beïnvloed word deur opvoedkundige kwalifikasies, sosio-ekonomiese status, beroep, taal, kleur, politieke verbintenis en vorige skuldigbevindings en op grond daarvan diskriminerend optree, dit wil sê sommige samelewingslede word bevoordeel en ander benadeel in die ordehandhawingsproses - met Kleurlinge en Asiërs die waarskynlike slagoffers aangesien Kleurling- (51,40 persent), Asiër- (34,40 persent) en Blanke respondente (25,00 persent) kleur as die benadelendste faktor uitsonder (tabel 7.3).

Dit val verder uit tabelle 7.4 tot 7.9 op dat daar op beide proaktiewe en reaktiewe vlakke van polisiëring klaarblyklik teen Asiërs en Kleurlinge gediskrimineer word, dit wil sê die totale ordehandhawingsproses. Dit blyk veral dat die Blankes in 'n groter mate as Asiër- en Kleurlingrespondente by proaktiewe polisiëring betrek word, beter beskerming ontvang en dat die sosialisering van die polisie grootliks op die Blankes gerig is. Op die reaktiewe vlak ervaar Asiër- en Kleurlingrespondente groter negatiwiteit

as die Blankes wanneer misdade aangemeld word, hul gerapporteerde sake kry nie behoorlike aandag nie en inligting wat oor misdaadpleging verstrek word, word nie in dieselfe mate opgevolg as dié van Blankes nie. Dit stel ongelyke ordehandhawing daar en die bevindinge toon dat verhoudinge met die verskillende bevolkingsgroepe nie in gelyke mate gehandhaaf word nie. Die hipotese word gevolglik verwerp.

Hipotese 5: "Die algemene publiek is bevooroordeel teenoor die Suid-Afrikaanse Polisie"

Die gemiddelde van 3,7 in tabel 4.4 (hoofstuk 4) toon dat die ondersoekgroep nie teenoor die polisie bevooroordeel is nie.

Alhoewel die bevindinge daarop dui dat al drie bevolkingsgroepe nie teenoor die polisie bevooroordeel is nie, dui die gegewens daarop dat Kleurling- (gemiddelde 3,5) en Asiërrespondeente (gemiddelde 3,2) meer tot negatiewe vooroordele neig as die Blankes (gemiddelde 4,4). Dit val verder op dat Asiërvrouens (gemiddelde 3,2), wie se ervaring van die polisie tot die minimum beperk is, die meeste van almal tot vooroordeel neig.

Die onbevooroordeeldheid van die onderskeie geslagte en ervaringsgroepe word duidelik in tabelle 4.5 en 4.6 weerspieël. Onbevooroordeeldheid is die hoogste by respondeente wat in direkte juridiese kontak met die polisie was.

Op grond van die bevindinge is dit duidelik dat die ondersoekgroep hoogstens tot bevooroordeeldheid neig — en dan ook slegs die Asiërs en Kleurlinge. Die bevindinge in hoofstukke 6 en 7 kan egter daarop dui dat hierdie vooroordele die gevolg is van bruuske en diskriminerende optredes teenoor hierdie twee bevolkingsgroepe.

Dit kan beteken dat die polisie self instrumenteel is in die vorming van hierdie houdings by die Asiërs en Kleurlinge. Wanneer dit in gedagte gehou word dat vooroordeel 'n oordeel wat ongegrond is of 'n oordeel sonder voldoende regverdigingsgronde impliseer, kan die houdings van hierdie twee bevolkingsgroepe nie summier as negatiewe en kwaadwillige vooroordele bestempel word nie want dit is op eerstehandse, werklike ervaring gefundeer. Die hipotese word gevolglik verwerp.

#### 9.4 AANBEVELINGS

'n Eksplorerende ondersoek soos hierdie kan onmoontlik nie algehele duidelikheid verskaf oor die groot verskeidenheid faktore wat by die beoordeling van die verhoudingsvraagstuk in polisiëring in die gedrang kom nie. Veral ook aangesien die ondersoek slegs betrekking het op die menings van net een van die verhoudingspartye, naamlik die publiek. Aanbevelings, vir sover as wat die ondersoek dit toelaat, moet derhalwe gesien word as moontlike leidrade en nie as voorskrifte nie.

##### 9.4.1 Herdefiniëring van die polisierol

Die ondersoekgroep het 'n dringende behoefte aan proaktiewe polisiëring waarin die eerbiediging van individuele grondwetlike aansprake van alle samelewingslede, die handhawing van gesonde onderlinge verhoudinge met die publiek en samelewingsbetrokkenheid in die polisiëringsproses voorop gestel word.

Om aan hierdie behoeftes en verwagtinge van die samelewing te voldoen, is 'n herdefiniëring van die polisierol dringend noodsaaklik. Daar moet wegbeweeg word van die huidige reaktiewe polisiëringsproses waarin negatiewe afdwingende beheermaatreëls voorrang geniet.

Om vrywillige ordestrewing te verwesenlik en 'n skending van samelewingsverhoudinge (orde) te voorkom, is positiewe oordedende beheermaatreëls dringend noodsaaklik. Dit kan deur proaktiewe polisiëring verwesenlik word.

Proaktiewe polisiëring omsluit beide korttermyn- en langtermynvoorkomingsaktiwiteite. Alhoewel die waarde van korttermynvoorkomingsmaatreëls soos patrollie, wat die basis vorm van polisiëring en boonop van onskatbare waarde is in die uitskakeling van geleentehede tot misdaadpleging, die skepping en handhawing van noodsaaklike preventiewe dialoog met die publiek en die lewering van belangrike dienste aan die samelewing, nie betwis kan word nie, het die tradisionele korttermynvoorkomingstegnieke besliste tekortkomings. Die nypende mannekragtekort het, onder andere, klaarblyklik die doeltreffende implementering daarvan tot 'n groot mate onmoontlik gemaak.

Die tradisionele opvatting dat die polisie 'n beperkte rol in langtermynvoorkoming het, is grootliks misplaas. Groter beklemtoning van langtermynvoorkomingsmaatreëls, gerig op vrywillige ordestrewing, die sosialisering van die samelewing, asook die betrokkenheid van alle samelewingslede in die ordehandhawingsproses, het 'n absolute noodsaaklikheid geword. Om sy totale beskermingsfunksie doeltreffend te verwesenlik, is 'n sinvolle kombinasie van korttermyn- en langtermynvoorkomingsmaatreëls nodig en behoort die Suid-Afrikaanse Polisie uitvoering te gee aan die volgende proaktiewe polisiëringstrategie:

- (i) Primêre proaktiewe polisiëring wat veral gerig is op die aktivering en motivering van die totale samelewing tot vrywillige ordestrewing en die betrokkenheid van almal in die polisiëringsproses.

Hierdie sosialiseringstaak behoort die volgende te omsluit, naamlik

- onderrig van die samelewing oor die ware betekenis van die polisierol in die samelewing, dit wil sê, om die samelewing in te lig oor die verpligtinge maar ook oor die inherente beperkinge op polisiëring;
- onderrig van die samelewing oor hul aansprake en verpligtinge in ordehandhawing en om passiwiteit by die samelewing te omskep in aktiewe betrokkenheid in ordehandhawing;
- gereelde skakeling met skole en jeugverenigings om jeugmisdaad te voorkom;
- advisering van die publiek hoe om hul eie veiligheid te verseker en hul eiendom die beste te beskerm;
- onderrig van die publiek oor die bedreiging en gevare wat misdaad vir 'n ordelike samelewing inhou;
- om die samelewing voortdurend op hoogte te hou met die probleme en vraagstukke waarmee die polisie te doen kry, dit wil sê, om ook die hand in eie boesem te steek en die kliënteel in te lig oor eie tekortkominge en faktore wat verswarend inwerk op die polisierol;
- om groter begrip en insig in maatskaplike vraagstukke te toon, want die polisie is nie afgesonderd van die samelewing waarin hul funksioneer nie; en
- om vrywillige ordestrewing en samelewingsbetrokkenheid te maksimeer deur die wyse waarop die samelewing gepoliseer word, dit wil sê, die stel van 'n navolgingswaardige voorbeeld.

In hierdie verband kan die reeds bestaande Direktoraat vir Openbare Betrekkinge 'n uiters belangrike rol vervul en veel

meer doen as die huidige skakeling met die media en die hantering van persverslae. Die vestiging van skakeloffisiere op distriktvlak kan ook 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die sosialisering van die samelewing.

- (ii) Sekondêre proaktiewe polisiëring deur die herinstelling en uitbreiding van straatpatrollering, sigbare beskermingsdienste en die skepping van informele kommunikasiekanale waardeur verhoudinge met die publiek verbeter sal word.
- (iii) Tersiere proaktiewe polisiëring deur skakeling en dialoog met openbare en private instansies wat gemoeid is met polisiëring in sy totaliteit, met misdaad en wangedrag in die algemeen, en selfs met enige instansie wat versoenbare en gemeenskaplike doelwitte nastreef, byvoorbeeld, universiteite en navorsingsinstansies wat veel kan bydra tot die verwesenliking van proaktiewe polisiëring en die identifisering van knelpunte wat ordehandhawing nadelig kan beïnvloed.

#### 9.4.2 Personeelontwikkeling

Die vermoëns, houdings en ingesteldheid van die rolvervuller speel 'n uiters belangrike rol in die gehalte van dienslewering en die wyse waarop die samelewing gepolisiëer word. Dit het 'n bepalende invloed op die skepping en handhawing van verhoudinge met die publiek.

Personeelontwikkeling moet derhalwe as 'n verpligte bestuursfunksie gesien word wat daarop gerig is om doeltreffende dienslewering aan die kliënteel te verseker in ooreenstemming met hul eise en verwagtinge. Die ontwikkeling van personeel is 'n nimmereindigende proses, deurlopend en voortdurend van aard. As proses begin dit by die werwing en keuring van geskikte personeel en word voortgesit deur 'n opleidingsproses wat spesifiek daarop ingestel moet wees om

die potensiaal, vermoëns en ingesteldheid van personeel te ontwikkel en te verbeter tot doeltreffende dienslewering ter verwesenliking van die primêre doelwitte van die betrokke instelling.

Ondersoeker is van mening dat die bestaande opleidingsproses van die polisie nie voldoende tred gehou het met die veranderde eise van die moderne samelewing nie en dat die doeltreffendheid van die huidige personeelontwikkelingsbeleid van die Suid-Afrikaanse Polisie derhalwe bevraagteken kan word. Dit word grootliks daarin weerspieël dat talle rolvervullers klaarblyklik tot kwaadwillige, negatiewe vooroordele, ongegronde stereotipering, onnodige bruuskheid en diskriminerende optredes geneig is. Hierdie toedrag van sake kan nie bevorderlik wees vir gesonde verhoudinge nie. Beleidmakers in die Suid-Afrikaanse Polisie behoort in hierdie verband oorweging te skenk aan die volgende:

#### 9.4.2.1 Opleiding

Die daarstelling en ontwikkeling van 'n bestuurs-opleidingsprogram vir middel- en topvlakbestuur waarin voldoende voorsiening gemaak word vir gespesialiseerde opleiding en onderrig in aspekte betreffende organisatoriese prosesse soos onder andere die beginsels van personeelbestuur en -ontwikkeling, besluitnemingsprosesse, doeltreffende beheer en koördinasie van werksverrigtinge.

Basiese opleidingsprogramme moet hersien en gewysig word om voorsiening te maak vir intensiewe opleiding en onderrig in aspekte soos die basiese beginsels van polisiëring, die ware betekenis van die polisie rol in die samelewing, die beperkinge op polisiëring (beide gesags- en magasperke), mense- en volkereverhoudinge, en die verbandhoudende psigologiese prosesse wat die verwesenliking van die polisie doelwit beïnvloed en verswarend kan inwerk op die handhawing van gesonde onderlinge verhoudinge met die samelewing.

#### 9.4.2.2 Werwing

Verhoudinge kan nie verstewig word deur mense wat klaarblyklik negatief en kwaadwilliglik bevooroordeeld is teenoor bepaalde samelewingsgroepe nie. Wanneer hierdie vooroordele boonop in diskriminerende optredes vergestalt, hou dit ernstige politieke implikasies in wat die breëre verhoudingsvraagstuk in Suid-Afrika betref.

Negatiewe vooroordele en ander geykte, foutiewe opvattinge kan grootliks in 'n doeltreffende opleidingsproses omvorm word, maar daadwerklike pogings moet aangewend word om geskikte lede met rasionele en gebalanseerde lewensbeskouinge te werf vir indiensneming - selfs al sou dit beteken dat die polisie op die korttermyn onder sterkte moet funksioneer.

#### 9.4.2.3 Keuring

Polisiebruuskheid, in sy diverse verskyningsvorme, kom volgens die mening van die respondente wel voor en hou implisiet verband met òf afwykende persoonlikheidstipes òf 'n gedwonge konformering met 'n negatiewe groepsnorm wat deur die subkulturele opset voorgeskryf word.

Intensiewer keuring deur middel van doeltreffende keuringsbatterye kan veel bydra tot die uitskakeling van afwykende, emosioneel onstabiele en aggressiewe persoonlikheidstipes wat hulle aan bruuske optredes skuldig maak en daardeur verhoudinge met die publiek versteur, en in der waarheid militante presipitante van konflik is.

Wanneer bruuskheid die gevolg is van 'n institusionele subkulturele kondisioneringsproses waaraan gekonformeer moet word, kan doeltreffende keuringsbatterye eweneens met groot welslae gebruik

word om sodanige negatiewe sosialiseringsinvloede te beperk en uit te skakel.

#### 9.4.3 Professionalisering

Ons leef in 'n geprofessionaliseerde samelewing waarin 'n hoë premie op ordelike naasbestaan, gesonde onderlinge samelewingsverhoudinge en doeltreffendheid geplaas word. Daar kan dus geen twyfel bestaan dat die samelewing op professionele polisiëring geregtig isnie. Vorige ondersoeke het dan ook getoon dat die onprofessionele beoefenaar van die polisieberoep plek moet maak vir die polisieman met die professionele houding, vermoëns en ingesteldheid.

Volgens Whisenand (1971: 392) kom professionalisering neer op 'n verhoging in die gehalte van dienslewering en 'n verbetering van die vermoëns van rolvervullers, terwyl Van Heerden (1979: 23) 'n professionele beroepsbeoefenaar omskryf as 'n persoon wat homself op 'n bepaalde gebied dermate deeglik ontwikkel het dat hy, op grond van sy uitgebreide kennis en groter selfvertroue, die taak wat aan hom toevertrou word, doeltreffend kan uitvoer.

In die lig van die voorkoms van polisiebruuskheid, gedifferensieerde optredes en die geneigdheid tot negatiewe kwaadwillige oordele wat volgens die mening van die respondente blyk, kan daar nie veel sprake van professionele polisiëring wees nie, aangesien die Suid-Afrikaanse Polisie ernstig afwyk van professionele standaarde in hul diensleweringproses. Die eise wat die samelewing stel kan nie as onrealisties afgemaak word nie. Dit kom bloot neer op doeltreffende dienslewering, regverdigheid, billikheid, onpartydigheid en die erkenning en eerbiediging van die menswaardigheid van alle samelewingslede in die uitvoering en toepassing van die reg.

Akademisering en die gepaardgaande professionalisering, kan slegs tot 'n beter toegeruste polisiemag en verbeterde dienslewering lei. Die geleenthede tot akademisering bestaan reeds etlike jare lank. Die vraag ontstaan egter waarom die bestaande geleenthede nie ten volle aangegryp en benut word nie. Indien dit enigsins verband hou met 'n klaarblyklike ondoeltreffende personeelontwikkelingsbeleid en gebrekkige institusionele motivering, moet die blaam daarvoor voor die deur van die beleidmakers in die Suid-Afrikaanse Polisie gelê word.

